

Die rol en impak van Radio Zeesen as
pro-Duitse propagandastasie tydens
Afrikaners se anti-Britse verset teen Suid-
Afrika se deelname aan die Tweede
Wêreldoorlog, 1939 tot 1948

S Kleynhans

 **orcid.org/0000-0007-0010-9451**

Verhandeling aanvaar ter nakoming vir die graad [Magister
Artium in Geskiedenis](#) aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Mnr C Blignaut

Mede-studieleier: Prof EP Kleynhans

Gradeplegtigheid: April 2024

Titel

Die rol en impak van Radio Zeesen as pro-Duitse propagandastasie tydens Afrikaners se anti-Britse verzet teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, 1939 tot 1948

Opsomming

Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was Suid-Afrika se bevolking verdeeld oor die posisie wat die land moes inneem. Verzet teen Suid-Afrika se deelname aan die oorlog was veral prominent onder 'n gedeelte van die Afrikanerbevolking wat absolute soewereiniteit wou handhaaf en geen aandeel in 'n "Britse" oorlog wou gehad het nie. Die tydperk van die Tweede Wêreldoorlog het in Suid-Afrika voortslepende versetpogings teen oorlogsdeelname gesien wat deur komplekse motiverings onderskraag is. Bestaande pro-Duitse en anti-Britse sentimente was dikwels onderliggend in anti-oorlogsverzet, maar sulke sentimente het ook dikwels gespruit uit Afrikanernasionalistiese sentimente. Hierdie bestaande sentimente is deur Duitsland gebruik om propaganda na Suid-Afrika te versprei. Dit is grootliks bereik deur Radio Zeesen, 'n Duitse radiostasie wat in Afrikaans na Suid-Afrika uitgesaai het met die doel om die anti-oorlogsgesinde Afrikaners se verzet aan te vuur ten einde die oorlogspoging te belemmer.

Die doel van hierdie verhandeling is om te kyk na hoe Radio Zeesen se propaganda 'n invloed gehad het op Afrikanerverzet tydens die oorlog. Die verhandeling verken hoe Radio Zeesen se propaganda uniek aangepas is tot die Suid-Afrikaanse konteks, met inagnome van die Afrikanerbevolking se bestaande ontevredenheid tydens die oorlog. Deur bestaande gevoelens van verzet te bevestig en aan te moedig het Radio Zeesen die interne klimaat van Suid-Afrika noemenswaardig beïnvloed.

Die verhandeling fokus ook op die Afrikaanse omroepers wat by Radio Zeesen diens gedoen het en dit is ook veral in hierdie aspek wat 'n oorspronklike bydrae gelewer word. Bestaande akademiese literatuur verskaf nie 'n persoonlike ontleding van die Afrikaanse omroepers se motiewe nie, wat foutiewelik die indruk kan skep dat hulle diens by Radio Zeesen alleenlik 'n pro-Duitse ingesteldheid veronderstel. Die beskrywing van die omroepers se agtergrond en 'n verkenning van hulle ervarings by Radio Zeesen dra dus by tot die historiografie en spreek ook aannames rondom Afrikanerverzet aan. Hierdie verhandeling bespreek ook die nagevolge van die omroepers se betrokkenheid by Radio Zeesen, veral ten opsigte van die hofsake wat plaasgevind het nadat die omroepers van hoogverraad aangekla is.

Hierdie verhandeling bevestig dat die rol en impak van Radio Zeesen se propaganda teen die agtergrond van Afrikanerverzet, sowel as begrip van die menslike agente daarby betrokke, 'n belangrike deel van die geskiedenis van Suid-Afrika in die Tweede Wêreldoorlog vorm.

Sleutelterme

Radio Zeesen, Tweede Wêreldoorlog, Duitsland, Ossewa-Brandwag, Duitse propaganda, propaganda, radiopropaganda, Afrikanernasionalisme, Afrikaners, verzet, hoogverraad, omroepers.

Title

The role and impact of Radio Zeesen as pro-German propaganda broadcasting station during Afrikaners' anti-British resistance against South Africa's participation in the Second World War, 1939 to 1948

Summary:

With the onset of the Second World War, South Africa's population was divided over the stance of the country should take in the war. Resistance to South Africa's participation was particularly prominent among a section of the Afrikaner population who wanted to maintain absolute sovereignty and wanted no part in a "British" war. The period of the Second World War saw ongoing resistance efforts against war participation in South Africa, which were underpinned by complex motivations. Existing pro-German and anti-British sentiments often formed the base of anti-war opposition, but such sentiments often stemmed from Afrikaner nationalist sentiments. These existing sentiments were used by Germany to spread propaganda to South Africa. This was largely achieved through Radio Zeesen, a German radio station that broadcasted to South Africa in Afrikaans, with the aim of fuelling the Afrikaners' anti-war resistance in order to hinder the war effort.

The purpose of this dissertation is to look at how Radio Zeesen's propaganda had an influence on Afrikaner resistance during the war. The dissertation explores how Radio Zeesen's propaganda was uniquely adapted to the South African context, while considering the existing dissatisfaction of the Afrikaner population during the war. By confirming and encouraging existing feelings of resistance, Radio Zeesen significantly influenced the internal climate of South Africa.

The dissertation also focuses on the Afrikaans broadcasters who served at Radio Zeesen, and it is especially in this way that an original contribution is made. Existing academic literature does not provide a personal overview of the Afrikaans broadcasters, which may mistakenly create the impression that their service at Radio Zeesen presupposes a pro-German attitude. The overview of the announcers' background and an exploration of their experiences at Radio Zeesen thus contributes to historiography and addresses assumptions about Afrikaner resistance. This dissertation also discusses the consequences of the broadcasters' involvement with Radio Zeesen, particularly regarding the court cases that took place after the broadcasters were charged with treason.

This dissertation shows the role and impact of Radio Zeesen's propaganda against the background of Afrikaner resistance, as well as an understanding the human agents involved, forms an important part of the history of South Africa in the Second World War.

Keywords:

Radio Zeesen, Second World War, Germany, Ossewa-Brandwag, German propaganda, propaganda, radio propaganda, Afrikaner nationalism, Afrikaners, resistance, high treason, broadcasters.

Vir die mede-geskiedenisliëfhebbers in my familie – Oupa George en Tannie Esta, wat my nagraadse reis opgewonde dopgehou het maar ongelukkig nooit die eindproduk kon beleef nie. Ek sou dit bitter graag met julle wou deel.

INHOUDSOPGAWE

Inhoudsopgawe.....	5
Voorwoord en bedankings	8
Lys van illustrasies.....	10
Hoofstuk 1: Inleiding, navorsingsvrae en historiografie	12
1.1 Inleiding.....	12
1.2 Kontekstualisering en agtergrond	13
1.3 Probleemstelling	22
1.4 Navorsingsvrae en -doelwitte.....	24
1.5 Historiografiese oorsig.....	26
1.5.1 Kontekstualisering van Suid-Afrika in die Tweede Wêreldoorlog.....	27
1.5.2 Die Duits-Suid-Afrikaanse konneksie.....	29
1.5.3 Duitse propaganda tydens die Tweede Wêreldoorlog.....	35
1.5.4 Radio Zeesen in bestaande akademiese literatuur.....	38
1.5.5 Samevatting van die historiografie	41
1.6 Metodologiese benadering en oorweging van bronne	42
1.7 Etiese oorwegings	44
1.8 Hoofstukindeling.....	44
Hoofstuk 2: Afrikanerverset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog	46
2.1 Inleiding.....	46
2.2 Aanloop tot die oorlog: Die politieke en kulturele klimaat.....	46
2.3 Toetrede tot die oorlog: Pro-oorlog teenoor anti-oorlog redevoering.....	48
2.4 Tydens die oorlog: Partypolitiek en omstandighede wat verset beïnvloed het	50
2.4.1 Partypolitiek.....	51
2.4.2 Die Rooi-eed en noodregulasies.....	52
2.4.3 Die vooruitsig van Duitse oorwinning	54
2.5 Versetbewegings: Die Ossewabrandwag.....	55
2.5.1 Ontstaan van die Ossewabrandwag.....	55
2.5.2 Radikale verset, geweld, sabotasie en die Stormjaers	56
2.5.3 Vroue se verset in die Ossewabrandwag.....	62
2.5.4 Skakeling met Duitsland as vorm van verset	65
2.6 Versetbewegings: Die Nuwe Orde.....	72
2.7 Ander demonstrasies van verset.....	74
2.7.1 R. Leibbrandt, Operasie Weissdorn en die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle	74
2.7.2 Burgerlike konflik as verset	78
2.7.3 Die hemp-bewegings.....	81
2.8 Gevolgtrekking	82

Hoofstuk 3: Die rol van Radio Zeesen in die kweek van pro-Duitse en anti-Britse gevoelens..... 85

3.1	Inleiding	85
3.2	Radio Zeesen en pro-Duitse sentimente.....	87
3.2.1	Bestaande Duitse bande	87
3.2.2	Bevordering van pro-Duitse sentimente.....	90
3.3	Radio Zeesen en anti-Britse sentimente.....	99
3.4	Die rol van Radio Zeesen in verset	104
3.5	Gevolgtrekking	112

Hoofstuk 4: Die persoonlike wedervarings van Afrikaneromroepers by Radio Zeesen tydens die Tweede Wêreldoorlog..... 114

4.1	Inleiding	114
4.2	Biografiese oorsig van die Afrikaanse omroepers se agtergrond.....	116
4.3	Die Afrikaanse omroepers se aansluiting en diens by Radio Zeesen.....	127
4.4	“Zeesen raak stil”: Verskuiwing en afskeid van Radio Zeesen	132
4.4.1	Verskuiwing van die omroepers en stasie	132
4.4.2	Die Afrikaanse omroepers vlug	134
4.5	Die omroepers se lewe ná hulle diens by Radio Zeesen	143
4.6	Gevolgtrekking	146

Hoofstuk 5: Hoogverraad en die nagevolge vir die Afrikaner-omroepers aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog..... 149

5.1	Inleiding	149
5.2	Die aanvangs van die hofsake	151
5.2.1	Vir die Kroon: Aanklagtes en vervolging van die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen.....	151
5.2.2	Vir die verdediging: Die standpunte van die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen.....	159
5.3	Die hofsake vorder: tydsverloop, uitspraak en appèl	164
5.4	Die hofsake eindig: straf, mediadekking en 'n lewe na die hofsake	169
5.5	Gevolgtrekking	175

Hoofstuk 6: Gevolgtrekking..... 178

6.1	Die rol en impak van Radio Zeesen	178
6.2	Afrikanerverset teen Suid-Afrika se oorlogsdeelname en die rol van Radio Zeesen in die kweek van pro-Duitse sentimente onder sommige Afrikaners	179
6.3	Die persoonlike ervarings van Radio Zeesen se Afrikaanse omroepers voor, tydens en na die oorlog	181
6.4	Die nagevolge vir die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen ná die oorlog met spesifieke verwysing na die hoogverraadsake teen hulle.....	183
6.5	Slotwoord.....	186

Bibliografie	189
7.1 Privaatversameling van die outeur	189
7.1.1 Koerantversameling	189
7.1.2 Ongepubliseerde manuskripte.....	192
7.1.3 Korrespondensie.....	192
7.1.4 Diverse bronne	192
7.2 Argivale bronne	193
7.2.1 Nasionale Argief van Suid-Afrika	193
7.2.2 Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika	193
7.2.3 Argief van die Suid-Afrikaanse Departement van Verdediging	194
7.2.4 Argief, rekords- en museumdiens van die NWU, Potchefstroom, Ossewa-Brandwag Argief.....	196
7.3 Gepubliseerde bronne	198
7.3.1 Joernalartikels.....	198
7.3.2 Boeke en versamelwerke	201
7.3.3 Proefskrifte en verhandelinge	204
7.4 Internetbronne	205

VOORWOORD EN BEDANKINGS

Die geleentheid om hierdie onderwerp na te vors het in 2021 oor my pad gekom. Ek was besig met my Honneurs in Geskiedenis en het nog skaars begin dink aan 'n onderwerp vir my toekomstige Meestersgraad. Ek het opwindende nuus van my studieleier, Charl Blignaut, en prof. (destyds doktor) Evert Kleynhans van Stellenbosch ontvang – 'n familielid van J.J. Snoek van *Radio Zeesen*-faam het 'n versameling van Snoek se dokumente in sy bewaring, en wou dit graag skenk vir navorsing. Hulle het voorgestel dat ek die versameling gebruik vir Meestersnavorsing en my tema rondom Radio Zeesen bou. Ek was uit my vel uit opgewonde en kon nie glo dat ek die geleentheid gekry het om met 'n skatkis van oorspronklike primêre materiaal te werk nie – dit is sekerlik elke historikus se droom. Ek het summier begin om op te lees oor Radio Zeesen, en die onderwerp het onmiddellik my belangstelling geprikkel. Ek het die skenker, André Jelliman, in lewende lywe ontmoet en deur sy kennis ook in kontak gekom met die Holm, Pienaar en Strauss families. Vandaar het my reis met Radio Zeesen begin.

Die reis het my persoonlike vermoëns uitgedaag, my geleer, en my voortdurend met net soveel nuwe vrae as nuwe inligting gelaat. Ek wou die tydsgees verstaan, ek wou die werking van propaganda verstaan, ek wou die mense agter die mikrofoon verstaan. Hoewel ek oortuig is dat menslike kennis oor die onderwerp nooit volledig sal wees nie, glo ek dat my navorsing bydra tot sommige van die stiltes in die bestaande historiografie.

Ek bedank graag die volgende persone en instansies vir hulle waardevolle bydrae tot hierdie studie:

My ouers, Evert en Marianne, en my sussie, Laurine, vir julle onvoorwaardelike ondersteuning en liefde. Dankie dat julle vir my vir die geleentheid gebied het om te studeer, studentelewe te beleef, en 'n liefde vir leer te ontwikkel. Dankie vir julle belangstelling, elke drukkie en bemoedigende woord wanneer my gemoed laag was. Dankie aan my wederhelfte, Ruan, vir ses jaar se liefde en ondersteuning. Dankie vir al die laat aande, tee aandra en die aanmoediging dat ek enigiets kan doen. Dankie dat jy my altyd kan laat glimlag na 'n moeilike dag en dat jy geluister het na elke babbel-sessie oor my navorsing.

Aan my studieleiers, Charl en Evert, 'n besonderse dankie vir julle leiding, mentorskap, raad en voorstelle die afgelope twee jaar. Dankie dat julle ook lang ure gewerk het om my te help met die navorsing, dat julle kritiek altyd opbouend was, en dat julle my soveel geleer het oor die wyer konteks van die akademie. Dankie vir elke geleentheid wat julle oor my pad gebring het en dat julle altyd my belange op die hart gedra het. Ek kon nie vir 'n beter span vra nie en sal altyd dankbaar wees vir julle aandeel in my akademiese en persoonlike groei. Aan my taalversorger, Ernest Else-Marais, dankie vir jou ekstra moeite en deeglikheid om seker te maak my verhandeling voldoen aan 'n waardige Afrikaanse standaard.

Rondom die oorspronklike inligting in my verhandeling, sê ek 'n duisend dankies vir die besonderse bydrae van die Radio Zeesen omroepers se familieleden. 'n Spesiale dankie aan oom André Jelliman, wie se inisiatief hierdie projek ontvlam het. Dankie dat oom en tannie Rosemarie my toevertrou het met julle familie dokumente, en my voorgestel het aan die res van die omroeper se families. Dit was 'n absolute eer en voorreg om daarmee te werk en myself toe te wy aan die bewaring daarvan. Baie dankie vir Dieter, Albrecht, Erik, en die res van die Holm-familie vir julle volgehoue belangstelling en bereidwilligheid om by te dra tot my navorsing. Julle kennis en wysheid is vir my van onskatbare waarde. Dankie aan tannie Vera Koekemoer en tannie Riana Pienaar, dat julle julle spesiale familiegeskiedenis met my gedeel het. Julle het almal as hekwagters tot kosbare inligting vir die uitbreiding van geskiedkundige kennis gedien.

Ek gee ook graag erkenning aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir die finansiële bystand die afgelope twee jaar, en die wonderlike werk wat julle ook doen om Afrikaans as akademiese taal te bevorder.

Laastens, en die belangrikste, gee ek volle eer aan ons Hemelse Vader, wat die bron van alle seën en moontlikhede is.

Suné Kleynhans

Pretoria, 7 Oktober 2023

LYS VAN ILLUSTRASIES

Figuur 1: Hoofdeel van die OB se sender met die vermoë om direk met Duitsland te skakel...	68
Figuur 2: 'n Jong S.E. Holm, wat bekend geraak het as Neef Holm by Radio Zeesen.....	119
Figuur 3: M.J. Pienaar (Neef Hermaans) van Radio Zeesen.....	122
Figuur 4: 'n Brief waarin J.J. Snoek se ouers vir O. Baer bedank dat hy vir Snoek die geleentheid by maatskappy Krause gegee het.....	125
Figuur 5: Roetekaart van Snoek se vlug.....	137
Figuur 6: Paspoortfoto's van J.J. Snoek en sy vrou, geneem vir hulle reis terug na Suid-Afrika na die oorlog en 'n foto van die Snoek-gesin se Union Castle Line-skipkaartjie, uitgegee op 26 Junie 1945.....	141
Figuur 7: M.J. Pienaar en J.A. Strauss saam met H.S. van Blerk en J. Visser, wat ter dood veroordeel is weens die opblaas van die Benoni-poskantoor.....	167
Figuur 8: J.J. Snoek, sy vrou en dogtertjie. Dit het in <i>Die Huisgenoot</i> verskyn in September 1945.....	170
Figuur 9: M.J. Pienaar en sy vrou op hulle oudag.....	172
Figuur 10: Vrylating van M.J. Pienaar (Neef Hermaans) in Pretoria, 1948.....	174

Nota oor die teks

Die voetnootverwysings is gebaseer op 'n aangepaste weergawe van die verwysingstyle van Suid-Afrika se prominente historiese joernale en word konsekwent toegepas. Gegewe die aard van die persoonlike versameling, wat vir die eerste keer in hierdie studie gebruik word, is verwysings na primêre bronne so omvattend as moontlik gedoen. Dieselfde geld vir die bibliografie.

HOOFSTUK 1: INLEIDING, NAVORSINGSVRAE EN HISTORIOGRAFIE

1.1 Inleiding

Die historiografie van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) fokus meestal op die militêre ontplooiings in Noord-Afrika, Oos-Afrika, Madagaskar en Italië.¹ Alhoewel daar 'n wesenlike historiografie oor die woelinge op tuisfront bestaan, is daar steeds baie potensiaal vir nuwe navorsing.² Hierdie verhandeling fokus op 'n afgeskepte tema wat die interne bedrywighede in Suid-Afrika gedurende die oorlog betref en lewer 'n waardevolle bydrae tot die uitbreiding van die Suid-Afrikaanse historiografie. Die hoofdoelwit van hierdie studie is om die rol en impak van Radio Zeesen as orgaan van Duitse propaganda te bestudeer teen die agtergrond van Afrikaners se verset teen die land se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog.

Soos in die titel aangedui, word die terme pro-Duits en anti-Brits in die verhandeling vir praktiese doeleindes gebruik. Daar moet in ag geneem word dat pro-Duits nie gelykstaande aan pro-Nazi is nie, en dat anti-Brits ook 'n meer gelaaide en komplekse term is. Beide terme word binne die konteks van Afrikanerverset teen die Tweede Wêreldoorlog deur 'n Afrikanernasionalistiese sentiment onderskraag – 'n argument binne 'n genuanseerde konteks wat deurentyd na vore sal tree soos die verhandeling ontvou. Die impak van Radio Zeesen word spesifiek ondersoek ten opsigte van hoe die propaganda Afrikanerverset aangemoedig het en daar word ook gekyk na die persoonlike impak wat hulle betrokkenheid by Radio Zeesen op die stasie se Afrikaanse omroepers gehad het.

Die bestaande literatuur wat fokus op Suid-Afrika en die oorlog vanuit die tuisfront hou dikwels verband met die verdeeldheid rondom deelname en veral verset deur bewegings soos die Ossewabrandwag. Die verset van die Ossewabrandwag word in relevante studies van skrywers soos, onder andere, C. Marx, G.C. Visser en A. Blake uiteengesit.³ Hierdie werke dui

¹ E.P. Kleynhans, "The Rooseboom Operation: Uncovering the embryonic German intelligence network in South Africa, 1940-1942", *Intelligence and National Security*, 37, no. 1 (2021), 38.

² Sien D.B. Katz, "A case of arrested development: The historiography relating to South Africa's participation in the Second World War", *Scientia Militaria*, 40, no. 3 (2012), 280-317. Dit is selfs nóg vroeër uitgewys in studies soos J. Grey, "'Standing humbly in the ante-chambers of Clio': The rise and fall of Union War histories", *Scientia Militaria*, 30, no. 2 (2000), 253-266.

³ Sien byvoorbeeld C. Marx, *Oxwagon sentinel: Radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewa-Brandwag* (Pretoria, UNISA, 2008); A. Blake, *Wit terroriste: Afrikaner-saboteurs in die*

aan dat Afrikaners se verset teen oorlogsdeelname dikwels deur georganiseerde instansies gelei is. Minder bekende organisasies soos Radio Zeesen het egter nog nie veel aandag in bestaande literatuur verkry nie ten spyte van die onontkenbare rol wat dit in Afrikanerverset gespeel het.

Suid-Afrika was van die begin van die oorlog af in 'n komplekse politieke situasie vasgevang weens die interne verdeeldheid oor deelname, sowel as die bestuur, van die oorlog self.⁴ In Suid-Afrika was daar reeds baie pro-Duitse elemente binne die land, sowel as 'n sterk anti-Britse sentiment (byvoorbeeld in organisasies soos die Ossewabrandwag), wat die potensiaal vir Duitse invloed binnelands versterk het.⁵ Radio Zeesen het hierdie potensiaal tot Duitsland se voordeel gebruik deur propaganda na Suid-Afrika uit te saai. Die doel van die propaganda was eerstens om 'n magsbasis onder die Duitse gemeenskap, neutraalgesinde én anti-Britsgesinde Afrikaners daar te stel, en tweedens om die Duitse saak veral by Afrikanernasionaliste te bevorder.⁶ 'n Verdere motivering was ook om die land te destabiliseer of selfs 'n rebellie te ontketen, soos geargumenteer deur Marx⁷ en Van der Schyff,⁸ om sake sodoende vir die Britse loyaliste in die regering te bemoeilik.

Hierdie navorsing bou op bestaande bronne en argumente, sowel as oorspronklike primêre bronne, om te bepaal wat presies die impak van Radio Zeesen was teen die nodige agtergrond, beide op die anti-Britse Afrikaners sowel as die Afrikaanse omroepers wat betrokke was by die radiostasie. 'n Mate van historiese oriëntasie is egter nodig om die studie in sy volle konteks te plaas.

1.2 Kontekstualisering en agtergrond

Die Tweede Wêreldoorlog was 'n gebeurtenis wat 'n geweldige internasionale impak gehad het. Soos genoem is die bestaande akademiese literatuur rakende Suid-Afrika se deelname aan die oorlog en veral die aktiwiteite aan die tuisfront, ondanks onlangse belangstelling, heelwat

Ossewabrandwagjare (Kaapstad, Tafelberg, 2018); G.C. Visser, *OB: Traitors or patriots?* (Johannesburg, Macmillan, 1976).

⁴ A. la Grange, Resensie van “Wit Terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare”, deur A. Blake, *New Contree*, 81 (2018), 189.

⁵ P.J. Furlong, *Between crown and swastika: The impact of the radical right on the Afrikaner nationalist movement in the fascist era* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1991), 71.

⁶ Furlong, *Between crown and swastika*, 73.

⁷ C. Marx, “‘Dear listeners in South Africa’: German propaganda broadcasts to South Africa, 1940-1941”, *South African Historical Journal*, 27, no. 1 (1992), 170.

⁸ P.F. van der Schyff, “Verset teen ‘Empire-oorlog’” in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras* (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die PU vir CHO, 1991), 192.

beperk.⁹ Juis om hierdie rede is daar 'n unieke gaping om op bestaande bronne te bou vir nuwe navorsing oor die oorlogsbedrywighe in Suid-Afrika. Vir hierdie spesifieke tema is daar 'n magdom primêre bronne wat deel vorm van 'n privaatversameling, wat nog nooit deur enige historikus gebruik is nie.

Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog was op die tuisfront uiters kompleks en die bevolking was van die begin van die oorlog af verdeeld oor die land se posisie. Diegene soos J.B.M. Hertzog, wat absolute soewereiniteit van die Afrikanernasie wou handhaaf, was ten gunste van 'n neutrale posisie terwyl J.C. Smuts en sy volgelinge die onontkenbare plig en gevolglike betrokkenheid van Suid-Afrika by internasionale politiek aangevoer het.¹⁰ Die ingewikkelde politieke klimaat binne Suid-Afrika voor, tydens en ná die oorlog, word akkuraat beskryf as 'n "oorlog in 'n oorlog".¹¹ Suid-Afrika se toetrede tot die oorlog was dus 'n onderwerp waaroor daar hewig debat gevoer is, maar einde ten laaste het Suid-Afrika die oorlog betree as 'n bondgenoot van Brittanje en amptelik oorlog verklaar teen Duitsland op 6 September 1939.¹² H. Giliomee bestempel die besluit om toe te tree tot die oorlog as 'n waterskeidingsoomblik in die politiek wat blanke konsensus vernietig het.¹³ Die gevolg daarvan was uiteindelik dat Hertzog weggebreek het en saam met D.F. Malan die Herenigde Nasionale Party, of Volksparty, gevorm het.¹⁴ Die opposisiepartye teen die Smutsregering en oorlogsdeelname het die Herenigde Nasionale Party onder leiding van Hertzog en later Malan ingesluit, sowel as die Afrikaner Party en O. Pirow se Nuwe Orde Party,¹⁵ asook L. Weichardt se Suid-Afrikaanse Nasionaal-Sosialistiese Party.

Die besluit om die oorlog te betree was besonder ongewild onder die Afrikanerbevolking en het geweldige kritiek teenoor die Smutsregering uitgelok. Ná die instelling van die Afrika-eed, of Rooi-eed, is 'n aantal Suid-Afrikaners voltyds ontplooi vir deelname aan die oorlog op die Afrika-vasteland. Aanvanklik het Smuts aangevoer dat die oorlog slegs buite Suid-Afrika se

⁹ E.P. Kleynhans, *Hitler's spies: Secret agents and the intelligence war in South Africa* (Kaapstad, Jonathan Ball Publishers, 2021), 1.

¹⁰ F.L. Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa, 1939-1945" (PhD-diss., University of Stellenbosch, 2014), 3.

¹¹ A. Blake, *Wit terroriste: Afrikaner-saboteurs*, 52.

¹² A. la Grange, "The Smuts government's justification of the emergency regulations and the impact thereof on the Ossewa-Brandwag, 1939 to 1945", *Scientia Militaria*, 48, no. 2 (2020), 41.

¹³ H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie* (Kaapstad, Tafelberg, 2004), 391.

¹⁴ Giliomee, *Die Afrikaners*, 392.

¹⁵ A.M. Fokkens, "Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War and the measures taken to suppress it", *Journal for Contemporary History*, 37, no. 2 (2012), 127.

grense 'n gevaar was en dat Suid-Afrikaners slegs op die vasteland sou diens doen. Hierdie aankondiging is egter in 1943 herroep om Suid-Afrikaanse soldate internasionaal ook te ontplooi.¹⁶ Die verandering in hierdie ooreenkomste het ook die broeiende versetbeweging verder aan gevuur, tesame met faktore soos die gebruik van die Unieverdedigingsmag wat reeds ongewild was onder Afrikaners.¹⁷ Suid-Afrika het in sy deelname aan die oorlog nie net deel gevorm van internasionale en militêre organisasies nie, maar propagandabedrywighede was ook kenmerkend van die era.

Die radio was een van die mees prominente hulpmiddels wat deur Duitsland gebruik is om propaganda te versprei.¹⁸ Dit is grootliks bereik met 'n radiostasie in Zeesen, naby Berlyn, wat al sedert die 1930's begin het om Nazi-propaganda regoor die wêreld te versprei.¹⁹ Teen die tyd wat die oorlog uitbreek het, het Duitsland reeds deur middel van kortgolfsending propaganda in 18 tale versprei, ondermeer in Afrikaans.²⁰ Die effektiwiteit van Radio Zeesen se propaganda opper beslis interessante historiese vrae aangesien daar na beraming 300 000 Afrikaners toegang tot radio gehad het en omdat die uitsendings verbeter is met die hulp van die Ossewabrandwag.²¹ Die historiese konteks van Suid-Afrika voor en tydens die uitbreek van die oorlog bied insig oor waarom die Duitsers geglo het dat die verspreiding van propaganda in Suid-Afrika sinvol was.

Sedert die begin van Adolf Hitler se bewind, was Suid-Afrika beskou as vrugbare grond vir Duitse propaganda.²² Historici soos M. Shain se werke illustreer dat daar reeds in die 1930's en 1940's 'n groei in die invloed van nasionaal-sosialisme ervaar is, veral deur organisasies soos die Gryshemde en die Nuwe Orde.²³ R.G. Weisbord en E. Bradlow, onder andere, dui ook op die groeiende anti-Semitiese gevoelens in die 1930's deur byvoorbeeld te verwys na die

¹⁶ A. la Grange, "Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies op die Ossewa-Brandwag teen die agtergrond van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, 1939-1948" (MA-verhandeling, Noordwes Universiteit, 2020), 42.

¹⁷ Fokkens, "Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War", 133.

¹⁸ Marx, "'Dear listeners in South Africa'", 148. Vir 'n oorsig oor die gebruik van radio as propagandamedium in Duitsland, sien byvoorbeeld M. Adena & R. Enikolopov et. al, "Radio and the rise of the Nazis in prewar Germany", *The Quarterly Journal of Economics*, 130, no. 4 (2015), 1885-1939; T. McKinney, "Radio jamming: The disarmament of radio propaganda", *Small Wars and Insurgencies*, 13, no. 3 (2002), 116-117; K. Somerville, "Nazi radio propaganda – setting the agenda for hatred", in *Radio propaganda and the broadcasting of hatred: Historical development and definitions* (Kent, Palgrave Macmillan, 2012).

¹⁹ Kleynhans, "The Rooseboom Operation", 40.

²⁰ Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa", 28.

²¹ Marx, *Oxwagon Sentinel*, 518.

²² Furlong, *Between crown and swastika*, 70.

²³ M. Shain, *A perfect storm: Antisemitism in South Africa, 1930–1948* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2015).

Joodse immigrasiekwota wat ingestel is.²⁴ Duitsland het ook gereelde kontak met die Ossewabrandwag gehad,²⁵ alhoewel die Ossewabrandwag nie as 'n direkte nabootsing van die Nazi-party beskou kan word nie – die konteks op die tuisfront was uiters kompleks. Die Ossewabrandwag was 'n opportunistiese beweging in diens van die ideaal van 'n vrye Afrikanerrepubliek. Sommige beleidsrigtings was gebaseer op nasionaal-sosialistiese elemente, maar daar was eerder 'n hunkering na die *volkseie* as 'n nabootsing van die *Nationalsozialistische Deutsche Arbeiterpartei* (Nazi-party) van Duitsland.²⁶ Dat daar nasionaal-sosialistiese elemente in Suid-Afrika was, is ongetwyfeld die geval, maar in gevalle soos die Ossewabrandwag was dit nie totaal eenders aan nasionaal-sosialisme in Duitsland nie. Om maar na een voorbeeld te verwys: die Ossewabrandwag se nasionaal-sosialistiese raakpunte was streng Calvinisties georiënteer. Weereens is dit belangrik om te let op die komplekse en genuanseerde historiese konteks van Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog.

F.L. Monama veronderstel dat Suid-Afrika 'n gunstige teikengebied vir Duitse propaganda was weens die vele pro-Duitse elemente wat reeds in Suid-Afrika teenwoordig was. Dit sluit byvoorbeeld die feit in dat baie Afrikaners van Duitse afkoms was en dus was daar 'n genealogiese verband met Duitsland.²⁷ M.M. Visser argumenteer ook dat die Duitse invloed in Suid-Afrika grootliks toegeskryf kan word aan die taalkundige, etniese en geskiedkundige verband tussen Suid-Afrika en Duitsland.²⁸ Soortgelyk lig P.J. Furlong ook die belang van kulturele en voorgeslagtelike konneksie tussen Duitsland en Suid-Afrika uit. Teen die 1700's was 'n sesde van die wit inwoners in die Kaap van Duitse herkoms en teen die 1800's het selfs meer Duitsers die land binnegekom as sendelinge en immigrante.²⁹ Boonop was daar 'n verband tussen Duitsland, Suid-Afrika en hulle gemeenskaplike historiese vyand, Brittanje.³⁰ Die Duitse verband met Afrikaners was, volgens Furlong, dus steeds baie sterk en dit dien as

²⁴ R.G. Weisbord, "The dilemma of South African Jewry", *The Journal of Modern African Studies*, 5, no. 2 (1967), 234. Sien ook E. Bradlow, "Anti-semitism in the 1930s: Germany and South Africa", *Historia*, 49, no. 2 (2004), 50.

²⁵ Sien P.F. van der Schyff, "Verset teen 'Empire-oorlog'" in Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, 238.

²⁶ Giliomee, *Die Afrikaners*, 393.

²⁷ Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa", 2.

²⁸ M.M. Visser, "Ideologies grondslae en ontwikkeling van die blanke fascistiese bewegings in Suid-Afrika, 1945-1995" (MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 2007), 49.

²⁹ Furlong, *Between crown and swastika*, 70-71.

³⁰ Furlong, *Between crown and swastika*, 71.

motivering vir waarom Duitse propaganda nie 'n vêrgesogde idee in die spesifieke tyd was nie.³¹

Buiten vir bestaande pro-Duitse elemente was daar ook 'n strategiese element betrokke. Die ekonomiese aspek van Suid-Afrika, met spesifieke verwysing na die minerale rykdom, beteken ook dat Suid-Afrika 'n belangrike bate was wat vir Brittanje ekonomies sou kon bystaan gedurende die oorlog. Suid-Afrika se hawens sou ook 'n addisionele bate vir handel in die oorlog-ekonomie wees.³² Indien Duitsland Suid-Afrika kon oorneem, sou hulle dus 'n groot deel van Brittanje se ondersteunings- en handelsraamwerk kon oorneem.³³

Duitsland wou dus ook die moontlike swakhede in Suid-Afrika uitbuit wat hulle moontlik van Brittanje sou skei, of ten minste die oorlogsvoorrade vanaf Suid-Afrika sou beperk. Daar was ook die hoop dat so 'n skeiding Suidwes-Afrika terug sou plaas onder Duitse beheer.³⁴ Die hoop om Suidwes-Afrika (huidige Namibië) terug te wen was ook deel van die belangstelling van Duitsland in Suid-Afrika. Suidwes-Afrika was 'n voormalige Duitse kolonie maar het in 1919 na afloop van die Eerste Wêreldoorlog 'n Suid-Afrikaanse mandaatgebied geword,³⁵ nietemin was daar reeds 'n sterk Duitse gemeenskap gevestig naby aan Suid-Afrika.³⁶ Verdere pro-Duitse elemente sluit ook die stigting van 'n tak van die Nazi-party in Suid-Afrika in 1932 deur 'n Duitse akademikus genaamd H. Bohle in. Bohle het lesings oor Nazisme aangebied³⁷ wat gerig was op die Duitse gemeenskap in Suid-Afrika. Sy invloed het later versprei tot in plekke soos Johannesburg, Pretoria, Durban, Port Elizabeth, en Bloemfontein.³⁸ O. von Strahl, 'n Duitse diplomaat en informant van Duitse bedrywighede tydens die oorlog, het ook verslae saamgestel rakende Duitse ondersteuning en Nazi-infiltrasie in Suid-Afrika tydens die oorlogsjare.³⁹

³¹ Furlong, *Between crown and swastika*, 70-72.

³² Sien byvoorbeeld E.P. Kleynhans, "The Axis and Allied maritime operations around Southern Africa, 1939-1945" (PhD-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 2018).

³³ E.P. Kleynhans, *The naval war in South African waters* (Stellenbosch, African Sun Media, 2022), 25-28.

³⁴ Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa", 7.

³⁵ Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa", 2.

³⁶ Sien byvoorbeeld Visser, "Ideologiese grondslae en ontwikkeling van die blanke fascistiese bewegings", 4 & Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa", 2.

³⁷ Sien ook Furlong, *Between crown and swastika*, 73.

³⁸ Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa", 8.

³⁹ Sien byvoorbeeld K. Bachmann, "A life in limbo: Otto von Strahl's activities for and against Germany in the Union of South Africa", *South African Historical Journal*, 73, no. 3 (2021), 633-650.

Die bestaande pro-Duitse elemente in Suid-Afrika het die motivering van die Duitsers versterk om te glo dat hulle 'n goeie kans sou staan om Suid-Afrika en Suidwes-Afrika te oorreed en dat dit 'n goeie plek was om propaganda te versprei, soos wat later deur Radio Zeesen gedoen is. Daar is dus gronde om die argument te maak dat Radio Zeesen 'n ontvangbare mark in Suid-Afrika gehad het teen die agtergrond van Suid-Afrika se binnelandse verset.

Monama beklemtoon die historiese belang van Suid-Afrika se verhouding met Brittanje, wat ook bygedra het tot die kweek van 'n anti-Britse as eerder pro-Duitse sentiment.⁴⁰ Duitse propaganda na Suid-Afrika het die herinnering en gruweldade van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) opgeroep, wat baie Afrikaners emosioneel beïnvloed het om teen Brittanje standpunt in te neem.⁴¹ Anti-Britse propaganda is ook in Duitse films soos *Ohm Kruger* verweef en daar is dikwels gefokus op grusame aspekte soos die konsentrasiekampe van die Anglo-Boereoorlog. Hierdie film het ook 'n vergelyking getref tussen die Afrikaners se stryd teen Britse imperialisme en die totstandkoming van Duitsland se nasionaal-sosialisme.⁴²

In verskeie opsigte was Afrikaners se verset teen deelname aan die oorlog nie gegrond in suiwer steun vir Nazisme nie, maar eerder in 'n anti-Britse sentiment. P. De Klerk,⁴³ Blake⁴⁴ en A. la Grange⁴⁵ steun hierdie argument dat weerstand nie noodwendig gerig was op 'n suiwer pro-Duitse aanslag nie, maar eerder anti-Brits was en deel van die beywering van republiekwording. Radio Zeesen het hierdie bestaande anti-Britse sentiment sowel as die Duitse elemente teenwoordig in Suid-Afrika gebruik om die verspreiding van Duitse propaganda te handhaaf en verdeeldheid onder die Afrikaners uit te buit.⁴⁶ Hierdie verdeeldheid sou hoofsaaklik die steun aan Brittanje tydens die oorlog kniehalter.⁴⁷ Marx is van mening dat Radio Zeesen se doelwit hoofsaaklik was om die land te destabiliseer en uiteindelik die

⁴⁰ Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa", 2.

⁴¹ Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa", 29. Sien ook Marx, "'Dear listeners in South Africa'", 154.

⁴² Sien byvoorbeeld M. Titlestad, "Ohm Kruger: Context, appropriation and irony", *South African Historical Journal*, 73, no. 4 (2021), 802-817; C.W. Hallstein, "'Ohm Kruger': The genesis of a Nazi propaganda film", *Literature/Film Quarterly*, 30, no. 2 (2002), 133-139.

⁴³ P. de Klerk, "Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 14, no. 1 (1989), 43-81. Sien ook P. de Klerk, "Die Ossewa-Brandwag se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 14, no. 2 (1989), 90-131.

⁴⁴ Blake, *Wit terroriste*, 162; La Grange, Resensie van "Wit terroriste", 190.

⁴⁵ Sien byvoorbeeld A. la Grange, "The Smuts government's justification of the emergency regulations and the impact thereof on the Ossewa-Brandwag, 1939 to 1945", *Scientia Militaria*, 48, no. 2 (2020), en La Grange, "Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies", 4.

⁴⁶ Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa", xxvii.

⁴⁷ Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa", 2.

weerstand in Suid-Afrika tot 'n rebellie om te skakel, grootliks met behulp van die Ossewabrandwag.⁴⁸

Die Ossewabrandwag begin al meer aandag in akademiese literatuur geniet en daarom is dit die moeite werd om die verband tussen die Ossewabrandwag en Radio Zeesen uit te wys. Hierdie navorsing bou voort op studies en argumente deur skrywers soos Monama en Marx om die rol en impak van Radio Zeesen in Suid-Afrika te bestudeer met inagneming van die agtergrond van binnelandse verset.

Radio Zeesen het 'n verreikende invloed op sommige Afrikaners gehad, gewoonlik diegene wat reeds anti-Brits was. Radio Zeesen het, volgens Marx, 'n enorme invloed op die Suid-Afrikaanse samelewing gehad, veral omdat dit die hoop gekoester het dat Brittanje sal vou in die oorlog en Suid-Afrika dan 'n republiek sou kon word.⁴⁹ 'n Verband kan getref word tussen Suid-Afrika se aktiewe verset en die hoop wat die moontlike Duitse oorwinning ingehou het. Die verhouding tussen weerstandbewegings in Suid-Afrika en Nazisme is egter kompleks, soos wat skrywers byvoorbeeld Van der Schyff en Blake ook tereg uitwys.⁵⁰ Die hoop was nie om net Britse oorheersing met Duitse oorheersing te verruil nie, maar eerder om opportunisties te wees en die pro-Duitse standpunt as hulpmiddel tot die verkryging van onafhanklikheid te benut. Dit was dus ook verstrengel met Afrikanernasionalistiese doelwitte.

Marx lewer ook kommentaar op die sukses van Radio Zeesen deur te verwys na hoe vinnig die stasie kon reageer op politieke sake en nuusberigte wat deur Suid-Afrika gesirkuleer het. Hierdie besonderse goeie ingeligtheid en reaksietyd het ook in Duitsland se guns getel omdat dit die idee van die effektiwiteit van Duitse organisasie aan Afrikaners vertoon het.⁵¹ Die uitsendings was ook in 'n maklik verstaanbare manier saamgestel, soos wat J. Goebbels, die hoof van Duitse propaganda, dit beveel het, om sodoende te verseker dat alle luisteraars die boodskappe duidelik verstaan.⁵² Volgens Marx was die radio-propaganda van die tyd gekenmerk deur 'n herhaling van temas en 'n interkorrelasie van gebeurtenisse selfs al was dit vêrgesog.⁵³ Deur hierdie tipe argumente te gebruik kan daar voortgebou word op die manier

⁴⁸ Marx, ““Dear listeners in South Africa””, 170.

⁴⁹ Marx, ““Dear listeners in South Africa””, 171-172.

⁵⁰ Van der Schyff, “Verset teen ‘Empire-oorlog’” in Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, 226; La Grange, Resensie van “*Wit Terroriste*”, 190.

⁵¹ Marx, ““Dear listeners in South Africa””, 152.

⁵² Marx, ““Dear listeners in South Africa””, 153.

⁵³ Marx, ““Dear listeners in South Africa””, 156.

wat Radio Zeesen se uitsendings die Afrikaners beïnvloed het. Marx is ook verder van mening dat Radio Zeesen in terme van rasse-onrus die wrywing tussen Afrikaners en die swart bevolking aangevuur het.⁵⁴ Verdere navorsing word op hierdie stelling gebaseer en die argument word uitgebou om die verband tussen die invloed van Radio Zeesen en bestaande weerstand soos byvoorbeeld deur die Ossewabrandwag uit te wys aangesien die Ossewabrandwag oorwegend Afrikanernasionalisties en rasbewus georiënteer was, alhoewel meer ten opsigte van kultuur.⁵⁵ Monama se onlangse werk maak 'n soortgelyke argument dat Nazi-invloede in Suid-Afrika ten doel gehad het om Afrikanernasionalistiese, pro-Duitse, anti-Semitiese en anti-Britse sentimente te kweek.⁵⁶ Dit stem ooreen met die argument dat Duitsland bewus was van Suid-Afrika se interne verdeeldheid en dit strategies aangewend het om Suid-Afrika se oorlogspoging te belemmer.

Blake beklemtoon ook in sy werk die rol van nasionalisme as motivering vir sabotasie deur die Ossewabrandwag. Skrywers soos La Grange, Van der Schyff, Blignaut en Blake noem ook in hulle werke hoe nasionalisme 'n rol in Afrikanerverset gespeel het.⁵⁷ Radio Zeesen se bevordering van Afrikanernasionalistiese ideale hou dus ook verband met die groeiende verset tydens die oorlog.

Die verset teen oorlogsdeelname en die groeiende getalle van Duitse ondersteuners was vir die Smutsregering van só 'n bedreigende aard dat noodregulasies, soos interneringsbeleide, in plek gestel is.⁵⁸ Die regering was ook angstig oor pro-Duitse elemente binne organisasies soos die Ossewabrandwag en het gevolglik ondersoek laat instel om moontlike konneksies tussen Ossewabrandwaglede en Nazi-lede te ondersoek.⁵⁹ La Grange beskryf Smuts se rol tydens die oorlog as tweeledig, aangesien hy beide deelname aan die oorlog én die interne politieke

⁵⁴ Marx, ““Dear listeners in South Africa””, 166.

⁵⁵ Oor die verband tussen Duitse propaganda en die propaganda van die Ossewabrandwag, sien D. Olivier & C. Blignaut, “Geskrewe propaganda en volksvoorligting as wapens van die Ossewa-brandwag se strewe na Afrikanernasionalisme, 1939-1952”, *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 35, no. 2 (2021), 178.

⁵⁶ F.L. Monama, “Marshalling a splintered society: Censorship, publicity and propaganda in South Africa during the Second World War”, *Historia*, 67, no. 2 (2022), 32.

⁵⁷ A. la Grange, “Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies op die Ossewa-Brandwag teen die agtergrond van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, 1939-1948” (MA-verhandeling, Noordwes Universiteit, 2020); P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras* (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die PU vir CHO, 1991); C. Blignaut, ““Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!”: Die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag se verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog”, *Historia*, 5, no. 2 (2012), 68-103; La Grange, Resensie van “*Wit Terroriste*”, 189.

⁵⁸ La Grange, “Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies”, 1.

⁵⁹ La Grange, “The Smuts Government’s justification of the emergency regulations”, 54.

situasie moes beheer.⁶⁰ Die feit dat Smuts so ekstreem moes reageer teen die versetbewegings, bewys dat die Duitse invloed op verset, pro-Duitse elemente en anti-Britse elemente binne Suid-Afrika genoeg was om drastiese optrede te vereis. Die aanmoediging van sulke pro-Duitse en anti-Britse elemente is ook aktief deur rolspelers by Radio Zeesen aangevoer.

Die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen opper ook interessante vrae rondom Duitse invloed in Suid-Afrika. S. E. Holm, een van die Afrikaanse uitsenders, was byvoorbeeld van Duitse afkoms.⁶¹ Hy het in April 1939 die hoofuitsender vir die Afrikaanse diens by Radio Zeesen geword en het volgens Marx vinnig 'n naam gemaak weens sy oproepe vir rebellie teen die Smutsregering.⁶² Die ander drie Afrikaanse uitsenders van Radio Zeesen wat saam met Holm in hierdie verhandeling ondersoek word, naamlik J.J. Snoek, M.J. Pienaar en J.A. Strauss, was ook op een of ander manier aan Duitsland gekoppel. Alhoewel die omroepers nie radikale pro-Duitse sentimente gekoester het nie, is dit steeds interessant om te ondersoek hoe prominent die Duitse konneksie was en of dit hoegenaamd 'n rol gespeel het in hulle betrokkenheid by Radio Zeesen. Die navorsing van hierdie studie brei uit op die ervarings van die Afrikaanse Zeesen-uitsenders as nie net verspreiders van propaganda nie, maar bied ook 'n blik vanuit 'n meer persoonlike oogpunt. Sodoende word die omroepers as aktiewe rolspelers met persoonlike konteks en agentskap ondersoek wat uiteindelik ook tot die blootlegging van hulle politieke ingesteldhede bydra.

Teen die einde van die oorlog het die Geallieerdes dokumente uit die Duitse argiewe oor die Afrikaners se samewerking met Duitsland aan die Suid-Afrikaanse regering oorhandig. Die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen is gevolglik van hoogverraad aangekla en skuldig bevind op grond van die verspreiding van Duitse propaganda.⁶³ Holm is byvoorbeeld tot tien jaar tronkstraf gevonnis. Die Zeesen gevangenes is egter in 1948 saam met ander politieke gevangenes soos lede van die Stormjaers⁶⁴ vrygelaat.⁶⁵ Net soos wat Blake, volgens La Grange,

⁶⁰ Sien byvoorbeeld La Grange, "Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies", 39 & La Grange, "The Smuts Government's justification of the emergency regulations", 39.

⁶¹ Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa", 28.

⁶² Marx, *Oxwagon Sentinel*, 518.

⁶³ P. Orlik, "Radio as cultural weapon: The Afrikaner and South African broadcasting, 1918-1948", *Michigan Academician*, 15, no. 1 (1982), 95.

⁶⁴ Die Stormjaers verwys na 'n paramilitêre groep verbind aan die Ossewabrandwag wat radikale aksie en veral sabotasie aangevoer het. Sien S. Dubow & C. Blignaut, "Boekbeskouing: *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewabrandwag* deur C. Marx", *Historia*, 55, no. 1 (2010), 157-163.

⁶⁵ Visser, "Ideologiese grondslae en ontwikkeling van die blanke fascistiese bewegings", 84-85.

“in die koppe” van Ossewabrandwag saboteurs probeer kom,⁶⁶ poog hierdie navorsing om ook “in die koppe” van Radio Zeesen se Afrikaanse omroepers te kom deur dit te analiseer as hulpmiddel en aansporing tot die sabotasie van Suid-Afrika se oorlogsdeelname binne die tydgenootlike konteks. Die bogenoemde historiese en historiografiese kontekste onderskraag my gevolglike probleemstelling en navorsingsvrae.

1.3 Probleemstelling

Propaganda het ’n groot deel van die Duitse oorlogstrategie tussen 1939 en 1945 uitgemaak en is nie net in Europa versprei nie, maar ook in ander dele van die wêreld, soos Suid-Afrika. Een van die mees prominente propagandamediums was die radiostasies soos Radio Zeesen, wat pro-Duitse propaganda in Afrikaans na Suid-Afrika uitgesaai het met die doel om potensiële bondgenote te kweek of bloot steun aan Brittanje en die oorlogspoging te destabiliseer. Radio Zeesen was besonder invloedryk – veral weens die feit dat daar reeds anti-Britse sentimente en verskynsels van verskeie pro-Duitse elemente en ondersteuners in Suid-Afrika was. Verder was daar reeds verdeeldheid binne die Afrikanergemeenskap oor verset teen oorlogsdeelname. Die besondere invloed wat Radio Zeesen gehad het, moet dus verstaan word teen hierdie agtergrond.

Ek argumenteer dat Radio Zeesen anti-Britse, pro-Duitse en nasionaalgesinde Afrikaners beïnvloed het deur verset aan te moedig en dat Radio Zeesen veral radikale aksie aangevuur het onder organisasies soos die Ossewabrandwag, maar ook lydelike verset onder gewone burgers soos die lede van onder andere die Ossewabrandwag. Ek handhaaf verder dat hierdie bedrywighede ook ’n impak op die Afrikaanse omroepers gehad het en dat hulle persoonlik geraak is deur die nagevolge van hulle betrokkenheid by Radio Zeesen.

Hierdie studie bou voort op bestaande relevante bronne oor Suid-Afrika se deelname aan die oorlog. Akademiese literatuur dek dikwels onderwerpe soos spioenasie-netwerke, jeugbewegings, en internering met betrekking tot Suid-Afrika se oorlogsbedrywighede en verset teen deelname aan die oorlog. Die Ossewabrandwag het ook al beide akademies en populêr heelwat aandag geniet as een van die grootste verset-organisasies, veral deur onlangse skrywers en historici soos D. Olivier, C. Blignaut, A. Blake & A. La Grange. Die Ossewabrandwag se sabotasiedade, aard van die organisasie, vrouebeweging, konteks van

⁶⁶ La Grange, Resensie van “*Wit Terroriste*,” 189.

internering, politieke rol en jeugbetrokkenheid was veral gewilde areas vir navorsing.⁶⁷ Die verband tussen die aard van Suid-Afrikaanse verset en Duitse radio-propaganda is egter nog nie ten volle nagevors nie en my studie vul dus 'n noodsaaklike gaping.

Duitse propaganda, hoewel daar literatuur daarvoor bestaan,⁶⁸ is in die Suid-Afrikaanse oorlogskonteks nog nie volledig ondersoek nie. Dit geld nog te meer wanneer radiostasies soos spesifiek Radio Zeesen ter sprake is. Radio Zeesen word net in 'n paar werke genoem,⁶⁹ maar geensins in diepte bespreek nie, ten spyte van die algemene konsensus dat dit 'n groot invloed gehad het op die Afrikaners. Historici soos Marx dek wel Radio Zeesen met 'n fokus daarop as individuele instelling, maar bespreek byvoorbeeld nie persoonlike aspekte en ervarings van die Afrikaanse omroepers volledig nie. Die hoogverraadsake teen die omroepers word deur 'n paar historici aangeraak.⁷⁰ My verhandeling is die eerste studie waar die Afrikaanse omroepers se ervarings van die oorlog, radiodiens en die daaropvolgende hoogverraadsake omvattend omskryf word. Navorsing oor die omroepers se ervaring as Suid-Afrikaanse burgers wat tydens die oorlog in die buiteland vasgevang was, is nie volop nie en word dus aangevul deur hierdie studie. Bestaande werke (veral dié wat verband hou met Radio Zeesen in Suid-Afrika, soos Marx, Monama en P. Orlik) word in my navorsing as boublokke gebruik, maar word aangevul deur nuwe inligting ten einde die impak op die Afrikaanse omroepers beter te verstaan. My argument word gebaseer op bestaande materiaal, maar brei uit om die wyer konneksie tussen die agtergrond van Suid-Afrika, Afrikaners se verset teen die oorlog, Radio Zeesen as propaganda-middel en die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen self uit te wys. Hierdie veelledige fokus is nog nie, na my mening, tot sy volle potensiaal nagevors nie. Op grond van

⁶⁷ Sien byvoorbeeld D. Olivier, "A special kind of colonist": An analytical and historical study of the Ossewa Brandwag as an anti-colonial resistance movement" (MA-verhandeling, Noordwes Universiteit, 2020); D. Olivier & C. Blignaut, "Geskrewe propaganda en volksvoorligting as wapens van die Ossewa-Brandwag se strewe na Afrikanernasionalisme, 1939-1952", *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 35, no. 2 (2021), 168-195; A. Blake, *Afrikanersondebok?: Die lewe van Hans van Rensburg, Ossewabrandwagleier* (Johannesburg & Kaapstad: Jonathan Ball, 2021); A. la Grange & C. Blignaut, "Die ikonografie van Afrikanernasionalisme en die 'vryheidsideaal' van die Ossewa-Brandwag in die Suid-Afrikaanse interneringskampe van die Tweede Wêreldoorlog", *Historia*, 66, no. 1, (2021), 88-118.

⁶⁸ Sien M.A. Doherty, *Nazi wireless propaganda: Lord Haw-Haw and British public opinion in the Second World War* (Edinburgh, Edinburgh University Press, 2000) & M. Dinsman, *Modernism at the microphone: Radio, propaganda, and literary aesthetics during World War II* (New York, Bloomsbury, 2015).

⁶⁹ Prominente voorbeelde sluit in C. Marx, "Dear listeners in South Africa": German propaganda broadcasts to South Africa, 1940-1941," *South African Historical Journal*, 27, no. 1 (1992), 148-172; F.L. Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa, 1939-1945" (PhD-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 2014) & F.L. Monama, "Marshalling a splintered society: Censorship, publicity and propaganda in South Africa during the Second World War", *Historia*, 67, no. 2 (2022), 27-58.

⁷⁰ Sien Orlik, "Radio as cultural weapon", 87-97.

die kernargument dat Radio Zeesen se propaganda 'n invloed op Afrikanerverset gehad het, sowel as op die Afrikaneromroepers self, word hierdie studie se navorsingsvrae gevorm.

1.4 Navorsingsvrae en -doelwitte

Die studie maak gebruik van 'n tweeledige sentrale navorsingsvraag, met drie subvrae wat vanuit die hoofnavorsingsvraag gebou word. Die hoofvraag van die studie is as volg:

Watter rol het Radio Zeesen as pro-Duitse propagandastasie teen die agtergrond van Afrikaners se verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog gespeel en wat was die impak daarvan op beide anti-Britse Afrikaners en die stasie se Afrikaner omroepers?

Die hoofdoelwit van hierdie studie is dus om Radio Zeesen as pro-Duitse propaganda hulpmiddel onder anti-Britse en selfs pro-Duitse Afrikaners te bestudeer. Die impak en omvang van die stasie sal bestudeer word teen die agtergrond van Suid-Afrika se verset teen die oorlog. Die rol van Afrikaanse omroepers en die impak van hulle betrokkenheid by Radio Zeesen se propaganda word ook ondersoek. Met inagnome van die hoofvraag en doelwit van die studie, is drie subvrae geabstraheer om tot spesifieke aspekte van my navorsing te spreek. Die eerste subvraag ter sprake in my navorsing is:

Wat was die aard van Afrikaners se verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog met spesifieke verwysing na die rol van Radio Zeesen in die kweek van anti-Britse sentimente, pro-Duitse sentimente en die Duitse konneksie onder sommige Afrikaners?

Die eerste subvraag is sentraal tot twee van die kernpunte van hierdie verhandeling, naamlik dat daar verset deur Afrikaners teen oorlogsdeelname getoon is, en ook dat Radio Zeesen se propaganda 'n invloed gehad het daarop deur bestaande sentimente te verder te kweek. Hierdie vraag veronderstel twee doelwitte. Eerstens het die vraag ten doel om die aard van Afrikaners se verset teen deelname aan die Tweede Wêreldoorlog uiteen te sit. Die tweede doelwit is om spesifiek te verwys na die rol van Radio Zeesen in die kweek van anti-Britse sentimente, pro-Duitse sentimente en die Duitse konneksie onder sommige Afrikaners. In verband met hierdie

vraag en meegaande doelwitte bespreek hierdie studie hoe Radio Zeesen bestaande anti-Britse en pro-Duitse standpunte gebruik het om verset aan te moedig. Die volgende subvraag spreek spesifiek tot die ondersoek van die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen:

Wat was die persoonlike ervarings van die Afrikaanse omroepers wat by Radio Zeesen diens gedoen het tydens die Tweede Wêreldoorlog?

Die doelwit van hierdie vraag is om 'n beskrywing van die persoonlike ervarings van die Afrikaanse omroepers wat by Radio Zeesen diens gedoen het tydens die Tweede Wêreldoorlog te bied.⁷¹ Die navorsing gebruik vir hierdie doelwit veral oorspronklike primêre materiaal om 'n narratief te bou wat die omroepers se persoonlike ervarings uiteensit en hulle agtergrond, agentskap en persoonlike perspektiewe in die kollig te plaas. Sodoende word daar nie net 'n biografiese leemte oor die omroepers gevul nie, maar die relevante persoonlike ervarings van die omroepers word dan ook in verband gebring met die bespreking van die hoogverraadsake teen die omroepers. Die bespreking van die hoogverraadsake teen die omroepers is deel van die bydrae wat deur hierdie studie gelewer word, en word daarom gekoppel aan 'n aparte subvraag:

Watter nagevolge was daar vir die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog, met spesifieke verwysing na die hoogverraadsake wat teen hulle gebou is?

Hierdie vraag behels die uiteensetting van die hoogverraadsake teen die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen, sodat die aanklag van hoogverraad in hierdie konteks vanuit beide die vervolging sowel as die verdediging se perspektiewe beskou word. Dit hou ook verband met die studie se bespreking oor hoe die kleiner, of altans “agter-die skerm”, rolspelers in die Tweede Wêreldoorlog soms ook 'n duur prys betaal het vir hulle betrokkenheid – 'n aspek wat dikwels oorgeslaan en afgeskeep word in akademiese navorsing. Die navorsingsvrae en doelwitte lei ook die studie ten opsigte van die relevante sekondêre materiaal wat gebruik word.

⁷¹ Sien afdeling oor metodiek en bronne.

1.5 Historiografiese oorsig

Akademiese literatuur rakende die Tweede Wêreldoorlog, vanuit 'n internasionale oogpunt, bestaan volop, selfs met betrekking tot spesifieke temas soos radio-propaganda.⁷² Hierdie studie beoog nie om 'n internasionale benadering te volg nie, maar fokus op Suid-Afrika uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt. Dit beteken egter nie dat internasionale literatuur irrelevant is nie, maar bloot dat dit nie tot dieselfde mate as die Suid-Afrikaanse konteks bespreek sal word nie. Die bestaande akademiese literatuur oor Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog is, soos vroeër gemeld, redelik beperk tot die temas van internering, militêre ontplooiing en versetbewegings soos die Ossewabrandwag. Gegewe die feit dat die Tweede Wêreldoorlog minder as 80 jaar gelede geëindig het en dat dit so 'n enorme impak wêreldwyd gehad het, is dit steeds 'n relevante onderwerp van moderne geskiedenis. Veral met betrekking tot lande soos Suid-Afrika – wie se rol nie veel aandag en erkenning kry in algemene internasionale narratiewe oor die oorlog nie – is dit dus van uiterste belang dat die kennis oor die bedrywighede op die tuisfront uitgebrei word.

Hierdie historiografiese oorsig fokus op die samevatting van bestaande bevindinge, argumente en gesaghebbende literatuur wat relevant is tot die studie. Dit is eerstens van belang om die wyer kontekstualisering van Suid-Afrika tydens die oorlogsjare te bestudeer. Dit sluit die interne politieke toestand van Suid-Afrika in asook aspekte wat nie geïgnoreer kan word in 'n studie oor die Tweede Wêreldoorlog nie soos die militêre aspekte daarvan. Tweedens moet bestaande bronne bestudeer word wat Suid-Afrika binne die tydgenootlike konteks plaas, om sodoende motiverings en redenasies vir of teen oorlogsdeelname te verstaan, veral omdat hoofstuk twee op Afrikanerverset teen oorlogsdeelname fokus. Hier is die verband tussen Duitsland en Suid-Afrika veral van belang in terme van geskiedenis, politiek, kultuur, en denkrigtings – wat dan ook bewegings in Suid-Afrika insluit wat hierdie konneksie beklemtoon. Die tweede subvraag van hierdie navorsing bespreek die impak van Radio Zeesen op Suid-Afrikaanse verset met inagname van die Duitse konneksie onder sommige Afrikaners. Dit veronderstel dat daar 'n verband tussen Suid-Afrika en Duitsland was – 'n tema wat voorheen al heelwat bestudeer is en dus die moeite werd is om te evalueer in bestaande historiografie. Derdens, om Radio Zeesen te kontekstualiseer en te verstaan as propaganda-

⁷² Sien B.D. Savage, *Broadcasting freedom: Radio, war, and the politics of race, 1938-1948* (Chapel Hill, The University of North Carolina Press, 1999); J. Pinsler, "The politics of talk on German free radio stations", *Westminster Papers in Communication and Culture*, 5, no. 1 (2008), 67-85 & D. Welch, *The Third Reich: Politics and propaganda* (New York, Routledge, 2002).

orgaan, moet daar aandag gegee word aan die literatuur rakende propaganda as verskynsel met inagname van Duitsland se gebruik daarvan tydens die Tweede Wêreldoorlog. Dit sluit propaganda in, maar nie net in terme van radio nie, maar ook ander vorms en ook binne 'n internasionale konteks. Die propaganda-aspek moet dan ook verder vernou en historiografies ontleed word ten opsigte van radio-propaganda spesifiek. Propaganda het tydens die Tweede Wêreldoorlog in beide geskrewe sowel as gesproke vorms na vore getree,⁷³ maar die gebruik van radio was 'n unieke medium wat sy eie evaluering in historiografie regverdig. Die vierde aspek van historiografiese ontleding sal fokus op nog 'n nouer area van historiografie, naamlik dié van Radio Zeesen self, en fokus op bronne wat Radio Zeesen spesifiek aanraak en wat moontlik die omroepers ook noem.

Die historiografiese ontleding het dit dus ten doel om vanuit 'n wye aantal bronne, gesprekke en argumente, die mees relevante en prominente daarvan te identifiseer en evalueer.

1.5.1 Kontekstualisering van Suid-Afrika in die Tweede Wêreldoorlog

Ter uitbreiding van agtergrond en kontekstualisering van Suid-Afrika in die oorlog, is daar heelwat geskryf. A.M. Fokkens se werk is hoogs insiggewend rondom hierdie onderwerp en dit is ook van die meer onlangse akademiese literatuur beskikbaar. Fokkens se artikel, *Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War and the measures taken to suppress it*, is besonder nuttig om die aard van verset teen die oorlog te verstaan. Fokkens bespreek aspekte soos interneringskampe en die regering se pogings om interne verset te kortwiek,⁷⁴ wat bydra tot kennis oor die regering se reaksie teenoor die uitbreek van die oorlog en ook teenoor die landsburgers. Die maatreëls wat die regering ingestel het gee duidelik 'n aanduiding van 'n pro-oorlog posisie ten spyte van die teenkanting van sommige politieke leiers, sowel as gewone burgers. Fokkens se Meestersstudie handel oor die Unie se gebruik van die Unieverdedigingsmag om interne verset teen te werk en dek ook in 'n deel hiervan spesifiek die Tweede Wêreldoorlog. In sy studie maak Fokkens ook melding van belangrike aspekte soos Proklamasie 139 van 1940 en Proklamasie 20 van 1941 wat versetgroepe en militêre bewegings teen die regering kon teenwerk. Dit is belangrik vir die kontekstualisering van

⁷³ Sien byvoorbeeld D. Olivier & C. Blignaut, "Geskrewe propaganda en volksvoorligting as wapens van die Ossewa-Brandwag se strewe na Afrikanernasionalisme, 1939-1952", *South African Journal of Cultural History*, 35, no. 2 (2021), 168-195.

⁷⁴ A.M. Fokkens, "Afrikaner unrest during the Second World War and the measures taken to suppress it", *Journal for Contemporary History*, 37, no. 2 (2012), 123-142.

groepe soos die Stormjaers en die Terreurgroep.⁷⁵ Vanuit werke soos die van Fokkens, is interne verdeeldheid 'n prominente aspek wat na vore tree en daarom is die fundamentele feit dat daar 'n sterk gevoel van verset was. J. Crwys-Williams se boek, *A country at war, 1939-1945: The mood of a nation*, is hoogs bruikbaar om konteks te verkry van die algemene Suid-Afrikaner se ervaring van die Tweede Wêreldoorlog. Hierin word die oorlog vanuit verskeie perspektiewe ten toon gestel: van krygsgevangenes tot vroue, en selfs lede van die Ossewabrandwag. Dit bied konteks en insig oor die menslike aspekte en ervarings wat integraal is tot die verstaan van sekere groepe of individue se motiverings, optrede en hoe geskiedkundige gebeurtenisse 'n invloed het op die alledaagse samelewing van 'n land.⁷⁶

Rondom interne verset, lewer historici soos Marx ook 'n geldige bydrae tot die verstaan van die Ossewabrandwag as een van die hoofbewegings van Afrikanerverset binne die konteks van die oorlogsjare. Marx argumenteer dat baie Afrikaners wat tydens die oorlogsjare ongeveer in hulle veertigs (en ouer) was, gebeurtenisse soos die Anglo-Boereoorlog en die konsentrasiekampe, sowel as die Rebelle hoogs waarskynlik sou beleef het en die jonger Afrikaners sou stories daarvan hoor.⁷⁷ A. le Roux se werk is ook nog een van vele wat dieselfde argument maak – dat die Afrikanergeskiedenis en veral die Anglo-Boereoorlog 'n rol gespeel het in die Afrikaners se ontevredenheid om Brittanje in die oorlog te steun.⁷⁸ Die 1914 Afrikaner-rebelle kan ook as 'n belangrike punt van Afrikanerverset teen Brittanje beskou word. Die redenering is dus dat die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog vir sommige Afrikaners kon voel soos 'n herhaling van geskiedenis waar Afrikaners moet veg teen Britse onderdrukking. Boonop het die aanvanklike entoesiasme van die 1938 Voortrekker Eeufees begin kwyn, wat beteken het dat die oorlog die ideale geleentheid geskep het om die “wounded identity motif”,⁷⁹ sowel as 'n nuwe vlag van Afrikanernasionalisme te laat herleef. Teen hierdie agtergrond is dit meer verstaanbaar dat die Ossewabrandwag soveel steun van die Afrikaners kon werf om hoofsaaklik verset teen deelname aan die oorlog aan te moedig.

⁷⁵ A.M. Fokkens, “The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945” (MMil-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 2006), 105. Sien ook C. Marx, “The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941”, *Journal of Southern African Studies*, 20, no. 2 (1994), 201.

⁷⁶ J. Crwys-Williams, *A country at war, 1939-1945: The mood of a nation* (Los Angeles, Ashanti Publishers, 1992).

⁷⁷ Marx, “The Ossewabrandwag as a mass movement”, 200.

⁷⁸ A. le Roux, “The Union of South Africa propaganda campaigns during the World War II”, *Kinema*, Fall (2012), 2.

⁷⁹ Marx, “The Ossewabrandwag as a mass movement”, 200.

Verder is E.P. Kleynhans se studies oor die militêre handeling tussen Suid-Afrika en Duitsland tydens die oorlog van groot belang, veral in terme van intelligensie-netwerke en vlootaktiwiteite wat die bedrywighede op die tuisfront ook wyer as net propaganda kontekstualiseer.⁸⁰ Die literatuur rondom spesifieke historiese figure van die tyd is ook insiggewend ten opsigte van agtergrondskennis en die tydgees. Dit sluit werke in oor persone soos D.F. Malan⁸¹ en R. Leibbrandt,⁸² wat prominent na vore tree in die historiografie van Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog. Giliomee se *Die Afrikaners* bespreek ook die Tweede Wêreldoorlog in 'n afsonderlike hoofstuk en is ook besonder insiggewend omdat dit die interne politiek, ekonomie en die verset teen oorlogsdeelname op 'n narratiewe wyse kontekstualiseer. Giliomee se beskrywing oor die omvang van pro-Nazisme in Suid Afrika is matig, wat belangrik is aangesien die Duitse invloed ook nie oorskat moet word nie.⁸³ Werke soos B. Nasson se boek, *South Africa at war, 1939-1945*, bied ook 'n redelike onlangse en akademiese oorsig in terme van kontekstualisering rondom die oorlog.⁸⁴

Die navorsing van hierdie studie berus dus op 'n wye kontekstualisering van Suid-Afrikaanse agtergrond sowel as spesifieke aspekte wat verset en propaganda betref. 'n Meer spesifieke aspek van kontekstualisering wat nodig is vir hierdie studie behels ook die veelledige konneksie tussen Duitsland en Suid-Afrika, wat deur propaganda uitgebuit is om Afrikanerverset aan te moedig.

1.5.2 Die Duits-Suid-Afrikaanse konneksie

Die belangrikste aspekte van die verband tussen Duitsland en Suid-Afrika wat aangeraak word in hierdie historiografiese ontleding, sluit in die geskiedkundige, kulturele, politieke en ideologiese verband. Aspekte soos nasionalisme, fascisme en nasionaal-sosialisme en anti-Semitisme is almal relevant tot die verstaan van die ooreenkomste tussen Suid-Afrika en Duitsland wat 'n rol kon speel in verset teen die oorlog – ongeag of dit vanuit 'n pro-Duitse of anti-Britse standpunt is. Hierdie ooreenkomste word in bestaande historiografie ook gereeld verbind aan bewegings soos die Ossewabrandwag, die hemp-bewegings en Nuwe Orde. Die

⁸⁰ Sien E.P. Kleynhans, *Hitler's spies: Secret agents and the intelligence war in South Africa* (Cape Town, Jonathan Ball, 2021), E.P. Kleynhans, "The Rooseboom Operation: Uncovering the embryonic German intelligence network in South Africa, 1940-1942", *Intelligence and National Security*, 37, no. 1 (2021), 38-56 & E.P. Kleynhans, *The naval war in South African waters* (Stellenbosch, African Sun Media, 2022).

⁸¹ Sien L. Koorts, *D.F. Malan and the rise of Afrikaner nationalism* (Kaapstad, Tafelberg, 2014).

⁸² Sien J.H. le Roux, *Robey Leibbrandt: Die rebel* (Elsiesrivier, Nasionale Boekdrukkery, 1976) & A. Blake, *Robey Leibbrandt: 'n Lewe van fanatisme* (Johannesburg & Kaapstad, Jonathan Ball-uitgewers, 2019).

⁸³ Sien Giliomee, *Die Afrikaners*, 355-397.

⁸⁴ B. Nasson, *South Africa at War, 1939-1945* (Johannesburg, Jacana Media, 2012).

Duitse konneksie in Suid-Afrika is 'n integrale aspek tot hierdie navorsing, aangesien 'n groot deel van my argument asook my bevindinge rus op die feit dat bestaande pro-Duitse en anti-Britse gevoelens die sleutel was tot baie van Radio Zeesen se propaganda-invloed.

Een van die algemeenste opmerkings rakende die Duitse invloed en verband in Suid-Afrika, is dat 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking van Duitse herkoms was en dat daar dus 'n kulturele, genealogiese en taalkundige konneksie is. Dit word deur skrywers soos Monama,⁸⁵ Visser⁸⁶ en Furlong⁸⁷ uitgelig. Daar word geargumenteer vir 'n geskiedkundige verband tussen die twee lande. Furlong se werk noem byvoorbeeld dat Duitsland en Suid-Afrika vir Brittanje as 'n gemeenskaplike vyand in terme van geskiedenis gehad het,⁸⁸ terwyl W. van der Merwe die feit beklemtoon dat Duitsland finansiële bystand vir Suid-Afrika gebied het na die Anglo-Boereoorlog, wat 'n gevoel van verpligting teenoor mekaar geskep het.⁸⁹ Hoewel dit in ag geneem moet word, maak baie bronne ook melding van politieke denkrigtings en ideologiese verwantskappe tussen Duitsland en Suid-Afrika – iets wat nie bloot op herkoms en nasionaliteit gebaseer is nie.⁹⁰

A. Hagemann se artikel, *Very special relations: the 'Third Reich' and the Union of South Africa, 1933-1939*, beklemtoon ook die politiese, kulturele en ekonomiese verband tussen Duitsland en Suid-Afrika. In terme van politiek noem Hagemann byvoorbeeld dat daar in die 1930's twee prominente figure in regeringskringe na vore getree het wat pro-Duits was, naamlik Hertzog en Pirow,⁹¹ wat albei later prominente figure was in terme van verset teen die oorlog. Hagemann maak ook melding van die Afrikaans-Duitse Kultuur-Unie, wat tussen 1933 en 1939 bedrywig was om Duits-Afrikaner verhoudings te verbeter deur byvoorbeeld uitruilprogramme.⁹² Hagemann se artikel is dus 'n belangrike bron wat verskeie voorbeelde van pro-Duitse invloed in Suid-Afrika na vore bring en sulke invloede word ook in ag geneem terwyl daar gekyk word na die invloed van Radio Zeesen op die Afrikaner se verset.

⁸⁵ Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa", 2.

⁸⁶ Visser, "Ideologiese grondslae en ontwikkeling van die blanke fascistiese bewegings", 49.

⁸⁷ Furlong, *Between crown and swastika*, 70-71.

⁸⁸ Furlong, *Between crown and swastika*, 71. Sien ook W. Schellack, "The Afrikaners' Nazi links revisited", *South African Historical Journal*, 27 (1992), 176 & La Grange, "Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies", 26.

⁸⁹ W. van der Merwe, "Herrenvolk-bloed vir die Afrikaner: Veertig jaar Duitse weeskinders, 1948-1988", *Historia*, 33, no. 2 (1988), 79-80.

⁹⁰ Sien La Grange, "Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies", 20.

⁹¹ A. Hagemann, "Very special relations: The 'Third Reich' and the Union of South Africa, 1933-1939", *South African Historical Journal*, 27, no. 1 (1992), 128.

⁹² Hagemann, "Very special relations", 128.

Met betrekking tot ideologiese en politieke denkrigtings, is daar 'n aantal bronne wat die Duitse konneksie bespreek in terme van nasionaal-sosialisme, fascisme, en anti-Semitisme. Die verband tussen nasionaal-sosialisme en radikale Afrikanernasionalisme is veral 'n onderwerp wat gereeld nagevors is, veral weens die skynbare ooreenkoms tussen die Duitse nasionaal-sosialisme en Afrikanernasionaliste se aangaang van rassesuiwerheid en die idee van 'n volkstaat.⁹³ W. Schellack se artikel, *The Afrikaners' Nazi links revisited*, bied egter 'n waardevolle oorsig van hierdie onderwerp en argumenteer tereg dat nie alle Afrikanernasionaliste aanhangers van nasionaal-sosialisme was nie, maar eerder dat Duitsland beskou is as 'n manier om onafhanklikheid van Brittanje te verkry en dat hulle idee van nasionaal-sosialisme aangepas is tot die Afrikaner se tydgenootlike gebruik van Afrikanernasionalisme.⁹⁴

Historici wie se werke gebruik is vir verdere uitbou van kennis in hierdie navorsing, sluit byvoorbeeld in Furlong se bydraes tot die begrip van 'n wyer konteks van Suid-Afrika in die oorlog. Furlong se doktorsale tesis, *National Socialism, the National Party and the radical right in South Africa, 1934-1948* dek wye aantal aspekte wat van belang is vir hierdie navorsing. Furlong bespreek aspekte soos Afrikanernasionalisme, anti-Semitisme en ook die impak van Nazi-propaganda in die jare voor die Tweede Wêreldoorlog. Furlong bespreek in diepte verskeie organisasies waardeur Nazi-propaganda versprei kon word, soos die Hamburg Fichtebund en Weltdienst.⁹⁵ Selfs Radio Zeesen word aangeraak, alhoewel dit nie 'n sentrale fokuspunt van Furlong se studie is nie. Furlong noem slegs een geval van aktiewe verset wat hy direk aan Radio Zeesen koppel,⁹⁶ alhoewel daar meer gevalle van aktiewe verset aan Radio Zeesen gekoppel kan word in terme van die pro-Duitse of anti-Britse aard daarvan. Die kruks van sy argument rondom Radio Zeesen is egter dat dit op die alledaagse Afrikanernasionalis gerig was, selfs diegene wat nie nasionaal-sosialiste was nie.⁹⁷ Dit openbaar 'n belangrike eienskap van Radio Zeesen se propaganda wat selfs nog meer uitbreiding regverdig.

⁹³ Schellack, "The Afrikaners' Nazi links revisited", 174-175.

⁹⁴ Schellack, "The Afrikaners' Nazi links revisited", 176-177 & 180.

⁹⁵ P.J. Furlong, "National Socialism, the National Party and the radical right in South Africa, 1934-1948" (PhD-dissertation, University of California, 1987), 214.

⁹⁶ Furlong, "National Socialism, the National Party and the radical right", 302.

⁹⁷ Furlong, "National Socialism, the National Party and the radical right", 303.

Furlong se boek, *Between Crown and Swastika: the impact of the radical right on the Afrikaner nationalist movement in the fascist era*, dien in besonder as 'n waardevolle bron om die politieke agtergrond tot hierdie tema te verstaan. Die boek wys die verband tussen verregse elemente soos die groei van fascisme en Afrikaner nasionalisme uit. Dit is belangrik om hierdie verband te verstaan ten einde die ideologiese raakpunte tussen Suid-Afrika en Duitsland in die Tweede Wêreldoorlog te kontekstualiseer. Furlong argumenteer ook dat doodgewone Afrikaners vir so lank blootgestel is aan anti-Britse sentimente en teen 1933 aan die prestasies van Duitsland dat dit verstaanbaar is hoe sulke invloede 'n rol kan speel.⁹⁸ Furlong lig dus 'n belangrike punt uit wat regdeur hierdie navorsing in ag geneem word – dat Duitse invloed nie net oornag in Suid-Afrika versprei het nie, maar eerder in 'n bestaande konteks houvas gekry het waar die Afrikaners vir jare reeds anti-Britse, pro-nasionalistiese en selfs pro-Duitse sentimente gekoester het. Volgens Furlong het die Nasionaliste, alhoewel nie in opsig self Nazi's nie, Hitler se potensiële oorwinning as 'n lang-verwagte geleentheid om jare se Britse onderdrukking te wreek beskou.⁹⁹ Furlong bespreek ook die Ossewabrandwag deeglik binne in die konteks van Afrikanernasionalisme, internasionale invloede en politieke onstabiliteit binne in Suid-Afrika voor en gedurende die oorlogsjare. Die kontekstualisering van die Ossewabrandwag is van belang in die tweede hoofstuk van hierdie navorsing, aangesien die Ossewabrandwag 'n aansienlike rol in die verset teen oorlogsdeelname gespeel het en tydgenootlike denke van Afrikanernasionaliste weerspieël. Die Ossewabrandwag is ook een van die organisasies wat nouliks verbind word aan nasionaal-sosialisme, soos wat baie van die literatuur aandui.

Marx, P.F. Van der Schyff¹⁰⁰ en De Klerk¹⁰¹ se werk rakende die Ossewabrandwag is veral noemenswaardig en omdat die Ossewabrandwag oorwegend nasionalisties was, kan dit dus nooit uit die oog verloor word in terme van anti-Britse sentimente nie. Van der Schyff argumenteer ook in die eerste hoofstuk van *Die Ossewa Brandwag: Vuurtjie in die droë gras* dat die Ossewabrandwag deur omwenteling van Europa beïnvloed is,¹⁰² wat weereens die belang van historiese en politiese kontekstualisering beklemtoon. Van der Schyff maak ook

⁹⁸ Furlong, *Between crown and swastika*, 152.

⁹⁹ Furlong, *Between crown and swastika*, 145.

¹⁰⁰ Sien P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras* (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die PU vir CHO, 1991).

¹⁰¹ Sien P. de Klerk, "Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 14, no. 1 (1989), 43-81 & P. De Klerk, "Die verband tussen apartheid en nasionaal-sosialisme – 'n historiografiese oorsig", *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 30, no. 2 (2005), 1-18.

¹⁰² J.J. Badenhorst, "Vroeë organisiesstruktuur" in Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, 32.

melding van die vergelykings tussen die Ossewabrandwag en die Nazi's,¹⁰³ maar gaan nie in diepte in oor die mate waartoe die Ossewabrandwag deur die Nazi's of hulle aktiwiteite beïnvloed is nie. Soortgelyk argumenteer De Klerk ook dat die nasionaal-sosialistiese aard van die Ossewabrandwag gedurende die oorlogsjare slegs 'n unieke geval was, maar daar word weereens nie spesifiek gefokus op hoe so 'n invloed na die Ossewabrandwag versprei het en hoe effektief dit was om verset aan te moedig in die oorlogsjare nie. Die potensiaal van my studie lê dus in die bestudering van die mate waartoe Radio Zeesen as Duitse hulpmiddel spesifiek 'n invloed gehad het op die versetbewegings soos die Ossewabrandwag tydens die oorlog.

De Klerk verduidelik ook hoe byvoorbeeld J.F.J. van Rensburg, Kommandant-Generaal van die Ossewabrandwag tussen 1941 en 1951, nie as 'n toegewyde Duitse nasionaal-sosialis beskou word nie, maar eerder dat van Rensburg sekere elemente van fascisme aangehang het.¹⁰⁴ Die selektiewe aard van Afrikaners se ideologiese verset teen oorlogsdeelname word dikwels aangetref in bestaande literatuur, wat daarop dui dat Afrikanernasionaliste nie noodwendig ten volle pro-Nazi was nie, maar dat spesifieke aspekte daarvan by die Afrikanernasionaliste se eie doelwitte gepas het.¹⁰⁵ Die selektiewe aspek vorm 'n belangrike deel wanneer Duitse propaganda bestudeer word maar is nog nie tot volle potensiaal nagevors met betrekking tot Radio Zeesen spesifiek nie. Wanneer hierdie navorsing dus kyk na hoe Radio Zeesen Afrikanerverset beïnvloed het, sal dit 'n unieke gaping help aanvul wat uitwys hoe Radio Zeesen op spesifieke, selektiewe aspekte van Afrikanernasionalistiese verset van die tyd toegespits was.

Nog 'n belangrike groep in die versetbeweging teen oorlogsdeelname, was die Nuwe Orde wat spesifiek met Pirow en nasionaal-sosialisme geassosieer is. F.A. Mouton se werk is besonder insiggewend hieroor. Mouton voer aan dat Pirow nasionaal-sosialisme kon bevorder weens spesifieke politieke omstandighede.¹⁰⁶ Volgens Mouton se werk was Pirow 'n opportunist eerder as 'n toegewyde fascist,¹⁰⁷ wat sy persoonlike standpunt verander het na 'n pro-republikeinse en nasionaal-sosialistiese gesindheid in die tyd wat dit gelyk het asof Duitsland die oorlog sou

¹⁰³ Van der Schyff (red.), "Verset teen 'Empire-oorlog'", 188-189.

¹⁰⁴ De Klerk, "Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag", 50-51.

¹⁰⁵ Sien Furlong, "Fascism, the Third Reich and Afrikaner nationalism", 124.

¹⁰⁶ F.A. Mouton, "Onkruid tussen die koring: Oswald Pirow en die Nuwe Orde vir Suid-Afrika, 1940-1943", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59, no. 2 (2019), 252.

¹⁰⁷ F.A. Mouton, "'Fascist or opportunist?': The political career of Oswald Pirow", *Historia*, 63, no. 2 (2018), 93.

wen, en sodoende Afrikaners se begeerte vir 'n nuwe politieke orde uitgebuit het.¹⁰⁸ Die belang en relevansie van hierdie argument lê daarin dat Mouton eerstens uitlig hoe Afrikaners se posisie teenoor Duitsland kon verander met verloop van tyd, en tweedens hoe bestaande sentimente voortgebou kon word tot 'n gevoel van verzet teen oorlogsdeelname. Hoewel Mouton dus geldige argumente voer oor die opportunistiese bevordering van nasionaal-sosialisme, fokus sy werk wel nie op hoe die Nuwe Orde propaganda tussen 1940 en 1941 ook deur Duitse propaganda aangevul is nie. Hierdie studie neem regdeur in ag dat invloede soos die Nuwe Orde en Ossewabrandwag in Suid-Afrika dikwels op dieselfde tyd as Duitse propaganda soos Radio Zeesen 'n rol gespeel het.

Van der Merwe se werk dui ook op pro-Duitse konneksies onder Suid-Afrikaners, wat nie bloot op afkoms gebaseer is nie. 'n Voorbeeld hiervan is die Afrikaner se bewondering van Duitsland se sterk oortuigings oor ras en volk,¹⁰⁹ iets wat by die Afrikanernasionalistiese gesindheid aanklank sou vind. Baie Suid-Afrikaners het ook gedurende die twintiger- en dertigerjare in Duitsland studeer¹¹⁰ en gevolglik het hulle deel geword van die “Duitse kulturele wentelbaan”¹¹¹, alhoewel dit egter nie beteken dat hulle outomaties as Nazi's beskou moet word nie.¹¹² Nasionaal-sosialisme het ook sy afdruk in Suid-Afrika gemaak en bewegings soos die Ossewabrandwag en die Nuwe Orde verder geïnspireer, soos voorheen genoem. Van der Merwe se werk kan dus gebruik word om te redeneer dat daar ook ideologiese ooreenkomste sowel as 'n biologiese verwantskap tussen Duitsers en Afrikaners was.

Buiten vir fascisme en nasionaal-sosialisme, is daar nog 'n beweging wat in ag geneem moet word om die volle omvang van die Duitse konneksie in Suid-Afrika te verstaan: die groei van anti-Semitisme. Anti-Semitisme is sekerlik een van die grootste aspekte wat geassosieer word met Nazi-Duitsland, en gevolglik kan die toename daarvan in Suid-Afrika gedurende die jare voor en tydens die oorlog ook verbind word aan dié pro-Duitse elemente. Shain se boek oor anti-Semitisme in Suid-Afrika is waardevol in hierdie opsig om die konteks van Suid-Afrikaanse verzet te ondersoek.¹¹³ Shain en ander historici soos K. Brasken dui aan dat bewegings met anti-Semitiese neigings soos die Gryshemde en Swarthemde reeds voor die

¹⁰⁸ Mouton, “Onkruid tussen die koring”, 253-254.

¹⁰⁹ Van der Merwe, “Herrenvolk-bloed”, 82.

¹¹⁰ Schellack, “The Afrikaners' Nazi links”, 176.

¹¹¹ Van der Merwe, “Herrenvolk-bloed”, 81.

¹¹² Schellack, “The Afrikaners' Nazi links”, 175.

¹¹³ M. Shain, *A perfect storm: Antisemitism in South Africa, 1930–1948* (Johannesburg, Jonathan Ball Publishers, 2015).

Tweede Wêreldoorlog aktief in Suid-Afrika was en dat dit 'n prominente raakpunt tussen Suid-Afrika en Duitsland was.¹¹⁴ Nadat Hitler aan bewind gekom het, het anti-Semitisme in Suid-Afrika toegeneem en die verband met Duitsland was duidelik, byvoorbeeld die gebruik van swastikas deur die Gryshemde.¹¹⁵ Die toename in anti-Semitisme in Suid-Afrika en Duitsland is dus oënskynlik verwant en dit bevestig dat daar 'n pro-Duitse element teenwoordig was. Die anti-Semitiese aspek is van belang omdat dit ook 'n deel van Duitse propaganda uitgemaak het. Marx noem byvoorbeeld dat daar dikwels gepropageer is dat die Afrikaners bloot ekonomies sou ly onder die oorlog, terwyl die Britte en Jode enorme wins sou maak.¹¹⁶ Radio-propaganda het voorgestel dat die finansiële belang van Britte en Jode verwant is en dat die twee groepe met mekaar geassosieer word, en so onder andere middele het die anti-Semitiese propaganda in Suid-Afrika die doel gedien om die anti-Britse gevoel te versterk.¹¹⁷

Hoewel studies rakende die verband tussen Duitsland en Suid-Afrika dus omvattend is, kan dit egter gekritiseer word omdat dit nie 'n volle agtergrond van sommige Afrikaners se pro-Duitse posisie skets nie. Daar word gewoonlik gefokus op slegs 'n paar van die elemente wat Suid-Afrika en Duitsland verbind het en die verwantskap daarvan met die invloed van propaganda word byna nooit oorweeg nie. Hierdie konneksie was genoeg om deur die gebruik van propaganda ten minste 'n anti-Britse gevoel te help kweek, of, in sommige gevalle, selfs pro-Duits. Daar is dus 'n gaping in historiografie omdat die konneksie tussen Duitsland en Suid-Afrika dikwels uitgewys word, maar nie ten volle oorweeg word wanneer die invloed van Radio Zeesen op Afrikanerverset geëvalueer word nie. Om die volle omvang van die Duits-Afrikaner konneksie in ag te neem is egter nie genoeg nie, aangesien die gebruik van Duitse propaganda in die Tweede Wêreldoorlog ook begryp moet word.

1.5.3 Duitse propaganda tydens die Tweede Wêreldoorlog

Bestaande literatuur word in my navorsing gebruik om 'n oorhoofse begrip van Duitse propaganda te verkry, sodat Radio Zeesen se propaganda na Suid-Afrika binne die nodige konteks verstaan word. Die belangrikheid van propaganda vir die Nazi-bewind word deur 'n

¹¹⁴ K. Brasken, "South African anti-Fascism and the Nazi foreign office: Antisemitism, Anti-communism and the surveillance of the Third Reich's international enemies", *South African Historical Journal*, 74, no.1 (2022), 1-25.

¹¹⁵ Furlong, *Between crown and swastika*, 73.

¹¹⁶ Marx, "'Dear listeners in South Africa'", 158-159.

¹¹⁷ Marx, "'Dear listeners in South Africa'", 165.

aantal bronne voorgestel¹¹⁸ en is ook beklemtoon deur Hitler self.¹¹⁹ Verder kan 'n teoretiese begrip van propaganda verkry word deur bronne te bestudeer wat veral handel oor radio-propaganda in die Tweede Wêreldoorlog.¹²⁰ Radio-uitsendings word dikwels ook in bestaande literatuur as invloedryk geag.¹²¹ Dit sou nie net die geval wees in Suid-Afrika nie, omdat Duitse radio-propaganda blykbaar 'n internasionale verskynsel tydens die Tweede Wêreldoorlog was, met baie bronne wat aandui dat dit oor 'n aantal lande wydverspreid was.¹²²

Een van die mees gesaghebbende historici rakende propaganda in Suid-Afrika tydens die oorlog (wat ook Radio Zeesen gereeld aanraak) is Monama, en daarom sal Monama se werke een van die grootste basisse wees waarop hierdie navorsing gebou word.¹²³ Monama self erken dat daar reeds historiese werke is oor sommige aspekte van Suid-Afrika in die Tweede Wêreldoorlog, maar dat die propaganda-aspek daarvan nie so volledig nagevors soos in Duitsland, Brittanje en Rusland is nie. Volgens Monama fokus die bestaande werk oor propaganda in Suid-Afrika, soos dié van S. Chetty en N. Wiederroth, ook meestal op propaganda se impak op vroue en swart burgers.¹²⁴ Chetty bied ook 'n waardevolle oorsig oor Suid-Afrika se poging tot propaganda en beklemtoon veral dat die verdeeldheid binne Suid-Afrika bygedra het tot die feit dat propaganda 'n idee van nasionale eenheid moes skep om 'n gehoor te bereik wat verdeeld was in terme van ras en klas.¹²⁵ Dit is natuurlik 'n belangrike

¹¹⁸ Sien J.S. Kotze, "Nazi interne propaganda in die Tweede Wêreldoorlog", *Scientia Militaria*, 7, no. 3 (1977), 42; D. Welch, "Nazi propaganda and the Volksgemeinschaft: Constructing a people's community", *Journal of Contemporary History*, 39, no. 2 (2004), 213; G.S. Jowett, *Propaganda and persuasion* (California, Sage Publications, 2015), 244; O. Salata, "The radio propaganda as an innovative element of the military tactics and strategies of the nazi Germany, 1933-1941", *Skhid*, 2, no. 166 (2020), 42-47.

¹¹⁹ Sien byvoorbeeld M.J. Stout, "The effectiveness of Nazi propaganda during WWII" (MA-diss., Eastern Michigan University, 2011), 88 & D. O'Donoghue, "Hitler's Irish voices: the story of German radio's Irish propaganda service, 1939-1945" (PhD-diss., Dublin City University, 1995), 10.

¹²⁰ Byvoorbeeld K.R.M. Short, *Film and radio propaganda in World War II* (Knoxville, University of Tennessee Press, 1983).

¹²¹ Sien R. Teer-Tomaselli, "In service of empire: The South African Broadcasting Corporation during World War II", *Critical Arts*, 28, no. 6 (2014), 888; Stout, "The effectiveness of Nazi propaganda during WWII", 15.

¹²² Sien N. Morley, *Radio Hitler: Nazi airwaves in the Second World War* (The Hill, Amberley Publishing Limited, 2021); Marx, "'Dear listeners in South Africa,'" 151; Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa", xxii, 28 & O'Donoghue, "Hitler's Irish voices", 13.

¹²³ Byvoorbeeld F.L. Monama, "South African Propaganda agencies and the battle for public opinion during the Second World War, 1939-1945", *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies*, 44, no. 1 (2016), 145-167. Sien ook F.L. Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa, 1939-1945" (PhD-proefskrif, Universiteit van Stellenbosch, 2014) & F.L. Monama, "'Blind' warfare: radio propaganda dynamics in South Africa during the Second World War", *Historical Journal of Film, Radio and Television* (2021), 1-22. Sien ook F.L. Monama, "Marshalling a splintered society: Censorship, publicity and propaganda in South Africa during the Second World War", *Historia*, 67, no. 2 (2022), 27-58.

¹²⁴ Monama, "South African propaganda agencies and the battle for public opinion," 146.

¹²⁵ S. Chetty, "Imagining national unity: South African propaganda efforts during the Second World War", *Kronos* 38, no. 1 (2012), 106-130.

waarneming wat ook in ag geneem moet word wanneer daar gekyk word na Radio Zeesen se invloed, aangesien daar nog nie baie navorsing is oor hoe dit verskillende lede van die teikengehoor geaffekteer het nie. Daar word wel voorgestel deur sommige historici soos Mouton,¹²⁶ Furlong¹²⁷ en Fokkens¹²⁸ dat 'n element van onkunde 'n deel van die Suid-Afrikaanse bevolking maklik beïnvloedbaar gelaat het. Dit is 'n interessante argument gegewe die populêre styl van Radio Zeesen se propaganda, wat ook in hierdie navorsing aangeraak word.

K. Fedorowich noem ook Nazi-propaganda in sy werk,¹²⁹ maar fokus heelwat meer op spioenasienetwerk as propaganda self. Van belang in sy werk is Duitsland se versoek dat H. Rooseboom 'n propagandaveldtog in die pers, veral Afrikaanse koerante, sou begin.¹³⁰ Die mengsel van verskillende tipes propaganda, byvoorbeeld geskrewe, visuele en ouditiewe propaganda, moet sodoende deurentyd in gedagte gehou word.

Beide Monama en Marx argumenteer dat Nazi-propaganda op vrugbare grond geval het weens 'n bestaande konneksie tussen Duitsland en Suid-Afrika. Daar was met ander woorde reeds bestaande anti-Britse of pro-Duitse sentimente soos voorheen aangedui en dit vorm 'n groot deel van die bestaande gesprekke oor Radio Zeesen se propaganda.

D. Welch se werk rakende Nazi-propaganda is ook deurslaggewend vir hierdie navorsing. Welch fokus veral op hoe die publieke opinie verband hou met propaganda.¹³¹ Welch argumenteer dat die sukses of mislukking van propaganda grootliks afhang van bestaande opinies en opvattinge van die gehoor. Verder wys Welch ook tereg uit dat studies oor Nazi-propaganda gewoonlik aanneem dat dit suksesvol was omdat dit volop was, terwyl daar nie werklik ondersoek ingestel word op hoe die teikengehoor dit ontvang het nie.¹³² In Welch se skrywe verwys hy spesifiek na die Duitse gehoor en fokus gevolglik nie op Suid-Afrikaners spesifiek nie. Dit regverdig daarom ondersoek na hoe Duitse propaganda die Suid-Afrikaanse

¹²⁶ Mouton, "Onkruid tussen die koring", 256.

¹²⁷ Furlong, "National Socialism, the National Party and the radical right", 215.

¹²⁸ Fokkens, "The role and application of the UDF", 95.

¹²⁹ Sien byvoorbeeld K. Fedorowich, "German espionage and British counter-intelligence in South Africa and Mozambique, 1939-1944", *The Historical Journal*, 48, no. 1 (2005), 209-230.

¹³⁰ Fedorowich, "German espionage and British counter-intelligence", 223.

¹³¹ Sien byvoorbeeld D. Welch, "Manufacturing a consensus: Nazi propaganda and the building of a 'National Community' (Volksgemeinschaft)", *Contemporary European History*, 2, no. 1 (1993), 1-15; Welch, "Nazi propaganda", 213-238 & D. Welch, *The Third Reich: Politics and propaganda* (New York, Routledge, 2002).

¹³² Welch, "Nazi propaganda and the Volksgemeinschaft", 216.

gehoor beïnvloed het met inagname van bestaande gevoelens, veral in terme van verset, soos wat hierdie navorsing ondersoek.

Welch stel ook voor dat 'n samelewing wat gebuk gaan onder 'n gevoel van vernedering en ekonomiese swaarkry, moontlik meer aangetrokke sal wees tot 'n nasionaal-sosialistiese ideaal wat die opstand van 'n volk voorspel.¹³³ Hierdie stelling word weereens gemik op die Duitse publiek, maar is ook besonders van toepassing op Suid-Afrika gegewe die Afrikaner se uitdagings gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu. Gebeure soos die nederlaag van die Afrikaner tydens die Anglo-Boereoorlog, die mislukking van die 1914 Afrikaner Rebelle, die Eerste Wêreldoorlog, depressie en die armblanke vraagstuk het bygedra tot die Afrikaner se gevoel van onderdrukking en minderwaardige nasionale identiteit. As Welch se argument dan gevolg word, maak dit dus sin hoe Duitse propaganda soos in die geval van Radio Zeesen 'n invloed gehad het op sommige van die Afrikaners se verset teen oorlogsdeelname. Welch se werk oor publieke opinie vul dus ook argumente oor die gebruik van radio-propaganda aan.

Meeste literatuur het dit eens dat Duitse radio-propaganda wyd uitgesaai is en dat daar dikwels op bestaande sentimente staat gemaak is. Dit geld vir die internasionale konteks sowel as Radio Zeesen in Suid-Afrika spesifiek.

1.5.4 Radio Zeesen in bestaande akademiese literatuur

'n Sentrale fokuspunt van hierdie navorsing is Radio Zeesen as instrument van Duitse propaganda en die impak daarvan op Afrikanerverset, met inagname van Radio Zeesen se Duits-Afrikaanse omroepers en hulle persoonlike ervarings. Nadat die nodige historiese konteks historiografies ontleed is, kan Radio Zeesen ook in bestaande historiografie beter verstaan word. Soos voorheen genoem, word Radio Zeesen slegs in 'n paar akademiese werke kortliks genoem¹³⁴ en in nog minder werke in diepte bespreek met betrekking tot die omroepers

¹³³ Welch, "Manufacturing a consensus", 3.

¹³⁴ Sien K. Bachmann, "A life in limbo: Otto von Strahl's activities for and against Germany in the Union of South Africa", *South African Historical Journal*, 73, no. 3 (2021), 633-650; A.M. Fokkens, "Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War and the measures taken to suppress it", *Journal for Contemporary History*, 37, no. 2 (2012), 123-142; A.M. Fokkens, "The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945" (MMil-diss., University of Stellenbosch, 2006); P.J. Furlong, "Allies at war? Britain and the 'Southern African front' in the Second World War", *South African Historical Journal*, 54, no. 1 (2005), 16-29; P.J. Furlong, "Pro-Nazi subversion in South Africa", *Ufahamu: A Journal of African Studies*, 16, no. 1 (1988), 26-40; R. Teer-Tomaselli, "In service of empire: The South African Broadcasting Corporation during World War II", *Critical Arts*, 28, no. 6 (2014), 879-904; E.P. Kleynhans, "The Rooseboom Operation: Uncovering the embryonic German intelligence network in South Africa, 1940-1942", *Intelligence and National Security*, 37, no. 1 (2021), 38-56; D. Olivier,

se persoonlike ervaringe. Dit is weereens hoofsaaklik Marx en Monama se werk wat Radio Zeesen meestal bespreek, veral in een spesifieke artikel van Marx wat ten volle gewy word aan Radio Zeesen.¹³⁵ Dit is een van die mees gesaghebbende werke van Radio Zeesen aangesien dit byna die enigste een in die afgelope 30 jaar is wat eksklusief op Radio Zeesen fokus. Marx se artikel het 'n tweeledige doel. Eerstens word daar gefokus op hoe Afrikaanse radio-uitsendings georganiseer is en die organisasiestruktuur wat verantwoordelik was vir die internasionale uitsendings. Tweedens word daar spesifiek na die propaganda tegnieke en inhoud gekyk.¹³⁶ 'n Belangrike aspek van die artikel is die verwysing na die Duits-Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen.¹³⁷ Alhoewel Marx die omroepers nie in diepte bespreek nie is dit steeds belangrik omdat hy die verband wat elkeen met Suid-Afrika en Duitsland gehad het, uitwys. Marx ontleed ook die hooftegnieke, leitmotiewe en doelstellings van die propaganda soos wat versprei is deur Radio Zeesen. Dit is besonderse nuttige inligting, maar die manier hoe die propaganda deur die Afrikaners ontvang is, word in hierdie verhandeling verder bestudeer deur te kyk na hoe dit verset beïnvloed het. Hierdie navorsing bou voort op Marx se argumente deur ook te evalueer wat die impak van hierdie tegnieke en motiewe op Afrikaners was.

In hierdie studie raak Marx egter nie aan al die invloede van Radio Zeesen op anti-Britse Afrikaners nie. Een voorbeeld is dat daar nie melding gemaak word van die pro-oorlog radiostasie *Mystery Radio Freedom* en anti-oorlog *Mystery Radio* nie, wat onderskeidelik in 1941 en 1942 begin is. Dit word eers in onlangse studies bespreek,¹³⁸ en hoewel Monama noem dat *Mystery Radio Freedom* anti-Zeesen was, word *Mystery Radio* nooit bestudeer ten opsigte van die mate waartoe dit moontlik inspirasie verkry het van Radio Zeesen af nie. Die invalshoek hier is dat Radio Zeesen nie net destabilisering en aanmoediging van anti-Britse sentimente met sy propaganda veroorsaak het nie, maar dat dit ook tot die totstandkoming van nuwe versetbewegings kon lei. Die ware omvang van Radio Zeesen se invloed word dus opnuut in hierdie navorsing ondersoek.

“‘A special kind of colonist’: An analytical and historical study of the Ossewa-Brandwag as an anti-colonial resistance movement” (MA-diss, North-West Universiteit, 2020) & W. van der Merwe, “Herrenvolk-bloed vir die Afrikaner: Veertig jaar Duitse weeskinders 1948-1988”, *Historia*, 33, no. 2 (1988), 78-87.

¹³⁵ Sien C. Marx, “‘Dear listeners in South Africa’: German propaganda broadcasts to South Africa, 1940-1941”, *South African Historical Journal*, 27, no. 1 (1992), 148-172.

¹³⁶ Marx, “‘Dear listeners in South Africa’”, 148.

¹³⁷ Marx, “‘Dear listeners in South Africa’”, 150-151.

¹³⁸ Monama noem die *Mystery radio en mystery radio freedom* in 'n onlangse artikel. Sien Monama, “‘Blind’ warfare”, 11.

Chetty maak ook melding van Radio Zeesen in haar skrywe oor propaganda. Alhoewel dit nie haar hoofokus is nie, word daar tog aangedui dat Radio Zeesen 'n oorsaak van kommernis was omdat baie Afrikaners slegs daarop staat gemaak het vir oorlogsnuus.¹³⁹

Monama is een van die min historici wat meer as een keer Radio Zeesen in sy werk aanraak. Sy artikels, *South African Propaganda Agencies and the Battle for Public Opinion during the Second World War, 1939–1945*, en ook '*Blind*' warfare: *Radio propaganda dynamics in South Africa during the Second World War* fokus grootliks op die Smutsregering se pogings om Radio Zeesen teen te werk. Monama se Meestersstudie bied ook insig oor Radio Zeesen se propagandategnieke tydens die oorlog en hoe Smuts byvoorbeeld uitgebeeld is op 'n manier wat anti-Britse verset verder kon inboesem.¹⁴⁰ Net soos in die geval van Marx, kan daar uitgebrei word op gapings in Monama se navorsing spesifiek rakende die mate waartoe Radio Zeesen oorlogsverset beïnvloed het. Verder noem Monama ook dat Radio Zeesen se propaganda na Suid-Afrika reeds in die 1930's begin het,¹⁴¹ maar hierdie feit word nooit erken as nog 'n moontlike rede vir pro-Duitse steun nie. Die invalshoek hier is dus dat daar nog 'n rede was vir die anti-Britse en pro-Duitse sentimente, wat nog nie voorheen so beslissend uitgewys is nie – en dit behels dat Duitse propaganda reeds etlike jare voor die oorlog begin het om Afrikaners te beïnvloed en anti-Britse gevoelens te kweek.

Fokkens wys tereg uit dat Duitse propaganda, soos versprei deur byvoorbeeld Radio Zeesen, bygedra het tot die groeiende anti-oorlogse sentiment onder Suid-Afrikaners.¹⁴² Soortgelyk kan daar ook verder gebou word op Afrikaanse literatuur, soos Van der Merwe se werk, wat ook weereens beklemtoon hoe Radio Zeesen die diepste sentimente van die Afrikaners aangemoedig het.¹⁴³ La Grange se Meestersstudie is ook 'n bron wat duidelik aandui dat Radio Zeesen en die Ossewabrandwag dikwels dieselfde sentimente gekoester het en dieselfde boodskappe versprei het.¹⁴⁴ Baie bronne wat Radio Zeesen aanraak verwys daarna in terme van

¹³⁹ Chetty, "Imagining national unity", 119.

¹⁴⁰ Monama, "Wartime propaganda in the Union of South Africa", 29.

¹⁴¹ Monama, "South African propaganda agencies and the battle for public opinion", 148.

¹⁴² Fokkens, "Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War", 130. Sien ook A.M Fokkens, "The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945" (MMil-diss, University of Stellenbosch, 2006), 107.

¹⁴³ Van der Merwe, "Herrenvolk-bloed", 83.

¹⁴⁴ Sien byvoorbeeld La Grange, "Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies", 74, 82.

die verband tussen Duitsland en Suid-Afrika en dit is dus geregverdig om meer navorsing te doen oor hoe Radio Zeesen deur sulke gedeelde sentimente verset verder kon aanmoedig.

’n Gaping bestaan egter oor die impak van Radio Zeesen se propaganda op die algemene anti-Britse Afrikaner. Marx is byna die enigste wat in meer onlangse jare ’n bydrae gelewer het wat spesifiek handel oor Radio Zeesen se propaganda. Juis om hierdie rede vorm sy skrywe veral een van die steunpilare van hierdie navorsing, terwyl daar uitgebrei word op hoe Radio Zeesen verbind aan die agtergrond van Suid-Afrika se verset teen die oorlog, asook die werklike reikwydte van Radio Zeesen se impak en die persoonlike ervarings van die omroepers.

1.5.5 Samevatting van die historiografie

Wanneer bestaande literatuur bestudeer word, is daar baie bronne wat relevant is tot spesifieke aspekte van hierdie navorsing, maar daar is egter gapings. Een van die grootste punte van kritiek wat gelewer kan word op bestaande studies wat wel Radio Zeesen insluit, is dat daar ook weinig aandag verleen is aan die persoonlike ervarings van die Afrikaanse omroepers. Dit is egter nie verbasend nie, omdat daar tot redelik onlangs baie min inligting daaroor beskikbaar was.¹⁴⁵ Historici soos Marx, Furlong en Monama maak wel melding van die omroepers en Orlik lig byvoorbeeld die hoogverraadsake teen hulle uit,¹⁴⁶ maar fokus nie op hulle persoonlike ervarings nie. Die hoogverraadsake is ook nog nooit voorheen in diepte bestudeer deur te kyk na beide die vervolging sowel as die verdediging se standpunte nie.

Wat hierdie studie egter uniek maak, en hoe dit die bogenoemde gaping vul, is die integrasie van nuutgevonde primêre materiaal soos uiteengesit in die afdeling oor brongebruik wat volg. ’n Enkele voorbeeld is die herinnerings van een van Radio Zeesen se aanbieders, J.J. Snoek. Die besondere aard van die spesifieke primêre materiaal, wat nog nooit voorheen deur historici gebruik is nie, dra by tot die oorspronklikheid van die navorsing. Dit is relevant tot ander primêre bronne, soos die Holm-versameling in die Ossewabrandwag Argief in Potchefstroom wat bestaande argumente aanvul. Die privaatversameling wat in hierdie studie gebruik word ontsluit nuwe insigte oor die onderwerp. Die enigste bron wat so naby aan selfgeskrewe persoonlike ervarings kom, is ’n boek deur M.J. Pienaar, wat ook een van die omroepers was.¹⁴⁷ Die boek neem egter die status van primêre bron aan en nie ’n historiese analise nie. Soortgelyk

¹⁴⁵ Sien my uiteensetting van bronnegebruik hieronder.

¹⁴⁶ Orlik, “Radio as cultural weapon”, 95.

¹⁴⁷ Sien M.J. Pienaar, *By die sterfbed van ’n volk* (Pretoria, Vlam biblioteek, 1949).

het S.E. Holm ook 'n boek oor sy ervarings en standpunte geskryf in samewerking met R. Kirsten.¹⁴⁸

Die belangrikheid van hierdie navorsing berus nie op die feit dat daar nog niks oor of deur die omroepers geskryf is nie, maar dat die impak van Radio Zeesen op die omroepers en hulle ervarings nog nie 'n spesifieke fokus van enige bestaande akademiese studie is nie en dat hierdie gaping deur my verhandeling gevul word.

1.6 Metodologiese benadering en oorweging van bronne

Weens die aard van hierdie historiese studie, word 'n narratief-beskrywende benadering hoofsaaklik gevolg terwyl 'n mate van analise ook deurentyd betrokke is. 'n Kwalitatiewe en hermeneutiese benadering word vir die doel van hierdie studie aangewend.

Die narratief-beskrywende benadering word gevolg. A. Marwick se skrywe oor streng akademiese metodologie bevorder ook die idee dat die taalgebruik in akademiese narratiewe duidelik, feitlik korrek en verstaanbaar moet wees.¹⁴⁹ Dit beteken egter nie dat narratief-beskrywende navorsing tot blote oordrag van feite gereduseer word nie. Marwick argumenteer dat hoewel geskiedenis dikwels op 'n narratiewe wyse geskryf word, is die doel daarvan steeds om inligting oor te dra.¹⁵⁰ Narratief en analise loop dus gereeld hand aan hand en daarom sal kritiese analise steeds in my navorsing toegepas word. Analitiese bevindinge kan in die narratief verweef word en in hierdie navorsing kan sekondêre bronne veral bydra tot narratief-beskrywende kontekstualisering, terwyl daar ook kritiese analise van primêre bronne toegepas word. Die ondersoek van individuele sowel as sosiale en kollektiewe geheue kan ook metodies benader word met behulp van die werk van J. Tosh¹⁵¹ en sal dus ook in ag geneem word soos wat die navorsing deurentyd plaasvind.

Interne en eksterne bronnekritiek is altyd deurslaggewend en is ook uiters belangrik in hierdie navorsing, veral weens die aard van die primêre bronne wat sentraal tot my navorsing staan. Dokumente wat deur tydgenote geskryf is reflekteer byvoorbeeld veral tydgenootlike opinies en word dus aan deeglike interne kritiek onderwerp. L. Jordanova se skrywe rakende

¹⁴⁸ S.E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt* (Potgietersrus, Môrester-uitgewers, 1960).

¹⁴⁹ A. Marwick, *The new nature of history: Knowledge, evidence, language* (London, Palgrave, 2001), 12.

¹⁵⁰ A. Marwick, "Two approaches to historical study: The metaphysical (including 'postmodernism') and the historical", *Journal of Contemporary History*, 30, no. 1 (1995), 12.

¹⁵¹ J. Tosh, *The pursuit of history* (New York, Routledge, 2015).

metodologie is besonders toepaslik in sulke gevalle omdat sy die bruikbaarheid van subjektiewe bronne verdedig, solank dit nie die historikus hinder om logies te redeneer nie.¹⁵² Jordanova beklemtoon ook die belangrikheid van konteks wanneer primêre bronne bestudeer word.¹⁵³ Dit beteken dat bronne deurentyd verstaan moet word ten opsigte van die Suid-Afrikaanse konteks rondom die Tweede Wêreldoorlog. My benadering tot bronnekritiek as deel van historiese navorsing word grootliks deur Jordanova se argumente van kritiese leestegniek en kontekstualisering van bronne gelei.

Die navorsing vir hierdie verhandeling is gebou vanuit 'n wye sekondêre bronnebasis sowel as 'n ryke primêre bronneversameling. Sekondêre bronne ten opsigte van die wyer konteks van hierdie tema is relatief volop, in die vorm van akademiese joernaal-artikels, boeke, resensies en proefskrifte. Die hoeksteen van hierdie studie is die primêre bronne wat nog nooit deur enige historikus gebruik is nie. Ek het in verbinding getree met die nasate van die omproebers van Radio Zeesen wat oor 'n groot hoeveelheid primêre materiaal beskik in hulle eie privaatversamelings. Dit sluit briewe, memoires, amptelike dokumentasie en 'n diverse reeks bronne wat nie beskikbaar is in enige argief nie. Die nasate was bereid om my toe te laat om hierdie bronne te digitiseer vir eie gebruik en navorsingsdoeleindes. Primêre bronne is verder verkry in die Ossewabrandwag Argief in Potchefstroom. Van der Schyff het ook 'n amptelike verslag oor die Ossewabrandwag en die Tweede Wêreldoorlog geskryf ter uitbreiding van die Ossewabrandwag-argief.¹⁵⁴ Die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag se argiefbewaarplek beskik oor 'n goudmyn van bronne wat relevant is vir hierdie tema. In besonder van belang is die transkripsies van Radio Zeesen se uitsendings na Suid-Afrika en verskeie intelligensie-dokumente. Die tydgenootlike koerante se dekking van die oorlog, in besonder die propaganda en verwysings na Radio Zeesen, was ook bekombaar in die privaatversameling se plakboeke vol koerantuitknipsels. Dit sluit koerante se dek van die hoogverraadsake in. Die hoogverraadsake en verbandhoudende dokumentasie was ook tot my beskikking by die Nasionale Argief van Suid-Afrika in Pretoria. Dit is duidelik dat daar genoeg primêre bronne uit publieke argiewe asook persoonlike versamelings van naasbestaendes is.

¹⁵² L. Jordanova, *History in practice* (London, Arnold, 2019), 5.

¹⁵³ Jordanova, *History in practice*, 10.

¹⁵⁴ E.P. Kleynhans, "Documenting Afrikaner fascism: A historical overview of the Ossewabrandwag Archive", Academia, toegang verkry op 4 April 2022, https://www.academia.edu/36804078/Documenting_Afrikaner_Fascism_A_Historical_Overview_of_the_Ossewabrandwag_Archive

Buiten vir die oorweging van historiografiese ontleding en begronding, moet die etiese aspek van die navorsing ook in ag geneem word.

1.7 Etiese oorwegings

Etiese kwessies is onderwerp aan die ondersoek en gesag van die Noordwes-Universiteit se etiekkomitee. Die studie se fokustydperk is ook al meer as 50 jaar gelede. Die familie van Snoek, wat Snoek se persoonlike versameling geskenk het, het 'n dokument onderteken wat die kennisname van die studie bevestig. Die dokument sluit ook die besonderhede soos die skenkingsooreenkomste en inhoud van die persoonlike versameling in. Familielede van Snoek, Holm, Pienaar en Strauss was ook bereid om onderhoude te voer en hulle kennis rondom die onderwerp te deel wat in my korrespondensie met hulle weerspieël word. Die familielede se persoonlike kennis van die omroepers omsluit inligting van onskatbare waarde vir nuwe navorsing, aangesien mondelinge geskiedenis rondom die onderwerp van Radio Zeesen nog nie ten volle in bestaande literatuur geïnkorporeer is nie. Die etiese prosedure is volgens die universiteit se riglyne afgehandel en het ook behels dat die nodige opleiding en dokumentasie afgehandel is voordat die onderhoude plaasgevind het.

1.8 Hoofstukindeling

Die hoofstukindeling word tematies gelei deur die navorsingsvrae. Dit is uiteengesit om vanaf 'n breër invalshoek en geheelbeeld van Suid-Afrika se verset na 'n spesifieke fokus op die Afrikaner-omroepers as individue te beweeg.

Hoofstuk 2: Afrikanerverset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog

Hierdie hoofstuk bespreek in diepte die rol wat Radio Zeesen gespeel het om Afrikaners, veral diegene met 'n anti-Britse sentiment, te beïnvloed. Die Afrikaners se motivering van verset en manier waarop verset getoon is, word geanaliseer.

Hoofstuk 3: Die rol van Radio Zeesen in die kweek van pro-Duitse en anti-Britse gevoelens

In hierdie hoofstuk word Radio Zeesen se impak op Afrikanerverset ondersoek deur te kyk na die bevestiging van anti-Britse en pro-Duitse sentimente in propaganda. Daar word spesifieke temas in Radio Zeesen se uitsendings bespreek en aangedui hoe dit bestaande sentimente bevorder het om verset en interne verdeeldheid aan te moedig.

Hoofstuk 4: Die persoonlike wedervarings van Afrikaneromroepers by Radio Zeesen tydens die Tweede Wêreldoorlog

Hoofstuk 4 belig die impak van Radio Zeesen op die Duits-Afrikaanse omroepers. Die fokus van hierdie hoofstuk is meer persoonlik en kyk na individuele ervarings in plaas van 'n blote kollektiewe Afrikaner-ervaring. In hierdie hoofstuk is 'n geleentheid geskep om primêre bronne optimaal te benut.

Hoofstuk 5: Hoogverraad en die nagevolge vir die Afrikaner-omroepers aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog

Hoofstuk 5 bestudeer en bespreek die uiteinde van die oorlog en die nagevolge wat dit vir die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen ingehou het. 'n In-diepte fokus word geplaas op die aanklagtes van hoogverraad wat teen die omroepers gemaak is.

Hoofstuk 6: Gevolgtrekking

Hoofstuk 6 dien as slothoofstuk waar al die bevindinge van die navorsing saamgevat word.

*

Ten einde die invloed van Radio Zeesen as propaganda-orgaan op Afrikanerverset volledig te bepaal, moet die motivering en aard van hierdie verset eers geskets word. Vervolgens word die verdeeldheid onder Afrikaners rakende oorlogsdeelname bespreek sowel as die verskeie vorms wat verset aangeneem het.

HOOFSTUK 2: AFRIKANERVERSET TEEN SUID-AFRIKA SE DEELNAME AAN DIE TWEDE WÊRELDOORLOG

2.1 Inleiding

Toe Suid-Afrika die oorlog betree was die bevolking ongetwyfeld verdeeld met betrekking tot deelname. Die laat dertigerjare se kulturele en politieke stand van sake het hierdie verdeeldheid reflekteer en die polariteit in opinie was ook opmerklik in die redevoerings vir pro-oorlog én anti-oorlog gesindhede. Uiteindelik het verset teen die oorlog in verskillende vorme na vore getree – soms in 'n passiewe manier soos met anti-oorlogspaatjies en soms op 'n meer radikale wyse met prominente versetbewegings soos die Ossewabrandwag, die Gryshemde en die Nuwe Orde. Die uiteindelige doel van hierdie hoofstuk is om die nodige agtergrond van Afrikanerverset daar te stel, wat vir die volgende hoofstukke integraal is wanneer Radio Zeesen se rol en impak op hierdie verset ondersoek word. Die aard van verset én die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het moet eers uiteengesit word voordat Radio Zeesen se rol en invloed in volle omvang verstaan kan word. Hierdie agtergrondhoofstuk beantwoord ook in die proses 'n groot deel van die tweede navorsingsvraag.

2.2 Aanloop tot die oorlog: Die politieke en kulturele klimaat

Gedurende die vroeë dertigerjare was die verdeeldheid onder die Suid-Afrikaanse bevolking grootliks gebaseer op kultuur, asook politiese en ekonomiese verskille. Daar was onder die blanke bevolking self ook verdeeldheid.¹ Daar was 'n aansienlike gaping tussen Afrikaanssprekendes en Engelssprekendes in terme van onderrig en inkomste. Die ekonomie, buiten vir die landbousektor, was ook merendeels deur mense van Britse en Joodse afkoms

¹ A. Grundlingh, "The King's Afrikaners? Enlistment and ethnic identity in the Union of South Africa's defence force during the Second World War, 1939-45", *The Journal of African History*, 40, no. 3 (1999), 353. Vir 'n tydgenootlike bevestiging van verdeeldheid sien byvoorbeeld G.H. Calpin, "South Africa at war", *Foreign Affairs*, 19, no. 2 (1941), 458.

oorheers.² Die spanning tussen die Afrikaners en die Engelse gemeenskap was ook sigbaar tydens die toenemende internasionale spanning van die dertigerjare. Die Afrikaners was geneig om, ter verwagting van 'n nuwe oorlog, ten gunste van neutraliteit te wees terwyl die Engelse gemeenskap klaarblyklik meer geskaar was onder deelname saam met Brittanje.³

Vir leiers soos J.B.M. Hertzog was die samesmelting van Engels- en Afrikaanssprekendes onder 'n vaandel van blanke-eenheid die beste manier om die Afrikanerdom se toekoms te verseker. Hierdie mosie het egter teenstand ervaar van figure soos J.G. Strijdom, C.R. Swart en D.F. Malan.⁴ Terwyl Hertzog geglo het dat die tweestroombeleid die Afrikaner se kultuur en identiteit kon beskerm, het diegene soos Malan wat daarteen gekant was geglo dat nasionalisme en imperialisme nie saam kon verkeer nie.⁵

In die middel van 1934 het die Nasionale Party en die Suid-Afrikaanse Party die idee van samesmelting goedgekeur en die Verenigde Party is op 5 Desember 1934 gestig. Vir Hertzog het slegs 'n minderheid van sy volgelinge die skuif na die nuwe party gemaak, terwyl J.C. Smuts se aanhangers grootliks saam oorgeskuif het.⁶ Dit sou ook uiteindelik 'n invloed gehad het op die feit dat Smuts meer ondersteuning gehad het teen die tyd wat 'n oorlogsbesluit geneem moes word in September 1939. Malan het weens sy voortgesette verwerping van samesmelting weggebreek en saam met negentien ander eendersdenkende parlamentslede die Gesuiwerde Nasionale Party gevorm.⁷

Met die Voortrekker Eeufees van 1938 het Afrikanernasionalisme tot nuwe hoogtes gegroei. Tydens die Eeufeesviering is die Afrikaner se stryd om vryheid, ook teen die Britte, veral beklemtoon. Die opbloeï van emosie en historiese bewussyn het die Afrikaners meer gedetermineerd as ooit tevore gelaat om finaal uit te styg bo hulle uitdagings, wat grootliks ook aan Britse imperialisme toegeskryf is. Hierdie gees van Afrikanernasionalisme was dus nog vars in die Afrikaner se geheue toe die oorlog die volgende jaar uitbreek. Dit is dus belangrik om die tydsgees in ag te neem, aangesien die toetrede tot oorlog afgespeel het teen die

² H. Giliomee, *Die Afrikaners: 'n Biografie* (Kaapstad, Tafelberg uitgewers, 2004), 357.

³ G.D. Scholtz, *Suid-Afrika en die wêreldpolitiek, 1652-1952* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1954), 296.

⁴ Giliomee, *Die Afrikaners*, 359.

⁵ Giliomee, *Die Afrikaners*, 392. Sien ook F.A. van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1952-1966* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1971), 245.

⁶ G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner, Deel VIII, 1939-1948* (Johannesburg, Perskor, 1984), 99.

⁷ Giliomee, *Die Afrikaners*, 360.

agtergrond van 'n Afrikanerbevolking wat die vorige jaar nog 'n emosionele hoogtepunt van Afrikanernasionalisme en ideale beleef het. G.D. Scholtz argumenteer ook dat die gevoel van nasionale eenheid wat deur die Eeufees opgewek is, ten gunste van Malan gewerk het omdat baie Afrikaners daarna weer die Nasionale Party begin steun het.⁸

Die politieke en ekonomiese klimaat gee konteks vir die Afrikaner se gevoel teenoor die oorlog. In 'n aantal sferes van die samelewing het die Afrikaners begin vooruitgang toon na 'n lang tydperk van armoede en swaarkry. Teen die laat 1930's was daar vir die eerste keer in 'n lang tyd 'n gevoel van eenheid en trots onder die Afrikaner en 'n gevoel dat die Verenigde Party die belange van die Afrikaner op die hart dra. In hierdie tyd van 'n groeiende gees van Afrikanernasionalisme, is dit te verstane dat 'n hoë mate van verwarring en ontevredenheid sou ontstaan toe die politieke besluitneming in die rigting van oorlogsdeelname geswaai het.

2.3 Toetrede tot die oorlog: Pro-oorlog teenoor anti-oorlog redevoering

Die twee opponerende sienswyses rakende die oorlog kan kortliks opgesom word as volg: aan die een kant, nasionaalgesindes ten gunste van neutraliteit en aan die ander kant, holistiese imperialiste ten gunste van oorlogsdeelname. Toe die oorlog in Europa uitbreek was daar onmiddellike verdeeldheid in die parlement oor wat die rol van Suid-Afrika as deel van die Britse Ryk moes vervul.

Hertzog het aangevoer dat Suid-Afrika 'n soewereine land was wat kon skei van die Britse kroon en ook dus neutraliteit kon handhaaf in oorloë waarby Brittanje betrokke was.⁹ Toe die Volksraad op 4 September 1939 bymekaarkom om oorlogsdeelname te bespreek, het Hertzog se argument vir neutraliteit op drie kernpunte gerus: eerstens dat Suid-Afrika nie belang het by die oorlog nie; tweedens dat Duitsland geregverdig is omdat dit 'n poging is om die onreg van die Vrede van Versailles te korreger; en derdens dat oorlogsdeelname vir die Afrikanerbevolking 'n enorme skok sou inhou.¹⁰ Daar was ook die veronderstelling dat die Engelse burgers eerder lojaal is aan Brittanje en dus nie Suid-Afrika se belange eerste stel nie.¹¹ Neutraliteit in die geval van 'n "Britse" oorlog het vir diegene soos Hertzog en Malan 'n geleentheid ingehou om soewereine onafhanklikheid van die Unie te demonstreer.¹²

⁸ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 101.

⁹ Giliomee, *Die Afrikaners*, 361.

¹⁰ Scholtz, *Suid-Afrika en die wêreldpolitiek*, 297.

¹¹ Calpin, "South Africa at war", 460.

¹² Giliomee, *Die Afrikaners*, 390-390. Sien ook Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, 249.

Smuts het egter aangevoer dat die oorlog as internasionale gebeurtenis ook 'n invloed sou hê op Suid-Afrika en dat dit dus ongeregtig sou wees om nie teen Duitsland te beweeg nie. Suid-Afrika was deel van die Britse Ryk en moes daarom ook betrokke raak by die oorlog. Smuts het aanvanklik voorgestel dat Suid-Afrika toetree tot die oorlog sonder om strydmagte oorsee te stuur.¹³ Hierdie voorstel is egter later herroep. Smuts het oorlogsdeelname ernstig voorgestaan omdat hy die oorlog as 'n ernstige bedreiging vir die vryheid en onafhanklikheid van die Unie beskou het.¹⁴

Smuts se pro-oorlog standpunt het verreikende gevolge gehad vir die verdeeldheid wat reeds onder Afrikaners ontwikkel het. Scholtz beskryf dit as 'n “geestelike kloof” tussen die Smutskabinet en nasionaalgesindes.¹⁵ Smuts het waarskynlik verwag dat daar teenstand van die nasionaalgesinde meerderheid sou wees. Om sy posisie regdeur die oorlog te beskerm, het Smuts noodregulasies ingestel nadat Suid-Afrika die oorlog betree het. Die noodregulasies het aan die owerhede mag verleen wat buite 'n oorlogsituasie nie van toepassing was nie. Proklamasie 201 van 1939 is uitgereik en die volgende jaar is dit opgevolg met Wet nr. 13 van 1940.¹⁶ Hierdie proklamasies het die spesifikasies van die noodtoestand verklaar, insluitend aspekte soos beperking van handeldryf, publieke byeenkomste, reis, asook strafmaatreëls insluitend internering. Hierdie uitvaardigings sou uiteindelik die basis vorm waarop die regverdiging vir groot getalle arrestasies en internering gerus het.¹⁷

Op 4 September 1939 het die Volksraad 80 teenoor 67 stemme ten gunste van oorlogsdeelname opgelewer.¹⁸ Scholtz lig egter uit dat hierdie oorwinning grootliks moontlik gemaak is deur Smuts se koalisie met die Dominion- en Arbeidersparty, wat ten spyte van beginselverskille al drie pro-oorlog was.¹⁹ Die feit dat Hertzog minder steun gehad het as Smuts in die Verenigde Party én dat Malan nuwe steun begin verwerf het onder Afrikanernasionaliste, was beide

¹³ Scholtz, *Suid-Afrika en die wêreldpolitiek*, 297.

¹⁴ Nasionale Argief van Suid-Afrika (hierna NASA), “Decisions of the Executive Council” (hierna URU, soos aangedui in databasis), 2140, no. 23/800, Memorandum rakende Hertzog se bedanking, September 1939.

¹⁵ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 215.

¹⁶ A.M. Fokkens, “Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War and the measures taken to suppress it”, *Journal for Contemporary History*, 37, no. 2 (2012), 127.

¹⁷ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 216-217.

¹⁸ Fokkens, “Afrikaner unrest within South Africa during the Second World”, 127. Sien ook Giliomee, *Die Afrikaners*, 391.

¹⁹ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 99.

faktore wat kon bydra tot die verwerping van Hertzog se voorstel van neutraliteit. Eersgenoemde kan waargeneem word uit die feit dat baie van Hertzog se ondersteuners wat saam met hom na die Verenigde Party verskuif het in 1934, nie bereid was om hom weer te volg na die beslissing van oorlogsdeelname nie en eerder steun aan Smuts verleen het.²⁰ Hertzog het vir Sir P. Duncan, die goewerneur-generaal van Suid-Afrika, gevra om die parlement te ontbind omdat hulle keuse nie die wil van die publiek weerspieël het nie, maar sy versoek is egter afgekeur.²¹ Hertzog het besluit om te bedank as eerste minister. Sy bedanking is ingedien op 5 September 1939,²² en die volgende dag het Suid-Afrika amptelik oorlog teen Duitsland verklaar. Die nuwe regering, onder leiding van Smuts, het spoedig begin met oorlogsvoorbereiding.

2.4 Tydens die oorlog: Partypolitiek en omstandighede wat verset beïnvloed het

Die amptelike toetrede tot die oorlog het egter nie die konflik tussen die partye stopgesit nie en dit het ook nie verhoed dat versetgevoelens toeneem nie. In hierdie afdeling word die omstandighede van groeiende verset teen die oorlog grootliks aan drie faktore toegeskryf. Eerstens, die voortslepende partypolitiek wat gefaal het om om 'n verenigde front te skep onder die leier-figure van die land en die algemene publiek. Met 'n kabinet wat klaarblyklik nie ag geslaan het op die Afrikaners se sterk anti-Britse gevoel nie, en opponerende partye wat nie genoeg mag gehad het om enigiets daaraan te doen nie, het die Afrikaners al hoe meer moedeloos geraak met die situasie en hulle ontevredenheid is in verskeie vorme van verset uitgedruk. Tweedens word die instel van die Rooi-eed, of Afrika-eed, sowel as die noodregulasies tydens die oorlog ook gesien as verdere olie op die vuur. Die derde faktor wat bygedra het tot verset was die aanvanklike oorwinning van Duitsland tydens die eerste fase van die oorlog. Duitse oorwinning het die omstandighede geskep wat vir baie Afrikaners laat glo het dat die Britte die oorlog sou verloor. Die nasionaalgesinde Afrikaners het gehoop dat 'n Britse nederlaag tot republiekwording sou lei. Duitse oorwinning het dus verset aangevuur, nie net onder anti-Britsgesindes wat gehoop het dat Suid-Afrika daarby sou baat nie, maar ook onder diegene wat pro-Duits was. Baie Afrikaners het dus gevoel dat verset beide die moeite werd is én dat dit aktief bydra tot oorwinning oor die Geallieerde magte.

²⁰ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 101.

²¹ NASA, URU, 2140, no. 23/800, Memorandum rakende Hertzog se bedanking, September 1939.

²² NASA, URU, 2140, no. 23/800, Memorandum rakende Hertzog se bedanking, September 1939.

2.4.1 Partypolitiek

Gedurende die eerste paar maande van die oorlog was Afrikanerverset gematig. Scholtz skryf dit toe aan die onderhandelinge tussen Malan se Nasionale Party en Hertzog se volgelinge om te herenig.²³ Hertzog en Malan het saamgetrek om die Herenigde Nasionale Party, of Volksparty, te vorm. Dit sou hulle in staat stel om 'n meer verenigde front voort te sit en sodoende eerder op politieke terrein oorlogsdeelname te bestry. Hierdie gevoel is egter nie gedeel deur alle Afrikaners nie en 'n aantal wou eerder 'n aktiewe stryd van verzet teen oorlogsdeelname voer, eerder as 'n blote politieke een.

Die Nasionale Party en sy volgelinge was in 'n benarde posisie. As Afrikanernasionaliste was hulle in 'n stryd tussen diegene soos Smuts wat pro-oorlog was en die handjievol radikale Afrikanernasionaliste wat aktiewe verzet of in sommige gevalle selfs 'n mate van nasionaal-sosialisme voorgestaan het. Aan die einde van 1941 het die verdeeldheid tussen die Nasionale Party en die radikale groepe egter meer opsigtelik geraak en dit is in die verskillende verzetmetodes weerspieël. H. Giliomee argumenteer dat publieke steun vir die Nasionale Party ook afgeneem het ná die besluit om deel te neem aan die oorlog.²⁴ Hierdie afname kan grootliks toegeskryf word aan diegene wat teleurgesteld was in die Nasionale Party omdat hulle nie meer daadwerklik opgetree het teen oorlogsdeelname nie. Die Nasionale Party en ander matige Afrikanernasionaliste het nietemin voortgegaan om op konstitusionele wyse die Smutsregering te kritiseer, terwyl onkonstitusionele verzet deur groepe soos die Ossewabrandwag en dié se radikale vleuel, die Stormjaers, uitgevoer is.²⁵

Die manier waarop die oorlog-situasie deur die regering hanteer is, het diep sentimente van die pro-oorlog en die anti-oorlog ondersteuners uitgelok en gevolglik 'n hewige parlementêre debat veroorsaak. In Februarie 1940 het J.H. Viljoen in die Volksraad aangevoer dat die Smutsregering onkonstitusioneel opgetree het deur die alleenmag te aanvaar sonder insette van die kiesers. J.H. Hofmeyr het daarop geantwoord dat die aard van die Britse staatsreg die ontbinding van die parlement en weiering van Duncan om, op Hertzog se versoek, 'n algemene verkiesing te hou, geregverdig. Anti-oorlogsgesinde nasionaliste soos Malan het egter nie hierdie interpretasie aanvaar nie, waarop Smuts weer gereageer het dat die uitbreek van die

²³ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 225.

²⁴ Giliomee, *Die Afrikaners*, 367.

²⁵ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 236.

oorlog 'n unieke geval was.²⁶ Die redevoering oor toetrede tot die oorlog en Smuts en Duncan se optrede daarin was dáárom kompleks, maar van belang vir hierdie studie is nie om die opinies teenoor mekaar op te weeg nie, maar eerder om die onontkenbare invloed daarvan op die Afrikaner uit te wys. Vir die meerderheid van die Afrikaners het die Smutsregering se optrede veroorsaak dat daar in die demokrasie getwyfel word, ten spyte van die gewig wat Smuts en sy ondersteuners se argumente gedra het. Om die algemene publiek en opponerende parlamentslede se mening te ignoreer, het tot 'n gevoel onder Afrikaners geskep dat Suid-Afrika vir altyd onder Brittanje, sy staatsreg en sy oorloë gebuk sou gaan. Dit het die republikeinse ideaal onder Afrikaners laat opvlam.²⁷ Hierdie vernuwing van republikeinse gesindheid en twyfel in die Smutsregering se handhawing van die pure demokrasie (wat integraal tot die Afrikaner se denkwys was) het grootliks bygedra tot die groeiende verset onder Afrikaners teen die oorlog. G.H. Calpin het in 'n tydgenootlike publikasie die gevoelens teenoor Smuts as volg opgesom: "In 1940 he again upholds the cause of Britain. A statesman of international stature, he is yet a man without honor among many of his own people".²⁸

Die samesmelting en wegbreek van partye het egter ook 'n verdere verdeeldheid impliseer. Die verdeeldheid in die bevolking was nie meer net tussen Afrikaans- en Engelssprekendes nie, maar die Afrikanerbevolking was ook self onder mekaar verdeeld. 'n Aantal Afrikaners het deelname aan die oorlog teengestaan, met 'n handjievol wat aktief verset getoon het. 'n Gedeelte van die Afrikaners het vertroue begin verloor in partypolitiek, wat deels verduidelik waarom verset begin toeneem het. Die aard van verset het gewissel tussen aktiewe en passiewe (of lydelike) verset,²⁹ wat in hierdie hoofstuk bespreek word.

2.4.2 Die Rooi-eed en noodregulasies

Onder leiding van H.J. van der Bijl, wat as direkteur van oorlogsbehoefte en -voorraad gedien het, het Suid-Afrika begin met oorlogproduksie. In militêre opsig was Suid-Afrika veral bedrywig in die gebied van, Oos- en Noord-Afrika, Madagaskar en Italië.³⁰ Die aanvanklike argument van Smuts was dat indien Suid-Afrika die oorlog betree, daar slegs verdediging op die tuisfront sou plaasvind, wat ook ooreenstem met een interpretasie van die Verdedigingswet

²⁶ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 218.

²⁷ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 219-220.

²⁸ Calpin, "South Africa at war", 461.

²⁹ A. la Grange, "Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies op die Ossewa-Brandwag teen die agtergrond van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, 1939-1948" (MA-verhandeling, Noordwes Universiteit, 2020), 53.

³⁰ Van Jaarsveld, *Van Van Riebeeck tot Verwoerd*, 247.

van 1912 wat veronderstel dat militêre diens in die Unieverdedigingsmag slegs geld vir die direkte verdediging van die Unie binne sy eie grense.³¹ Hierdie interpretasie geld nie noodwendig vir Suid-Afrikaanse soldate wat in die Britse magte gedien het nie, 'n Ander interpretasie van die wet, wat later gebruik sou word om internasionale diens aan te moedig, is egter dat die wet ook van toepassing is op enige terrein in die belang van imperiale verdediging.³²

Teen die uitbreek van die oorlog het die Unieverdedigingsmag 3 500 permanente lede gehad met 14 000 deeltydse soldate.³³ Vroeg in die oorlog het Smuts egter hierdie voorwaarde teruggetrek en aangevoer dat troepe buite die landsgrense moet optree.³⁴ Dit het gelei na die instelling van die Afrika-eed wat vrywilligers op die Afrika-vasteland sou laat baklei. Die Afrika-eed het ook bekend geword as die Rooi-eed, vanweë die rooi-oranje lussies wat op die skouers gedra is.³⁵ Baie soldate het egter geweier om deel te wees hiervan en dit het ook gelei tot groot ontevredenheid onder Afrikanernasionaliste. Nie net was Suid-Afrika nou betrokke by wat hulle as 'n Britse oorlog beskou het nie, maar ook is daar verwag dat Suid-Afrikaners buite die land se grense moes veg – 'n presedent wat moontlik reeds met die Eerste Wêreldoorlog geskep is.

Die keuse om die Afrika-eed te onderteken het verdeeldheid onder die verdedigingsmagte en die wyer Afrikanergemeenskap geskep. A. Blake argumenteer dat viktimisering voorgekom het onder soldate wat die Afrika-eed onderneem het sowel as dié wat dit geweier het. Diegene wat geweier het, was soms verplaas na afgeleë plekke.³⁶ Hierdie behandeling kon as onregverdig gesien word en Afrikaners selfs meer verbitterd gelaat het. Diegene wat wel die eed afgelê het, is byvoorbeeld soms gevra om kerke te verlaat of aangerand deur anti-oorlogsgesindes.³⁷ Sommige Afrikaners het verset getoon teen die Afrika-eed deur summier by die Ossewabrandwag of Stormjaers aan te sluit.³⁸ Smuts se noodregulasies wat tydens die

³¹ A. la Grange, "The Smuts Government's justification of the emergency regulations and the impact thereof on the Ossewa-Brandwag, 1939 to 1945", *Scientia Militaria*, 48, no. 2 (2020), 41.

³² I. Van Der Waag (ed.), *Sights, sounds and memories: South African soldier experiences of the Second World War* (Stellenbosch, African Sun Media, 2020), 266-267.

³³ G.C. Visser, *OB: Traitors or patriots?* (Johannesburg, Macmillan, 1976), 30. Sien ook La Grange, "The Smuts Government's justification of the emergency regulations", 41.

³⁴ Visser, *OB: Traitors or patriots*, 30.

³⁵ Visser, *OB: Traitors or patriots*, 31.

³⁶ A. Blake, *Wit terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare* (Kaapstad, Tafelberg, 2018), 43.

³⁷ Blake, *Wit terroriste*, 43-44.

³⁸ Sien Blake, *Wit terroriste*, 43, 89 & 79 vir byvoorbeeld die geval van Dawid Scribante en Chris de Jager.

oorlog ingestel is, het tot grootskaalse arrestasie en internering gelei, wat verset selfs verder aangevuur het.³⁹

2.4.3 Die vooruitsig van Duitse oorwinning

Gedurende die eerste fase van die oorlog tussen 1939 en middel 1941 het Duitsland baie operasionele oorwinnings behaal en 'n aantal areas beset in Europa en Noord-Afrika. Hierdie oorname kon eerstens die Suid-Afrikaners wat ten gunste van die oorlog was se standpunt bevestig dat A. Hitler 'n aggressor was, maar dit het ook 'n vrees geskep dat Brittanje ook 'n slagoffer sou word. Vir die nasionaalgesindes was Duitsland se oorwinnings egter indrukwekkend en hulle het bly aanvoer dat hoewel hulle simpatie met die verowerde lande het, dit nie die plek van Suid-Afrika is om in te meng nie.⁴⁰

Toe Rusland in 1941 die oorlog betree teen Duitsland, het die Afrikaners wat anti-oorlogsgesind was self meer vir neutraliteit gepleit. Rusland is geassosieer met Bolsjewistiese kommunisme, wat die Afrikanernasionaliste as 'n bedreiging vir Christendom beskou het. Smuts en sy volgelinge het egter geargumenteer dat Rusland se deelname aan die oorlog saam met Brittanje nie beteken dat Suid-Afrika outomaties die kommunistiese leerstelling aanvaar nie, maar bloot dat hulle saam veg teen die gemeenskaplike bedreiging van Nazisme.⁴¹

Malan het ook tydens die oorlog, op 'n tydstip wat dit gelyk het asof Duitsland die oorlog sou wen, verklaar dat Duitsland na oorwinning die Britse Ryk sou wou verswak deur van sy state te ontbind. Dit sou beteken, volgens Malan, dat Suid-Afrika deur Duitsland vrygemaak sou word van Brittanje en dat Suid-Afrika uiteindelik 'n republiek sou word.⁴² Hierdie tipe denkwysie is gedeel deur menige Afrikaners. Juis dáárom is dit belangrik vir die doeleindes van hierdie studie om te beklemtoon dat Afrikanerverset dikwels gerig is deur die idee dat hulle deur Duitsland 'n mate van bevryding sou kon verkry wat republiekwording sou moontlik maak. Die anti-oorlog en pro-Duitse sentimente was dus meer 'n uitlating van anti-Britse gesindheid gebaseer op Afrikanernasionalisme, as enige iets anders. Die swakpunt in hierdie

³⁹ Sien byvoorbeeld A. la Grange, "Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies op die Ossewa Brandwag teen die agtergrond van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, 1939-1948" (MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit, 2020) & A. la Grange, "The Smuts Government's justification of the emergency regulations and the impact thereof on the Ossewa-Brandwag, 1939 to 1945", *Scientia Militaria*, 48, no. 2 (2020), 39-64.

⁴⁰ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 226-227.

⁴¹ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 233.

⁴² Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 231.

redenering was egter dat, alhoewel die Afrikaners geglo het dat Duitse oorwinning die sleutel tot Suid-Afrikaanse republiekwording was, dit onwaarskynlik die geval sou wees. In die lande soos Noorweë, Frankryk, en Nederland wat reeds verower was deur Duitse magte teen daardie tydstop van die oorlog, was dit duidelik dat Hitler Duitse nasionaal-sosialisme wou aanvoer. Dit beteken dat indien Hitler beheer oor Suid-Afrika kon verkry, sou daar saam met die Ossewabrandwag, die Gryshemde en die Nuwe Orde saamgewerk word eerder as die Nasionale Party, omdat die Nazi's nie soveel aanklank by die laasgenoemde gevind het nie.⁴³ Nietemin het die moontlikheid van Duitse oorwinning die groeiende verset teen die oorlog verder aangevuur.

2.5 Versetbewegings: Die Ossewabrandwag

2.5.1 Ontstaan van die Ossewabrandwag

Die Ossewabrandwag was aanvanklik 'n kultuurorganisasie wat gebore is uit die vlag van Afrikanernasionalisme wat tydens die Voortrekker Eeufees van 1938 opgevlam het. Die Ossewabrandwag is dus op 4 Februarie 1939 gestig⁴⁴ om die gees van die Eeufees te laat voortleef.⁴⁵ Die Ossewabrandwag het 'n dualistiese aard gehad. Aan die begin was die Ossewabrandwag onder leiding van kol. J.C.C. Laas, wat 'n voormalige Unieverdedigingsmag offisier was, en het meer gefokus op kulturele eenheid.⁴⁶ Laterjare het die Ossewabrandwag 'n meer politieke en aktivistiese aard aangeneem onder Dr. J.F.J. van Rensburg,⁴⁷ wat voorheen as Administrateur van die Oranje-Vrystaat gedien het. Deur deel te wees van die Ossewabrandwag as versetorganisasie, kon Afrikanernasionaliste 'n soort rebellie teen die Smutsregering en oorlogsdeelname voer.⁴⁸

C. Marx beklemtoon dat die vae ideologiese standpunte en doelwitte oorspronklik bygedra het daartoe dat die Ossewabrandwag gewild was en by byna alle Afrikanernasionaliste aanklank gevind het, maar vanaf middel 1941 het dit 'n fascistiese aard aangeneem en getalle het

⁴³ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 231.

⁴⁴ Fokkens, "Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies", 126.

⁴⁵ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 148. Sien ook C. Blignaut, "'Rebellie sonder gewere': Vroue se gebruik van kultuur as versetmiddel teen die agtergrond van die Ossewa-Brandwag se dualistiese karakter", *South African Journal of Cultural History*, 30, no. 2 (2016), 111.

⁴⁶ Fokkens, "Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies", 126. Sien ook Blignaut, "'Rebellie sonder gewere'", 113.

⁴⁷ Fokkens, "Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies", 130.

⁴⁸ Blignaut, "'Rebellie sonder gewere'", 112.

verminder.⁴⁹ Die partypolitiek in die jare voor en tydens die oorlog was kompleks en gevolglik het mense begin om vertroue te verloor in die partye. Teen die tyd was die oorlog uitgebreek het, het die Ossewabrandwag weereens Afrikanernasionalisme ingespan om te mobiliseer teen die oorlog.⁵⁰

Deel van die Smutsregering se poging om verset in die Unie te bekamp, het ook Proklamasie 20 van 1941 ingesluit, wat ondermynende materiaal verbied het en organisasies soos die Ossewabrandwag ondersoek het as dit verdag was. Dit het ook ingesluit dat alle staatsamptenare vanuit die Ossewabrandwag moes uittree. Van Rensburg se reaksie op die laasgenoemde was om alle staatsamptenare met eervolle ontslag uit die Ossewabrandwag laat tree het, wat in opsig self ook 'n teken van passiewe verset was. Volgens A.M. Fokkens het dit egter 'n teenoorgestelde effek gehad, aangesien baie van die ontslaande Ossewabrandwag lede daarna by die meer radikale Stormjaers of Terreurgroep aangesluit het.⁵¹ Die mate van verset gebied deur die Ossewabrandwag en die aantal ondersteuners daarvan was genoeg vir die regering om dit as 'n ernstige bedreiging te beskou.⁵²

Aangesien beide die Herenigde Nasionale Party en die Ossewabrandwag Afrikanernasionalisties van aard was, was daar aanvanklik 'n mate van samehorigheid en samewerking. Laas en Malan het die Cradock-ooreenkoms op 29 Oktober 1940 aangegaan, wat stipuleer dat die Ossewabrandwag sal voortgaan met bedrywighede op kultuurfront terwyl die Herenigde Nasionale Party die politieke aspekte hanteer. Die ooreenkoms is egter in 1941 verbreek nadat Van Rensburg oorgeneem het en die Ossewabrandwag 'n meer politieke karakter aangeneem het wat Malan nie bereid was om te steun nie.⁵³

2.5.2 Radikale verset, geweld, sabotasie en die Stormjaers

Die Ossewabrandwag was ongetwyfeld een van die organisasies wat baie verset teen oorlogsdeelname getoon het. Soos reeds genoem het die Ossewabrandwag 'n meer politieke aard aangeneem tydens die oorlog wat later al hoe meer militant geword het.

⁴⁹ C. Marx, "The Ossewa-Brandwag as a mass-movement, 1939-1941", *Journal of Southern African Studies*, 20, no. 2 (1994), 195.

⁵⁰ Marx, "The Ossewa-Brandwag as a mass-movement", 200.

⁵¹ Fokkens, "Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies", 128.

⁵² K. Fedorowich, "German espionage and British counter-intelligence in South Africa and Mozambique, 1939-1944", *The Historical Journal*, 48, no. 1 (2005), 214.

⁵³ Fokkens, "Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War", 130. Sien ook Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 256.

Teen 1940 was Duitsland besig om grootliks oorwinnings te behaal in Europa en die Ossewabrandwag se hoop vir Duitse oorwinning was steeds hoog, wat verset selfs verder aangevuur het. Van die mees radikale versetmomente van die Ossewabrandwag het tydens hierdie tydperk plaasgevind. Van Rensburg, wat vanaf Desember 1940 die Ossewabrandwag leier was, het 'n raamwerk uiteengesit vir 'n moontlike omverwerping van die Smutsregering.⁵⁴ Die raamwerk is deur L. Wertz, 'n Duitse diplomaat (konsul in Lourenço Marques), aan die oppergesag in Berlyn voorgelê.⁵⁵ Die plan het behels dat die Unie se verdedigingsmagte eerstens verswak sou word deur die Ossewabrandwag se sabotasiedade, waarna die Ossewabrandwag-geïnfiltreerde spoorweë en polisiemagte sou staak en selfs Britse uitgewerskantore sou opblaas. Dit sou 'n gaping ooplaat vir Duitse magte om die Unie binne te kom met die beskerming van die Stormjaers. Verder sou Britse skepe aan die kus ook strategies uitgeskiet word deur die inligting wat vanaf die polisie voorsien sou word. Van Rensburg het egter die versoek gemaak dat dele van Lesotho, Swaziland, Botswana en Suid-Rhodesië (nou Zimbabwe) ná die oorlog deel van Suid-Afrika sou word en dat 8000 gewere voorsien word om die plan uit te voer. Omdat die gewere nooit ontvang is nie, het die plan nooit gerealiseer nie.⁵⁶

Alhoewel dit nie gerealiseer het nie, dui hierdie sameswering drie belangrike aspekte aan. Eerstens, dat die Ossewabrandwag se verset nie net passief was nie, maar ook van 'n radikale aard en dat die onkonstitusionele versetdade doelbewus beplan is.⁵⁷ Tweedens openbaar dit dat die Ossewabrandwag, of minstens die leiers daarvan, werklik geglo het dat Duitse oorwinning nie net moontlik was nie, maar waarskynlik was. Derdens dui dit aan dat die Ossewabrandwag gehoop het dat Duitse oorwinning tot voordeel van die Unie kon strek. Die Ossewabrandwag het dus geglo dat die dade wat hulle uitvoer, daadwerklik sou kon bydra tot Duitse oorwinning en dat Suid-Afrika daardeur ook eie vryheid sou kon behaal. Dit ondersteun die argument dat die doel van verset nie was om Suid-Afrika onder Duitse beheer te kry nie, maar eerder om die land vanuit Britse beheer te kry.

⁵⁴ Sien ook P.J. Furlong, *National socialism, the National Party and the radical right in South Africa, 1934-1948* (PhD-diss., University of California, 1987), 313-315 asook P.J. Furlong, "Pro-Nazi subversion in South Africa", *Ufahamu: A Journal of African Studies*, 16, no. 1 (1988), 32.

⁵⁵ K. Bachmann, "A life in limbo: Otto von Strahl's activities for and against Germany in the Union of South Africa", *South African Historical Journal*, 73, no. 3 (2021), 646.

⁵⁶ Bachmann, "A life in limbo", 646.

⁵⁷ E.P. Kleyhans, *Hitler's spies: Secret agents and the intelligence war in South Africa, 1939-1945* (Johannesburg & Kaapstad, Jonathan Ball Publishers, 2021), 28-29.

Volgens Scholtz kan die tydperk in Suid-Afrika tussen 1940 en 1945 gekenmerk word deur 'n aantal gevalle van geweld, sabotasie, aanranding, ontvoering, roof en moord wat plaasgevind het op grond van die interne konflik rondom die oorlog.⁵⁸ Die meeste van hierdie meer radikale versetpogings teen die oorlog is deur die Stormjaers behartig, wat aanvanklik 'n afdeling binne-in die Ossewabrandwag was, maar later ook meer onafhanklik geword het.⁵⁹ Blake som die ontstaan van die Stormjaers in die volgende belangrike woorde op: “Die Stormjaers se wortels lê in die opkomende gees van verset teen Britse oorheersing wat reeds voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog geheers het”.⁶⁰ Dit beklemtoon die argument dat die Stormjaers se verset onontkenbaar vanuit 'n anti-Britse gevoel gegroei het en dat die beweging toe dit gestig was, onomkeerbaar anti-oorlog geword het.

Die Stormjaer-beweging het in 1940 ontstaan,⁶¹ spesifiek gestig deur Laas met die doel om te saboteer en was teen 1941 onder die leiding van Van Rensburg. Die Stormjaers was nie ideologies ingestel nie,⁶² maar het eerder op aksie gefokus. H.C. Havenga het tydens 'n onderhoud oor sy aansluiting by die Stormjaers gesê: “...ek is maar soort van 'n militaris, met die gevolg dat hy (die OB) vir my 'n bietjie aan die swak kant gewees het. Ek wou 'n bietjie meer optree en iets doen, en ek sal vir u bewys dat ons suksesvol was met ons poging”.⁶³

Lede van die Stormjaers moes dus betroubaar, aksie-gedrewe en onstuitbaar patrioties wees. Elke lid van die Stormjaers moes 'n eed van getrouheid aflê, wat volgens G.C. Visser nie veel oor die werklike aard van die beweging openbaar nie.⁶⁴ Die eed gaan soos volg:

Uit vrye wil beloof ek plegtig voor die ALMAGTIGE GOD dat ek my ONVOORWAARDELIK onderwerp aan die eise wat my Volk se Goddelike roeping van my verg. My hoër-geplaaste gesag sal met pligsgetrouheid gehoorsaam word en alle bevel of informasie wat ek ontvang sal stiptelik uitgevoer en geheim gehou word. Mag die Allerhoogste gee dat ek my lewe feil sal hê vir die vryheid van my Volk en die gedagte van

⁵⁸ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 255.

⁵⁹ Fokkens, “Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War”, 130-131.

⁶⁰ Blake, *Wit terroriste*, 68.

⁶¹ Visser, *OB: Traitors or patriots*, 6.

⁶² Marx, “The Ossewa-Brandwag as a mass-movement”, 218.

⁶³ Argief, rekords- en museumdiens van die NWU, Potchefstroom, Ossewa-Brandwag Argief (hierna OBA), Onderhoudversameling, Transkripsies van onderhoude (hierna TO), houer 5, band 225, onderhoud met H.C. Havenga, 22 Januarie 1978, 5.

⁶⁴ Visser, *OB: Traitors or patriots*, 26.

VERRAAD my nooit vind, sonder die wete dat ek my gewillig die prooi stel vir die wraak
van 'n Stormjaer nie. Mag GOD gee dat ek met my Kamerade sal kan uitroep:
As ek storm, volg my,
As ek omdraai, skiet my,
As ek sterwe, wreek my.
SO HELP MY GOD.⁶⁵

Die Stormjaers het ten doel gehad om die omstandighede in die land genoeg te ontwig sodat baie van die verdedigingsmagte nie buite Suid-Afrika ontplooi kon word nie. Sodoende sou aktiewe deelname aan operasies op die gevegsfronte aansienlik verminder word. Om hierdie doel te bereik het die Stormjaers van hulle meer radikale versetmetodes aangewend in die vorm van sabotasie. Dit het byvoorbeeld die knip van telefoondrade en die plant van bomme ingesluit.⁶⁶

Nog 'n noemenswaardige geval wat as voorbeeld dien van gewelddadige sabotasie, was toe twee Stormjaers 'n ontploffing by die poskantoor in Benoni veroorsaak het wat ook 'n onskuldige bystander se lewe geëis het. Spesiale wetgewings het toegelaat dat diegene wat skuldig bevind word op grond van oproer, geweldpleging en hoogverraad gestraf kon word met die doodsvonnis.⁶⁷ Die doodsvonnis is gevolglik oor die twee saboteurs gevel, maar is later verlig na lewenslange tronkstraf aangesien geskiedenis al gewys het dat sulke gevalle dikwels uitloop met die beskouing van die oortreder as 'n martelaar.⁶⁸ Retrospektiewelik het hierdie besluit moontlik gekeer dat 'n verdere reeks opstande en verset teen die Smutsregering geloods word. Op 1 Februarie 1942 is die *Bantu World*-koerant se kantoor in Johannesburg ook opgeblaas, asook 'n kafee in Johannesburg rondom dieselfde tyd.⁶⁹ Wanneer daar gekyk word na die ernstige misdade wat deur die Stormjaers gepleeg is, soos die plant van bomme, moet daar ook melding gemaak word van die Terreurgroep.

⁶⁵ Sien byvoorbeeld P.F. van der Schyff, "Verset teen 'Empire-oorlog'" in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: vuurtjie in droë gras* (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die PU vir CHO, 1991), 232.

⁶⁶ P.J. Furlong, *Between crown and swastika: The impact of the radical right on the Afrikaner nationalist movement in the fascist era* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1991), 142.

⁶⁷ Visser, *OB: Traitors or patriots*, 105.

⁶⁸ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 257-258. Die geval van Jopie Fourie is ook 'n voorbeeld van "martelaarskap".

⁶⁹ Furlong, *Between crown and swastika*, 143.

Die Terreurgroep was 'n elite afsplintering van die Stormjaers en was grootliks bedrywig in Pretoria, waar studente ook 'n aansienlike deel was daarvan.⁷⁰ Die Terreurgroep was onder leiding van C. Coetzee en het bykans 30 lede gehad.⁷¹ Net soos gewone lede van die Stormjaers, was die Terreurgroep ook betrokke by die gewelddadige verset om ten einde die oorlogspoging te saboteer. Hierdie groep was onder andere verantwoordelik vir die onwettige verkryging, vervaardiging en berging van plofstof, en brandstigting met brandbomme in plekke soos Joodse winkels en bioskope. Die groep sou, volgens die herinneringe van Havenga, byvoorbeeld elke nou en dan opdrag kry om “een of ander Engelse Jodeplekkie so 'n bietjie reg te sien”.⁷² Sy bewoording is veelseggend rakende 'n openlike anti-Semitiese houding. Dit reflekteer ook dat Jode en Britte met mekaar geassosieer is. Die invloed van propaganda op hierdie konnotasie sal in die volgende hoofstuk ook ondersoek word, maar vir hierdie hoofstuk is dit eers net belangrik om die aard van verset vas te vang. Soortgelyk aan die Terreurgroep, was daar ook 'n afsplinteringsbeweging bekend as die X-Groep. Die X-Groep het onder leiding van advokaat P. Jerling verkeer omdat hulle meer militant wou optree as wat Van Rensburg sou toelaat.⁷³ Die Terreurgroep en die X-Groep het as afsplinterings van die Stormjaers ook aktiewe versetdade gepleeg.

Elektriese pale by Pretoria-Sentraalgevangenis is ook byvoorbeeld opgeblaas deur die Terreurgroep uit minagting vir die wet wat die doodsvonnis vir sulke dade moontlik maak. Bloemfontein, Pretoria, Johannesburg, Potchefstroom en Witwatersrand was veral gewilde teikens vir die Terreurgroep se sabotasie.⁷⁴ Versetdade het egter in 'n paar gevalle verder as blote sabotasie gestrek en het direkte geweld teen persone ingesluit.

Net soos wat die polisiemag deur die Ossewabrandwag en Stormjaers geïnfiltreer was,⁷⁵ was daar ook spioene van die regering onder die lede van die Stormjaers wat die polisie ingelig het oor die beplanning van ondermyningsdade. Die Stormjaers het klaarblyklik ook nie geskroom om aktief op te tree wanneer spioene ontdek is nie. Wanneer iemand verdink word sou lede van die Stormjaers die persoon dikwels “bonnet” – oftewel, hom oor die neus van 'n kar trek

⁷⁰ Marx, “The Ossewa-Brandwag as a mass-movement”, 214.

⁷¹ Fokkens, “Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War”, 132.

⁷² OBA, TO, houer 5, band 225, onderhoud met H.C. Havenga, 22 Januarie 1978, 7.

⁷³ Fokkens, “Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War”, 132.

⁷⁴ Vir 'n meer gedetailleerde beskrywing van die bomaanvalle. Sien ook na Blake, *Wit terroriste*, 118-122.

⁷⁵ Oor die massa-arrestasies van Ossewabrandwaglede in die polisie sien byvoorbeeld Furlong, *Between crown and swastika*, 149.

en slaan.⁷⁶ Die aard van verset was so ernstig dat daar selfs gevalle van moord was. Op een geleentheid het die Stormjaers 'n man met die naam L. Nel ontvoer, geskiet en daarna gebrand. Die verbrande lyk is later ontdek, maar geen verdagtes is gearresteer nie.⁷⁷ Met 'n ander geval, is 'n man genaamd D. Lotter eers aangerand en later van tyd doodgeskiet vir sy aandeel as getuie in 'n hofsak van hoogverraad.⁷⁸ Die Stormjaers sou ook rooftogte uitvoer wanneer geld vervoer is deur die wagte te oorweldig.⁷⁹ Die geld is dan gebruik ter hulp vir die families van geïnterneerde Ossewabrandwag lede.⁸⁰

Die Stormjaers was nie net gekant teen pro-oorlogsgesindes en die regering nie, maar selfs teen Nasionaliste wat nie die Stormjaers se radikale metodes goedgekeur het nie. Dit was veral algemeen nadat die Nasionale Party 'n uitspraak daarteen gelewer het en al hoe meer van die Ossewabrandwag gedistansieer het. 'n Voorbeeld hiervan was die gepoogde ontvoering van H.F. Verwoerd,⁸¹ asook 'n geval van ernstige aanranding teenoor F.E. Mentz. Mentz was 'n lid van die Nasionale Party en die Volksraad wat redelik uitgesproke was teen die Ossewabrandwag. Hy is op 21 Julie 1944 deur vier Stormjaers ontvoer en na 'n veld geneem waar hy aangerand is tot hy sy bewussyn verloor het.⁸²

Aan die ander kant het die Stormjaers ook deel gevorm van verset op meer passiewe maniere, soos om wag te staan by optogte teen die oorlog, om geïnterneerdes wat ontsnap het weg te steek en te sorg vir families van geïnterneerdes.⁸³

Ten spyte van die Stormjaers se sabotasie misdade blyk dit dat die doel van hierdie beweging nie was om die algemene publiek en veral Afrikaners leed aan te doen nie, maar eerder net om genoeg ontwrigting te skep sodat die oorlogspoging verswak sou word. Visser noem dat daar slegs een geval was waar die Stormjaers se sabotasie dade lewensverlies veroorsaak het – met die opblaas van die Benoni-poskantoor.⁸⁴ Gevalle soos die van Nel en Lotter bewys egter dat

⁷⁶ OBA, TO, houer 5, band 181-182, onderhoud met H.L. Jacobs, Augustus 1978, 20.

⁷⁷ Visser, *OB: Traitors or patriots*, 139-140. Sien ook Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 258.

⁷⁸ Visser, *OB: Traitors or patriots*, 140. Sien ook Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 258.

⁷⁹ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 258.

⁸⁰ Furlong, *Between crown and swastika*, 143. Sien ook Blake, *Wit terroriste*, 73.

⁸¹ Visser, *OB: Traitors or patriots*, 146-147.

⁸² Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 259. Sien ook Furlong, *Between crown and swastika*, 205 asook Visser, *OB: Traitors or patriots*, 143.

⁸³ Fokkens, "Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War", 131.

⁸⁴ Visser, *OB: Traitors or patriots*, 138.

nog gevalle van lewensverlies of aanranding aan die Stormjaers toegeskryf kan word. Die Stormjaers se verzet was dus, volgens Blake, polities gemotiveer as teenstand teen die oorlog eerder as blote geweld.⁸⁵ Blake ontken nie die gewelddadige aard van die Stormjaers se handeling nie en bestempel die Stormjaers as “onteenseglik ’n terroristeorganisasie”.⁸⁶ Die afleiding kan dan gemaak word dat hoewel die Stormjaers politiese doeleindes gehad het, was die middele waarmee hulle te werk gegaan het radikaal. Die Stormjaers het soveel in hulle politiese motivering geglo dat geweld nie buite die kwessie was nie. Volgens Visser het Van Rensburg die Stormjaers vergelyk met die Sinn Féin rebellie in Ierland en dié se stryd vir onafhanklikheid van Brittanje.⁸⁷ Dit is weereens ’n voorbeeld wat aandui dat Afrikanerverzet teen die oorlog grootliks anti-Brits van aard was – dus eerder pro-Afrikaner as pro-Duits.

Die Stormjaer beweging was egter nie volhoubaar nie en het weer vinnig na die einde van die oorlog verdwyn, iets wat Scholtz toeskryf aan die feit dat dit uit nasionaal-sosialisme ontstaan het en dus met die afname van nasionaal-sosialisme na die oorlog weer ondergegaan het.⁸⁸ Dit is egter nie die enigste verklaarbare moontlikheid nie, aangesien die vervolging van oorlogsmisdadigers na die oorlog ook ’n rol kon speel.

2.5.3 Vroue se verzet in die Ossewabrandwag

Die Ossewabrandwag se vroueafdeling het ook op hul eie manier verzet teen oorlogsdeelname getoon. Vroue se agentskap in die Ossewabrandwag is tot onlangs heelwat afgeskeep in historiografie⁸⁹ en daarom is dit die moeite werd om hulle verzet poging teen die oorlog afsonderlik te bespreek. C. Blignaut argumenteer dat vroue se deelname aan die Ossewabrandwag -aktiwiteite ook op nasionalistiese sentimente gebaseer is,⁹⁰ wat beteken dat die vroue poging tot verzet ook inskakel by die feit dat verzet teen die oorlog hoofsaaklik anti-Brits was. Wat belangrik is van die Ossewabrandwag vroue se verzet is die feit dat dit beduidend oor die aard van verzet teen die oorlog is. Verzet teen die oorlog word meestal geskets as die radikale verzet van groepe soos die Ossewabrandwag en die Stormjaers en dit is ook die tipe inligting wat meeste beskikbaar is. Die vroue poging is ’n voorbeeld wat aandui

⁸⁵ Blake, *Wit terroriste*, 72.

⁸⁶ Blake, *Wit terroriste*, 66.

⁸⁷ Visser, *OB: Traitors or patriots*, 28.

⁸⁸ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 260.

⁸⁹ C. Blignaut, “‘Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!’”: Die rol van vroue in die Ossewabrandwag se verzet teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog”, *Historia*, 5, no. 2 (2012), 69.

⁹⁰ Blignaut, “‘Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!’”, 70.

dat verset nie net 'n homogene poging van radikale mans was nie, maar dat dit ook vroue deur lydende verset betrek het. Verset was dus nie altyd gewelddadig nie en ook nie net deur mans uitgevoer of beplan nie. Vroue het ook onafhanklik en met agentskap opgetree in demonstrasies teen die oorlog.⁹¹ Vroue se demonstrasies van lydende verset het dikwels die vorm van openbare protes en hulpverlening aan geïnterneerdes aangeneem.

Op 17 Junie 1940 het 'n groepie vroue van Pretoria die idee van 'n vroue-protes bedink en beplan binne vyf dae. Op 22 Junie het duisende vroue in Voortrekkerdrag 'n optog vanaf Kerkplein na die Uniegeboue aangepak om 'n geskrewe versoek om neutraliteit in te dien.⁹² Die Vroue-optog was 'n poging van vroue om namens mans ook teen die oorlog te verset, veral teen die Afrika-eed of Rooi-eed.⁹³ Vroue se verset was nie net sigbaar in die hoeveelheid betrokke by die optog nie, maar ook in die aantal petisies en telegramme (meer as 3000) waarin vroue teen oorlogsdeelname skop.⁹⁴ Hierdie protes is ook bestempel as een van die “grootste en indrukwekkendste anti-oorlog-aksies”.⁹⁵ Hierdie beskrywing is natuurlik vanuit 'n sterk anti-oorlogsperspektief gelewer, maar is nietemin bewys dat Afrikanernasionaliste die versetpogings hoog geag het. 'n Vroue-vredespetisie is ook saamgestel en het meer as 150 000 handtekeninge gewerf.⁹⁶

'n Verdere voorbeeld van vroue se openbare verset teen die oorlog en steun vir die Ossewabrandwag is die geval van E. Nel, 'n jong vrou wat verhoor is rakende haar samewerking om 'n brief van 'n ontsnapte geïnterneerde af te lewer en weiering om die owerhede se vrae daaroor te antwoord.⁹⁷ Met haar arrestasie het 'n aantal vroue in Voortrekkerdrag by die hofsitting die Transvaalse volkslied gesing en later ook Psalms buite haar sel. Die vroue het duidelik hulle ondersteuning aan Nel getoon, wat aandui dat hulle nie saamgestem het met die regering se optrede nie en haar ook nie as 'n politieke misdadiger beskou het nie, maar eerder as 'n heldin.

⁹¹ Blignaut, “Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!”, 73.

⁹² Blignaut, “Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!”, 73-74. Sien ook D.W. Kruger, “Die rol van die vrou” in B.O.P.G., *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro-Ecclesia, 1953), 398.

⁹³ A. la Grange, “Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies”, 62.

⁹⁴ Blignaut, “Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!”, 75.

⁹⁵ Kruger, “Die rol van die vrou”, 397.

⁹⁶ Kruger, “Die rol van die vrou”, 398. Sien ook Blignaut, “Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!”, 76.

⁹⁷ Blignaut, “Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!”, 76-83. Sien ook Blake, *Wit terroriste*, 211-212.

Vroue het ook verset teen die oorlog getoon deur nie net openlike protes nie, maar ook deur passiewe dade wat die Smutsregering se oorlogsregulasies ondermyn. Dit sluit byvoorbeeld in die daarstel van hul huise vir Ossewabrandwag en Stormjaer vergaderings of die huisves van vlugtelinge. Vroue het ook soms vir die ondergrondse versetbewegings ammunisie en wapens geberg of vervoer.⁹⁸ Die regering se verbod op die dra van uniforms het ook passiewe weerstand uit die vroue van die Ossewabrandwag gelok. Die Ossewabrandwag vroue het eenvormige wit rokke en hoede as amptelike drag gedra wat ook gedien het as verwysing na Voortrekkerdrag, die Anglo-Boereoorlog en die algemene anti-Britse houding van die Ossewabrandwag vroue.⁹⁹ Passiewe verset het ook die vorm van propagandistiese kultuuroopvoerings aangeneem, soos uittartende liedjies wat die vroue in volksang geïnkorporeer het en wat 'n sterk anti-oorlogsboodskap gedra het.¹⁰⁰ 'n Verdere voorbeeld is ook die Katdoring-geselskap, wat eerstens deel was van die kultuuroptredes wat die spot gedryf het met die oorlog en regering, maar wat ook 'n verbindingsnetwerk was vir die Ossewabrandwag en Stormjaers.¹⁰¹ Die anti-regerings-geïnspireerde spotliedere en vermaaklikhede het grootliks bygedra tot die morele opbou van die versetbeweging.¹⁰²

Vroue het egter ook aandeel gehad in sommige gevalle van meer radikale verset, soos om deel te wees van die Terreurgroep en sabotasiedade te pleeg. Prominente voorbeelde sluit in G. Wolf, wat bedags 'n onderwyseres in Pretoria was en dan saans saam met die Terreurgroep gesaboteer het.¹⁰³

In die publikasie *Agter tralies en doringdraad*, word die Afrikanervrou se rol in verset teen die oorlog soos volg beskryf: "...sy het baie dikwels gelei in die handhawing van 'n versetorganisasie, die uitvoering van verset-aksies en die beskerming en behoud van die slagoffers van die owerheid se groot poging om die Afrikaner te vervolg".¹⁰⁴ Die vrou se rol in die versetbeweging was dus om 'n "georganiseerde blok van morele verset" te wees in die oorlogspoging en om reg en paraat te wees om op te tree wanneer die geleentheid hom voordoen.¹⁰⁵

⁹⁸ Kyk byvoorbeeld Blignaut, "“Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!”", 86-93.

⁹⁹ Blignaut, "“Rebellie sonder gewere”", 117-118.

¹⁰⁰ Blignaut, "“Rebellie sonder gewere”", 124-130.

¹⁰¹ Blignaut, "“Rebellie sonder gewere”", 130.

¹⁰² Kruger, "Die rol van die vrou", 397.

¹⁰³ Blake, *Wit terroriste*, 24.

¹⁰⁴ Kruger, "Die rol van die vrou", 396.

¹⁰⁵ Kruger, "Die rol van die vrou", 396.

Die vroue was ook betrokke by die Noodhulpfonds, wat in 1941 tot stand gekom het en gehelp het met die finansiële nood van families van geïnterneerdes deur fondse sowel as voedselvoorraad en klere in te samel.¹⁰⁶ Die Noodhulpfonds het ook pogings aangewend om vir mans in interneringskampe noodsaaklike voorraad te neem en hulle moreel op te bou deur byvoorbeeld te sing.¹⁰⁷ Hierdie aktiwiteite van vroue in die Ossewabrandwag kan as 'n vorm van passiewe verzet beskou word omdat hulle ondersteuning gebied het aan die saak. Soos voorheen genoem hoef verzet nie altyd gewelddadig te wees nie. Die absolute uitleef van Afrikaner-kultuur was in 'n mate demonstrasie van verzet. Die volhouding van Afrikanernasionalistiese ideale deur die Ossewabrandwag vroue, impliseer 'n weiering om te konformeer en deel te wees van 'n samelewing waar Britse oorheersing aan die orde van die dag is.

2.5.4 Skakeling met Duitsland as vorm van verzet

Van der Schyff noem tereg dat daar geen twyfel rondom die vraag bestaan of daar vanuit OB-geledere skakeling met Duitsland was nie. Daar was inderdaad beide sporadiese en soms persoonlike skakeling met Duitsland, via verskillende kanale en deur verskillende maniere.¹⁰⁸ Teen die agtergrond van Suid-Afrika se deelname aan die kant van Brittanje kan daar vanuit die staanspoor aanvaar word dat enige skakeling met die vyand van die Unie 'n groot risiko vir die individue daarby betrokke ingehou het. Dit kan as't ware teen hierdie agtergrond as aktiewe verzet beskou word. W.S. Radley, wat saam met sy vrou ook betrokke was by Radio Zeesen en gepoog het om informasie vanaf Duitsland aan Malan oor te dra, beskryf die risiko akkuraat: “Onthou nou, destyds was ons, die staat van Suid-Afrika, in oorlogstoestand met Duitsland. Dit was 'n gevaarlike speletjie waarmee ek besig was destyds, dit was hoogverraad”.¹⁰⁹ Die Radleys se skakeling met Duitsland het plaasgevind nog vóór Van Rensburg kommandant-Generaal (KG) van die OB geword het. H. Anderson, adjudant van Van Rensburg, was betrokke by die oprig van die berugte sender van die OB wat 'n groot rol in kommunikasie na Duitsland en Radio Zeesen gespeel het. Hy noem dat toe Van Rensburg die leierskap in Desember 1940 oorgeneem het, daar reeds kommunikasie vanuit OB-geledere self met Duitsland bestaan het. Buiten skakeling met Duitsland was die OB oor die algemeen bemoei

¹⁰⁶ C. Blignaut, “From fundraising to Freedom day: The nature of women’s general activities in the Ossewa-Brandwag, 1939-1943”, *New Contree*, no. 66 (2013), 126-128.

¹⁰⁷ Blignaut, “From fundraising to Freedom Day”, 130.

¹⁰⁸ Van der Schyff (red.), “Verzet teen ‘Empire-oorlog’”, 238.

¹⁰⁹ OBA, TO, houer 8, band 187, onderhoud met W.S. Radley, 4 Oktober 1977, 1.

met kommunikasie, want sou Duitsland die oorwinning behaal sou daar chaos in Suid-Afrika heers en die OB se eerste radiosenders was vir plaaslike doeleindes gebou: “Dit sou later gebruik word wanneer dit nodig is en op bevel van die Kommandant-Generaal van die Ossewa-Brandwag om die verskillende seksies te verbind”.¹¹⁰ Die OB het dus reeds in 1940 al verskeie radiokommunikasiekanale gehad.¹¹¹ Van der Schyff plaas die skakeling van spesifiek die OB met Duitsland in perspektief:

*Die OB het geen geheim gemaak van waar hul simpatieë in die Europese worstelstryd lê nie. Hierin is hulle gerugsteun en 'n geruime tyd selfs gedra deur 'n gemeenskaplike Afrikanerverset teen Brittanje en teen Britse imperialisme, wat as gevolg daarvan, maar ook vanweë werklike bewondering vir wat in Duitsland waarneembaar was, meestal en baie maklik oorgesit het in pro-Duitsheid. In die OB se geval het dit by tye, veral in leiersgeledere, sterk geneig na pro-Nazisme. Die pro-Duitsheid van die Afrikaner, en in besonder van die breë ondersteunerskorps van die Ossewa-Brandwag, het uiting gevind in woord en sentiment; in OB-leiersgeledere het dit sterk oorgehel na aktiewe, daarwerklike optrede.*¹¹²

Skakeling met Duitsland, en so ook die ondersteuning en gebruik van Radio Zeesen, moet beskou word as deel van hierdie aktiewe en daadwerklike optrede en is ten nouste verbind aan Duitse propaganda. Oorsese propaganda is vanaf Duitsland vanuit die dorpie Zeesen (buite Königswusterhausen naby Berlyn) via 'n kortgolf sender uitgesaai. In 1943 het hierdie sender alleen 24 820 ure se propaganda uitgesaai. Duitse buitelandse propaganda was opgedeel in verskillende sones en Afrikaanse uitsendings was deel van die sogenaamde “Afrika-sone”. Die hoof van die redaksionele kantoor van die Afrika-sone was W. Gröhe, maar dit was die Suid-Afrikaners wat verantwoordelik was vir die radioprogramme.¹¹³ Radio Zeesen was afhanklik van agente in Suid-Afrika vir binnelandse informasie en dit is hier waar die OB 'n groot rol gespeel het.

Direkte kontak na Duitsland het aanvanklik via die Duitse konsulaat in naburige Lourenço Marques plaasgevind. L. Sittig, 'n Duitse onderdaan, was in hierdie verband 'n sleutelfiguur. O.

¹¹⁰ OBA, TO, houer 7, band 5-7, onderhoud met J.F. Marais, 16 Januarie 1973, 3. Selfs OB-lede in diens van die SAUK het meegewerk aan die bou van hierdie kommunikasiestelsel, sien OBA, TO, houer 10, onbekende bandnommer, onderhoud met J.J. Spies, 7 Julie 1971, 5-6.

¹¹¹ OBA, TO, houer 1, band 16-18, herinneringe van H. Anderson, 1995, 25.

¹¹² Van der Schyff (red.), “Verset teen ‘Empire-oorlog’”, 238.

¹¹³ Marx, ““Dear listeners in South Africa””, 148, 150.

Anderson (komponis van die Heidelberg en verskeie OB-liedere) het as voortvlugtige in Lourenço Marques aangekom en die Duitse gesant meegedeel van die aktiwiteite van Stormjaerbeweging en die feit dat Van Rensburg aan die hoof van die beweging gestaan het. Die Duitsers het dit beskou as geleentheid om 'n invloed op die Unie uit te oefen en via Sittig is daar kontak met Van Rensburg vanaf Duitse kant gemaak.¹¹⁴ So ook het die opperbevel van die Stormjaers 'n Afrikaner wat Duitsmagtig was, A. Stadler, met 'n “geweldige gewigtige opdrag”, na Konsul Wertz toe gestuur.¹¹⁵ H.M. Robinson, noem dat dit een van die eerste pogings tot kontak was: “waar hy [Stadler] met die Duitse konsul kontak moes maak om 'n kanaal van skakeling te bewerkstellig tussen die Ossewa-Brandwag hier en die Duitse regering”.¹¹⁶ Buiten die plan van skakeling het Stadler ook 'n lang lys versoeke om wapens gememoriseer waarna hy verwys as die OB se “wapenbestelling” wat selfs veldkanonne ingesluit het. Konsul Wertz het glo gelag en gevra hoe Stadler verwag die Duitse owerheid die OB enigsins van sulke wapens kon voorsien.¹¹⁷ Nóg 'n belangrike figuur was die Duits-gebore H. Rooseboom wat 'n genaturaliseerde Suid-Afrikaner was. Hy is kort ná die uitbreek van die oorlog deur die Duitse Geheime Diens gewerf om spesifiek na Suid-Afrika toe te gaan met die oog op die deursteur van politieke inligting. Hy het ook deur die Lourenço Marques-kanaal gewerk, maar is vroeg geïnterneer in die Leeukop-interneringskamp. Rooseboom was só 'n uitgeslape agent dat hy selfs as gevangene, via 'n vroulike kontak, informasie na Duitsland gestuur het oor onluste in die Baviaanspoort-kamp wat vinnig, binne twee dae, oor Radio Zeesen uitgesaai was terug Suid-Afrika toe. Prominente OB-lede het Rooseboom namens hul leierskap genader, en selfs hom gehelp om uit die kamp te ontsnap, om as skakel met Duitsland op te tree.¹¹⁸ Dit dui daarop dat die aanvanklike skakels via die Duitse konsulaat in naburige Mosambiek die begin van direkte skakeling was wat uiteindelik ook 'n invloed op Radio Zeesen sou uitoefen.

Marx skryf dat die aanvanklike hoofbronne van inligting is deur W. Oetting aan Radio Zeesen deurgegee wat 'n amptenaar in die Duitse Buitelandse Kantoor was. Oetting het by die Universiteit van Pretoria studeer waar hy Afrikaansmagtig geword het. Radio Zeesen het met verbasende spoed gereageer op Suid-Afrikaanse radio-uitsendings en koerantberigte wat dui

¹¹⁴ Van der Schyff (red.), “Verset teen ‘Empire-oorlog’”, 248, 249.

¹¹⁵ OBA, TO, houer 10, band 148-150, onderhoud met A.J. Stadler, 1995, 12. Stadler se kontak was al gedurende die Laas-tydperk.

¹¹⁶ OBA, TO, houer 8, band 43 & 45, onderhoud met H.M. Robinson, 16 November 1973, 3.

¹¹⁷ OBA, TO, houer 10, band 148-150, onderhoud met A.J. Stadler, 1995, 13.

¹¹⁸ Van der Schyff (red.), “Verset teen ‘Empire-oorlog’”, 245-246.

op die uiteindelijke effektiwiteit van Oetting se kommunikasienetwerk via Lourenço Marques.¹¹⁹ Hierdie netwerk sou uiteindelik versterk word deur die OB se vermoë om *direk* te kommunikeer met beide die konsulaat in Mosambiek en die Duitse regering self. Dit is bemoontlik deurdadig dat die OB hulle eie sender gebou het.

Soos genoem het Van Rensburg met sy oornam van leierskap reeds 'n kommunikasienetwerk geërf, maar daar was ongemak met die feit dat baie van diegene hierby betrokke nie onder die beheer van die OB was nie. Dit het kommer in leierskap veroorsaak, want soos Anderson dit stel: "... die OB was nie bereid om sommer net 'n blanko-tjek te wees vir enige Duitse agent nie".¹²⁰ Die organisering van kommunikasie is deur Van Rensburg op sterker voet geplaas en in lyn met die organisasiestruktuur van die Stormjaers was daar 'n gespesialiseerde groep wat met radiokommunikasie gewerk het.¹²¹ Die koördinasie van hierdie netwerk, en die OB se direkte kontak met Duitsland, het plaasgevind onder die toesig van Anderson. Hy was in beheer van 'n span wat onder andere Sittig en Rooseboom ingesluit het. Met die kontak reeds gevestig was daar 'n probleem om kort-kort die grens oor te steek. Daar is egter vindingryk boodskappe na Duitsland gestuur soos om gebruik te maak van gekodifiseerde "doodsberigte" wat in Engelstalige koerante geplaas is¹²², maar met die Smutsregering se sterker bewaking van die grens onder die wakende oog van die veiligheidspolisie het dit prakties noodsaaklik geword vir die bou van 'n eie sender. Volgens Sittig was daar baie geesdrif en toe Anderson die taak oorneem was daar 15 groepe geïdentifiseer wat probeer het om op eie houtjie senders te bou. Daar was egter tegniese probleme en ook 'n moeilikheid om die noodsaaklike komponente te bekom.¹²³ In hierdie verband het Anderson vir R. Groeneveld genader wat vir die Poskantoor gewerk het en 'n telefoon- en telegraafinstrumenttegnikus was. Toe Anderson hom vra of hy bereid is om die sender te bou te midde van die groot risiko was sy antwoord "Ja, vir my land is ek bereid om dit te doen".¹²⁴

Groeneveld het die sender ontwerp en gebou met materiaal wat Anderson en sy span in die hande gekry het. Die moeilikste was radiobuise wat byna onverkrygbaar was tydens die oorlog en ook omdat die Unie-speurders se netwerke rekord gehou het van enigeen wat hierdie soort

¹¹⁹ Marx, "'Dear listeners in South Africa'", 152.

¹²⁰ OBA, TO, houer 1, band 16-18, herinneringe van H. Anderson, 1995, 25.

¹²¹ OBA, TO, houer 10, band 148-150, Onderhoud met J.C. Neethling, 29 Januarie 1973, 15.

¹²² Van der Schyff (red.), "Verset teen 'Empire-oorlog'", 247.

¹²³ OBA, TO, houer 9, band 93-96, onderhoud met L. Sittig, 7 Julie 1974, 14.

¹²⁴ OBA, TO, houer 5, band 68, onderhoud met R. Groeneveld, 17 November 1973, 4.

komponente versamel het. Anderson se span het te wete gekom van 'n nuwe X-straalmasjien wat by 'n Bloemfonteinse hospitaal geïnstalleer word. Die broodnodige dithermi-apparaat en die nodige buise het via S. Malan en F. van der Walt se goed-gekoördineerde plan, in die woorde van Anderson, “voete gekry”, en uiteindelik in die OB se sender opgeëindig.¹²⁵ Groeneveld se sender was suksesvol. Daar is aanvanklik vanaf 'n plaas in die bosveld oos van Pretoria gekodifiseerde boodskappe na Lourenço Marques versend.¹²⁶ H. Thomas was die radiografis van dié kommunikasiespan.¹²⁷ Met die verskuiwing van die sender na P.J. Louwrens se plaas, Dekka (in die Vryburg-distrik), is dit ondergronds versteek en van daar af het die OB se senderspan uiteindelik sommer met die tweede probeerslag direkte kontak met Berlyn gemaak en uiteindelik ook direk boodskappe van Berlyn af ontvang.¹²⁸ Die span is deur 'n afdeling Stormjaers beskerm wat moes sorg dat hulle elke keer die sender op die gepaste plek en met die noodsaaklike pale (60 voet lank¹²⁹) en mas ensovoorts veilig kon opstel. Een van dié Stormjaers, H. Scheffer, noem hoe hulle elke keer die omgewing moes verken om seker te maak geen mens is in sig nie.¹³⁰ Hierdie inisiatief was uiters suksesvol. Anderson noem dat hulle was soos klokslag op die lug en elke oggend om 01:00 is daar informasie gestuur: “En ons het aangehou [vanaf ongeveer einde 1942] totdat hulle nie meer kon antwoord nie. Toe hulle inmekaar gestort het, het ons stasie duskant toegemaak. In 1945”.¹³¹ Groeneveld deel mee dat daar sommige dae drie keer heen en weer gesein was en party male twee keer per week. 'n Gewone radio is as ontvanger gebruik.¹³² Dit is merkwaardig dat die sender nooit deur die polisie opgespoor is nie.

¹²⁵ OBA, TO, houer 1, band 16-18, herinneringe van H. Anderson, 1995, 27.

¹²⁶ OBA, TO, houer 5, band 31, onderhoud met R. Groeneveld, 11 November 1974, 2.

¹²⁷ OBA, TO, houer 1, band 16-18, herinneringe van H. Anderson, 1995, 28.

¹²⁸ OBA, TO, houer 5, band 68, onderhoud met R. Groeneveld, 17 November 1973, 8; OBA, TO, houer 5, band 31, onderhoud met R. Groeneveld, 11 November 1974, 3.

¹²⁹ OBA, TO, houer 5, band 31, onderhoud met R. Groeneveld, 11 November 1974, 3.

¹³⁰ OBA, TO, houer 9, band 89-90, onderhoud met H. Scheffer, 4 Februarie 1975, 7.

¹³¹ OBA, TO, houer 1, band 16-18, herinneringe van H. Anderson, 1995, 28.

¹³² OBA, TO, houer 5, band 31, onderhoud met R. Groeneveld, 11 November 1974, 3.



Figuur 1: Hoofdeel van die OB se sender met die vermoë om direk met Duitsland te skakel.¹³³

Sittig noem dat wanneer “Opsaal Boere” oor Radio Zeesen gespeel was, was dit die teken vanaf die Duitsers dat “Ons het julle gehoor, alles is reg”.¹³⁴ Van Rensburg het dit baie duidelik gemaak dat daar *geen* inligting waarin Suid-Afrikaanse troepe betrokke was aan die Duitsers deurgegee mag word nie en enige strategiese militêre inligting is ten sterkste verbied.¹³⁵ Dit is 'n interessante stelling wat openbaar dat Duitse oorname nie die oogmerk was vir die OB nie en dat Van Rensburg die Afrikanerbelange deurentyd in ag geneem het. So is die sender hoofsaaklik gebruik om inligting na Radio Zeesen te stuur. Anderson vertel: “Ons het Zeesen-uitsendings eintlik gevoer. Baie Ossewa-Brandwag-nuus het oor Zeesen gekom. Dit het deur hierdie sender gegaan. Wat op vergaderings gesê is deur dr. Van Rensburg, het Zeesen uitgesaai”.¹³⁶ Sittig noem ook dat hy die toesprake van Van Rensburg gekondenseer het en die belangrikste punte oorgesein het. Die feit dat dit so spoedig gedoen is het 'n geweldige indruk gemaak, want Radio Zeesen het dan letterlik die dag ná die toespraak die inhoud uitgesaai. Sittig is geregverdig deur te noem dat hierdie spoedige uitsendings “geweldige propagandawaarde”¹³⁷ gehad het aangesien Van Rensburg se toesprake, ná die skeiding tussen

¹³³ OBA, Museumfoto-versameling, rekord no. M0011, radiosender.

¹³⁴ OBA, TO, houer 9, band 93-96, onderhoud met L. Sittig, 7 Julie 1974, 15.

¹³⁵ OBA, TO, houer 1, band 16-18, herinneringe van H. Anderson, 1995, 27.

¹³⁶ OBA, TO, houer 1, band 16-18, herinneringe van H. Anderson, 1995, 26.

¹³⁷ OBA, TO, houer 9, band 93-96, onderhoud met L. Sittig, 7 Julie 1974, 19

die OB en HNP, nie in die hoofstroom Afrikaanse koerante verskyn het nie. Interessant genoeg, deel J.S. Venter mee dat hy een van die Afrikaners was wat baie selde na 'n Suid-Afrikaanse nuusdiens geluister het, aangesien dit Engelse BBC-nuusuitsendings was wat bloot vertaal en heruitgesaai is: "... dit is in Afrikaans vertaal en jy het daarna geluister, maar daardie tyd het ons geglo dat ons eintlik maar net te hore gekom het wat hulle wou hê ons moet hoor... Dit was maar propaganda". Daarteenoor is Radio Zeesen beskou as akkurate alternatief: "Daardie tyd het ons almal ingeskakel by Zeesen".¹³⁸ B.Z. Stegmann verduidelik verder hoe slim die kommunikasiespan te werk gegaan het: "Wat werklik gebeur het, is dat *Die Vaderland*, wat in die aand uitgekom het onmiddellik deurgestuurd is Duitsland toe. So kon hulle [Radio Zeesen] dit van Duitsland af weer hierheen stuur".¹³⁹ Marx het dit gelyk: "Zeesen was thus in a position to react swiftly both to current affairs in South Africa and to critiques and analysis published in the South African press".¹⁴⁰

Die daarstel van effektiewe kommunikasienetwerke tussen Duitsland en die OB het dus 'n noemenswaardige rol in beide Afrikanerveset sowel as Radio Zeesen se propaganda gespeel. Dit was 'n aktiewe demonstrasie van verzet omdat daar in die geheim met die vyand gekommunikeer is. Dit het ook beteken dat enige Afrikaners betrokke by Radio Zeesen geïmpliseer sou word in die daad – ook diegene wat dit moes uitsaai. Hierdie argument is van toepassing op die latere ondersoek van die Afrikaanse omroepers. Selfs al was daar nie strategiese militêre inligting van Suid-Afrika na Duitsland gestuur nie, was ander belangrike inligting wel gedeel, byvoorbeeld nuus oor versetbewegings, wat bygedra het om die bevolking se gemoedstoestand ook in ag te neem. Die inligting wat oor die sender met Duitsland gedeel is, het 'n belangrike bron van inspirasie vir Radio Zeesen se propaganda geword. Die effektiwiteit van kommunikasie en die "Afrikaner-aard" van die inhoud (byvoorbeeld Van Rensburg se toesprake) het bygedra tot Radio Zeesen se gewildheid onder die Afrikaners. Die kommunikasie met Duitsland was dus 'n daad van verzet wat verreikende en direkte gevolge gehad het op Radio Zeesen se propaganda.

Skakeling met Duitsland as 'n vorm van verzet moet ook binne die breër konteks van verzet in ag geneem word. Buiten vir organisasies soos die OB wat verzet op daadwerklike wyse getoon het, was daar ook politieke partye wat die versetstryd polities aangepak het.

¹³⁸ OBA, TO, houer 12, band 129-130, onderhoud met J.S. Venter, 17 Mei 1977, 12-13.

¹³⁹ OBA, TO, houer 12, band 135-137, onderhoud met B.Z. Stegmann, 30 Mei 1977, 14.

¹⁴⁰ Marx, "'Dear listeners in South Africa'", 152.

2.6 Versetbewegings: Die Nuwe Orde

Die leier van die Nuwe Orde was O. Pirow,¹⁴¹ die voormalige minister van verdediging, wat destyds ook deel was van diegene wat teen oorlogsdeelname gestem het.¹⁴² Die Nuwe Orde is gestig onder Pirow as 'n studiegroep binne die Herenigde Nasionale Party op 25 September 1940.¹⁴³ Dit is belangrik om in ag te neem dat daar teen hierdie punt van die oorlog nog 'n beduidende gevoel was dat Brittanje verower sal word. Vertroue in die Britse orde en demokrasie wat daarmee gepaardgaan het dus begin kwyn onder die Afrikaners en ondersteuning vir die stigting van 'n alternatiewe regeringstelsel was dus omvattend. Pirow het ook gereeld aangevoer dat die parlementêre demokrasie 'n Britse imperialistiese orde is wat op Afrikaners geforseer word.¹⁴⁴ Die Nuwe Orde was dus, net soos die Ossewabrandwag, kenmerkend anti-Brits van aard in hul verset teen die oorlog.

Teen die agtergrond van hierdie gevoel onder die Afrikaners, was Pirow se idee vir 'n nasionaal-sosialistiese party 'n opportunistiese beweging. Pirow is 'n ietwat kontroversiële figuur in geskiedenis ten opsigte van sy beginselveranderinge en omdat hy geag is as té pro-Duits of té imperialisties.¹⁴⁵ Nietemin was die tyd ryp vir 'n organisasie soos die Nuwe Orde omdat dit 'n alternatief was vir die Britse bewind waarvan die Afrikaners so moedeloos was. Pirow het homself as 'n kenner van nasionaal-sosialisme gereken en aangevoer dat dit 'n daadwerklike alternatief is om Suid-Afrika se uitdagings teen te werk en die posisie van Afrikaners te bevorder.¹⁴⁶ Net soos in die geval van die Ossewabrandwag en Van Rensburg, sou Pirow se toekomsvisie slegs suksesvol wees indien Duitsland die oorlog gewen het – juis meer rede om die Suid-Afrikaanse en die Britse poging teen te staan. Tot 'n mate was die Nuwe Orde dus by verstek aan die kant van Duitsland, maar Pirow het dit baie duidelik gemaak dat hulle nie 'n Duitse nasionaal-sosialisme in Suid-Afrika wou instel nie, maar dit bloot eerder wou aanpas vir 'n eiesoortige Afrikaanse nasionaal-sosialisme.¹⁴⁷ Giliomee bestempel die Nuwe Orde as

¹⁴¹ Vir 'n onlangse werk oor Pirow, sien ook F.A. Mouton, *The opportunist: The political life of Oswald Pirow, 1915-1959* (Pretoria, Protea boekhuis, 2021).

¹⁴² Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 154.

¹⁴³ Giliomee, *Die Afrikaners*, 392. Sien ook F.A. Mouton, "'Onkruid tussen die koring': Oswald Pirow en die Nuwe Orde vir Suid-Afrika, 1940-1943", *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59, no. 2 (2019), 254.

¹⁴⁴ Mouton, "'Onkruid tussen die koring'", 256.

¹⁴⁵ F.A. Mouton, "'All just grandiose plans and talk': The destruction of Oswald Pirow's reputation as Minister of Defence, 1940", *Scientia Militaria*, 48, no. 2 (2020), 1.

¹⁴⁶ Mouton, "'Onkruid tussen die koring'", 254.

¹⁴⁷ Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*, 156. Sien ook Giliomee, *Die Afrikaners*, 392. Sien ook E. Bradlow, "Anti-semitism in the 1930s: Germany and South Africa", *Historia*, 49, no. 2 (2004), 45-58.

pro-Duits en pro-diktatuur. Weens die pro-Duitse siening het die Nuwe Orde dus polities teen die oorlog en Britse ideale verset.

Die Nuwe Orde was ook een van die partye met die mees prominente gevoel van anti-Semitisme. In hoofstuk een word die verband tussen Duitsland en Suid-Afrika op grond van anti-Semitisme reeds uitgewys, met sommige historici wat die verskynsel daarvan in hierdie twee lande direk met mekaar verbind. Giliomee is egter van mening dat die anti-Semitiese gevoel van die laat 1930's nie net aan die invloed van Nazi-Duitsland toegeskryf kan word nie, maar dat dit eerder 'n opportunistiese gevolg was van stereotipes en frustrasie met die stadige spoed waarteen ekonomiese groei plaasgevind het.¹⁴⁸ Ten spyte van hierdie argumentsverskil bly die feit egter staan dat die groei van anti-Semitisme ook gelei het tot die groei van die pro-Duitse gevoel en gevolglik verset teen die oorlog beïnvloed het. Dit is 'n aspek wat die Nuwe Orde uniek maak, omdat selfs ander anti-Britsgesindes soos die Herenigde Nasionale Party lede dit afgekeur het, selfs al was beide partye tegnies teen die oorlog gekant.

F.A. Mouton argumenteer dat die anti-Britse en anti-oorlogsgesinde Afrikaners ontvanklik was vir die Nuwe Orde weens twee aspekte, eerstens Pirow se goeie reputasie wat hy opgedoen het as Minister van Spoorweë en Verdediging, en tweedens Duitsland se oorwinnings in Europa.¹⁴⁹ 'n Derde aspek moet egter ook in ag geneem word en dit is die invloed van propaganda, wat die ontvanklikheid vir die Nuwe Orde ook verder aangevuur het. In Suid-Afrika het Pirow se beginsels blootstelling gekry deur sy publikasies van *Nuwe Orde vir Suid-Afrika*, asook deur artikels in *Die Volksblad*, *Die Transvaler* en *Die Oosterlig*. Dit dek natuurlik die interne propagandaverspreiding, maar vir die doeleindes van hierdie studie is Duitse propaganda ook van uiterse belang. Mouton se argument dat die Duitse oorwinnings bygedra het tot die Nuwe Orde se aanvanklike sukses het dus meriete en geld ook vir alle versetbewegings, nie net vir die Nuwe Orde nie. Dit behoort ook interessant te wees om te ondersoek hoeveel van die kennis wat Afrikaners van Duitse oorwinning gedra het, deur propagandamiddels soos Radio Zeesen beïnvloed is. Hierdie vraag word in die volgende hoofstuk ondersoek.

¹⁴⁸ Giliomee, *Die Afrikaners*, 369-370.

¹⁴⁹ Mouton, "'Onkruid tussen die koring'", 255-256.

2.7 Ander demonstrasies van verset

Verset teen oorlogsdeelname het nie net plaasgevind in georganiseerde bewegings of amptelike partye nie. Tydens die oorlog het daar ook 'n aantal gebeurtenisse plaasgevind wat aandui dat verset ook onder die algemene publiek, spesifieke individue en kleiner groepies soos die Nuwe Orde voorgekom het. Demonstrasies van verset het dus verskillende vorme aangeneem en deurlopend plaasgevind. Hierdie demonstrasies strek van meer matige metodes soos dreigbriewe en lydelike verset, tot aanranding en sluipmoordpogings.

2.7.1 R. Leibbrandt, Operasie Weissdorn en die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle

'n Ekstreme geval van verset, nie net teen die oorlog nie maar teen die hele Smutsregering, is dié van R. Leibbrandt¹⁵⁰ en Operasie Weissdorn, 'n komplot om Smuts te vermoor en die regering omver te werp sodat 'n pro-Duitse stelsel aan bewind kon kom.¹⁵¹ Leibbrandt was 'n voormalige Olimpiese bokser vir Suid-Afrika en het ook in Duitsland spesiale militêre opleiding gekry.¹⁵² Die Duitse konneksie met Leibbrandt was dus duidelik.

Leibbrandt het sy eie groep verregse en militante volgelingen opgebou, wat bekend gestaan het as die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle, gestig in Julie 1941.¹⁵³ Baie van die geledere was ook Stormjaers wat nog meer radikaal wou optree as die Ossewabrandwag en die Stormjaers¹⁵⁴ en selfs meer as die Terreurgroep.

Leibbrandt is deur 'n polisie-spioen in 'n lokval gelei tussen Johannesburg en Pretoria op Oukersaand in 1941 en gearresteer. Leibbrandt en ses ander was aangekla op grond van bedreiging van die sekuriteit van die Unie, rebellie, en versteuring van die oorlogspoging deur dade van sabotasie. Verder was daar ook aanklagtes van onwettige verwydering van plofstof vanuit die Suid-Afrikaanse Yster en Staal industriële korporasie (YSKOR), kommunikasie met die vyand, poging om 'n treinspoor naby Denneboom, Pretoria op te blaas en die weerhouding van inligting oor hierdie dade van hoogverraad. Op die aanklagte van diefstal van plofstof en die Denneboom treinspoor is die beskuldigdes onskuldig bevind, maar daar is wel vasgestel dat Leibbrandt steeds hoogverraad gepleeg het en bereid was om te saboteer vir sy saak.¹⁵⁵ Sy

¹⁵⁰ A. Blake, *Robey Leibbrandt: 'n Lewe van fanatisme* (Johannesburg en Kaapstad, Jonathan Ball, 2019).

¹⁵¹ Furlong, *Between crown and swastika*, 145-146.

¹⁵² Furlong, *Between crown and swastika*, 146.

¹⁵³ Blake, *Wit terroriste*, 185.

¹⁵⁴ Furlong, *Between crown and swastika*, 146.

¹⁵⁵ NASA, URU, 2140, Verslag van Rex vs Sidney Robey Leibbrandt, Desember 1943.

verset teen die Unieregering is, volgens die hofspraak, duidelik in die eed wat sy volgelinge moes aflê en in bloed moes teken. Die eed lui soos volg:

*My strewe en stryd is vir die vryheid en onafhanklikheid van die Afrikanervolk in Suid-Afrika, en die opbou van 'n nasionaal-sosialistiese Staat met die idee van Adolf Hitler as grondslag, aangepas by die karakter van die Afrikanervolk. Ek erken dat alleen 'n volk wat veg om haar reg, 'n reg het om te lewe, en dat die DAAD in die vorm van opoffering en bloed die ware wil en karakter van 'n volk, sowel as die mens, as stempel dra. In hierdie sin en gees verklaar ek my bereid om vir my volk en vaderland te ly, en indien nodig te sterwe. Ek tree op voor GOD en sweer hierdie heilige eed, dat ek as Afrikaner my volk en vaderland met my ganse hart, liggaam, siel en verstand getrou sal dien in die rigting wat my aangegee word deur die leier van die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle in die persoon van Robey Leibbrandt en niemand anders nie, van nou af, tot in die dood. Onder die parool: 'n sryder kan sterwe, maar 'n verraaier moet sterwe' sal ek immer en onder alle omstandighede handel en elke bevel gehoorsaam en ten volle en geheel uitvoer. Elke en ieder geheim sal ek met my lewe bewaak en bewaar. Die diepte en erns waarmee ek my tot 'n Nasionaal-Sosialistiese Rebel erken, vind sy uitdrukking in die bloed, waarmee ek my persoon deur middel van my handtekening vir ewig bind. Ek is niks, my volk is alles. God met ons. Die Vierkleur Hoog!*¹⁵⁶

Die hof het tot die gevolgtrekking gekom dat Leibbrandt saam met die Duitse regering twee doelwitte gehad het, naamlik die omverwerping van die Unieregering en die oorwinning van Duitsland in die oorlog.¹⁵⁷ Hy is dus skuldig bevind van hoogverraad en op 11 Maart 1943 tot die dood veroordeel, selfs nadat die saak op hersiening geneem is tussen 6 en 18 Desember 1943. Teen 22 Desember is die vonnis egter verander na lewenslange tronkstraf met swaar arbeid.¹⁵⁸ Leibbrandt het nie die volle vonnis uitgedien nie en is in 1948 vrygelaat saam met ander politieke gevangenes.¹⁵⁹

Leibbrandt se oortuigings en optrede openbaar onteenseglik 'n mate van pro-Duitse gevoelens. Hy was immers 'n openlike bewonderaar van Hitler en nasionaal-sosialisme, tot in so 'n mate dat hy soms as 'n fanatikus beskou word. Wat egter opvallend is en wat hierdie geval relevant

¹⁵⁶ NASA, URU, 2140, Verslag van Rex vs Sidney Robey Leibbrandt, Desember 1943. Die laaste drie sinne van die eed word nie in die verslag genoem nie, maar wel in ander bronne. Sien Blake, *Wit terroriste*, 290.

¹⁵⁷ NASA, URU, 2140, Verslag van Rex vs Sidney Robey Leibbrandt, Desember 1943.

¹⁵⁸ NASA, URU, 2140, Verslag van Rex vs Sidney Robey Leibbrandt, Desember 1943.

¹⁵⁹ Furlong, *Between crown and swastika*, 187.

maak tot Afrikaners se verset, is dat Leibbrandt nie net bloot pro-Duits was nie. Hoewel hy die nasionaal-sosialistiese sisteem bewonder het, het hy homself nie as 'n Duitser beskou nie en geglo dat so 'n sisteem volkome aangepas kan word by die ideale van Afrikaners, omdat hulle en die Duitsers volgens hom in soortgelyke omstandighede verkeer.¹⁶⁰ Om te sê dat hy die Nazi's direk wou naboots is dus foutief – hy wou eerder dieselfde tipe sisteem, wat hy as effektief beskou het, aanpas by die Afrikaner. Toe Leibbrandt in die 1930's in Duitsland was, het hy die indruk gekry dat Duitsland se merkwaardige transformasie die resultaat van nasionaal-sosialisme was, en dat nasionaal-sosialisme vir Suid-Afrika ook voorspoed sou inhou. Leibbrandt self het aangevoer dat sy groeiende aanhang van nasionaal-sosialisme sy vaderlandsliefde ook laat groei.¹⁶¹ Sy standpunt was dus sterk Afrikanernasionalisties en die werking van Hitler se nasionaal-sosialisme was bloot 'n hulpmiddel wat hy wou aanvoer om Afrikanernasionalistiese ideale te laat realiseer. Die eed van die Nasionaal Sosialistiese Rebelle sit dit juis uiteen dat die idee van Hitler aangepas moet word om ooreen te stem met die karakter van die Afrikanervolk. Leibbrandt se nasionalistiese woorde en idees oor “volk” verwys dus na die Afrikaners, nie na die Duitsers nie. Leibbrandt se woorde voor sy hofspraak se vonnis gelees is, is ook veelseggend:

*Wat die vonnis ook al mag inhou wat nou oor my uitgespreek gaan word, is van minder belang ... Van één ding kan u egter seker wees en dit is dat geen mag ter wêreld, selfs met die ondersteuning van die duivel in die hel, daartoe in staat is om hierdie Afrikanerhart te breek nie. In hierdie sin en gees roep ek uit: Na die hel met genade! Lank leef die Afrikanervolk! Lank leef Nasionaalsosialistiese [sic] Suid-Afrika! God met my en my kamerade en kameradinne! Die Vierkleur hoog!*¹⁶²

Hierdie woorde openbaar 'n duidelike Afrikanernasionalistiese houding en gepaardgaande republikeinse ideaal. Blake beskryf ook die propaganda, deur Leibbrandt telkemale versprei, wat openlike verset teen die regering toon. Van sy propaganda boodskappe lui byvoorbeeld:

*Wat is ons Afrikaners meer in ons eie bloedbevleekte Suid-Afrika as Joods-Britse slawe, gedwonge om in diens van 'n hongerloon, volkswederregtelike pligte na te kom, om sodoende brood en pap aan vrou en kind te verskaf.*¹⁶³

¹⁶⁰ Blake, *Robey Leibbrandt*, 57.

¹⁶¹ Blake, *Robey Leibbrandt*, 57.

¹⁶² Blake, *Wit terroriste*, 180.

¹⁶³ Blake, *Wit terroriste*, 187.

Nog 'n voorbeeld lui:

*Ek waarsku u om raak te skiet, want hierdie Afrikanerhart sal meer as een wond kan verdra en ek sal u afmaai soos gars voor die sens. Die koeël wat my, as draer van die ware wil van Jong Suid-Afrika tref sal in die hart van die Afrikaner weergalm, in 'n taal wat Jan Smuts en Brittanje sal verstaan.*¹⁶⁴

Buiten vir Operasie Weissdorn, sabotasie en propaganda, het Leibbrandt en sy Nasionaal-Sosialistiese Rebelle dit ook hulle werk gemaak om oorlogsgesindes aan te vat. Dit was veral die geval onder die Waarheidslegioen, 'n ondersteuningsorganisasie vir die regering en die oorlogspoging. Lede van die Waarheidslegioen het byvoorbeeld inligting oorgedra wat gelei het tot die internering van anti-oorlogsgesindes. Hulle is as verraaiers deur anti-oorlogsgesinde Afrikaners beskou, wat hulle ook 'n teiken van die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle gemaak het. Twee gevalle hiervan is veral bekend, waar Leibbrandt en sy groep vir D. Coetzee en E. Dames onderskeidelik aangerand het.¹⁶⁵

Daar is dus geen twyfel aan Leibbrandt en die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle se poging tot verset teen die oorlog nie. Hierdie groep, onder leiding van 'n hiper-aktivistiese leier, het 'n hele reeks versetmetodes ontplooi – van die verspreiding van propaganda, tot sabotasie, aanranding van oorlogsgesindes en die beplanning van 'n staatsgreep en sluipmoord van die regeringshoof.

Die invloed wat Leibbrandt en sy Nasionaal-Sosialistiese Rebelle gehad het, was dalk nie enorm nie. Die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle het immers nooit 'n groter ledetal gehad as 100 nie¹⁶⁶ en Operasie Weissdorn het totaal misluk. In die dokumente wat Leibbrandt se hofspraak opsom en opskorting van sy vonnis aanvoer, word daar ook vermeld dat Leibbrandt sy eie invloed sowel as die impak van sy beweging grootliks oorskat het.¹⁶⁷ Ten spyte hiervan, is die geval van Leibbrandt en die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle steeds 'n interessante gebeurtenis en dit dien as net nog 'n voorbeeld van verset wat onder die Afrikaners voorgekom het. Dit is veelseggend van die aard van verset, wie betrokke was en hoe die impak van verset gewissel het van drasties tot matig, soos in die geval van die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle. Die

¹⁶⁴ Blake, *Wit terroriste*, 188.

¹⁶⁵ Blake, *Robey Leibbrandt*, 140.

¹⁶⁶ Blake, *Robey Leibbrandt*, 124.

¹⁶⁷ NASA, URU 2140, resoluie no. 342, Verslag van Rex vs Sidney Robey Leibbrandt, Desember 1943.

opmerklike Duitse konneksie in die geval van Leibbrandt, maak dat dit ook potensiaal het om in die opvolgende hoofstukke te ondersoek hoeveel van die Duitse invloed ook deur propaganda versterk is.

2.7.2 Burgerlike konflik as verset

Tydens die oorlog het die algemene Afrikaner ook verset teen oorlogsdeelname getoon. Hoewel hierdie demonstrasies nie georganiseerde pogings was soos deur, byvoorbeeld, die Ossewabrandwag nie, dui dit nietemin aan dat die algemene Afrikaner, spesifiek dié wat nasionalisties en anti-Britsgesind was, ontevrede was met die oorlogssituasie. Daar was byvoorbeeld gereeld insidente van konflik tussen soldate en anti-oorlogsgesindes. Vir die laasgenoemde, was veral die Rooilussie-soldate sterk geassosieer met die Britse bewind en met die Unieversetmag wat tydens die 1914 Afrikaner Rebelle ook teen Afrikaners opgetree het. Nasionaliste het soms na sulke soldate verwys as “Rooi-luisies”, wat spreek van hulle negatiewe gevoelens teenoor die soldate wat die regering steun.¹⁶⁸

’n Voorbeeld van so ’n geval is die konflik tussen soldate en studente van die Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (PU vir CHO). Potchefstroom was een van die areas waar die Ossewabrandwag hoogs aktief was, en ’n hoë mate van Afrikanernasionalisme was in hierdie streek teenwoordig. Naby aan die universiteit was ’n militêre kamp geleë, wat beteken dat die opbouende spanning tussen studente en soldate soms in konfrontasies ontaard het. Baie van die studente was teen die oorlog gekant en het verset getoon deur byvoorbeeld te weier om te staan of te sing wanneer “God Save the King” aan die einde van ’n film in die bioskoop gespeel het en party het selfs opgestaan en weggeloop.¹⁶⁹ Hierdie optrede, alhoewel dit passief was, het egter steeds minagting getoon vir die Britse bewind en die oorlog waarin Suid-Afrika betrek was. Studente het ook byvoorbeeld die Britse vlag aan die onderkant van die vlagpaal gehang en die Vierkleur bo laat wapper,¹⁷⁰ wat ’n direkte vertoning was van die Afrikanernasionalisme onder studente en die republikeinse ideaal. Gerugte het dikwels versprei wat konflik verder aangevuur het, soos byvoorbeeld dat studente lede van die mag aangeval het, een se been gebreek het en ook dat daar by ’n ander aanval een gesterf het.¹⁷¹

¹⁶⁸ A.M. Fokkens, “The role and application of the Union Defence Force in the suppression of internal unrest, 1912-1945” (Mml-verhandeling, Universiteit van Stellenbosch, 2006), 113.

¹⁶⁹ Fokkens, “The role and application of the Union Defence Force”, 113.

¹⁷⁰ Fokkens, “The role and application of the Union Defence Force”, 113-114.

¹⁷¹ Fokkens, “The role and application of the Union Defence Force”, 114.

Op die aand van 7 Augustus 1940 het 'n groep van ongeveer 400 soldate opgedaag by die universiteit se studentesaal en die studente begin aanval. Hierdie aanval het gebeur na aanleiding van die spanning tussen anti-oorlogsgesinde studente en die nabygeleë militêre kamp. Studente het byvoorbeeld die vierkleur gehys eerder as die Britse vlag. Daar was ook gerugte dat soldate deur die publiek, spesifiek studente, aangerand is.¹⁷² 'n Geveg het tussen die soldate en studente ontstaan en later na die manskoshuise versprei, wat gelei het tot die beskadiging van baie meubels, beskadiging van die gebou en 'n aantal beseerde studente wat hospitaal toe moes gaan,¹⁷³ sowel as beseerde soldate.¹⁷⁴

Studente van ander universiteite, soos die Universiteit van Pretoria, het ook verset getoon teen die oorlog op hulle eie manier deur onmin te saai, byvoorbeeld deur anti-oorlog propaganda plakkate te maak en in die strate van Pretoria te hang.¹⁷⁵ Daar is byvoorbeeld 'n geval van 'n student wat eiers op die bioskoop skerm gegooi het toe “God Save the King” gespeel het.¹⁷⁶ Die feit dat hierdie lied meer as een maal deur studente geminag is, dui ook weereens op die anti-Britse aard van verset. In Stellenbosch het studente ook op 27 Julie 1940 geweier om stil te staan vir die daaglikse twee minute wat in stilte gewy moes word aan die oorlog. Dit het ook na fisiese konflik tussen soldate en die studente gelei.¹⁷⁷ Olivier bestempel ook hierdie konflikte as “acts of defiance”.¹⁷⁸ Studente het dus allerlei maniere gevind om ontevredenheid en verset teen die oorlog te toon. H.M. Robinson vertel tydens 'n onderhoud van sy herinneringe van die studente-verset:

Ons het byvoorbeeld op 'n bepaalde dag die klomp studente georganiseer en in die Capitolbioskoop in Pretoria, toe 'God Save the King' gespeel is, bly sit en gesing: 'Help 'n bietjie daar!' Die gevolg was dat die klomp soldate ons gepak het, en ek kan onthou dat ek die middag met 'n blouoog en 'n stukkende hemp by die huis gekom het. Op 'n ander aand het 'n klompie van ons bymekaar gekom en 'n hele klomp opruiende plakkate sommer op

¹⁷² Fokkens, “The role and application of the Union Defence Force”, 114.

¹⁷³ Coetzee maak melding van 15 beseerde studente, terwyl Fokkens se werk dui op 20. Fokkens se weergawe is meer onlangs gedoen en is gestaaf deur argivale bronne, terwyl Coetzee geen bronverwysing vir die getalle aandui nie.

¹⁷⁴ J.H. Coetzee, “Die aanvalle op die Transvaler-gebou en op die PUK vir CHO” in B.O.P.G., *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro-Ecclesia, 1956), 66-67. Sien ook Fokkens, “The role and application of the Union Defence Force”, 113-114.

¹⁷⁵ D.P. Olivier, “A special kind of colonist: An analytical and historical study of the Ossewa-Brandwag as an anti-colonial resistance movement” (MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit, 2020), 125.

¹⁷⁶ Fokkens, “The role and application of the Union Defence Force”, 114.

¹⁷⁷ Fokkens, “The role and application of the Union Defence Force”, 114. Sien ook Van der Schyff, “Verset teen ‘Empire-oorlog’” in Van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag*, 213.

¹⁷⁸ Olivier, “A special kind of colonist”, 125.

*bruinpapier en met die hand geverf om teen die oorlogspoging propaganda te maak. In 'n nag het ons met 'n paar motors die hele Pretoria volgeplak van die plakate.*¹⁷⁹

Robinson vertel ook dat daar by die Universiteit van Pretoria 'n voortrekkerwa was, waarin 'n vryheidsfakkel gebrand het. Nadat iemand een aand klaarblyklik hierdie fakkel met 'n Britse vlag kom blus het, het studente self die inisiatief geneem om saans die wa op te pas, sodat die vryheidsfakkel kan aanhou brand.¹⁸⁰

Soldate is soms toegang geweier by optredes en sosiale geleenthede, bloot oor die feit dat hulle as ondersteuners van die regering en oorlog beskou is. Op 31 Januarie 1941 het so 'n geval in Johannesburg 'n hele reeks botsinge ontketen. 'n Konfrontasie tussen Ossewabradwag lede en 'n matroos wat by die stadsaal begin het, het verder versprei tussen pro-en anti-oorlogsgesindes oor die verloop van twee dae.¹⁸¹ Hiertydens was die Afrikaanse Pers-gebou, die Voortrekkerpers-gebou en die geboue van *Die Transvaler* en *Die Vaderland* koerante in Johannesburg geteiken deur pro-oorlog groepe. Anti-oorlog groepe het menige geïmproviseerde wapens gebruik om terug te baklei – fietskettings, sambokke, planke met spykers, messe, pype en dies meer.¹⁸² J.H. Coetzee, 'n ooggetuie by hierdie konfrontasie, sluit die naweek se gebeure af met die volgende woorde: “Die slag was verby, met 'n morele oorwinning aan Boerekant!”¹⁸³ Hierdie woorde is veelseggend omdat dit die manier aandui hoe so 'n verset-oomblik deur nasionaalgesindes ervaar is. Vir baie Afrikaners wat teen oorlogsdeelname was, was die verset werklik iets wat 'n verskil gemaak het, al was dit net in die gemoed van die Afrikaner, soos wat Coetzee aandui. Sy woorde bevat ook 'n kern-idee van Afrikanerverset teen die oorlog – dat dit, ongeag die internasionale aard van die oorlog, neerkom op Afrikaners (“Boere”) teenoor die Britte.

Buiten vir verset wat op fisiese konflik uitloop, het Afrikaners wat teen die oorlog gekant was ook op ander maniere verset getoon. Op 20 Julie 1940 het byna 70 000 Afrikaners 'n massabetoging gehou en rondom die Vrouemonument in Bloemfontein bymekaargekom. Die

¹⁷⁹ Argief, rekords- en museumdiens van die NWU, Potchefstroom, Ossewa-Brandwag Argief (hierna OBA), Onderhoudversameling, Transkripsies van onderhoude (hierna TO), houer 8, band 43 & 45, onderhoud met H.M. Robinson, 16 November 1973, 2.

¹⁸⁰ OBA, TO, houer 8, band 43 & 45, herinneringe van mnr. H.M. Robinson, 16 November 1973, 2.

¹⁸¹ Fokkens, “The role and application of the Union Defence Force”, 114.

¹⁸² Fokkens, “The role and application of the Union Defence Force”, 114. Sien ook Coetzee, “Die aanvalle op die Transvaler-gebou en op die PUK vir CHO”, 65-66.

¹⁸³ Coetzee, “Die aanvalle op die Transvaler-gebou en op die PUK vir CHO”, 66.

doel hiervan was om vir leiding te vra vir die republikeinse ideaal om uiteindelik verwesenlik te word.¹⁸⁴ Hoewel die Ossewabrandwag ook teenwoordig was, was die hele optog nie 'n georganiseerde poging van die Ossewabrandag nie en daar is ook aangedring dat geweld nie gebruik moet word om die ideaal te bereik nie.¹⁸⁵ Dit dui daarop dat verset ook getoon is deur nasionaalgesinde Afrikaners wat nie met die radikale aard van die Ossewabrandwag saamgestem het nie.

Buiten vir massa-optredes van verset het die algemene Afrikaner ook dikwels op kleiner skaal verset op hul eie manier getoon. Soldate sou byvoorbeeld soms briewe ontvang waarin hulle deur nasionaal-gesindes gedreig word.¹⁸⁶ Verset het nie net beteken om self voet neer te sit teen oorlogsdeelname nie, maar ook om ander aan te moedig om dieselfde te doen. Van Rensburg dui aan dat selfs wanneer Afrikaners in gevangenis geneem is, het verset voortgeduur in die vorm van hongerstaking.¹⁸⁷ E. Hartmann het byvoorbeeld vir negentien dae lank 'n eetstaking gehandhaaf in die Pretoria-Sentraalgevangenis na maande se aanhouding en die saak het wye aandag van die publiek geniet.¹⁸⁸ So het klein, individuele demonstrasies ook bygedra tot die groter gevoel van verset.

2.7.3 Die hemp-bewegings

Gedurende die dertigerjare het 'n aantal "hemp"-bewegings ontstaan. Die hemp-bewegings was gebaseer op die Italiaanse Swarthemde en Duitse Bruinhemde.¹⁸⁹ Die nabootsing van kleure is opmerklik – die Nazi's se *Schutzstaffel* het ook swart hemde gedra, en die *Sturmabteilung* (SA) bruin.¹⁹⁰ Die mees prominente van hierdie bewegings was die Gryshemde, ook bekend as die *South African Gentile National-Socialist Movement* onder leiding van L. Weichardt.¹⁹¹ Weichardt was 'n Suid-Afrikaner van Duitse herkoms. Die Gryshemde het ook die swastika, in oranje teen 'n wit agtergrond, as simbool aangeneem, wat openlik hulle verbintenis met

¹⁸⁴ Van der Schyff, "Verset teen 'Empire-oorlog'", 211-212.

¹⁸⁵ Van der Schyff, "Verset teen 'Empire-oorlog'", 212.

¹⁸⁶ Fokkens, "The role and application of the Union Defence Force", 113.

¹⁸⁷ J.F.J. van Rensburg, "Afrikanerverset in die Tweede Wêreldoorlog" in B.O.P.G., *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro-Ecclesia, 1953), 41.

¹⁸⁸ Blake, *Wit terroriste*, 217-218.

¹⁸⁹ Furlong, *Between crown and swastika*, 16.

¹⁹⁰ Furlong, *Between crown and swastika*, 18.

¹⁹¹ Furlong, *Between crown and swastika*, 20.

Duitsland en die Nazi's gesimboliseer het.¹⁹² Vanuit die Gryshemde het ook later die Suid-Afrikaanse Fasciste ontstaan as afsplintering.¹⁹³

’n Verdere hemp-groep was die Oranjehemde, wat hoofsaaklik bestaan het uit jeuglede binne die Gesuiwerde Nasionale Party en wat anti-demokraties en anti-Semities van aard was. Die Swarthemde was soortgelyk aan die Oranjehemde, maar het hulle meer teen Indiërs spesifiek gekant.¹⁹⁴ Uiteindelik was daar ook die Bruinhemde, amptelik genaamd die Nasionale Werkersbond.¹⁹⁵

Teen die tyd wat die oorlog egter uitbreek het in 1939, was die Gryshemde die enigste een van hierdie groepe wat nog politieke invloed gehad het en selfs dit was weinig.¹⁹⁶ Fokkens argumenteer dat die Gryshemde nie juis suksesvol was daarin om nasionaal-sosialisme te kweek nie en dat meeste van die verset deur anti-Britse sentimente gedryf is.¹⁹⁷ Nietemin het die Gryshemde onder leiding van Weichardt ook tydens die oorlogsjare ’n anti-oorlog standpunt ingeneem en Weichardt het homself ook belyn met Pirow om die ’n pro-Afrikaner idee te skep.¹⁹⁸ Weichardt is in 1944 in hegtenis geneem weens verspreiding van Nazisme, wat teen die inperkings van die noodregulasies was.¹⁹⁹ Alhoewel die Gryshemde nie ’n prominente of baie aktiewe bedreiging in terme van verset was nie, is dit steeds noemenswaardig omdat dit as organisasie deel gevorm het van die algehele ondermynende houding wat onder verskeie Afrikaners bestaan het.

2.8 Gevolgtrekking

Teen 1945 en die einde van die oorlog het baie van die anti-Britse (P. De Klerk verwys daarna as regsgesinde) groepe wat tydens die oorlog verset getoon het, nie meer ’n groot rol in politiek gespeel nie.²⁰⁰ Van belang is egter om te erken dat daar ’n sterk gevoel van verset onder die Afrikaners tydens die oorlog was, veral aan die beginstadium. Verset het grootliks voortgespruit uit ’n anti-Britse sentiment onder die Afrikaners, veral met inagnam van die gees

¹⁹² Bachmann, “A life in limbo”, 645.

¹⁹³ Bachmann, “A life in limbo”, 645.

¹⁹⁴ Bachmann, “A life in limbo”, 645.

¹⁹⁵ Bachmann, “A life in limbo”, 645.

¹⁹⁶ Furlong, *Between crown and swastika*, 22.

¹⁹⁷ Fokkens, “The role and application of the Union Defence Force”, 129.

¹⁹⁸ Furlong, *National socialism*, 392.

¹⁹⁹ Furlong, *National socialism*, 508.

²⁰⁰ P. de Klerk, “Die verband tussen apartheid en nasionaal-sosialisme – ’n historiografiese oorsig”, *Journal for Contemporary History*, 30, no. 2 (2005), 8.

van Afrikanernasionalisme. Die kulturele en politieke klimaat is 'n belangrike en nodige aspek nodig vir begrip van die verskeie redes vir en vorme van verset.

Een van die grootste versetbewegings was die Ossewabrandwag, wat reeds sterk Afrikanernasionalisties en anti-Brits was. Die Ossewabrandwag se versetaksies het geweldig verskil van mekaar en daar was 'n baie wye omvang van hulle totale verset. Die Ossewabrandwag het mettertyd al hoe meer radikaal geword en verset getoon veral deur sabotasiedade. Blignaut skryf egter dat verset nie altyd “drastiese optrede soos die plant van bomme of sabotasiedade” behels nie.²⁰¹ Wanneer daar na die voorbeelde wat in hierdie hoofstuk bespreek is gekyk word, word Blignaut se woorde bevestig en dit is ook van toepassing op die vroue van die Ossewabrandwag.

Die vroue in die Ossewabrandwag het op hulle eie manier 'n rol gespeel in die organisasie se verset. Met die uitsondering van 'n paar radikale vroue soos Wolff, het meeste vroue van die Ossewabrandwag meer matige metodes verkies, soos om te sorg vir die families van geïnterneerdes en massa-optrede. Dit wys dat selfs waar vroue nie aktief die oorlogspoging gesaboteer het nie, het hulle steeds die verset daarteen soveel as moontlik aangehelp en dus 'n enorme ondersteuningsrol gespeel terwyl daar ook onafhanklike optrede en agentskap betrokke was.

Vir diegene wat nie van matige verset gehou het nie, was daar ook kleiner, meer radikale organisasies soos die Stormjaers. Die Stormjaers was grootliks verantwoordelik vir sabotasie, saam met ander kleiner groepe soos die Terreurgroep en X-Groep.²⁰² Leibbrandt se Nasionaal-Sosialistiese Rebelle val ook in die kategorie van ekstremiste. In so 'n geval is dit duidelik dat verset soms uiters gewelddadig kon raak en 'n groot mate van aggressie ingesluit het in die pogings vir aktivisme.

Politieke verset was ook teenwoordig tydens die oorlogsjare, veral in bewegings soos die Gryshemde en partye soos die Nuwe Orde. Die anti-Semitiese element in hierdie groepe is ook gereeld geassosieer met die Britte, dus was hulle verset nie net pro-Duits nie, maar ook anti-Brits. In sommige gevalle is Afrikaners wat verset getoon het, nie eers noodwendig betrokke

²⁰¹ Blignaut, ““Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!””, 94.

²⁰² Fokkens, “Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War”, 142.

by 'n bepaalde organisasie nie. Die algemene publiek het dus ook gereeld maniere gevind om uiting te gee aan hulle anti-oorlogsgesvoelens. Voorbeelde hiervan sluit in weiering om deel te wees van Britse aksies, soos die sing van '*God Save the King*' en ook gevalle van fisiese konflik tussen soldate en anti-oorlogsgesindes. Verset is ook dikwels vererger deur elemente soos die Afrika-eed, noodregulasies, aanvanklike grootskaalse Duitse oorwinning en propaganda.

Verset teen die oorlog was dus volop maar geensins homogeen van aard nie. Dit het gewissel van matige tot ekstreme metodes, van georganiseerde bewegings van protes, propaganda en sabotasie tot impulsiewe fisiese bakleiery. Party pogings was ook aansienlik meer suksesvol as ander, maar het nietemin getoon dat 'n groot aantal Afrikaners ontevrede was met oorlogsdeelname. Die element wat wel gelyksoortig was onder alle versetvorme, was die anti-Britse element. Diegene wat verset het teen die oorlog omdat hulle belang gelê het by die Afrikanernasionalistiese en republikeinse ideale, was anti-Brits. Diegene wat verset het teen die oorlog omdat hulle pro-Duits was, was ook uit die aard van die saak anti-Brits.

Blake argumenteer dat daar in die herinneringe van oud-Stormjaers en oud-lede van die Terreurgroep, 'n sterk anti-Britse sentiment na vore tree.²⁰³ Dit bevestig weereens dat die Afrikaners se dade van verset deur 'n anti-Britse gevoel gemotiveer was en dat dit voortspruit uit die drang van Afrikanernasionalisme, gegrond in die Afrikaner se kontemporêre geskiedenis. Die feit dat hierdie sentiment so opmerklik is, beklemtoon twee aspekte wat van belang sal wees in die volgende hoofstuk. Eerstens bevestig dit die argument dat daar reeds 'n anti-Britse sentiment onder die Afrikaner was, soos vroeër in hierdie verhandeling genoem, waarop Duitse propaganda kon voortbou om Afrikanerverset te vermeerder. Tweedens word die vraag ook nou van toepassing oor presies hoeveel van hierdie sentiment deur Duitse propaganda, soos deur Radio Zeesen, beïnvloed is. Die hoofstuk wat volg, sal dié vraag ondersoek deur te kyk na wat die invloed van Radio Zeesen op die Afrikanerverset, soos beskryf in hierdie hoofstuk, behels het.

²⁰³ Blake, *Wit terroriste*, 157.

HOOFTUK 3: DIE ROL VAN RADIO ZEESEN IN DIE KWEEK VAN PRO-DUITSE EN ANTI-BRITSE GEVOELEN

3.1 Inleiding

Afrikaners se weerstand teen oorlogsdeelname, soos beskryf in die voorafgaande hoofstuk, is onteenseglik gemotiveer deur anti-Britse en pro-Duitse sentimente. Hierdie sentimente was in sekere gevalle heeltemal onafhanklik van mekaar, maar het gereeld ook oorvleuel. Dit is noemenswaardig dat hierdie sentimente, hetsy eksklusief pro-Duits, anti-Brits, of gemeng, dikwels ook elemente van Afrikanernasionalisme bevat. Daar kan byvoorbeeld waargeneem word dat daar in die Ossewabrandwag 'n sterk anti-Britse gevoel was wat gepaard gegaan het met 'n Afrikanernasionalistiese gevoel. In sommige gevalle, alhoewel minder gereeld, was daar ook 'n meer suiwer pro-Duitse motivering, byvoorbeeld in die Nuwe Orde en Hempbewegings. Dit was ook die gesindheid van diegene wat die Duitse verband met Suid-Afrika hoog geag het. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het hierdie gevoelens veral vermeng. Baie Afrikanernasionaliste het dus ook 'n pro-Duitse standpunt aangeneem – nie omdat hulle noodwendig nasionaal-sosialiste was nie, maar eerder omdat hulle anti-Brits en anti-oorlog was. 'n Oud-Ossewabrandwag lid, Dr. S. Boshoff, het dit as volg verduidelik:

In jou jeug, in daardie stadium, verstaan jy nie veel van internasionale politiek nie en omdat jy anti-Smuts en anti-regering is, is jy feitlik outomaties pro-Duits. So, jy kan nie sê jy is nou net noodwendig vir die Duitsers nie, of noodwendig teen die regering nie. Die twee het eintlik saamgevloei.¹

Die feit dat hierdie sentimente so oorvleuel het, het dit moontlik gemaak vir propaganda om effektief te wees sonder om onderskeid tussen pro-Duits en anti-Brits te maak. Die skeiding tussen pro-Duits en anti-Brits was met ander woorde net so vaag in propaganda soos wat dit soms by anti-oorlogsgesinde Afrikaners was. Vir die doel van propaganda was so 'n vae onderskeid en vermenging van sentimente voordelig omdat dit die idee van Afrikanernasionalistiese homogeniteit bevorder het. Die verskille tussen Afrikanernasionaliste soos D.F. Malan en J.B.M. Hertzog is nie in Duitse propaganda uitgelik nie,² maar wel die

¹ Argief, rekords- en museumdiens van die NWU, Potchefstroom, Ossewa-Brandwag Argief (hierna OBA), Onderhoudversameling, Transkripsies van onderhoude (hierna TO), houer 2, band 137, herinneringe van Dr. S. Boshoff, 1 Junie 1977, 8.

² C. Marx, “‘Dear listeners in South Africa’: German propaganda broadcasts to South Africa, 1940-1941”, *South African Historical Journal*, 27, no. 1 (1992), 175.

verskille tussen Hertzog en J.C. Smuts, byvoorbeeld. Die gevolg was dat Afrikaners saam gegroepeer is as neutraalgesind of anti-oorlog, wat die mengsel van benaderings en sentimente vir propaganda geoptimaliseer het.

Radio Zeesen het dit dus uiters goed reg gekry om verset teen die oorlogspoging aan te moedig deur om 'n mengsel van pro-Duitse, pro-Afrikaner en anti-Britse propaganda te versprei. Dit is egter belangrik om in ag te neem dat hierdie sentimente reeds voor die oorlog teenwoordig was onder die Afrikanerbevolking. Afrikanernasionalisme en die anti-Britse gevoel was byvoorbeeld reeds in die dertigerjare prominent, veral na aanleiding van die 1938 Eeufees.³ Soortgelyk was daar ook bestaande pro-Duitse gevoelens wat veroorsaak het dat sommige Afrikaners Duitsland in die oorlog gesteun het.⁴ Radio Zeesen was dus nie alleenlik verantwoordelik vir die totstandkoming van sulke gesindhede nie. Die skep van oorpronklike gesindhede of “volksvreemde” sentimente wat geen basis onder die Afrikaners gehad het nie, sou dus nie so suksesvol of oortuigend in propaganda wees nie. Juis om hierdie rede het Radio Zeesen eerder strategies te werk gegaan om hierdie bestaande sentimente verder te kweek,⁵ en te fokus op idees waarvoor Afrikaners reeds vatbaar was. Hierdie argument stem ook ooreen met dié van ander skrywers wat ook aandui dat propaganda gereeld daarop fokus om bestaande sentimente te bevorder eerder as om opvattinge te verander.⁶

Die oogmerk vir hierdie hoofstuk is om te ontleed presies hoe Radio Zeesen te werk gegaan het om deur middel van propaganda op bestaande Afrikaner gevoelens, sentimente en idees te bou, ten einde voordeel vir Duitsland daaruit te put en die oorlogspoging te verswak. Vervolgens word daar ook gekyk na hoe die voortsetting en kweek van bestaande sentimente 'n rol gespeel het om Afrikaners se verset teen die oorlog aan te moedig. Aangesien die Duitse konneksie met Suid-Afrika 'n prominente pilaar van Radio Zeesen se propaganda-strategie was, is dit ook 'n gepaste vertrekpunt vir hierdie bespreking.

³ A.M. Fokkens, “Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War and the measures taken to suppress it”, *Journal for Contemporary History*, 37, no. 2 (2012), 126.

⁴ P.J. Furlong, “Allies at war? Britain and the ‘Southern African front’ in the Second World War”, *South African Historical Journal*, 54, no. 1 (2005), 17-18.

⁵ Marx, ““Dear listeners in South Africa””, 155.

⁶ E. Butcher, soos aangehaal in A. le Roux, “The Union of South Africa propaganda campaigns during the World War II”, *Kinema*, Fall (2012), 3.

3.2 Radio Zeesen en pro-Duitse sentimente

3.2.1 Bestaande Duitse bande

Die bestaande pro-Duitse sentimente onder sommige Afrikaners het die raamwerk gevorm waarop baie van Radio Zeesen se sukses berus het. Pro-Duitse propaganda was geskep rondom die feit dat steun vir Duitsland juis maklik verkry kan word weens bestaande bande. Hierdie bande of konneksies tussen Duitsland en Suid-Afrika, veral onder die Afrikanerbevolking, is reeds deur baie historici opgemerk en is ook in hoofstuk een historiografies uiteengesit. Die doel van hierdie afdeling is om, eerder as blote historiografiese oorsig, 'n meer uitgebreide verduideliking te gee. Sodoende sal daar meer lig gewerp word op die motiverings wat Afrikaners aangevoer het rakende 'n konneksie met Duitsland, wat Radio Zeesen uiteindelik tot Duitsland se voordeel aangewend het.

Die eerste verband tussen Duitsland en die Afrikaners was 'n genealogiese verband.⁷ Daar was natuurlik genealogiese verbande met ander groepe ook, byvoorbeeld die Franse Hugenote, maar nietemin was die Duitse herkoms opmerklik genoeg om 'n groot deel van Afrikaners se identiteit uit te maak. Volgens P.J. Furlong was die sewentiende en agtiende-eeuse setlaars, wat uiteindelik ook gedeeltelik die voorvaders van die Afrikaners sou wees,⁸ byna so gereeld Duits as Hollands en die volop Duitse vanne onder die Afrikanerbevolking dien as bewys hiervan.⁹ M.M. Visser dui ook die assimilasie van die Duitse en Afrikaner kulture aan,¹⁰ wat tesame met die genealogiese aspek verduidelik hoekom daar 'n gevoel van etniese verbintenis tussen die twee groepe was. In verskeie argivale bronne word die mosie van 'n verbintenis tussen die Afrikaner en Duitsland ook duidelik geïllustreer. Neem die volgende aanhaling uit 'n onderhoud met oud-Ossewabrandwag lid C.L. de Jager in ag:

Ek wil sê dat ek dink dat die Afrikaner indertyd en daarna ook wel pro-Duits was. Hulle hét 'n gevoel gehad vir die Duitse volk. Ek dink nie dat daardie gevoel vandag al heeltemal weggekwyn het nie, net soos met die Nederlandse volk of die Hollandse volk.¹¹

⁷ F.L. Monama, "Wartime Propaganda In the Union of South Africa, 1939-1945" (PhD-diss., University of Stellenbosch, 2014), 2.

⁸ M.M. Visser, "Ideologiese grondslae en ontwikkeling van die blanke fascistiese bewegings in Suid-Afrika, 1945-1995" (MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 2007), 50.

⁹ P.J. Furlong, *Between crown and swastika: The impact of the radical right on the Afrikaner nationalist movement in the fascist era* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1991), 70.

¹⁰ Visser, "Ideologiese grondslae en ontwikkeling van die blanke fascistiese bewegings", 50.

¹¹ OBA, TO, houer 3, band 70, 86 & 87, onderhoud met C.L. de Jager, 19 April 1974, 41.

Hierdie aanhaling openbaar die erkenning dat daar tydens die oorlog en selfs tydens refleksie na die oorlog, 'n onontkenbare simpatie en gevoel van konneksie was – dus bestaande pro-Duitse sentimente. Die konteks van De Jager se woorde moet egter in ag geneem word en 'n belangrike deel daarvan behels dat die Afrikaners volgens De Jager, ongeag hierdie band met Duitsland, steeds nie almal as Nazi's identifiseer het nie. Pro-Duits was dus gereeld gekoppel aan pro-Afrikaner, eerder as noodwendig pro-Nazi.

Boonop het die toevloei van Duitsers nie opgehou ná die agtiende eeu nie. Duitse sendelinge se getalle het toegeneem en al hoe meer invloedryk geword,¹² en in 1857 was daar ook 'n Duitse militêre invloed aangesien byna 3000 voormalige Duitse soldate na Suid-Afrika gekom het.¹³ Die soldate was deel van die Britse-Duitse Legioen wat na die Krimoorlog na Britse kolonies verplaas moes word en Suid-Afrika was 'n belowende opsie omdat dit Europese invloed in die land sou verhoog.¹⁴ Die Duitse invloed in Suid-Afrika was dus sterk en het ook 'n basis gevorm om simpatie te werf vir Duitsland tydens die oorlog, ook deur middel van Radio Zeesen.

Die geskiedkundige verband tussen Duitsland en Suid-Afrika het grootliks staatgemaak op die idee van Brittanje as gemeenskaplike vyand. Afrikaners was besonders beïnvloed deur Britse imperialisme in Suid-Afrika. Gebeurtenisse soos die Groot Trek en die Anglo-Boereoorloë het die grondslag gevorm vir 'n groot gedeelte van Afrikanernasionalistiese identiteit, waarin 'n anti-Britse gesindheid ook 'n rol speel. Dit anti-Britse gesindheid geskoei op historiese vyandigheid het sommige Afrikaners laat voel dat hulle nie Brittanje en Smuts se oorlogspoging kan steun nie.¹⁵ Die Afrikaner se strewe na 'n republiek het hulle ook deurentyd in kompetisie met Britse imperialisme geplaas. Duitsland en Brittanje is beskou as historiese vyande omdat die twee lande imperiale mededingers was. Spanning tussen die twee lande was hoog aangesien hulle gekompeteer het vir Europese dominansie asook koloniale belange in Afrika en elders.¹⁶ Duitsland het ook aansienlike belang in Suid-Afrika getoon¹⁷ en verskeie pogings aangewend om invloed en 'n sterk Duitse basis in die land sowel as omliggende areas

¹² Visser, "Ideologiese grondslae en ontwikkeling van die blanke fascistiese bewegings", 50.

¹³ Furlong, *Between crown and swastika*, 70-71.

¹⁴ Sien byvoorbeeld J. Laband, "From mercenaries to military settlers: The British German Legion, 1854-1861" in *Soldiers and settlers in South Africa, 1850-1918* (Leiden, Brill, 2010), 85 asook W.B. Tyler, "The British German Legion, 1854-62", *Journal of the Society for Army Historical Research*, 54, no. 217 (1976), 14-29.

¹⁵ F.L. Monama, "Marshalling a splintered society: Censorship, publicity and propaganda in South Africa during the Second World War", *Historia*, 67, no. 2 (2022), 34.

¹⁶ Monama, "Wartime Propaganda", 2.

¹⁷ Furlong, *Between crown and swastika*, 71.

in Suidelike Afrika te bewerkstellig,¹⁸ maar het tog nooit soveel mag soos die Britte in Suid-Afrika bekom nie.

Vanweë die bogenoemde aspekte, het die historiese vyandigheid teenoor Brittanje 'n raakpunt geword tussen Suid-Afrika en Duitsland. Duitsland het ook simpatie aan die Afrikaners bewys in hulle stryd teen die Britte en die Boere (later bekend as Afrikaners) beskou as 'n verlangse broederstam.¹⁹ Duitsland het byvoorbeeld ontferming getoon vir die Britse anneksering van die Transvaal in 1877,²⁰ vir die mislukte Jameson-inval in 1895 en vir die republieke tydens die Anglo-Boereoorlog.²¹ Die verband met Duitsland het dus verskeie aspekte van Afrikaneridentiteit omsluit,²² insluitend herkoms, elemente van kultuur, geskiedenis en selfs taal. Hierdie konneksies tesame met die bonus faktor van gemeenskaplike anti-Britsheid en republikeinse strewe, verklaar hoekom so baie Afrikaners geneig het na 'n pro-Duitse sentiment tydens die oorlog selfs al het hulle nie met nasionaal-sosialisme identifiseer nie. Die simpatie vir 'n nasie wat hulself in 'n soortgelyke situasie van ekonomiese en kulturele minderwaardigheid bevind het as die Afrikaners, was dus ook 'n motiverende faktor.²³

Die genealogiese, kulturele en geskiedkundige band tussen Suid-Afrika en Duitsland was inderdaad voordelig vir propaganda, maar terselfdertyd moet daar in ag geneem word dat die Afrikanerbevolking nie homogeen van aard was nie. Daar is dus geen manier om te bevestig dat alle Afrikaners pro-Duitse sentimente gekoester het nie, maar die gevoel was nietemin sterk genoeg dat Radio Zeesen dit kon identifiseer en kon gebruik vir propaganda doeleindes. Die teenwoordigheid van bewegings soos die Nazi-Party in Suid-Afrika, die Nuwe Orde en die Hemp-bewegings, het boonop as verdere bewys gedien dat pro-Duitse sentimente nie net emosioneel en op geskiedenis gebaseer was nie, maar dat daar ook 'n aantal van die Afrikanerbevolking was wat ideologies met 'n pro-Duitse standpunt geïdentifiseer het en wat deur hierdie skynbare band tot aksie aangedryf kon word. Die totstandkoming van hierdie bewegings was nie afhanklik van Radio Zeesen se teenwoordigheid in Suid-Afrika nie, wat

¹⁸ Die Duitse poging tot invloed kan waargeneem word deur die belangstelling in strategiese punte soos St. Lucia, Delagoabaai en hedendaagse Namibië.

¹⁹ J. Rüger, "Revisiting the Anglo-German Antagonism", *The Journal of Modern History*, 83, no. 3 (2011), 590.

²⁰ Furlong, *Between crown and swastika*, 71.

²¹ Visser, "Ideologiese grondslae en ontwikkeling van die blanke fascistiese bewegings", 49.

²² Van der Merwe beskou selfs 'n pro-Duitse sentiment ook as onderbou van Afrikanernasionalisme juis vanweë die gedeelde anti-Britse houding. Sien W. Van der Merwe, "Herrenvolk-bloed vir die Afrikaner: Veertig jaar Duitse weeskinders, 1948-1988", *Historia*, 33, no. 2 (1988), 80.

²³ OBA, TO, houer 2, band 76 & 77, herinneringe van prof. J.H. Coetzee, 2 April 1974, 10.

bevestig dat hierdie konneksies bloot deur Radio Zeesen uitgewys en bevorder is eerder as war Radio Zeesen verantwoordbaar was vir die stigting van die vermelde organisasies.

Die elemente van verbintenis tussen Suid-Afrika en Duitsland sou dalk individueel nie 'n genoegsame argument vir die verspreiding van pro-Duitse propaganda wees nie. Aangesien hierdie elemente gelyktydig bestaan het, kon dit op mekaar bou of mekaar aanvul om 'n geloofwaardige pro-Duitse standpunt te bevorder. Die feit dat dit 'n kombinasie van faktore was, was dus wat Radio Zeesen se organiseerders tereg laat glo het dat Suid-Afrika vatbaar is vir propaganda.

Met die skynbare verband tussen Duitsland en Suid-Afrika en kringe van Duitse invloed in gedagte, kan daar vervolgens bepaal word hoe Radio Zeesen te werk gegaan het om die pro-Duitse sentiment selfs verder te kweek.

3.2.2 Bevordering van pro-Duitse sentimente

Radio Zeesen het pro-Duitse sentimente onder Afrikaners gekweek deur propaganda met goed-deurdagte uitsendingstemas te versprei. C. Marx verwys na hierdie temas, of boodskappe georganiseer om sentrale gedagtes, as leitmotiewe.²⁴ Marx se skrywe is die mees volledig en insiggewend in terme van die temas wat aangetref word in die inhoud van Radio Zeesen se propaganda. Volgens Marx kan radiopropaganda deur twee eienskappe uitgeken word – eerstens die konstante herhaling en tweedens die vermenging van inhoud op so 'n manier dat daar 'n korrelasie tussen feite geïmpliseer word, alhoewel daar nie 'n sterk basis vir so 'n korrelasie is nie.²⁵ Marx se studie berus grootliks op argivale bronne vanuit Duitsland en kan dus ook nog aangevul word met bronne uit Suid-Afrikaanse argiewe soos die nasionale argief en veral die Departement van Verdediging se argief, wat volledige transkripsies van Radio Zeesen se uitsendings huisves. Die transkripsies getuig duidelik van 'n ooreenkoms tussen Radio Zeesen en die Duitse propagandategnieke soos daar gestel deur J. Goebbels, wat as Minister van Propaganda in Duitsland gedien het.²⁶ Interessant genoeg het die Ossewabrandwag se Afrikanernasionalistiese propaganda ook sterk ooreengestem met

²⁴ Sien Marx, "Dear listeners in South Africa", 156.

²⁵ Marx, "Dear listeners in South Africa", 156.

²⁶ Goebbels was aanvanklik ook in beheer van internasionale propaganda en so ook Radio Zeesen, maar later het J. von Ribbentrop die internasionale propaganda onder die Buitelandse Kantoor beheer.

Goebbels se tegnieke.²⁷ Deur die uitsendings van Radio Zeesen en die onderliggende propagandategnieke te analiseer, kan kennis rakende die temas in die propaganda vermeerder word.

Hierdie temas is hoofsaaklik gemik op drie teikengehore – diegene met ’n pro-Duitse standpunt, anti-Britse standpunt en neutraalgesindes. Die feit dat hierdie drie standpunte oorvleuel het en dikwels ’n Afrikanernasionalistiese onderbou gehad het, soos reeds genoem, het dit moontlik gemaak vir Radio Zeesen se propaganda om by enige van die drie aanklank te vind, solank dit die luisteraar beïnvloed het om nie Smuts se oorlogspoging te steun nie. Propaganda moes dus ook subtiel wees en nie opmerklik Nazi-gesind nie.²⁸ Radio Zeesen se invalshoek was dus om ’n informele alliansie tussen Duitsland en Afrikanernasionaliste te suggereer, eerder as om amptelik te verklaar dat Afrikanernasionaliste pro-Nazi was.²⁹

Die temas wat pro-Duitse sentimente gekweek het, het hoofsaaklik verband gehou met gevoelens wat tussen Suid-Afrika en Duitsland gedeel is. Dit het veral ingesluit die Duitse konneksie, soos hierbo verduidelik, en kan opgemerk word in sommige van Radio Zeesen se uitsendings. Duitsland is byvoorbeeld beskryf as die Afrikaners se “natuurlike denkgenoot” en Afrikaners is beskryf as “vriende van die groot bloed en gees verwante nasie wat op die slagvelde van Europa vir die selfde beginsels en ideale veg”.³⁰ In ’n praatjie deur Dr. Wittekind in 1943, bevestig Wittekind ook vanuit die Duitse perspektief dat “ons Duitsers” vriendskaplike gevoelens teenoor die Afrikaners koester. Wittekind gaan voort:

*Maar ook elke ander Duitser al het hy nooit ’n Afrikaner gesien nie, spreek van die Boere slegs met hoogagting en waardering. Ons beskou julle as ’n bloed en gees verwante volk. Wat hom boonop in ’n stryd teen die selfde vyande bevind soos ons self. Om die rede stel ons in die lotgevalle van julle nasie, belang.*³¹

²⁷ Sien byvoorbeeld D. Olivier & C. Blignaut, “Geskrewe propaganda en volksvoorligting as wapens van die Ossewa-Brandwag se strewe na Afrikanernasionalisme, 1939-1952”, *South African Journal of Cultural History*, 35, no. 2 (2021), 168-195.

²⁸ Visser, “Ideologiese grondslae en ontwikkeling van die blanke fascistiese bewegings”, 58. Kyk ook Marx, “Dear listeners in South Africa”, 156.

²⁹ Marx, “Dear listeners in South Africa”, 162.

³⁰ Argief van die Suid-Afrikaanse Departement van Verdediging (hierna SADVA), “Zeesen Broadcasts” versameling (hierna ZB), houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 7, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 26 November 1942. Sien ook vir dieselfde beskrywing na SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 2 Januarie 1943.

³¹ SADVA, ZB, houer 8, lêer WR65/9/43, vol. 15, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 26 Junie 1943.

Die konneksie tussen die Duitsers en Afrikaners kom weereens sterk in hierdie boodskap na vore en word ook gebruik as 'n motivering vir Duitsland se betrokkenheid in Suid-Afrika se sake, spesifiek in verband met die verkiesing van Julie 1943.

Die ideologiese verband is bevorder deur uit te saai dat nasionaal-sosialisme net so goed gepas is in Suid-Afrika as Duitsland. Omdat die Afrikaners huiwerig was om vreemde ideologieë aan te neem en nie noodwendig as Nazi's geïdentifiseer het nie, het Radio Zeesen die invalshoek gebruik dat nasionaal-sosialisme reeds in die Afrikaner se karakter en tradisie pas. Dit is ook beskryf as 'n prinsiep wat deur die beskaafde volke aangeneem is.³² Sulke stellings is gereeld ingewerk tussendeur nuus oor die Nuwe Orde, byvoorbeeld. Sodoende staan die propaganda nie geïsoleerd en duidelik uit nie maar vermeng eerder meer subtiel onder die dekmantel van nuusgewing. Dit is ook gereeld gemik op die Afrikaner se nasionalistiese identiteit – in die voorbeeld hierbo vind die “beskaafde” aard van nasionaal-sosialisme aanklank by die Afrikaner se nasionalistiese identiteitsstrewing. Die ideaal van 'n volksgemeenskap en nasionaliste wat hul eie land eerste stel was 'n belangrike strewing vir Afrikanernasionaliste en Radio Zeesen het meer as een maal verklaar dat dit iets is wat hulle in gemeen het met die Duitse nasionaliste. Sodoende is die ideologiese verband aangevoer, met die idee dat Duitsland uit respek vir hierdie ooreenstemmende ideale, Afrikaners sou toelaat om hul “ereplek” in te neem.³³

Benewens vir propaganda rakende die konneksie tussen Suid-Afrika en Duitsland, was 'n verdere propaganda-invalsoek op Radio Zeesen ook die kweek van anti-semitiese gevoelens, wat in Duitsland ook geseëvier het onder Adolf Hitler se bewind. Marx se navorsing beraam dat daar uit 214 uitsendings van Radio Zeesen, 52 keer openlike anti-semitiese propaganda opgemerk kan word.³⁴

Dit is egter belangrik om die aanpasbare karakter van anti-Semitisme in Radio Zeesen se propaganda uit te lig. Die aard van anti-Semitisme in Radio Zeesen se propaganda na Suid-Afrika was nie eenders aan wat A. Rosenberg, H. Himmler en Hitler in Europa gepreek het nie. Anti-Semitiese propaganda was uniek gevorm om aanklank te vind en in te pas by die

³² SADVA, ZB, houer 2, lêer WR65/9/41, vol.3, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 13 Junie 1942.

³³ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 7, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 26 November 1942.

³⁴ Marx, “Dear listeners in South Africa”, 165.

Suid-Afrikaanse weergawe daarvan, soos gesien in die Hoggenheimer karikatuur.³⁵ Die Hoggenheimer karikatuur is geskep deur D.C. Boonzaaier, 'n Suid-Afrikaanse spotprentkunstenaar wie se spotprente in *Die Burger* gereeld anti-imperialisties en anti-kapitalisties van aard was. Hoggenheimer was een van Boonzaaier se karakters wat kapitalistiese mag, veral in die mynbedryf, versinnebeeld het.³⁶ Die Hoggenheimer karakter was ook as 'n stereotipiese Jood uitgebeeld.³⁷ Radio Zeesen het dus in propaganda van hierdie karikatuur af gewerk wat Afrikaners reeds geken het en reeds blameer het vir tydgenootlike probleme – 'n karakter wat geldgierig is en Britse belange op die hart dra.

Hierdie anti-Semitiese gevoelens was nie opnuut deur Radio Zeesen geskep of bloot oorgedra vanaf Duitsland tydens die oorlog nie, maar het eerder, volgens M. Shain, reeds vir dekades gebroei in Suid-Afrika, wat beteken het dat Radio Zeesen met anti-Semitisme ook vanaf bestaande gevoelens gewerk het. E. Bradlow se skrywe dui aan dat anti-Semitiese gevoelens selfs in politieke sirkels amptelik geraak het, met spesifieke verwysing E. Louw van die Nasionale Party se privaatwetgewing van 1939. Louw se wetgewing het dit openlik gestel dat individue van Joodse herkoms onwelkom in Suid-Afrika is.³⁸ Shain wys ook uit dat anti-Semitisme toegeneem het namate die Suid-Afrikaanse besluit om toe te tree tot die oorlog.³⁹ Die gevoel van anti-Britsheid en anti-Semitisme het dus parallel gegroei tydens die oorlog en impliseer ook die waarskynlikheid dat die toename minstens gedeeltelik deur propaganda, soos met Radio Zeesen, veroorsaak is.

'n Praatjie op Radio Zeesen deur Neef Hermaans (M.J. Pienaar) in November van 1941, dien as voorbeeld van anti-Semitiese propaganda:

Dat hierdie oorlog 'n Joodse oorlog is en terselfdertyd ook aan die ander kant 'n oorlog is teen al hulle middele en handlangers – Bolsjewisme, kapitalisme, Churchillisme, Rooseveltisme en Smutsisme, is reeds genoeg betoon. As ek sê dat Pole, waar die oorlog ontvlam het, byna algeheel deur die Jode regeer is sover as die pers, bankwese en die hele ekonomiese lewe, aangaan, dan sal julle vra – Waar in die wêreld is dit dan anders? In

³⁵ Marx, "Dear listeners in South Africa", 165.

³⁶ K. du Pisani, "Hegemoniese Afrikanermanlikheid en die 'Ander' in die voorapartheidsfase: DC Boonzaaier se Hoggenheimerkarikatuur", *Historia*, 47, no. 2 (2002), 586.

³⁷ Du Pisani, "Hegemoniese Afrikanermanlikheid", 588.

³⁸ Bradlow, "Anti-semitism in the 1930s", 56.

³⁹ M. Shain, *A perfect storm: Antisemitism in South Africa, 1930-1948* (Johannesburg, Jonathan Ball Publishers, 2015), 9.

Suid-Afrika heers byna dieselfde omstandighede. Die meeste dokters in hierdie gebiede was die Jode, en hulle het gekoopte kwalifikasies gehad, want die lektore van hierdie fakulteit was vir die grootste gedeelte Jode. Die kromneus Joodjies vertel vir die mense dat hulle aan ongeneesbare siekte ly, maar dat 'n spesialis dit kan genees. Nadat die spesialis genoeg geld uit die persoon gemaak het, dan sê hy die persoon is genees. Gaan dit in Suid-Afrika veel anders? Nou is hierdie paradys-lewe van die Jood in daardie gebiede vir goed verby.⁴⁰

Hierdie kort toespraak openbaar 'n aantal faktore van Radio Zeesen se anti-Semitiese propaganda. Dit dui aan dat die oorlog as 'n "Joodse oorlog" bestempel is en daar word geïmpliseer die Jode kop in een mus is met ander vyande van die Afrikaners, soos die Bolsjewiste, W. Churchill en Smuts. Dit is 'n uitstekende voorbeeld van hoe Radio Zeesen bestaande sentimente verder gekweek het. Die bestaande vooroordeling van Jode en kapitalisme, wat spruit uit die Afrikaner se ekonomiese onsekerheid,⁴¹ word gekombineer met die vrees vir kommunisme (die rooi gevaar) en antagonisme teenoor partye soos Churchill, F.D. Roosevelt en veral Smuts wat die oorlog aanvoer. Die werklike stryd van die Afrikaner is dus teen hierdie gekombineerde magte wat uit die oorlog baat en die Afrikaner betrek in 'n oorlog wat hulle nie wou hê nie. Die Hoggenheimer stereotipe is ook prominent in die uitbeelding van Jode as "kromneuse" wat die ekonomie oorheers en die alledaagse burger op korrupte maniere uitbuit. Die verkleiningsvorm "Joodjies" is ook veelseggend in terme van die neerhalende aard van hierdie praatjie. So 'n stuk propaganda kon uiters doeltreffend wees, omdat dit gebou is op bestaande vrese en vooroordele wat saamwerk om die anti-oorlog, en by implikasie pro-Duitse, sentiment te bevorder.

'n Soortgelyke praatjie wat op Radio Zeesen uitgesaai is na afloop van 'n toespraak deur Hitler vroeg in 1942, beklemtoon die boodskappe van die toespraak wat in Suid-Afrika sou aanklank vind. Dit sluit in die idee dat die oorlog die wêreld in twee partye opgedeel het – die Joodse liberaliste wat 'n "ou verrotte sisteem" verdedig, teenoor die "jong volkere wat veg vir die toekoms van die Westerse beskawings".⁴² Ook hier impliseer die propaganda dat Suid-Afrika as 'n jong volk baklei teen die Joodse oorheersing en bedreiging van beskawing.

⁴⁰ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 14 November 1941.

⁴¹ Sien byvoorbeeld P.J. Furlong, "Pro-Nazi subversion in South Africa", *Ufahamu: A Journal of African Studies*, 16, no. 1 (1988), 28.

⁴² SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 2 Februarie 1942.

Buiten vir Radio Zeesen se uitbeelding van die Jode as 'n vriend van die Britte en vyand van die Afrikaners, het dit ook gereeld anti-Semitiese gevoelens gekweek deur kommentaar te lewer oor Joodse deelname aan die oorlog. Daar was oor die algemeen 'n gevoel dat die Joodse bevolking in Suid-Afrika nie soveel onder die oorlog ly as die res van die bevolking nie. Radio Zeesen het dit gesteun deur te beweer dat die Jode militêre diens vryspring en eerder aan universiteite gaan studeer om uiteindelik 'n monopolie te verseker. 'n Voorbeeld hiervan lui: "Terwyl Afrikaner seuns na die front gestuur word, verower die Jode die Afrikaanse universiteite en die egte Afrikaner moet reeds as vreemdeling onder die hak neuse voel".⁴³ Die oorlogsmaatreëls is ook gekritiseer rondom pryskontrole. Volgens Radio Zeesen se uitsendings word die boere benadeel deur verhoging van Britse goedere en daar word voorgestel dat die Britse en Joodse sakemanne die enigstes is wat uit Smuts se oorlogskontroles voordeel trek.⁴⁴ Die Jode is beskryf as ondersteuners van liberalisme⁴⁵ en het in kontras gestaan met wat die konserwatiewe Afrikanernasionaliste geglo het. Smuts se beleid van rasse-integrasie word bestempel as 'n "tipies Joodse beskouing"⁴⁶ wat uiteraard probeer argumenteer dat die Joodse sienswyses nie goedgekeur word nie. Hierdeur word nie net 'n vyandige beeld van Smuts geskep nie, maar daar word ook geïmpliseer dat die Jode hierdie tipe beskouing aanvoer wat die Afrikaner bedreig. Nie net rasseluiwerheid is aangespreek nie, maar ook die Christelike nasionalisme van die Afrikaners. Neem as voorbeeld die volgende uitlatings wat oor Radio Zeesen gemaak is: "Die Afrikaners moet veg en slaaf vir 'n ander volk, verkoop aan Joodse kapitalisme, verskuil onder die dekmantel van Kristelike godsdienste".⁴⁷ 'n Soortgelyke opmerking was: "Afrikaners vol durf en vol planne en vol ideale maar slawe. Slawe van die vrye Britse. In ander woorde slawe van die Jood".⁴⁸ Die bedreiging van die Britse-Joodse stelsel was dus vir die Afrikaners 'n ernstige bekommernis en is ook deur Radio Zeesen aangevuur. Die konneksie tussen Jode, Britte en die Afrikaner se verval kon duidelik in die propaganda opgemerk word, byvoorbeeld:

⁴³ SADVA, ZB, houer 11, lêer WR65/9/43, vol. 22, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 24 Maart 1944.

⁴⁴ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 15 Desember 1941.

⁴⁵ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 24 Januarie 1942.

⁴⁶ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 24 Januarie 1942.

⁴⁷ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/4, vol. 1, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 1 Januarie 1942.

⁴⁸ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8 "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 7 Januarie 1943.

*Alle pogings om die Afrikaner geestelik te verwater om van sy god af te lei om die Afrikaner geloof te begrawe en hom van 'n goeie empire swak te maak. Dit is die enigste belange waarin daardie empire Jode belangstel.*⁴⁹

Soos uit die bogenoemde blyk, is kommer rakende die Jode se invloed ook versprei vanuit 'n geestelike oogpunt. Daar word self so ver gegaan as om te suggereer dat Smuts, saam met J. Stalin, Roosevelt, die Britte en die Jode 'n plan beraam vir wêrelddiktatuur.⁵⁰ Die ekonomiese struikelblokke vir die Afrikaners word ook aan die Jode toegeskryf, veral met die toestand van die ekonomie tydens die oorlog:

*Joodse smokkelaars en woekeraars probeer gedurig om die volk te bedrieg, word van uit Afrika gemeld. In Durban en Kaapstad het die polisie groot hoeveelhede rys wat deur die Jode weg gebere [sic] is, en teen woeker pryse verkkoop [verkoop] word, gevind. In Port Elizabeth is alleen by een enkele Jood 1,572 Britse skoene gevind, wat ook slegs teen woeker pryse verkoop word. Dat die Joodse woekeraars groep gevang is, is hoofsaaklik toe te skryf aan die pligs gevoel van nasionaal gesinde afrikaners [sic] in die S(uid) Afrikaanse polisie. Die Jode in S(uid) Afrika verongeluk. Hulle lieg bedrieg smokkel en woeker nadat hulle die oorlog ontketen het. Die regering laat dit nie alleen toe dat die uitlandse parasiete in die land kom [sic], die regering help hulle selfs.*⁵¹

Die motief van Jode as “parasiete” kom ook herhaaldelik voor in die anti-Semitiese boodskappe en impliseer duidelik dat Jode as 'n eksterne groep beskou moes word wat die Afrikaner se land binnedring en uitbuit:

*Elke Afrikaner het in eie ervaring gesien dat die Jood 'n parasiet is. Hy teer op die bloed van die Afrikaner volk. Sonder die Afrikaner volk kan die bloedsuier nie bestaan nie. Dan moet hy of sterf of hy moet 'n ander volk kry waar hy opnuut weer kan gaan bloed suig en uit byt. Die Jood is brutaal.*⁵²

⁴⁹ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/43, vol. 4, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 11 Januarie 1943.

⁵⁰ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 20 Desember 1941.

⁵¹ SADVA, ZB, houer 7, lêer WR65/9/43, vol. 14, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 15 Mei 1943.

⁵² SADVA, ZB, houer 10, lêer WR65/9/43, vol. 21, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 9 Februarie 1944.

Propaganda teenoor die Jode is ook gebaseer op die Afrikaner se angstigtheid rakende werk. In 'n praatjie waar die werkloosheidsyfer in Suid-Afrika bespreek word, word daar weereens na die Jode verwys as die vyande van die Afrikaners:

*Jodedom is iets onveranderlik want Jodedom is 'n ras. Onveranderlik soos die Joodse neus is die Joodse karakter. Die Joodse strewe na profyt is geld mag. Die us g [sic] om andere volkere te boei en uit te suig. Onveranderlik is die ewige parasietedom wat diep in die Joodse sisteem ingewortel is. Daarom moet die Jood altyd die natuurlike vyand bly van almal wat ordentlik is en skeppende werk verrig. Die vyand van alle vrede liewende nasies en die vyand van jou volk. Afrikaner let op die Jood.*⁵³

Baie kwessies in terme van ekonomie en sosiale omstandighede is dus toegeskryf aan die Joodse bevolking, met die gevolg dat 'n algehele gevoel van xenofobie bevorder word. Die idee is gekweek dat Suid-Afrika van buite sowel as van binne bedreig word. Daar is ook aangevoer dat die Jode sou baat by die interne verdeeldheid en partypolitiek onder die Afrikaners. Die politiese verskille is deur Radio Zeesen in 'n uitsending van Neef Buurman (J.A. Strauss) beskryf as 'n wapen wat deur die Jode gebruik word om Afrikaners teen mekaar te laat veg.⁵⁴ Daar is vanuit 'n historiese perspektief 'n mate van waarheid agter die Afrikaners se idee dat die Jode en Britte 'n gekombineerde front is. Gedurende die negentiende eeu is Jode in die Boere republieke as uitlanders beskou, 'n term wat ook gereflekteer word in sensusopnames. Teen die vroeë negentiende eeu het die Joodse bevolking in Suid-Afrika meer na die stede as die platteland geneig en eerder met die Engelse kultuur saamgesmelt as met die Afrikaners.⁵⁵ Die assosiasie tussen die twee groepe is dus dat die Afrikaner albei as buitelanders beskou en dat die kultuur op sekere vlakke ooreenkom. Soos die voorbeelde illustreer, was daar 'n duidelike anti-Semitiese boodskap in Radio Zeesen se propaganda. Die kweek van anti-Semitiese gevoelens het die boodskap versprei dat daar ideologiese raakpunte tussen die Afrikaners en Duitsland is en dat hulle dieselfde vyande het, ten einde 'n pro-Duitse gevoel te skep.

Verder is daar ook steun vir die pro-Duitse saak gewerf deur die idee te versprei dat Duitsland, anders as Engeland, nie Suid-Afrika sou annekseer nie, selfs as hulle die oorlog sou wen. Radio

⁵³ SADVA, ZB, houer 10, lêer WR65/9/43, vol. 21, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 4 Maart 1944.

⁵⁴ SADVA, ZB, houer 10, lêer WR65/9/43, vol. 21, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 9 Februarie 1944.

⁵⁵ G. Shimoni, *Jews and Zionism: The South African experience, 1910-1967* (Oxford University Press, 1980), 61.

Zeesen het hulle luisteraars gerus gestel dat daar telkemale aanduiding gegee is dat Duitsland Suid-Afrika van die Engelse juk sou bevry. Duitsland se ambisies rondom Suid-Afrika is afgeskryf as “Engelse propaganda sprokies” sonder gronde en dat dit tragies sou wees indien “die tradisionele vriendskap tussen die Afrikaner volk en die Duitse volk” skade moes ly onder sulke gerugte.⁵⁶ Duitsland se oorlogspoging is ook verdedig om sodoende pro-Duitse sentimente te versterk. Daar word geargumenteer dat Duitsland bloot vir sy nasionale vryheid, volk en lewensruimte veg – ’n opvatting wat die Afrikanernasionaliste ook met hulle eie strewe vereenselwig het.⁵⁷ Hertzog het self ook Duitsland gesteun deur te argumenteer dat Hitler slegs die onregverdigte behandeling van Duitsland na die Eerste Wêreldoorlog probeer regstel en dat daar geen konkrete bewyse is van sy strewe na wêreldoorname nie.⁵⁸

Om die pro-Duitse standpunt verder te verseker, het Radio Zeesen ook gereeld nuus of praatjies uitgesaai waar die goedgesinde geaardheid van die Duitsers beklemtoon is. In ’n onderhoud met Neef Holm (S.E. Holm), vertel ’n Suid-Afrikaanse krygsgevangene van die uitstekende toestande in Duitsland tydens sy gevangenisskap. Hy beweer dat hulle soos “vrye manne” voel, dat hulle goed voorsien word van voedsel, dat die Duitse personeel soos kamerade is en dat die gevangenes niks het om oor te kla nie. Neef Holm het geantwoord dat hulle “weet daar is miskien nooit so ’n mens wat so menslik met sy medemens te werke gaan as die Duitser nie”.⁵⁹ Soortgelyk was daar ook ’n praatjie deur ’n vroulike omroeper met die bynaam Nig Sannie wat Duitse menslikheid aanvoer terwyl die Britte in ’n slegte lig gestel word. Die praatjie handel oor ’n koerantberig in Londen en vertel van ’n Engelse vrou wat haar ongebore baba verkoop het.⁶⁰ In teenstelling daarmee word die Duitsers geloof vir die maatskaplike toestande waarin hulle kinders grootmaak. Hierdie spesifieke berig blyk dus meer te dien as propaganda ten gunste van Duitsland, eerder as ’n objektiewe berig wat internasionaal nuuswaardig is. Pro-Duitse propaganda is egter ook aangevul en vermeng met propaganda wat die bestaande anti-Britse gevoel versterk het.

⁵⁶ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 2 Januarie 1943.

⁵⁷ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 6 Januarie 1943.

⁵⁸ Furlong, “Pro-Nazi subversion”, 29.

⁵⁹ SADVA, ZB, houer 3, lêer WR65/9/42, vol. 5, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 24 September 1942.

⁶⁰ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 7, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 10 Desember 1942.

3.3 Radio Zeesen en anti-Britse sentimente

Die eerste tema wat bygedra het tot die anti-Britse sentiment, is ook deur Marx geïdentifiseer en was hoogs prominent in Radio Zeesen se uitsendings. Dit behels die idee dat die oorlog 'n verlore stryd vir Brittanje is en dus nie die moeite werd is om verder te voer nie.⁶¹ Die nuus en boodskappe wat deur Radio Zeesen versprei is, is spesifiek gerig op so 'n manier dat Duitse oorwinnings en Britse verliese beklemtoon word. Hierdie element is juis wat die materiaal van Radio Zeesen as propaganda onderskei eerder as objektiewe nuus – die ongebalanseerde nuusgewing van Britse verliese teenoor Duitse suksesse.

Duitse verliese is nie so gereeld vermeld soos dié van die Geallieerde magte nie. Hiperboliese beskrywings is gebruik om die algemene Afrikaner te oortuig dat die oorlog teen Duitsland nie gewen kan word nie en dat die Britte en Smuts dus Afrikaanse soldate na 'n versekerde en doellose einde stuur. 'n Besonderse geval hiervan was die vermelding op Radio Zeesen vroeg in 1943 dat kunsmatige bloed klaarblyklik deur 'n Duitse dokter, prof. Lampus, ontwikkel is. Volgens die berig kan die kunsmatige produk alle funksies van natuurlike bloed vervul en in poeiervorm of pilvorm vervaardig word. Die berig gaan verder deur te sê dat duisende Duitse soldate deur hierdie groot uitvinding gered is.⁶² 'n Soortgelyke berig vertel van Duitse wetenskaplike, prof. Morel, wat 'n hoogs effektiewe antibakteriële geneesmiddel ontdek het wat op grootskaal vervaardig en gebruik word.⁶³ Geen verdere verduideliking is aangevoer nie. Sulke berigte, ongeag die geloofwaardigheid daarvan, kon bydra tot die idee dat Duitsland se militêre krag byna onuitputbaar was. Inligtingsverslae rakende Duitse propaganda dui aan dat die Suid-Afrikaanse regering ook hierdie tendens opgemerk het en dit word akkuraat beskryf as 'n "invincibility myth".⁶⁴

Duitse duikbote het ook volgens Zeesen "buitengewone sukses" behaal en is beskryf as 'n "dodelike vyand vir die Engelse seemag," en daar is verklaar dat hierdie sukses slegs gebaseer is op versekerde gevalle en dat daar eintlik selfs meer kon wees.⁶⁵ Dit is egter nie heeltemal

⁶¹ Marx, "Dear listeners in South Africa", 156.

⁶² SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 6 Januarie 1943.

⁶³ SADVA, ZB, houer 10, lêer WR65/9/43, vol. 19, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 13 Desember 1943.

⁶⁴ SADVA, "Press and propaganda"-versameling (hierna PP), houer 56, sub-lêer A6, Intelligensieverslag, "Propaganda Intelligence summary", no. 1, 1941.

⁶⁵ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 7, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 29 November 1942.

onwaar nie, aangesien die Duitse vloot aansienlike sukses bereik het in Suid-Afrikaanse waters, veral in die eerste vier jaar van die oorlog.⁶⁶ Hoewel daar dus 'n mate van waarheid agter Radio Zeesen se berigte was, is die inligting tog so aangepas sodat die suksesse meer beklemtoon word. Propaganda het dus nie altyd bestaan uit vals inligting nie, maar ook uit die doeltreffende rangskikking van gekose inligting. Halwe waarhede of waarhede sonder konteks is kenmerkend van propaganda.⁶⁷ Die uitsendings op Radio Zeesen het byna daaglik die luisteraars ingelig oor Duitse oorwinnings deur aan die begin van berigte, klokslae uit te saai – een klokslag vir elke “vyandelike” skip wat deur die Duitsers gekelder is.⁶⁸ Daar is egter geen klokslae aangedui vir hoeveel Duitse skepe gekelder is nie, wat uiteraard 'n invloed sou hê op die luisteraar se persepsie van die verloop van die oorlog, veral as daar 'n mate van lojaliteit was teenoor Zeesen en min na ander stasies geluister is. Die selektiewe gebruik van inligting wat 'n pro-Duitse en anti-Britse standpunt steun, was algemeen op Radio Zeesen en gunstige stellings is gereeld uit koerante gehaal wat as neutraal en betroubaar beskou is.⁶⁹ Britse nederlae is toegeskryf aan 'n algehele minderwaardigheid in oorlogsterme en daar is verklaar dat die Duitsers selfs met 'n handjievol troepe die oormag sou hê⁷⁰ – wat ook bygedra het tot die idee dat die oorlog se uitkoms reeds bepaal is. Hierdie boodskap was veral prominent aan die begin van die oorlog, terwyl die Duitsers grootliks sukses behaal het. Teen laat 1942, het die oorlog egter begin draai.⁷¹

Smuts is duidelik geassosieer met die Britte wat Suid-Afrikaners verniet laat veg het in 'n reeds verlore oorlog en was gevolglik ook 'n teiken van propaganda. Anti-Smuts, anti-Brits en anti-oorlog was dus terme wat met mekaar verweef is. Die vrees vir kommunisme is ook gebruik om negatiewe gevoelens teenoor Smuts en sy samewerking met Brittanje te kweek. 'n Toename in kommunistiese neigings in Suid-Afrika is direk aan die Smutsregering toegeskryf,⁷² en

⁶⁶ E.P. Kleynhans, “The axis and allied maritime operations around southern africa, 1939-1945,” (PhD-diss., Stellenbosch University, 2018), 90.

⁶⁷ E. Butcher, soos aangehaal in A. le Roux, “The Union of South Africa propaganda campaigns during the World War II”, *Kinema*, Fall (2012), 3.

⁶⁸ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 7, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 29 November 1942.

⁶⁹ SADVA, PP, houer 57, sub-lêer A1, Verslag van propagandateorie, “Lecture on propaganda by J.B. Bruce”.

⁷⁰ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 3 Februarie 1942.

⁷¹ A.W. Purdue, *European history in perspective: The second world war*, 2de uitgawe (New York, Palgrave Macmillan, 2011), 137.

⁷² SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 31 Desember 1942.

berigte het verklaar dat die parlement minder as ooit 'n stem van die volk is.⁷³ 'n Uitsending vroeg in 1942 het ook berig oor die anti-kommunistiese bewegings onder die Afrikaners. Die “boere kerke” soos dit verwoord is, het van die regering geëis om ondersoek in te stel en maatreëls daar te stel rondom kommunistiese bewegings. Met die weiering van hierdie versoek het Radio Zeesen dit as nog 'n voorbeeld van Smuts se verraad teenoor die volk bestempel en enkele aanhalings van Afrikaners is gebruik om te impliseer dat die hele Afrikaner bevolking ontevrede is met Smuts.⁷⁴

Smuts het ook baie kritiek ontvang weens sy oorlogsbeleide. Tydens 'n nuusberig oor die arrestasie van bykans 300 polisielede in Johannesburg, word die oorlogsmaatreëls beskryf as “verregaande maatreëls (sic),” “drakoniese maatreëls (sic)” en Smuts se geaardheid is gelyk gestel aan Stalin se “despotiese karakter”.⁷⁵ Die betrokkenheid van swart troepe in die weermag is gekritiseer as 'n vernedering van die “prestige van die blanke ras in Afrika” en 'n “tipies Joodse beskouing” wat die mure tussen rasse sou afbreek.⁷⁶ Die bewapening van hierdie troepe is ook op so 'n manier berig dat dit ongetwyfeld 'n mate van paniek onder die Afrikaners sou saai, selfs al het die bewapening nie realiseer nie. Dit is beskryf as 'n belofte wat Smuts verbreek het, as deel van sy samewerking met die Britte. Die berig eindig deur te sê dat dit net weer soos die Anglo-Boereoorlog is, waar gekleurde regimente gestig word om “orals te moor en dood te slaan”.⁷⁷

Verder is daar ook berig dat Smuts oneerlik is rakende die hoeveelheid Suid-Afrikaanse troepe wat gesneuwel het en dat die getal lewens wat geëis is, eintlik baie hoër is.⁷⁸ Só 'n aantyging sou waarskynlik die bestaande wantroue in die regering vererger en die sentiment bevestig dat Afrikaner troepe sterf in 'n Britse oorlog. Daarby het dit ook weer aandag gefokus op die feit dat soldate nie buite Suid-Afrika se grense wou veg nie en dat dit meer 'n gevaar is vir die Afrikaners as 'n voordeel. Die volgende aanhaling dien as voorbeeld:

⁷³ SADVA, ZB, houer 6, lêer WR65/9/43, vol. 11, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 6 Maart 1943.

⁷⁴ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 26 Januarie 1942.

⁷⁵ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 21 Januarie 1942.

⁷⁶ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 24 Januarie 1942.

⁷⁷ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 21 Januarie 1942.

⁷⁸ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 22 Januarie 1942.

*Die gevaar vir S.A. se beskawing kom van 'n ander kant, Mnr. Smuts. Dit kom van die Anglo-Sakse-Joodse wêreld en veral van sulke verraaiers soos uself. As daar 'n spook is waarvoor die Boer bang behoort te wees, dan is dit u. Duitsland, Italië en Japan het nog nooit vir S.A. bedreig nie. Net u vermetelheid en domastrantheid, Mnr. Smuts, kry dit reg om te glo dat die Boer u sal glo dat u troepe ter verdediging van blanke Suid-Afrika na die Noorde gestuur het.*⁷⁹

Die ekonomiese agteruitgang van Suid-Afrika is ook aangevoer deur te verkondig dat 'n ekonomiese depressie die gevolg van Suid-Afrika se deelname aan die oorlog sal wees. Die styging in oorlogsuitgawes en -skuld, tesame met hoë belasting, is gebruik om die bestaande kommer van ekonomiese verval verder te kweek en ook sodoende wantroue in Smuts en die Britse regering te versprei.⁸⁰ Klem is geplaas op gevolge van die oorlog, soos armoede, hoë lewenskostes en algemene ontevredenheid onder die bevolking.⁸¹

Daarteenoor is die Duitse ekonomie geskets as 'n florerende een. Die finansiële ineenstorting van die Duitse ryk was, volgens berigte op Radio Zeesen, slegs 'n illusie en dus nie iets waarop die geallieerde magte moes hoop nie.⁸² Duitse nuusblaaie wat berig oor die uitstekende toestande in Duitsland, se inhoud is ook herhaal op Radio Zeesen en het byvoorbeeld verklaar dat die ekonomie sowel as die voedselsekerheid in Duitsland voortdurend verbeter.⁸³ Statistiese navorsing dui egter die teendeel aan. Teen 1941, byvoorbeeld, het die styging in lewenskostes en daling in voedselwaarde duidelik geraak.⁸⁴ Boonop is talle Duitse stede vernietig deur bomme tydens die oorlog,⁸⁵ wat ook die kontras tussen die realiteit van Duitsland en dit wat deur propaganda beskryf is, weereens beklemtoon. Die nuus wat Radio Zeesen vanaf internasionale bronne gekry het, is egter so benader dat wanneer dit van Duitsland kom, word

⁷⁹ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 17 Desember 1941.

⁸⁰ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 7, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 29 November 1942.

⁸¹ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 31 Desember 1942.

⁸² SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 4 Februarie 1942.

⁸³ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)", 31 Desember 1942.

⁸⁴ M. Harrison (ed.), *The economics of WWII: Six great powers in international comparison* (Cambridge, Cambridge University Press, 1998), 153.

⁸⁵ Kyk byvoorbeeld A.C. Grayling, *Among the dead cities: The history and moral legacy of the WWII bombing of civilians in Germany and Japan* (New York, Bloomsbury, 2007).

die berig as feitelik en objektief voorgelees, terwyl nuus van Engeland as propaganda of leuens beskryf word. Die verwerping van sekere nuus het strategies die anti-Britse sentiment verhoog.

Die Engelse invloed en kultuur in Suid-Afrika word ook in 'n praatjie beskryf as 'n parasiet wat die Afrikaanse “volksboom” vernietig⁸⁶ en daar word aangevoer dat die algemene Afrikaner glo dat Britse imperialisme 'n struikelblok vir Afrikaners se nasionale aspirasies inhou.⁸⁷ Radio Zeesen het hierdie idee gevoed met stellings soos: “Onthou 'n nederlaag vir Smuts en sy empire siel, d.w.s. 'n oorwinning van Duitsland en die jong volkere beteken 'n indirekte oorwinning vir die boeredom en die nasionale Afrikaner strewe [sic]”.⁸⁸

Die verdeeldheid onder Afrikaners is selde genoem of bespreek in Radio Zeesen se berigte, maar wanneer dit wel genoem is, is dit toegeskryf as 'n produk van die Britse verdeel-en-heers strategie om die “Boere volk” (sic) te beheer.⁸⁹ Die verskille onder Afrikaners word dus nie oorweeg in terme van politieke, sosiale of ekonomiese omstandighede nie, maar die Britse ryk word eerder blameer om die bestaande anti-Britse sentimente te verhoog. Marx wys ook die sondebok-strategie uit in Radio Zeesen se propaganda.⁹⁰

Herinneringe van die Anglo-Boereoorloë is ook gereeld geopper tydens Radio Zeesen se uitsendings om bestaande anti-Britse gevoelens verder te eskaleer. Daar word byvoorbeeld in 'n uitsending van vroeg 1942 verwys na die “moord van 26 000 onskuldige vrouens en kinders en die verwoesting van die land”.⁹¹ Die Britse mag word ook deur herinnering van die Anglo-Boereoorloë gekritiseer, deur aan te voer dat so 'n groot ryk baie lank gevat het om oorwinning oor 'n klein volkie te behaal. Die uiteindelijke oorwinning word ook toegeskryf slegs aan die “brutaalste en gewelddadigste optrede teen die weerlose burgerbevolking”.⁹²

⁸⁶ SADVA, ZB, houer 2, lêer WR65/9/41, vol. 3, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, Junie 1942.

⁸⁷ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 7, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 19 November 1942.

⁸⁸ SADVA, ZB, houer 2, lêer WR65/9/41, vol. 3, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 25 Junie 1942.

⁸⁹ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 2 Januarie 1943.

⁹⁰ Marx, “Dear listeners in South Africa”, 155.

⁹¹ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 4 Februarie 1942.

⁹² SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 3 Februarie 1942.

Die uitsendings van Radio Zeesen bevat dus 'n sterk anti-Britse propaganda boodskap wat daarop gemik was om bestaande sentimente te verhoog. Die gebruik van anti-Britse propaganda het ook die gevoel versterk dat die Afrikaner homself eerste moet stel en neutraal moet bly in die oorlog. Deur hierdie sentimente te kweek, het Radio Zeesen ook 'n impak gehad op die versetbeweging teen die oorlog en 'n rol gespeel in die bevordering en ondersteuning daarvan.

3.4 Die rol van Radio Zeesen in verset

Radio Zeesen se gewildheid is grootliks bepaal deur suksesvol aanklank te vind by die massas, wat dit in staat gestel het om 'n noemenswaardige invloed op Afrikaners se verset uit te oefen. Die sentimente wat Radio Zeesen gesteun en aangehits het, was gebaseer op die algemene Afrikanerpubliek se oningeligte opinies, eerder as dié van 'n klein groep van die intellektuele elite. Hierdie benadering om by die massas aanklank te vind, was nie net eie aan Radio Zeesen nie, maar was 'n kenmerkende strategie van Nazi-propaganda oor die algemeen. Hitler het self ook belangrikheid van propaganda as 'n middel wat gerig is op die massas, aangevoer:

*The more modest the scientific tenor of this propaganda and the more it is addressed exclusively to public sentiment, the more decisive will be its success. This is the best test of the value of a propaganda, and not the approbation of a small group of intellectuals or artistic people. The art of propaganda consists precisely in being able to awaken the imagination of the public through an appeal to their feelings, in finding the appropriate psychological form that will arrest the attention and appeal to the hearts of the national masses.*⁹³

Marx argumenteer dat Goebbels en Hitler se filosofieë oor propaganda soortgelyk was en aangesien Goebbels die minister van propaganda was, kan materiaal van Radio Zeesen ook daarvolgens geanaliseer word. Marx se werk bevestig ook dat Duitse propaganda op bestaande vooroordele en bekommernisse gebaseer is, eenvoudige verduidelikings gegee het vir tydgenootlike probleme en ook gereeld die blaam op skynbare sondebokke geplaas het⁹⁴. Deur hierdie strategieë te rig op die algemene Afrikanermassa, het Radio Zeesen dit reg gekry om 'n spanning te verhoog en 'n gevoel van verset uit te lok, wat ook in sekere gevalle omgesit het tot versetaksie. Monama het ook in sy navorsing, wat sterk op argivale bronne berus het, bevind

⁹³ A. Hitler, *Mein Kampf*, trans. J. Murphy (Slough, Archive Media Publishing, 2011).

⁹⁴ Marx, "Dear listeners in South Africa", 155.

dat Radio Zeesen beskou is as die hoofrede vir voortgesette interne verdeeldheid en anti-oorlogsgevoelens.⁹⁵

Die Radio Zeesen span in Duitsland het gereeld terugvoer gekry vanaf Suid-Afrika – nie net deur die kommunikasienetwerke wat aan Radio Zeesen nuus gebring het rakende die stand van sake in Suid-Afrika nie, maar ook deur die briewe van die luisteraars. Hierdie briewe het die Duitsers ook ingelig van hoe die propaganda in Suid-Afrika ontvang word en wat die effek daarvan is.⁹⁶ Sodoende was daar ook 'n manier om die gemoed van die Afrikaners te monitor en die propaganda daarvolgens aan te pas. Le Roux byvoorbeeld, beklemtoon ook die feit dat suksesvolle propaganda se “arsenaal” gebou word op die heersende gemoed van die tyd.⁹⁷ Radio Zeesen was besonders gewild onder die Afrikaners⁹⁸ en die regering se pogings om teen-propaganda te genereer om Radio Zeesen se invloed te strem, was van so 'n minderwaardige gehalte dat dit juis net meer steun vir Radio Zeesen gewerf het.⁹⁹ Monama argumenteer ook dat Hertzog nie aktief opgetree het teen groeiende Duitse invloed in Suid-Afrika nie, wat bygedra het tot die regering se onvoorbereidheid om ondermynende propaganda teen te werk. Die Suid-Afrikaanse Uitsaaï Korporasie (SAUK) was byvoorbeeld 'n baie jong stasie wat eers in 1936 begin uitsaaï het, terwyl Radio Zeesen al sedert 1933 na Suid-Afrika uitgesaaï het.¹⁰⁰ Die SAUK kon nie nuus so effektief soos Radio Zeesen genereer nie, veral in terme van internasionale bedrywighede.¹⁰¹ Boonop het die SAUK grootliks in Engels uitgesaaï en gereeld op Britse belange gefokus, wat die Afrikaanse luisteraars laat voel het dat hulle behoeftes afgeskeep word.¹⁰² Die gevoel onder Afrikaners was dat Suid-Afrika se nuus deur Brittanje en die British Broadcasting Corporation (BBC) beheer word.¹⁰³ Dit het dus bygedra tot Radio Zeesen se gewildheid, omdat Radio Zeesen spesifiek in Afrikaans uitgesaaï het. Radio Zeesen

⁹⁵ Monama, “Marshalling a splintered society”, 38-39.

⁹⁶ Marx, “Dear listeners in South Africa”, 170.

⁹⁷ A. le Roux, “The Union of South Africa propaganda campaigns during the World War II”, *Kinema*, Fall (2012), 3.

⁹⁸ F.L. Monama, “‘Blind’ warfare: Radio propaganda dynamics in South Africa during the Second World War”, *Historical Journal of Film, Radio and Television*, 42, 4 (2021), 5. Sien ook F.L. Monama, “Marshalling a Splintered Society: Censorship, publicity and propaganda in South Africa during the Second World War”, *Historia*, 67, no. 2 (2022), 37.

⁹⁹ Marx, “Dear listeners in South Africa”, 171 & Monama, “‘Blind’ warfare”, 7.

¹⁰⁰ F.L. Monama, “Marshalling a splintered Society: Censorship, publicity and propaganda in South Africa during the Second World War”, *Historia*, 67, no. 2 (2022), 45.

¹⁰¹ R. Teer-Tomaselli, “In service of empire: The South African Broadcasting Corporation during World War II”, *Critical Arts*, 28, no. 6 (2014), 881.

¹⁰² Teer-Tomaselli, “In service of empire”, 883.

¹⁰³ Furlong, “Pro-Nazi subversion”, 29 & Monama, “‘Blind’ warfare”, 7.

het dus die voordeel gehad, deurdat dit as die mees betroubare bron beskou is vir die Afrikaner se belange.

Die uitsaai van internasionale nuus sowel as spesiale programme in Afrikaans het 'n waardigheid van die taal impliseer. Radio Zeesen het byvoorbeeld ook uitgesaai dat Suid-Afrikaanse krygsgevangenes in Duitsland hulle briewe in Afrikaans mag skryf en dat die briewe ook in Afrikaans oor die radio uitgesaai word. In dieselfde berig word luisteraars ook herinner dat die Duitse radio die eerste radio buite Afrika en dus die eerste land ter wêreld was, na Suid-Afrika, om Afrikaans as taal te erken.¹⁰⁴ Op hierdie gedagte het die gevoel gegroei dat Smuts en die Britse ryk nie die Afrikaner genoegsame erkenning gee nie en nie hulle belange op die hart dra nie – nie kultureel óf in die oorlog nie.

Die erkenning van Afrikaans as waardige taal was iets wat vir Afrikanernasionaliste baie belangrik was en dus deel gevorm het van Radio Zeesen se sukses om luisteraars te beïnvloed. Boonop het Radio Zeesen 'n aansienlike gehoor bereik onder die Afrikaners. 'n Oud-Ossewabrandwag lid, D.W. Kruger, getuig dat saans wanneer Radio Zeesen uitgesaai het, “het feitlik al wat Afrikaner is, ingeluister en elke Duitse oorwinning toegejuig.”¹⁰⁵ Selfs diegene sonder persoonlike radiotoestelle het na Radio Zeesen geluister deur in groepe te vergader rondom 'n radio en soms is die uitsendings oor 'n telefoon gespeel sodat ander Afrikaners ook kan luister.¹⁰⁶ Hierdie feit is belangrik, omdat dit uitwys dat die verset-boodskap wydverspreid was. Selfs in die interneringskampe, waar radio's verbied is, het sommige van die geïnterneerdes stukkies van Radio Zeesen se uitsendings in die vorm van konserte opgevoer.¹⁰⁷ Verset is ook aangemoedig op grond van die kollektiewe vyand, met ander woorde, die magte wat Suid-Afrika bedreig het tesame met die oorlog. 'n Voorbeeld hiervan is die boodskap dat Bolsjewisme teengestaan moet word. Die Smutsregering is, soos voorheen genoem, sterk geassosieer met die verspreiding van kommunisme in die land en gevolglik moes daar ook verset teen die Bolsjewiste aangemoedig word om die oorlogspoging in die wiele te ry. 'n Voorbeeld van so 'n boodskap op Radio Zeesen lui:

¹⁰⁴ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 7, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 2 Desember 1942.

¹⁰⁵ OBA, TO, houer 6, band 155, herinneringe van prof. D.W. Kruger, 9 Februarie 1978, 4.

¹⁰⁶ Monama, ““Blind’ warfare””, 5.

¹⁰⁷ A. la Grange, “Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies op die Ossewa-Brandwag teen die agtergrond van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, 1939-1948” (MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit, 2020), 140.

*’n Volks beweging is daartoe nodig. Wat van onder af begin. Die Bolsjewisme daar aanpak waar hy moet aangepak word. En nie deur slim praatjies in die parlement al is dit miskien skynbaar in die belang van die land, die Bolsjewisme probeer verwyder of eenvoudig uit die wêreld praat nie.*¹⁰⁸

Hierdie tipe praatjie se boodskap is veelseggend. Daar word aangemoedig om ’n volksbeweging te begin, altans ’n versetbeweging, van onder af – wat impliseer dat dit die alledaagse Afrikaner is wat gekant is teen die oorlog, wat dit moet lei. Die boodskap word oorgedra dat die regering nie noodwendig die land se belange eerste stel nie en dat blote praatjies nie genoeg is nie. Daar word dus geïmpliseer dat versetaksie nodig is. Op ander geleenthede is verset teen Smuts aangemoedig deur te verklaar dat Smuts ’n aardsverraaiër is wat deur die “boeredom” sy verdiende loon toegeken moes word.¹⁰⁹ Sulke stellings blyk daarop gemik te wees om die Afrikaner se gevoelens van verset te versterk.

Afrikaners is ook aangemoedig om tydens die verkiesing van Julie 1943 teen die Smutsregering te stem. Die verkiesing is bevorder as ’n geleentheid vir die Afrikaners om te antwoord op Smuts se oorlogsbeleide en die agteruitgang, swaarkry en nasionale verval wat daardeur veroorsaak is. Dit is beskryf as ’n “volks protes teen die oorlog makers (sic)”.¹¹⁰ Die leuse “Geen stem vir Londen of Washington, geen stem vir die Jodedom en bolsjewiste (sic). Elke stem vir Suid-Afrika” is ook gereeld uitgesaai.¹¹¹ Die verkiesingsboodskappe het gereeld voor die verkiesingsdatum op Radio Zeesen verskyn en was elke maal ’n emosionele praatjie wat dieselfde propagandategnieke ingespan het as wat gebruik is om ander pro-Duitse en anti-Britse sentimente te kweek. Daar is elke keer beelde opgeroep van die ellende wat deur die oorlog aan Suid-Afrika gebring is. Smuts, die Britte, Jode en Bolsjewiste is afgemaak as die vyand van die Afrikanervolk wat beveg moet word tydens die verkiesing as vorm van volksprotes. In die transkripsie van die uitsending wat plaasgevind het tydens 6 Julie 1943, kan daar ook aantekeninge gelees word wat verduidelik dat Neef Holm tydens die praatjie geskree

¹⁰⁸ SADVA, ZB, houer 6, lêer WR65/9/43, vol. 11, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 6 Maart 1943.

¹⁰⁹ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 24 Januarie 1942.

¹¹⁰ SADVA, ZB, houer 7, lêer WR65/9/43, vol. 14, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 12 Junie 1943.

¹¹¹ SADVA, ZB, houer 7, lêer WR65/9/43, vol. 14, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 8 Junie 1943.

het eerder as gepraat het en dat die berig afgesluit is met Die Stem van Suid-Afrika.¹¹² Die persoonlike passie vir die Suid-Afrikaanse belange kom sterk na vore. Die doel van hierdie uitsendings was dus waarskynlik nie om die Suid-Afrikaners bloot te herinner aan die verkiesing nie, maar eerder om die anti-Britse, anti-oorlogsgesinde en pro-Duitse Afrikaners spesifiek te beïnvloed, op te sweep en tot aksie aan te spoor met die hoop dat die verkiesing die oorlogspoging sou benadeel.

Aksie is ook aangemoedig deur met tye die regering se tekort aan optrede te kritiseer. Bendegegeweld in die stede is byvoorbeeld bespreek deur te verwys na die oneffektiewe optrede daarteen, wat ook aansluit by die kweek van twyfel in die militêre mag. Daar is aangevoer dat geweld slegs met geweld beveg kon word.¹¹³ Soortgelyk is diegene wat die regering se weiering om strenger teen kommunisme op te tree bejeën het, deur Radio Zeesen beskryf as “Afrikaner vegsman” en “Boere vegsman”.¹¹⁴ Die bewoording is interessant, omdat dit die regering as ’n passiewe rolspeler afmaak en impliseer dat die persone wat verset wil toon daarteen, geregig en dapper stryd is.

Radio Zeesen het ook die Afrikanervrou as unieke luisteraar uitgesonder. Dit kan waargeneem word in die sogenaamde “praatjies” van Radio Zeesen se uitsendings wat spesifiek vir vroue saamgestel is. Die rol van Afrikanervroue in verset teen die oorlog, is reeds voorheen geskets en Radio Zeesen het met die rol van vroue ook strategies te werk gegaan. Die oogmerk vir Radio Zeesen was nie om aktiewe, radikale verset onder vroue aan te moedig nie maar eerder te fokus op vroue se rol as invloedryke moeders en versorgers en die idee van verset subtiel te bevorder in die vroulike gedagtegang.

Die praatjies wat spesifiek op vroue gerig is, het gereeld temas gedek wat aansluit by die Afrikanernasionalistiese idee van die vrou se plig en invloed op die volk. In een so ’n praatjie word byvoorbeeld vertel hoe vooruitstrewend vroue in Duitsland is. Daar word gesê dat die Duitse vroue toegelaat word om in alle industrieë te werk terwyl daar ook voorsiening gemaak word vir die vrou om haar moederlike en huishoudelike pligte na te kom. Die vrou werk, volgens die praatjie, met vroulike insig naas die man om “euwels te bestry en op bouende [sic]

¹¹² SADVA, ZB, houer 8, lêer WR65/9/43, vol. 15, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 6 Julie 1943.

¹¹³ SADVA, ZB, houer 8, lêer WR65/9/43, vol. 16, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 21 Augustus 1943.

¹¹⁴ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 26 Januarie 1942.

werk te doen”.¹¹⁵ Die rol van die vrou in die handhawing van ’n kulturele lewe ten midde van modernisasie word ook bevorder. Die vrou word beskryf as ’n beskermster teen die gevare vir die volkslewe. Op hierdie manier word die ooreenkoms tussen die waardes van Afrikaner en Duitse vroue subtiel aangevoer en die vrou se agentskap om verset te toon teen negatiewe invloede, gepropageer. Die vrou se rol as moeder tydens die oorlog, is ook herroep deur praatjies te lewer oor die vrou se rol in gebeurtenisse soos die Groot Trek. Die vrou se vermoë om kinders te baar en as Afrikaners groot te maak, word uitgebeeld as ’n doeltreffende manier vir die vrou om verset teen die Britse ryk te toon – beide in geskiedenis en tydens die oorlog.¹¹⁶ Afrikanervroue het dus ’n noemenswaardige rol in aktiewe en passiewe verset teen die oorlog gespeel en veral hulle betrokkenheid by die Ossewabrandwag se versetaksies, is reeds deur historici soos C. Blignaut en A. La Grange uitgewys.¹¹⁷ Daar is dus ’n ooreenkoms tussen die verset-taal vir vrouens vanaf Radio Zeesen en vanaf die Ossewabrandwag.

Net soos wat die Anglo-Boereoorloë byvoorbeeld gebruik is om anti-Britse sentimente te verhoog, is die geskiedenis van die Afrikaner gereeld geïnkorporeer as deel van die propagandastrategie om protes aan te moedig. In ’n berig van Radio Zeesen word die Vrede van Vereeniging van Mei 1902 opgeroep as ’n voorbeeld. “Hegte Afrikaners” met ’n “dapper houding” soos generaals K. de la Rey, C. Beyers en C. De Wet word geloof vir hulle “vasberade verset en protes” teen die onderhandeling van die Vrede van Vereeniging. Hierdie protes word uitgebeeld as ’n kenmerk van voortreflike Afrikaner karakter en daar word aangevoer dat dit moet dien as voorbeeld vir alle jong Afrikaners.¹¹⁸ Die verhaal van D. Uys is ook in ’n praatjie herroep as voorbeeld van ’n Afrikanerheld. Die verband word getref tussen ’n beeld van Uys

¹¹⁵ SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 29 Januarie 1942.

¹¹⁶ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 11 Januarie 1943.

¹¹⁷ Sien byvoorbeeld C. Blignaut, “Volksmoeders in die kollig: ’n Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938 tot 1954” (MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit, 2012); C. Blignaut, “‘Rebelle sonder gewere’: Vroue se gebruik van kultuur as versetmiddel teen die agtergrond van die Ossewa-Brandwag se dualistiese karakter,” *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, 30, no. 2 (2016), 109-131 & C. Blignaut, “‘Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!’: Die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag se verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog”, *Historia*, 57, no. 2 (2012), 68-103 & A. la Grange, “Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies op die Ossewa-Brandwag teen die agtergrond van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, 1939-1948” (MA-verhandeling, Noordwes-Universiteit, 2020).

¹¹⁸ SADVA, ZB, houer 2, lêer WR65/9/41, vol. 3, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 3 Junie 1942.

wat onverskrokke vir sy volk geveg het teen die Zulu's, en die jong Afrikaners wat aangemoedig word om ook vas te staan in 'n stryd teen Britse belange.¹¹⁹

Radio Zeesen het ook 'n rol gespeel om verset aan te moedig deur die luisteraars gereeld te herinner aan die weerstandsbewegings teen die oorlog en dit te prys. Daar is byvoorbeeld berig oor herhaaldelike anonieme briewe wat ontvang is deur persone wat oorweeg het om by die leër aan te sluit. Volgens Radio Zeesen was sulke persone op die punt om gehoor te gee aan “aanwerings propaganda van die regering” maar die anonieme briewe het hulle herinner dat hulle dan as verraaiers beskou sou word. Een van die briewe se inhoud is ook oor Radio Zeesen uitgesaai en lui as volg:

*Mede Afrikaner, ek het verneem dat u ernstig daaraan dieee [dink] dink om by die troepe aan te sluit, vir Engeland te veg. Mede Afrikaner, onthou die soldate wat Smuts na die Noorde stuur veg vir die vyande van ons land en van ons volk. Suid-Afrika word intussen meer en meer van uitlanders en ander parasiete uitgelewer. Dit is 'n kritieke tydperk, en in kritieke tye is jou plig in jou eie land en by jou eie mense. As jy nou by die leër aansluit en vir die Britse imperialiste veg, dan pleeg jy verraad. Ek sal jou verag. Jou buurman sal jou verag, en alle reggeskape Afrikaners sal jou verag as jy dit doen. Ons sal jou ons veragting laat voel. Al te veel Afrikaners veg alreeds vir die internasionale geldmag van die Britte, die Amerikaners en die Jode. Baie het nie betyds bewus daarvan geword dat hulle sodoende teen hulle eie volk veg nie. Maar jy is gewaarsku. As jy ook tot die vyand oorgaan sal jy daarvoor boet.[sic]*¹²⁰

Sulke nuusbrokkies het meer ten doel gehad as om blote nuus te verkondig, dit kan ook beskou word as 'n poging om 'n wyer gehoor te oortuig dat Afrikaners wat die oorlog steun, as volksverraaiers gesien sal word en dat intimidasie sal volg. Uittreksels van artikels met dieselfde tipe verset-boodskap is ook oor die radio uitgesaai en verkondig byvoorbeeld dat die Duitsers die Afrikaners as vriende en kamerade sal beskou, solank as wat die Afrikaners eerder in “tronke en konsentrasiekampe gaan sit as om hulle volk aan die imperialistiese verraaiers te gee”.¹²¹ Deur so 'n boodskap te herhaal word die indruk weereens geskep dat verset teen die

¹¹⁹ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 28 Desember 1942.

¹²⁰ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 7, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 29 November 1942.

¹²¹ SADVA, ZB, houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 2 Januarie 1943.

oorlog oral onder Afrikaners aangevoer word en dat dit meer eerbaar is as om by die oorlogspoging aan te sluit. Die verwysing na tronke en konsentrasiekampe is ook noemenswaardig omdat dit die tronke en interneringskampe tydens die oorlog nie net kritiseer nie, maar ook herinnering opwek van die Tweede Anglo-Boereoorlog se konsentrasiekampe. Die interneringsbeleide is dus vergelyk met konsentrasiekampe in die Anglo-Boereoorlog,¹²² en het bygedra tot die emosionele opsweping van Afrikaners wat verset teen oorlogsdeelname getoon het.

Soortgelyk is daar ook berig oor strooibiljette wat in stede in Suid-Afrika verskyn het, wat aantygings teen die oorlogspoging gemaak het – byvoorbeeld dat daar lede van die *Royal Air Force* is wat nie deelneem aan die oorlog nie, dat die Jode wins uit die oorlog maak en wat oor die algemeen die “waarheid” van die oorlogskorrupsie uitbeeld. Radio Zeesen se vertelling van hierdie gebeurtenis steun duidelik die opstel en verspreiding van die strooibiljette, en die owerhede se ontevredenheid daarmee is met sarkasme beantwoord deur te sê dat dit deesdae ’n misdadig is om die waarheid te verkondig.¹²³ Bewegings soos die Ossewabrandwag is ook deur Radio Zeesen gesteun en verdedig teen die aanvalle van die Britse pers. Wanneer negatiewe kommentaar oor die Ossewabrandwag byvoorbeeld verskyn het, het Radio Zeesen ook daardie uitspraak vinnig daarna gediskrediteer.¹²⁴ Sodoende het Radio Zeesen bygedra om enige oorlogse propaganda teen te werk en te verhoed dat die Afrikaanse luisteraars vertroue verloor in die versetbewegings.

Radio Zeesen se rol in verset was dus grootliks om enige versetaksies te regverdig, goed te keur en daarop te reageer op so manier dat ’n herhaling daarvan aangemoedig word. Die geheime kommunikasienetwerke was weereens sleutel tot Radio Zeesen se sukses, omdat nuus oor die gemoedstoestande en bewegings onder die Afrikaners effektief oorgedra is. Radio Zeesen het grootliks staatgemaak daarop om bestaande verset aan te moedig en kommentaar daarop te lewer, eerder as om ’n oorspronklike boodskap van verset te verkondig.

¹²² F.L. Monama, “Marshalling a splintered society: Censorship, publicity and propaganda in South Africa during the Second World War”, *Historia*, 67, no. 2 (2022), 37.

¹²³ SADVA, ZB, houer 8, lêer WR65/9/43, vol. 16, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 21 Augustus 1943.

¹²⁴ Sien byvoorbeeld SADVA, ZB, houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 31 Januarie 1942.

3.5 Gevolgtrekking

Radio Zeesen se propaganda het 'n onontkenbare rol gespeel in die kweek van pro-Duitse en anti-Britse gevoelens. Hierdie sentimente was reeds teenwoordig in Suid-Afrika onder die Afrikaners en het die raamwerk gevorm waarop Radio Zeesen se propaganda gebou is. 'n Strategiese kombinasie van temas en tegnieke is gebruik om pro-Duitse en anti-Britse gevoelens te versterk. Daar is klem geplaas op die Duitse konneksie met die Afrikaners deur die ideologiese, kulturele, politiese en morele ooreenstemmings tussen die twee lande te propageer. Aspekte soos 'n wedersydse respek vir die ander se kultuur, gedeelde republikeinse strewe en gemeenskaplike vyande (byvoorbeeld kommuniste, Jode, Britte, Amerikaners) is gereeld gebruik om die Duitse konneksie duidelik aan luisteraars oor te dra en sodoende pro-Duitse gevoelens te kweek.

Verder is daar ook klem geplaas op die Duitse vooruitgang van die dertigerjare en die oorwinnings wat deur Duitsland tydens die oorlog behaal is. Die illusie is geskep dat Duitsland onoorwinbaar is, die oorlog sal wen en dat so 'n oorwinning Suid-Afrika sal baat. Sodoende is pro-Duitse gevoelens selfs verder bevorder.

Radio Zeesen het ook propaganda versprei wat bestaande anti-Britse sentimente bevorder het. Omdat die anti-Britse gevoel byna sinoniem was met anti-oorlog en anti-Smuts, was daar 'n wye reeks temas wat vir propaganda gebruik kon word. Dit het byvoorbeeld ingesluit kritiek teenoor die Britse heerskappy, uitbuiting en afhanklikheid, asook kritiek teenoor Smuts se regering en oorlogsbeleide. Die gebruik van geskiedenis was ook prominent om bestaande anti-Britse gevoelens verder te kweek. Emosionele beelde van gebeurtenisse soos Britse kolonisasie, die Anglo-Boereoorloë en die 1914 Afrikaner Rebelle het gereeld die luisteraars herinner aan die Afrikaner se stryd in geskiedenis. Hierdie beelde het die Britte as een van die hoof sondebokke vir die Afrikaner se nederlae aangedui, wat 'n algemene propagandategniek van Radio Zeesen was.

Ander tegnieke wat bygedra het tot die sukses van Radio Zeesen se propaganda, was die gebruik van Afrikaans as uitsaaitaal, vinnige en selektiewe verkondiging van nuus en herhaling van dieselfde boodskappe in eenvoudige taal. Boonop het die keuse om op bestaande vrese en probleme te werk bygedra tot die Afrikaners se bereidwilligheid om teen die oorlog verset te toon.

Deur effektiewe propaganda kon Radio Zeesen 'n rol in verset teen die oorlog speel. Dade, gedagtes en gevoelens van verset is aangemoedig en geprys wanneer dit plaasgevind het. Die uiteindelijke doel hiervan was om Suid-Afrika se oorlogspoging te belemmer en 'n klimaat te skep waar Suid-Afrika as gevolg van die interne situasie, so neutraal as moontlik sou bly.

Die verset wat deur Afrikaners getoon is, was genoeg om Smuts senuweeagtig te maak, selfs wanneer daar in publiek verklaar is dat die versetbeweging nie 'n saak van kommer is nie.¹²⁵ Daar is egter nie 'n empiriese maatstaf om te bepaal hoeveel van die verset deur Radio Zeesen veroorsaak is nie, maar vanweë die effektiewe behartiging van propaganda en getuienis van Radio Zeesen se gewildheid onder die anti-oorlogsgesinde Afrikaners, kan daar afgelei word dat die propaganda van Radio Zeesen op vrugbare grond geval het en dat die spanning genoeg verhoog het om verset aan te moedig.

Die georganiseerde propaganda van Radio Zeesen was nie net 'n ledemaat van die oorhoofse Duitse propagandamasjien gelei deur figure soos Hitler en Goebbels nie, maar was ook grootliks beïnvloed deur die uitsenders van die radiostasie wat elkeen 'n unieke invloed daarop gehad het. Die minder bekende rolspelers word gereeld in geskiedenis afgeskeep en tot dusver was daar nog geen poging aangewend om die Afrikaanse omroeperspan van Radio Zeesen ten volle in te sluit by besprekings van die geskiedenis van Radio Zeesen in Suid-Afrika nie. Die volgende hoofstuk sal dus fokus op die ervarings van die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen.

¹²⁵ Furlong, "Pro-Nazi subversion", 27.

HOOFTUK 4: DIE PERSOONLIKE WEDERVARINGS VAN AFRIKANEROMROEPERS BY RADIO ZEESEN TYDENS DIE TWEDE WÊRELDOORLOG

4.1 Inleiding

Radio Zeesen se propaganda-uitsendings na Suid-Afrika is grootliks beïnvloed deur die Afrikaanse omroepers wat by die stasie diens gedoen het tydens die oorlog. Elke omroeper se persoonlikheid en vaardighede het bygedra tot die algehele karakter van Radio Zeesen se Afrikaanse uitsendings. Die omroepers is inderdaad 'n onlosmaaklike deel van die Afrikaanse uitsendings, tog word die Afrikaanse omroepers nie in vorige studies in diepte bespreek nie. Dit kan gedeeltelik toegeskryf word aan die beperkte inligting wat tot dusver oor die omroepers beskikbaar was. Hierdie leemte sal egter in die onderstaande hoofstuk aangevul word deur die optimale gebruik van primêre materiaal, insluitend nuwe materiaal wat nog nie voorheen deur historici gebruik is nie.

Die leemte in verband met die omroepers wys egter ook 'n wyer tendens in geskiedskrywing uit, naamlik dat figure wat “agter die skerms” gewerk het tydens geskiedkundige gebeurtenisse dikwels oorgeslaan word. Dit is belangrik om sulke figure as aktiewe rolspelers eerder as passiewe bystanders in geskiedenis te beskou. Sonder die menslike komponent sou Duitsland se propaganda nie deurgevoer kon word nie. Juis vir hierdie rede sal hierdie hoofstuk sy fokus vernou na die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen en hulle ervarings word in die kollig geplaas.

Met die oog op erkenning van randfigure by Radio Zeesen moet daar egter ook kortliks melding gemaak word van 'n paar ander werknemers wat ook by die stasie se Afrikaanse afdeling gedien het. Dit sluit in W. en M. Radley, 'n Suid-Afrikaanse paartjie wat ook in Duitsland studeer het toe die oorlog uitbreek het. Die paartjie is deur W. Gröhe, die bestuurder van die Afrikaanse afdeling van Radio Zeesen, genader om by die stasie te werk. Mnr. Radley het propagandastukke vir die uitsendings geskryf en uitgesaai en sy vrou was aanvanklik betrokke by die vertaling van berigte van Duits na Afrikaans. Later het albei saam gewerk aan die skryf

en uitsending van propaganda.¹ Die Radleys het ook as boodskappers tussen Duitsland en Suid-Afrika gedien en elkeen het 'n boodskap ontvang wat van die Duitse regering na D.F. Malan oorgedra moes word.² Die Radleys het dus tydens die oorlog nie net by die radiostasie gedien nie maar ook deel gevorm van die kommunikasienetwerke tussen Duitsland en nasionaalgesinde Afrikaners.³

Nog 'n randfiguur van Radio Zeesen se Afrikaanse span was E.W. Becker. Becker was 'n Duitse burger wat in Suid-Afrika by die Stellenbosch Universiteit studeer het en dus Afrikaans taalmagtig was. Hy het onder die skuilnaam Neef Sagie op Radio Zeesen uitgesaai, maar moes as Duitser dikwels by die Frontverslaggewers werk en in daardie tye was hy afwesig by Radio Zeesen.⁴ Tot dusver is daar nog baie min inligting oor Becker beskikbaar. Verder was daar ook K.C. Wille, nog 'n Duitse burger, wat in 1940 teruggekeer het na Duitsland nadat sy in Suid-Afrika was en in 1944 by Radio Zeesen aangesluit het. Sy het dus baie laat in die verloop van die oorlog eers by die radiospan aangesluit en gevolglik is daar ook nie veel inligting oor haar tyd by die stasie nie. Haar rol by die Afrikaanse afdeling was ook beperk, aangesien sy net op 'n paar geleenthede van Neef Holm (S.E. Holm) se praatjies uitgesaai het of aangekondig het dat hy gaan praat.⁵ Sy het ook aangekondig wanneer Neef Bokkies (J.J. Snoek) gepraat het.⁶ Neef Bokkies se persoonlike skrywe maak ook melding van nog damespersoneel met onderskeie skuilname, naamlik Nig Elsie, Nig Lottie en Tant Sannie. Daar is egter min oor hulle agtergrond en identiteit bekend. Nig Lottie was 'n jong Duitser wat Afrikaans leer praat het en as tikster by Radio Zeesen gewerk het.⁷ Nig Elsie was ook 'n Duitser wat by die stasie Afrikaans geleer het, gedikteerde praatjies getik het en in 'n paar gevalle uitgesaai het.⁸ Sy het ook nouliks saam met Neef Holm gewerk aan programme wat Afrikaanse gedigte voorgelees en geïnterpreteer het.⁹ Tant Sannie is deur Snoek as 'n middeljarige, eg Afrikaanse weduwee beskryf.¹⁰

¹ E.P. Kleynhans, *Hitler's spies: Secret agents and the intelligence war in South Afrika* (Jeppestown, Jonathan Ball, 2021), 30-31.

² Kleynhans, *Hitler's spies*, 32-36.

³ Sien P.F. van der Schyff, "Verset teen 'Empire-oorlog'" in P.F. van der Schyff, *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras* (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die PU vir CHO, 1991), pp. 243-245 vir die Radleys se poging om met D.F. Malan te skakel.

⁴ Privaatversameling van outeur (hierna PV), ongepubliseerde manuskrip deur J.J. Snoek, "Hoofstuk 1: My eerste kennismaking", 13.

⁵ PV, koerantversameling, "Eric Holm se verhoor begin in Pretoria", *Die Burger*, 18 September 1946.

⁶ PV, koerantversameling, "J.J. Snoek weer in hof: Duitsers getuig", *Die Transvaler*, 22 Oktober 1946.

⁷ PV, ongepubliseerde manuskrip deur J.J. Snoek, "Hoofstuk 1: My eerste kennismaking", 6.

⁸ PV, ongepubliseerde manuskrip deur J.J. Snoek, "Hoofstuk 1: My eerste kennismaking", 13.

⁹ PV, ongepubliseerde manuskrip deur J.J. Snoek, "Hoofstuk 1: My eerste kennismaking", 8.

¹⁰ PV, ongepubliseerde manuskrip deur J.J. Snoek, "Hoofstuk 1: My eerste kennismaking", 13.

Hoewel hierdie persone 'n onteenseglike rol in Radio Zeesen vervul het, is inligting oor hulle meer beperk en in party gevalle was die persoon nie vir baie lank by Radio Zeesen betrokke nie. Hoewel daar potensiaal vir toekomstige navorsing oor die ander randfigure is, is die fokus van hierdie hoofstuk egter op die vier Afrikaanse omroepers wat sentraal tot my verhandeling staan, naamlik Neef Holm, Neef Bokkies, Neef Hermaans en Neef Buurman.

In hierdie hoofstuk word die omroepers se persoonlike agtergrond eerstens bespreek aangesien dit 'n rol in persoonlike oortuiging, besluite, denke en aksies van 'n persoon se lewe speel. Om “in die omroepers se koppe te kom” moet daar verstaan word waar elkeen vandaan kom. Tweedens word die omroepers se diens by Radio Zeesen ondersoek in besonder hoe elkeen aangesluit het by die stasie en 'n rol in die werksaamhede gespeel het. Die tydperk vanaf die swaai van die oorlog ten gunste van die Geallieerde magte tot die uiteindelijke einde van die oorlog moet egter ook in ag geneem word – so word die omroepers se beëindiging van diens by Radio Zeesen ook met die nodige historiese agtergrond in gedagte bespreek. Die omroepers se vlug ná hulle diens by Radio Zeesen vorm 'n belangrike deel van hulle ervarings. Wat ná die oorlog met die omroepers gebeur het, en hoe hulle lewens moontlik daardeur beïnvloed is, word ook bespreek met 'n fokus op die tyd tussen diens by Radio Zeesen en die daaropvolgende hoogverraadsake. Die persoonlike ervarings van die omroepers rondom hulle ervaring en betrokkenheid by Radio Zeesen is 'n afgeskepte onderwerp in bestaande studies en die ondersoek daarvan deur nuwe primêre materiaal dra grootliks by tot die oorspronklikheid van my navorsing.

4.2 Biografiese oorsig van die Afrikaanse omroepers se agtergrond

Soos in die eerste hoofstuk van die verhandeling genoem is bestaande akademiese literatuur rondom Radio Zeesen reeds beperk en in besonder wanneer die Afrikaanse omroepers ter sprake is. Wanneer daar na Radio Zeesen se rol in Suid-Afrika verwys word, word die Afrikaanse omroepers as individuele en aktiewe rolspelers in geskiedenis oorgeslaan. C. Marx se artikel, wat die mees omvattende werk oor Radio Zeesen in Suid-Afrika op hierdie stadium is, verwys bloot vlugtig na die Afrikaanse omroepers en die feit dat hulle in Duitsland studeer het. Die kompleksiteit van hulle persoonlike aard, ingesteldhede en omstandighede tydens die oorlog word ook nie in Marx se artikel aangespreek nie en daar kan foutief afgelei word dat die omroepers suiwer pro-Duits was. Deur 'n meer volledige biografiese oorsig te gee word

die historiese narratief aangevul en terselfdertyd word sekere aspekte geopenbaar wat meer insig kan gee rondom die bedrywighede van Radio Zeesen. Die Afrikaanse omroepers was immers nie objektiewe en geoutomatiseerde hulpmiddels vir nuuslesing nie maar eerder unieke individue wie se agtergrond, belangstellings en vaardighede 'n rol gespeel het in hulle uiteindelijke betrokkenheid by Radio Zeesen.

Holm,¹¹ wat bekend geraak het onder die skuilnaam Neef Holm, was die eerste van die vier Afrikaanse omroepers (in hierdie hoofstuk ter sprake) wat by Radio Zeesen aangesluit het. Hy was ook waarskynlik die bekendste van die vier aangesien daar die meeste na hom verwys is in tydgenootlike sowel as hedendaagse literatuur. Holm het ook in die hoogverraadsaak 'n swaarder straf as sy mede-omroepers gekry,¹² wat impliseer dat sy bydrae tot Radio Zeesen as die mees prominente geskat is. Aangesien Holm ook die eerste van die Afrikaanse omroepers was wat by die stasie betrokke was, en so 'n leidende rol ingeneem het, is dit gepas om met sy biografiese oorsig te begin.

Die Holm-familiegeskiedenis in Suid-Afrika strek eeue terug. Dit is 'n aanduiding dat die Holms vir lank in Suid-Afrika gevestig is voordat Neef Holm bekend sou raak vir sy betrokkenheid in Duitsland. Dit dui ook verder aan dat die Duitse konneksie, wat in byvoorbeeld Marx se artikel prominent uitgelig word, dalk nie so 'n groot rol gespeel het in Holm se diens by Radio Zeesen nie. Die eerste melding van 'n Holm was volgens oorlewering 'n walvisjagter van Noorweë wat rondom 1740 aan die Suid-Kaapse kus beland het ná 'n skeepswrak. Die familieverbintenis is egter nie bewys nie, maar is oorgedra in mondelinge getuienis. Die volgende melding van 'n Holm waarvan die verbintenis seker is, is van 'n man genaamd G.A. Holm, 'n Duitssprekende Deen of Sweed, wat naby Bethulie geboer het rondom 1860. Hy het met 'n Duitse vrou getrou en tien kinders gehad, waarvan een S.E. Holm was.¹³ Dit was Neef Holm van Radio Zeesen se pa. Die Holms het ook in die Anglo-Boereoorlog geveg.¹⁴ Neef Holm se pa is na Ceylon verban en is ná die oorlog terug na Duitsland, waar hy 'n Duitse operasangeres ontmoet het en met wie hy later getrou het.¹⁵ Die paartjie het

¹¹ Holm, bekend as Neef Holm op Radio Zeesen, se volle name was Sidney Erich Holm.

¹² PV, koerantversameling, "Ten years for high treason: sentences on Holm and three others," *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

¹³ A. Holm, *Sommer my reis* (Pretoria, Olimpiade uitgewers, 2019), 1-2. Neef Holm se pa was Sidney Edward Holm.

¹⁴ PV, persoonlike korrespondensie van S. Kleynhans met Dieter, Albrecht en Erik Holm, seuns van Neef Holm, 11 Maart 2023, Hartebeespoort. Sien ook Holm, *Sommer my reis*, 2.

¹⁵ Holm, *Sommer my reis*, 2; PV, persoonlike korrespondensie van S. Kleynhans met Dieter, Albrecht en Erik Holm, seuns van Neef Holm, 11 Maart 2023, Hartebeespoort.

teruggekeer na Suid-Afrika en eers probeer om hulle plaas, wat tydens die oorlog vernietig was, te herbou. Daarna het hulle 'n winkel in Bethulie geopen, maar later bouery aangeneem en uiteindelik op die diamantvelde by Grasfontein gaan delf.¹⁶ Die paartjie het vyf kinders gehad waarvan S.E. Holm,¹⁷ wat later Neef Holm sou word, die derde was.¹⁸

Holm is op die 19de Oktober 1907 in Burgersdorp gebore. 'n Gedeelte van Holm se vroeë lewe is op 'n plaas in die Kaap spandeer, in die area waar die Caledon- en Oranjerivier saamgevloei het. Die plaas het grotte met prehistoriese tekeninge gehad en Holm het daardeur ook 'n belangstelling in argeologie ontwikkel. R. Kirsten beskryf ook dat 'n Duitse onderwyseres 'n boek oor klassieke argeologie by die Holm huis agtergelaat het wat tesame met die rotstekeninge Holm se belangstelling in die onderwerp geprikkel het.¹⁹ Holm het op Bethulie skoolgegaan²⁰ en in 1923 matrikuleer.²¹ Ná die voltooiing van sy skoolloopbaan het Holm sy passie vir argeologie nagestreef en dit in Duitsland gaan studeer.²² Gedurende hierdie tyd was Holm ook deel van 'n groep genaamd die *Wandervogel* en saam met die groep deur Europa gereis.²³ Holm het 'n doktorsgraad in klassieke argeologie verwerf.²⁴ Hy was ook 'n kundige op die gebied van kunsgeskiedenis, aangesien hy dit vir 'n jaar lank studeer het by die Akademie van Leipzig.²⁵ Gedurende hierdie tyd het Holm ook 'n kunsstudent genaamd E.H. Pabst ontmoet by die Akademie van Leipzig²⁶ en aan haar verloof geraak.²⁷ Holm het ook persoonlik vir A. Hitler ontmoet tydens sy studentejare en laasgenoemde se belangstelling in Afrikanergeskiedenis was opvallend.²⁸ Holm se beskrywing van Hitler dui aan dat alhoewel

¹⁶ PV, ongepubliseerde manuskrip deur S.E. Holm, verwerk deur A. Holm & S. Holm, *Die lewe en ondervindinge van 'n boereseun*, 26.

¹⁷ Die oorspronklike spelling is Erich, maar is ook soms Eric gespel. Holm het ook later gepubliseer onder die spelling Erik.

¹⁸ Holm, *Sommer my reis*, 2.

¹⁹ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 9.

²⁰ Holm, *Sommer my reis*, 2.

²¹ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 9.

²² C. Marx, "'Dear listeners in South Africa': German Propaganda Broadcasts to South Africa, 1940-1941'", *South African Historical Journal*, 27, no.1 (1992), 150; PV, persoonlike korrespondensie van S. Kleynhans met Dieter, Albrecht en Erik Holm, seuns van Neef Holm, 11 Maart 2023, Hartebeespoort. Sien ook Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 8.

²³ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 10. Sien ook PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 2021, 84.

²⁴ PV, persoonlike korrespondensie van S. Kleynhans met Dieter, Albrecht en Erik Holm, seuns van Neef Holm, 11 Maart 2023, Hartebeespoort. Sien ook Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 8.

²⁵ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 10. Sommige mediaverklarings groepeer Holm se kwalifikasies saam as 'n doktorsgraad in die filosofie. Sien byvoorbeeld PV, koerantversameling, "Eric Holm se verhoor begin in Pretoria", *Die Burger*, 18 September 1946.

²⁶ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 10-12. Sien ook PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 81.

²⁷ Holm, *Sommer my reis*, 2.

²⁸ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 10.

die interaksie aangenaam was, het Holm nie vir Hitler bogemiddeld aangehang nie en het nie sy “persoonlike magnetisme” ervaar waarvan gereeld gepraat is nie.²⁹ Dit is interessant om in ag te neem en staan in kontras met byvoorbeeld J.F.J. van Rensburg, wat vir Hitler as *ein Heiliger* (’n heilige) beskou het.³⁰ Giliomee maak ook melding van Van Rensburg se openlike steun vir Nazi-Duitsland.³¹ Die wanpersepsie dat Holm ’n aanhanger van Duitse nasionaal-sosialisme of Hitler self was en dat dit sy motivering vir betrokkenheid by Radio Zeesen was, word dus ook deur hierdie inligting bewys.

Teen die vroeë 1930’s het Holm teruggekeer vanaf Duitsland na Suid-Afrika om werk te soek. Volgens Marx se skrywe was dit in 1934,³² terwyl Kirsten beweer dit was reeds in die einde van 1933.³³ Met sy terugkoms na Suid-Afrika het Holm egter ’n uitdaging in die gesig gestaar om werk te kry omdat die Duitse doktorsgraad by baie instansies nie erken is nie.³⁴ Holm het ’n pos aanvaar as skoolhoof van ’n Duitse sendingskooltjie in Harburg, Natal.³⁵ Die skooltjie het ongeveer twaalf leerders gehad en Holm het tussen tien en vyftien pond per maand verdien.³⁶ Die pos het Holm ook in staat gestel om met Pabst, aan wie hy intussen verloof geraak het, te trou en haar na Suid-Afrika te bring.³⁷ Tydens sy twee jaar van diens het die leerlingstal van twaalf na byna veertig gestyg en die skool is ook omskep in ’n provinsiale skool. Holm het ook ’n impak op die algehele Duitse gemeenskap van Harburg gehad, soveel so dat die ouer Duitsers van die dorp gereeld na sy uitsendings oor Radio Zeesen geluister het en selfs daardeur Afrikaans geleer het.³⁸ Holm is later na ’n skool in Durban, Sastri kollege,³⁹ verplaas as amptenaar van die Natalse Onderwysdepartement.⁴⁰ Dit sou Holm se laaste betrekking wees voordat hy by Radio Zeesen sou aansluit.

Marx verwys vlugtig daarna dat Holm van Duitse herkoms was.⁴¹ Hierdie stelling is egter misleidend omdat die Holms soos genoem reeds sedert die negentiende eeu in Suid-Afrika

²⁹ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 10-11.

³⁰ Kleynhans, *Hitler’s spies*, 20.

³¹ H. Giliomee, *Die Afrikaners: ’n Biografie* (Kaapstad, Tafelberg, 2004), 393.

³² Marx, ““Dear listeners in South Africa””, 150.

³³ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 10.

³⁴ PV, persoonlike korrespondensie van S. Kleynhans met Dieter, Albrecht en Erik Holm, seuns van Neef Holm, 11 Maart 2023, Hartebeespoort & Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 12.

³⁵ Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 88.

³⁶ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 8. Kirsten meld tien pond en A. Holm vyftien.

³⁷ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 10-12.

³⁸ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 12.

³⁹ PV, koerantversameling, “Eric Holm se verhoor begin in Pretoria”, *Die Burger*, 18 September 1946.

⁴⁰ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 12.

⁴¹ Marx, ““Dear listeners in South Africa””, 150.

gevestig is. Die genealogiese Duitse konneksie met Holm was dus, net soos in die geval van baie ander Afrikaners, 'n redelike vêrlangse konneksie aangesien die familie al jare lank in Suid-Afrika gevestig was. Die grootste genealogiese aspek van Duitse konneksie is dat Holm se ouma en ma Duitsers was.⁴² Dit is ook opvallend dat Holm nie Duits in sy ouerhuis gepraat het nie en ook nie op skool geleer het nie.⁴³ Selfs toe Holm na Duitsland vir sy studies gegaan het, was hy nie Duits taalmagtig nie.⁴⁴ Holm se betrokkenheid by Radio Zeesen kan dus nie alleenlik toegeskryf word aan sy Duitse herkoms nie en dit het taamlik min te doen gehad met die keuse om wel by Radio Zeesen te werk, soos wat Kirsten ook tereg uitwys.⁴⁵ Die genealogiese verband tussen Duitsland en Suid-Afrika, wat simpatie onder sommige Afrikaners gekweek het, was nie sterk ter sprake in die geval van Holm nie en sy betrokkenheid en invloedrykheid by Radio Zeesen moet dus eerder in verband met sy persoonlike ervarings en toevallige omstandighede beskou word.



Figuur 2: 'n Jong S.E. Holm, wat bekend geraak het as Neef Holm by Radio Zeesen.⁴⁶

⁴² PV, persoonlike korrespondensie van S. Kleynhans met Dieter, Albrecht en Erik Holm, seuns van Neef Holm, 11 Maart 2023, Hartebeespoort.

⁴³ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 9.

⁴⁴ PV, persoonlike korrespondensie van S. Kleynhans met Dieter, Albrecht en Erik Holm, seuns van Neef Holm, 11 Maart 2023, Hartebeespoort.

⁴⁵ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 9.

⁴⁶ PV, koerantversameling, "Zeesen wartime broadcasts", *Cape Argus*, 18 September 1946. Dit is geplaas in *Cape Argus* in 1946 tydens Holm se hoogverraadsaak.

Nadat Holm by Radio Zeesen aangesluit het, het nog twee Afrikaners binne 'n kort tyd aangesluit. Een van hulle was J.A. Strauss,⁴⁷ wat onder die skuilnaam Neef Buurman by Radio Zeesen bekend geraak het. Strauss is in 1916 in Trompsburg gebore.⁴⁸ Net soos Holm was hy 'n Suid-Afrikaner wat sy vormingsjare in Suid-Afrika spandeer het. Hy het sy Meestersgraad in Geskiedenis aan die Grey Universiteitskollege in Bloemfontein voltooi.⁴⁹ Hy het in 1938 na Duitsland toe gegaan vir die geleentheid om sy studies voort te sit.⁵⁰ Hy het 'n beurs by die Berlynse universiteit gehad en het ook daar sy doktorsgraad in wysbegeerte verwerf.⁵¹ Strauss was dus net soos Holm 'n geleerde man, wat ook iets rondom hulle persoonlike ambisies en akademiese aanleg openbaar.

Gedurende die tyd wat Strauss in Duitsland studeer het, het die oorlog uitgebreek.⁵² Strauss het in Duitsland gebly eerder as om na Suid-Afrika terug te keer en het later ook met 'n Duitse vrou getrou.⁵³ Volgens tydgenootlike berigte was Strauss 'n nasionalis wat nie juis van die Engelse of die Duitsers gehou het nie.⁵⁴ Sy betrokkenheid by Radio Zeesen kan dus ook nie verbind word aan 'n pro-Duitse sentiment nie. Dit was bloot toevallig dat hy in Duitsland vasgekeer was toe die geleentheid om by Radio Zeesen aan te sluit hom voorgedoen het. Sy agtergrond as Afrikaanssprekende en geleerde het hom 'n goeie kandidaat gemaak vir diens by die Afrikaanse radiostasie. As 'n Suid-Afrikaner in Duitsland tydens 'n oorlog sou daar nie baie keuses vir Strauss rondom werk wees nie en die geleentheid om by Radio Zeesen te werk het dus logies sin gemaak.

Die derde lid van Radio Zeesen se Afrikaanse span was M.J. Pienaar,⁵⁵ wat die skuilnaam Neef Hermaans tydens sy diens by Radio Zeesen aangeneem het. Pienaar was net soos die ander Afrikaanse omroepers 'n Suid-Afrikaanse burger. Hy is in Mei 1912 in Lichtenburg gebore.⁵⁶ Verdere inligting rondom Pienaar se lewe en sy ervarings in Duitsland is grootliks verkrygbaar

⁴⁷ Strauss, bekend as Neef Buurman op Radio Zeesen, se volle name was Jan Adriaan Strauss.

⁴⁸ PV, koerantversameling, "Propaganda talks from Germany", *The Cape Times*, 25 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, "Doel met uitsendings na die Unie", *Die Burger*, 25 September 1946.

⁴⁹ PV, koerantversameling, "Broer van Dr. Strauss getuig", *Die Transvaler*, 17 Oktober 1946.

⁵⁰ PV, koerantversameling, "Propaganda talks from Germany", *The Cape Times*, 25 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, "Doel met uitsendings na die Unie", *Die Burger*, 25 September 1946.

⁵¹ PV, koerantversameling, "Doel met uitsendings na die Unie", *Die Burger*, 25 September 1946.

⁵² Sien byvoorbeeld Marx, "'Dear listeners in South Africa'", 151.

⁵³ PV, koerantversameling, "Propaganda talks from Germany", *The Cape Times*, 25 September 1946.

⁵⁴ PV, koerantversameling, "Propaganda talks from Germany", *The Cape Times*, 25 September 1946.

⁵⁵ Pienaar, bekend as Neef Hermaans op Radio Zeesen, se volle name was Michael Johannes Pienaar.

⁵⁶ PV, koerantversameling, "'Oom Jan' in court: Treason alleged in broadcasts", *The Argus*, 26 September 1946.

vanuit sy boek, *By die sterfbed van 'n volk*, waarin Pienaar sy eie herinneringe en belewenisse gedokumenteer het.⁵⁷ Die boek word nie gereeld in akademiese navorsing gebruik nie maar is besonders nuttig wanneer daar na Pienaar se interne gedagtegang en herinneringe gekyk word.

Pienaar het in September 1938 na Duitsland gegaan vir 'n jaarlange opleiding in 'n liggaamsoefening-diploma.⁵⁸ Hy het die kursus aan *Reichssportfeld* in Berlyn teen die einde van Augustus 1939 voltooi en ook beplan om vir nog drie weke 'n sweeftuig-kursus in Suid-Duitsland te voltooi. Pienaar het beplan om teen die einde van Oktober 1939 terug te keer na Suid-Afrika.⁵⁹ Pienaar sou egter genoodsaak word om in Duitsland te bly, aangesien die oorlog binne daardie drie weke uitbreek het en hy nie betyds na Suid-Afrika kon terugkeer nie.⁶⁰ Hy was dus ook nog 'n student toe die oorlog uitbreek.⁶¹ Pienaar het ook vir oorlogsdiens aangemeld, maar kon as Suid-Afrikaner nie deelneem vir Duitsland nie. Dit is interessant dat Pienaar by die Duitsers wou aansluit omdat dit 'n meer drastiese stap is as wat enige van die ander omroepers geneem het, maar tog is dit steeds nie deur pro-Nazi sentimente gemotiveer nie. In 'n onderhoud met *Die Beeld* in 1989 het Pienaar verklaar: “Ek wou die Duitsers help baklei, want dit het op die einde tog teen Engeland gegaan!”⁶² Hoewel die stelling 50 jaar na die oorlog gemaak is, openbaar dit dat Pienaar tog eerder 'n anti-Britse as pro-Duitse sentiment gekoester het.

Pienaar se skrywe dui ook aan hoe hy as buitelander in Duitsland tydens die oorlog behandel is. Hy moes as 'n burger van Suid-Afrika – en dus 'n “vyandelike burger” – daagliks by die polisiestasie aanmeld en is verbied om Berlyn te verlaat.⁶³ Die geleentheid om weg te kom uit Berlyn was dus nie 'n opsie nie en weereens het dit logies sin gemaak om dan 'n pos daar te aanvaar, en Radio Zeesen het op daardie stadium nog 'n studio in Berlyn gehad vanwaar die Afrikaanse uitsendings plaasgevind het. Pienaar het ook gedurende sy tyd in Duitsland getrou,⁶⁴ met 'n Duitse meisie genaamd K. Hartl.⁶⁵

⁵⁷ M.J. Pienaar, *By die sterfbed van 'n volk* (Pretoria, Vlam biblioteek, 1949).

⁵⁸ Pienaar, *By die sterfbed van 'n volk*, 1. Sien ook PV, koerantversameling, “‘Oom Jan’ in court: Treason alleged in broadcasts”, *The Argus*, 26 September 1946.

⁵⁹ Pienaar, *By die sterfbed van 'n volk*, 1.

⁶⁰ Pienaar, *By die sterfbed van 'n volk*, 4.

⁶¹ Marx, “‘Dear listeners in South Africa’”, 151.

⁶² PV, koerantversameling, “Neef Hermaans van Radio Zeesen dink terug...”, *Beeld*, 7 September 1989, 15.

⁶³ Pienaar, *By die sterfbed van 'n volk*, 4.

⁶⁴ PV, koerantversameling, “‘Oom Jan’ in court: Treason alleged in broadcasts”, *The Argus*, 26 September 1946.

⁶⁵ PV, koerantversameling, “Neef Hermaans van Radio Zeesen dink terug...”, *Beeld*, 7 September 1989, 15.



Figuur 3: M.J. Pienaar (Neef Hermaans) van Radio Zeesen.⁶⁶

Die laaste Afrikaanse omroeper wat by Radio Zeesen aangesluit het was J.J. Snoek,⁶⁷ of Neef Bokkies, soos hy later bekend geraak het. Snoek is op 22 November 1917 in Bloemfontein gebore.⁶⁸ Sy pa was 'n werksbestuurder by *Die Volksblad*, maar het ses jaar later 'n pos by die Nasionale Pers aanvaar en saam met sy gesin na Kaapstad verhuis. Snoek het sy skoolloopbaan by Jan van Riebeeck Laerskool begin en teen 1935 aan die Jan van Riebeeck Hoërskool gematrikuleer.⁶⁹

Snoek het ná sy matrikulering na die Universiteit van Kaapstad gegaan vir 'n BA-kwalifikasie en het ook deel van die Voortrekkers en die ANS-tak van Kaapstad geword. Snoek het egter ná twee jaar sy studies stopgesit. Hy het 'n pos as drukkers-ingenieur by die Nasionale Pers gekry, waar hy 'n kontrak geteken het vir vier jaar en elf maande vanaf 1 Februarie 1938.⁷⁰

⁶⁶ Argief, rekords- en museumdiens van die NWU, Potchefstroom, Ossewa-Brandwag Argief (hierna OBA), Fototeek, rekord no. F00597.

⁶⁷ Snoek, bekend as Neef Bokkies op Radio Zeesen, se volle name was Johannes Jakobus Snoek.

⁶⁸ PV, koerantversameling, "Sou van Zeesen uitgesend het: Unie-burger voor hof in Pretoria", *Die Transvaler*, 3 Oktober 1946. Sien ook PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 1.

⁶⁹ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 1.

⁷⁰ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 1.

Snoek se pa het geredeneer dat sy seun beter sou vaar in Duitsland waar die rotasieperse vervaardig is en waar hy ook moontlik sy studies kon voortsit. Op 23 Februarie 1938 het Snoek sy paspoort gekry om na Duitsland te gaan, wat geldig sou wees vir vyf jaar (dus tot 23 Februarie 1943).⁷¹

Snoek het op 15 Maart 1938 per skip vanaf Windhoek vertrek en op 3 April 1938 in Hamburg aangekom. Vandaar het hy na Plauen vertrek en teen die 11 April 'n pos aanvaar by die maatskappy, *Vomag maschinenfabriek*, waar hy met die opbou van rotasieperse gewerk het. Snoek was vir twee jaar lank werksaam by die maatskappy en was slegs een keer weg om saam met sy ouers in Julie 1939 deur Suid-Duitsland en Holland te reis. Snoek het voor die oorlog onderhoudsgelde van sy ouers ontvang om hom te help om sy lewenskostes te dek.⁷² Dit was die omstandighede waarin Snoek homself gevind het toe die oorlog in September 1939 uitbreek het. Snoek se eie skrywe bevestig dat hy uiters verbaas was toe Suid-Afrika by die oorlog aansluit. Hy het ook 'n brief van die Suid-Afrikaanse Gesantskap te Berlyn ontvang waarin daar verklaar is dat hy moes voorberei om terug te keer na Suid-Afrika toe. Alhoewel die brief voor die uitbreek van die oorlog geskryf is, het dit ongelukkig te laat by Snoek aangekom en hy moes noodgedwonge in Duitsland bly.⁷³ Sy situasie was dus soortgelyk aan die van Pienaar en Strauss – al drie was toevallig vir studie-en loopbaandoeleindes in Duitsland toe die oorlog uitbreek.

Snoek het agt motiverings aangevoer rakende sy besluit om in Duitsland te bly. Eerstens het hy verwag dat Suid-Afrika neutraal sou bly in die oorlog wat beteken dat hy nie as 'n vyandelike burger beskou sou word nie (hierdie opvatting sou natuurlik kort van duur wees aangesien Suid-Afrika baie vinnig na die uitbreek van die oorlog betrokke geraak het). Tweedens was Snoek van plan om sy studies in Duitsland voort te sit en hy het op daardie stadium slegs een en 'n half jaar van die vierjarige studiekursus voltooi. Hy het nie dieselfde geleenthede in Suid-Afrika gehad nie en wou nie weereens sy studies staak nie.⁷⁴ Snoek het ook gereken dat hy geen moeilikheid van die Duitsers sou ervaar nie, aangesien hy as 'n “boer” (bure) beskou is en vriendskaplike behandeling tot dusver ervaar het. Hy het ook geglo dat die fabriek waar hy werksaam was hom sou verdedig – wat inderdaad waar was, aangesien die bestuur van die

⁷¹ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 2.

⁷² PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 2.

⁷³ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 3.

⁷⁴ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 3.

fabriek ingetree het om te verhoed dat Snoek geïnterneer word. Sy vyfde rede vir aanbly was sy oortuiging dat die oorlog nie lank sou duur of sy studies ernstig sou ontwig nie. Verder het Snoek ook aangevoer dat 'n reistog moeilik sou wees aangesien die spoorweë reeds oorlas was namate die eerste gevegte. Hy het ook geglo dat die polisie hom nie sou toelaat om na Suid-Afrika te reis nie, omdat die fabriek waar hy gewerk het ook masjinerie soos pantservoertuie vervaardig het. Hy kon dus ook nie na ander plekke soos Italië of Switserland vlug nie. Laastens wou Snoek ook nie die vrou wat hy in Plauen ontmoet het, en later mee getrou het, agterlaat nie.⁷⁵ Hy het in Plauen gebly nadat die oorlog uitbreek het en moes ook daaglik aanmeld by die polisiestasie, asook sy bewegings tot Plauen self beperk tensy skriftelike vergunning verkry is.⁷⁶

Met die hulp van 'n besigheidsvriend van sy pa, O. Baer, het Snoek die nodige dokumentasie, toestemming en finansiële hulp verkry om sy studies voort te sit vanaf 1 Maart 1940 by die *Meisterschule für das Graphische Gewerbe* in Leipzig. Dit is ook in hierdie tyd wat Snoek verloof geraak het aan die vrou wat hy in Plauen leer ken het.⁷⁷ Hy het egter gesukkel om werk in Leipzig te kry aangesien hy as 'n vyandelike burger beskou is.⁷⁸ Weereens deur die verbintenis met Baer, het Snoek in Februarie 1941 die geleentheid gekry om 'n maatskappy, Krause, in Berlyn te besoek. Die eienaar het 'n gesproke ooreenkoms met Snoek aangegaan dat hy hom in diens kon neem wanneer sy studies in Julie eindig, alhoewel dit nooit amptelik bekend moet raak nie.⁷⁹ In Maart van 1941, tussen die tyd van Snoek se ooreenkoms met die maatskappy Krause en die beëindiging van sy studies in Julie, het die geleentheid om by Radio Zeesen aan te sluit oor sy pad gekom.⁸⁰

⁷⁵ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 4.


⁷⁶ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 5.

⁷⁷ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 5-6.

⁷⁸ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 7.

⁷⁹ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 8-9.

⁸⁰ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 9.



Figuur 4: 'n Brief waarin J.J. Snoek se ouers vir O. Baer bedank dat hy vir Snoek die geleentheid by die maatskappy Krause gegee het.⁸¹

Die omroepers se biografieë dui elkeen se unieke agtergrond aan. Tog kan 'n paar ooreenkomste getrek word, hoofsaaklik dat al vier in Suid-Afrika gebore is en grootgeword het en dat die Duitse genealogiese verband duidelik nie hier 'n merkwaardige rol as motivering agter hulle besluite speel nie. Die gemeenskaplike Duitse konneksie tussen die vier is dat hulle in Duitsland studeer het en drie van hulle tydens hulle studies deur die oorlog in Duitsland vasgekeer is. Hoewel elkeen oor 'n mate van geleerdheid beskik het was dit nie spesifiek in die rigting van kommunikasie nie. Die vaardigheid wat hulle aanvanklik kandidate vir Radio Zeesen gemaak het was dus die vermoë om Afrikaans te kan praat en die bereidwilligheid om daardeur by te dra tot die radiostasie se internasionale bedrywighede. 'n Verdere Duitse konneksie was dat al vier die omroepers met Duitse vrouens getrou het, maar daar is geen

⁸¹ PV, kommunikasie tussen J.J. Snoek se ouers en O. Baer, 17 Augustus 1941.

aanduiding dat dit 'n pro-Duitse standpunt weerspieël nie. Die mees waarskynlike verklaring is dat dit blote toeval was, aangesien al vier omroepers as jong mans in Duitsland was en die potensiële maats dus oorwegend Duits was. Die omroepers se agtergrond tot by die uitbreek van die oorlog kan deurentyd in ag geneem word om ook meer rondom hulle optrede te verstaan.

4.3 Die Afrikaanse omroepers se aansluiting en diens by Radio Zeesen

Met inagname van die omroepers se konteks rondom hulle teenwoordigheid in Duitsland tydens die oorlog, kan daar verder gekyk word na hoe elkeen by Radio Zeesen aangesluit het. Soos genoem was Holm die eerste van die vier Afrikaanse omroepers wat aangesluit het. Die geleentheid het hom voorgedoen gedurende die tyd wat Holm en sy vrou in Suid-Afrika gewoon en gewerk het. Volgens Kirsten het Holm sy pos by Radio Zeesen gekry nadat sy vrou 'n advertensie vir die betrekking in 'n Duitse nuusblad gesien het.⁸² Die pos sou behels dat die persoon vertaalwerk moes doen asook daaglikse nuusuitsendings in Afrikaans.⁸³ Volgens Marx is Holm in 1938 deur Duitse diplomate aanbeveel vir die pos, wat hy toe aanvaar het.⁸⁴ Holm het volgens 'n latere berig in *Die Burger* ook aanbeveling deur Gröhe ontvang.⁸⁵ Gröhe was, soos vroeër genoem, die persoon in beheer van Radio Zeesen se Afrikaanse afdeling.⁸⁶ Holm het op 20 Maart 1939 na Duitsland vertrek.⁸⁷ Holm se salaris was (volgens Gröhe se latere getuienis in die hof) 900 *Reichsmark* per maand.⁸⁸ Holm het genoeg by Radio Zeesen verdien om gemaklik te lewe, wat kon bydra tot sy positiewe ervaring en motivering om daar te bly. Tog was Holm versigtig om nie verdere verhogings te aanvaar nie, omdat dit sou lyk of hy deur Duitsland omgekoop kon word.⁸⁹ Dit dui moontlik aan dat Holm se lojaliteit tot in 'n mate deurentyd by Suid-Afrika was. Holm se rol was aanvanklik om berigte na Afrikaans te vertaal en uit te saai,⁹⁰ maar later het hy ook van die praatjies self geskryf en programme saamgestel.⁹¹

⁸² Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 13. Sien ook Holm, *Sommer my reis*, 3. Sien ook PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 89.

⁸³ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 13.

⁸⁴ Marx, "'Dear listeners in South Africa'", 150.

⁸⁵ PV, koerantversameling, "Eric Holm se verhoor begin in Pretoria", *Die Burger*, 18 September 1946.

⁸⁶ Kleynhans, *Hitler's spies*, 31.

⁸⁷ Marx, "'Dear listeners in South Africa'", 150.

⁸⁸ PV, koerantversameling, "Eric Holm se verhoor begin in Pretoria", *Die Burger*, 18 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, "Radio work for Nazis alleged: Evidence at Holm treason inquiry", *The Cape Times*, 18 September 1946.

⁸⁹ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 14.

⁹⁰ PV, koerantversameling, "Eric Holm se verhoor begin in Pretoria", *Die Burger*, 18 September 1946.

⁹¹ PV, koerantversameling, "Radio work for Nazis alleged: Evidence at Holm treason inquiry", *The Cape Times*, 18 September 1946.

Holm se skuilnaam, Neef Holm, het hom ook die enigste omroeper gemaak wat sy van vir sy skuilnaam gebruik het.

Dikwels het die Afrikaanse omroepers nie aansoek gedoen vir die pos by Radio Zeesen nie, maar is genader met 'n aanbod vir die pos. Dit was ook die geval in Pienaar se aansluiting by Radio Zeesen. Soos genoem moes Pienaar daagliks aanmeld by die polisie as 'n buitelandse burger en daardeur het sy identiteit as Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner bekend geraak. Deur die daaglikse aanmeldings het die Ministerie van Buitelandse sake van Pienaar verneem en hom gevra om vertaalwerk van briewe tussen Duitsland, Engeland en Frankryk te doen.⁹² Pienaar het vanaf 1939 'n permanente pos by Radio Zeesen bekleed. Hy was ook verantwoordelik vir die vertaling van berigte na Afrikaans maar het na 'n ruk ook geleentheid gehad om uit te saai. Pienaar het die skuilnaam, Neef Hermaans, aangeneem. Hy het ook weens sy liefde vir kinders 'n kinderprogram saamgestel vir die uitsendings, onder die skuilnaam "Oom Jan". Hy het 450 *Reichsmark* per maand verdien.⁹³

Strauss het as Suid-Afrikaner in Duitsland en boonop as 'n student ook 'n geleentheid by Radio Zeesen aanvaar. Besonderhede oor Strauss se aansluiting by Radio Zeesen is nie volop nie, maar dit is wel bekend dat hy reeds voor Junie 1941 aangesluit het aangesien hy vir Snoek moes ontvang toe hy ook 'n pos by Radio Zeesen gekry het.⁹⁴ Verder is dit ook bekend dat Strauss rondom Februarie 1944 die rol van sub-redakteur en aankondiger aanvaar het.⁹⁵ Dit wil voorkom asof Strauss nie werklik die pos vir finansiële redes nodig gehad het nie weens sy universiteitsbeurs.⁹⁶ Sy diens was waarskynlik gebaseer op sy Afrikaanse taalvaardigheid wat hom 'n waardevolle aanwinst vir die Afrikaanse uitsendings sou maak.

Soortgelyk aan Pienaar het Snoek se betrekking by Radio Zeesen deur werwing gekom eerder as eie inisiatief. Snoek se teenwoordigheid in Duitsland het bekend geword toe hy deur die radiodiens gepoog het om 'n boodskap na sy familie in Suid-Afrika te stuur. Dit het die radiodiens bewus gemaak van 'n Afrikaanse persoon wat ook moontlik by Radio Zeesen nuttig

⁹² Pienaar, *By die sterfbed van 'n volk*, 4.

⁹³ PV, koerantversameling, "'Oom Jan' in court: Treason alleged in broadcasts", *The Argus*, 26 September 1946.

⁹⁴ PV, ongepubliseerde manuskrip deur J.J. Snoek, "Hoofstuk 1: My eerste kennismaking", 2.

⁹⁵ Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (hierna NBSA), "Rex vs Strauss" in *The South African law reports, 1948 (1) January-March* (Cape Town & Johannesburg: Juta, 1948), 937.

⁹⁶ PV, koerantversameling, "Doel met uitsendings na die Unie", *Die Burger*, 25 September 1946.

kon wees.⁹⁷ Aansluiting by die radiostasie was egter nie Snoek se eerste keuse nie, maar iets wat hy moes aanvaar het weens die sameloop van verskeie omstandighede. Soos voorheen genoem, het Snoek 'n mondelinge ooreenkoms met die firma Krause aangegaan om na die voltooiing van sy studies daar in diens te tree. Teen Maart 1941 het Gröhe van die *Deutsche Ubersee sender* (Duitse oorsese uitsaaidiens) vir Snoek genader met die aanbod om by die Afrikaanse uitsendingspan aan te sluit.⁹⁸ Weens Snoek se beplanning om ná sy studies by Krause aan te sluit, het hy die aanbod voorlopig van die hand gewys, maar geen finale beslissing gegee nie. Gröhe het toe weer 'n ruk later vir Snoek gekontak en hom ingelig dat daar 'n pos as vertaler beskikbaar was. Snoek se antwoord op die aanbod was weer dieselfde – dat hy moontlik betrekking by 'n ander firma sal aanvaar en nie finaal kan antwoord nie. Snoek het dus twee moontlike posisies gehad en het meer geneig na Krause, maar hierdie keuse sou vir hom gemaak word toe die opsie van Krause wegval.

In Junie 1941 het Baer vir Snoek in kennis gestel dat hy verbied is om verdere finansiële ondersteuning aan Snoek te verleen en dat hy hom ook nie meer in diens mag neem nie, selfs nie op 'n nie-amptelike basis nie.⁹⁹ Met die vooruitsig van verdere studies en werk deur die firma Krause van stryk gemaak, kon Snoek die aanbod van Gröhe dus aanvaar. Snoek se getuienis openbaar verskeie motiverende faktore vir sy aansluiting by die radiodienst. Die betaling van 450 *Reichsmark* per maand was aansienlik meer as wat hy elders in Duitsland al verdien het en moontlik verder sou verdien. Dit sou hom ook in staat stel om Baer terug te betaal ná al sy finansiële ondersteuning. Snoek was ook opgewonde om weer by Afrikaners aan te sluit ná sy geruime tyd onder die Duitsers.¹⁰⁰ Hy het dit ook beskou as 'n geleentheid om by te dra om Suid-Afrika te waarsku teen kommunisme,¹⁰¹ wat ook rondom sy persoonlike ingesteldhede getuig. Net soos baie ander Afrikaners het Snoek kommunisme as 'n bedreiging en vreemde ideologie beskou. Sy ywer om Suid-Afrika daarteen te waarsku dui aan dat sy lojaliteit by Suid-Afrika gelê het en dat hy nie net uitgesaai het te bevordering van Duitsland se doeleindes nie, maar ook sy eie land daardeur wou dien. Teen 12 Julie 1941 het Snoek sy eksamens voltooi en met die nodige toestemming reeds verkry, na Berlyn vertrek.¹⁰² Hy het op 15 Julie 1941 amptelik in diens getree by die *Reichs Rundfunk Gesellschaft GmbH* as 'n

⁹⁷ Marx, ““Dear listeners in South Africa””, 151.

⁹⁸ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 9.

⁹⁹ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 10.

¹⁰⁰ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 11.

¹⁰¹ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 12.

¹⁰² PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 11.

vertaler.¹⁰³ Snoek is deur 'n mede-Afrikaner, Neef Buurman (Strauss), ontvang toe hy by die Anhalter stasie in Berlyn aankom.¹⁰⁴ Vandaar het hulle na die radiostasie gereis, waar Snoek vir Gröhe die tweede maal gesien het en waar hy ook die ander lede van die span ontmoet het, insluitend die mede-Afrikaanse omroepers en administratiewe personeel.¹⁰⁵

Hoewel Snoek se amptelike rol vertaalwerk was, het hy rondom Desember 1941 ook begin om die nuusberigte te lees.¹⁰⁶ Teen 1944 sou Snoek ook toegelaat word om meer betrokke te raak deur self praatjies saam te stel en op te neem, veral rondom die arbeidswese waarin hy belang gestel het.¹⁰⁷ Snoek se salaris was volgens berig aanvanklik 450 *Reichsmark* en later 600 *Reichsmark*.¹⁰⁸

Aanvanklik het Radio Zeesen se Afrikaanse nuusdiens slegs 'n kwartier daaglik geduur, maar mettertyd is dit uitgebrei na drie en 'n half uur van Afrikaanse uitsendings. Die uitsendings is uitgebrei van slegs nuusberigte tot 'n diverse program met Afrikaanse praatjies oor musiek, Suid-Afrikaanse politiek, gedigte wat voorgelees is en spesiale uitsendings vir kinders. Radiotonele het ook 'n deel hiervan gevorm en is deur die Afrikaanse omroepers self geskryf en aangebied.¹⁰⁹

Vertaling was ook 'n belangrike deel van Radio Zeesen se werksaamhede en die gebied waar die Afrikaanse omroepers 'n belangrike rol gespeel het, veral met die vertaling van Duits na Afrikaans. Die materiaal wat vertaal moes word, was volgens Snoek se getuienis vir hom op kantoor gelos nadat dit deur die *Deutsche Nachrichten Buro* ontvang is. Die materiaal het bestaan uit 'n mengsel van weermagberigte wat nuus van die fronte af gebring het asook politieke berigte en algemene meldings wat dikwels op koerantberigte gebaseer was. Getuienis uit Snoek se hofsak openbaar ook dat hy artikels wat deur J. Goebbels geskryf en gepubliseer

¹⁰³ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 11. Sien ook Marx, ““Dear listeners in South Africa””, 151.

¹⁰⁴ PV, ongepubliseerde manuskrip deur J.J. Snoek, “Hoofstuk 1: My eerste kennismaking”, 2. Sien ook PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 12.

¹⁰⁵ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname advokaat Broeksma, 12. Sien ook PV, ongepubliseerde manuskrip deur J.J. Snoek, “Hoofstuk 1: My eerste kennismaking”, 5-6.

¹⁰⁶ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname advokaat Broeksma, 14.

¹⁰⁷ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname advokaat Broeksma, 21. Sien ook PV, koerantversameling, “Printer alleged to have broadcast from Germany”, *Rand Daily Mail*, 3 Oktober 1946.

¹⁰⁸ PV, koerantversameling, “Printer alleged to have broadcast from Germany”, *Rand Daily Mail*, 3 Oktober 1946.

¹⁰⁹ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 19.

is, uit Duits na Afrikaans vertaal het.¹¹⁰ Die bronne wat gebruik is vir die uitsendings het dus gewissel. Duitse berigte moes bloot vertaal en oorgelees word terwyl ander programme in Afrikaans self deur die omroepers saamgestel is. Die Afrikaanse span se *zonenleiter* (soneleier) was Gröhe, by wie hulle hul bevel ontvang het. Die verskillende *zonenleiters* het tydens vergaderings die verloop van die uitsendings bespreek en ook so oorgedra aan die omroepers.¹¹¹

Radio Zeesen het ook van die omroepers na verskillende plekke gestuur om te besigtig en opnames vandaar te doen. Snoek (Neef Bokkies) het byvoorbeeld in Junie 1943 na die Atlantiese wal gereis vir drie weke om opnames te maak.¹¹² Holm het sover oos as Vitebsk in Belarus en Smolensk, in Rusland, gereis om te berig.¹¹³ In die middel van 1944 het Snoek ook die taak behartig om die sogenaamde krygsgevangene-groete uit te saai. Die krygsgevangene-groetes is twee maal per week uitgesaai en beide Afrikaanse en Engelse briewe van Suid-Afrikaanse krygsgevangenes in Duitsland is oor die radio gelees.¹¹⁴ Die lees van die briewe sou ook familieledes in Suid-Afrika motiveer om na die stasie te luister.

Radio Zeesen se bedrywighede het besonders lank voortgeduur te midde van die aktiewe oorlogvoering. Daar is verwag dat die omroepers voort moes gaan met uitsending sover as moontlik, selfs wanneer 'n lugaanval plaasvind. In sulke gevalle is 'n spesiale mikrofoon gebruik wat alle ander klanke gedemp het buite 'n sekere afstand. Dit het die omroepers in staat gestel om naby aan die mikrofoon te sit en voort te gaan met die uitsending sonder dat die geraas van buite oorgedra word na die gehoor.¹¹⁵ Die realiteit van die oorlog in Duitsland is op hierdie manier ook weggesteek van die radiogehoor. Indien die Afrikaanse gehoor bewus sou raak van die toestande in Duitsland sou hulle vertroue verloor in die saak en die propaganda wat versprei is rakende Duitsland se sukses betwyfel. Ten spyte van die pogings om uitsendings so normaal as moontlik te laat voortgaan, het daar 'n tyd aangebreek waartydens die Duitse uitsaaiers hulle werkplan moes aanpas.

¹¹⁰ PV, transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van K.C. Wille, 21 Oktober 1946, 24.

¹¹¹ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 14.

¹¹² PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 16.

¹¹³ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 34.

¹¹⁴ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 28-29.

¹¹⁵ PV, ongepubliseerde manuskrip deur J.J. Snoek, "Hoofstuk 7: Die wêreld word te warm", 1.

4.4 “Zeesen raak stil”: Verskuiwing en afskeid van Radio Zeesen

4.4.1 Verskuiwing van die omroepers en stasie

Teen die tyd wat die oorlog begin draai het, en die mislukking van Duitsland al hoe meer moontlik begin lyk het, het Radio Zeesen se invloedrykheid in Suid-Afrika ook verander. Die Afrikaners se eenheidsgevoel het begin verkrummel en spanning was prominent onder die politieke partye en organisasies soos die Ossewabrandwag en Stormjaers. Kirsten som die situasie akkuraat op deur te argumenteer dat die Afrikaners so verdeeld was dat Neef Holm (en Radio Zeesen oor die algemeen) nie meer as enkele spreekbuis vir die Afrikaner bevolking kon dien nie.¹¹⁶

Boonop het Berlyn met die verloop van die oorlog al hoe meer 'n teiken van lugaanvalle geword wat gelei het tot die besluit om die Duitse uitsaaidiens te desentraliseer en Radio Zeesen se bedrywighede na Zeesen self te verskuif.¹¹⁷ Dit was ongeveer kort ná Augustus 1943.¹¹⁸ Vervolgens is Radio Zeesen se Afrikaanse span vanaf Berlyn na 'n dorpie Oos van Berlyn met die naam Gussow, digby Zeesen, verskuif.¹¹⁹ Zeesen was reg onder die dorp Königswusterhausen.¹²⁰ In Gussow het die span by 'n gastehuis tuis gegaan en 'n deel daarvan geïmproviseer om as ateljee te dien.¹²¹ In die geïmproviseerde ateljee is bandopnames gemaak, wat dan die volgende dag tot in Zeesen by die radiostasie geneem is om gespeel te word.¹²² Snoek se skrywe spesifiseer dat die radiokantore op 'n stadium in 'n hotel en later gedeeltelik in 'n tuiste vir blindes gehuisves was.¹²³ Die toestande waarin die Afrikaanse omroepers gedurende hierdie tydstop moes verkeer was uiters onaangenaam. Daar is nie genoegsame voorsiening gemaak in terme van vervoer tydens die koue wintermaande nie en ook nie vir die veiligheid van die omroepers tydens lugaanvalle nie. Die spasie en lugtoevoer in die werksarea was ook ongenoegsaam wat dit vir die omroepers moeilik gemaak het om effektief te werk. Gevolglik het Snoek, Pienaar en Strauss na Berlyn gereis om teen die swak toestande te protesteer.¹²⁴ Nadat veranderinge aan die vervoerreëlins gebring is, het Pienaar en Snoek

¹¹⁶ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 34.

¹¹⁷ Sien ook PV, koerantversameling, “Eric Holm se verhoor begin in Pretoria”, *Die Burger*, 18 September 1946.

¹¹⁸ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 20.

¹¹⁹ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 20.

¹²⁰ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 20.

¹²¹ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 36 & PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 20.

¹²² PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 20.

¹²³ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 23-24.

¹²⁴ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 24.

besluit om voort te gaan met die werk, terwyl Strauss sy diens beëindig het teen die begin van 1945. Die hoërvlak werkers en bestuurders van die radiostasie het ook geleidelik begin vlug, baie maal onder die dekmantel van 'n "besigheidsreis" wat beteken het dat die omroepers alleen agter moes bly om die werk te doen.¹²⁵

Gedurende hierdie tyd het die Russiese leer ook voortgestu in die rigting van Berlyn. Die Afrikaanse Radio Zeesen span is so weer verskuif¹²⁶ vanaf Gussow na Helmstedt, wat Wes van Berlyn gelê het.¹²⁷ Pienaar (Neef Hermaans) en Snoek (Neef Bokkies) het in Februarie 1945, weens toenemende lugaanvalle op Berlyn en die naderende Russiese troepe, vrouens en kinders saam per trein na Plauen gestuur om by Snoek se skoonouers te bly.¹²⁸ In die daaropvolgende paar weke is Pienaar na Helmstedt verplaas om Radio Zeesen se Afrikaanse berigte voort te sit as Königswusterhausen wegval. Gedurende hierdie tyd het Neef Buurman (Strauss) sy diens stopgesit weens rusie met die topbestuur. Neef Holm kon nie elke dag uitsaai nie weens verkeerstoestande wat sy pad na die stasie verhinder het. Een van die Duitse mede-omroepers, Neef Sagie, kon bydra tot Afrikaanse uitsendings maar moes dikwels op ander maniere Duitsland dien. Neef Bokkies (Snoek) moes dus die laaste paar uitsendings vanaf Zeesen beman terwyl Pienaar regstaan om oor te neem op Helmstedt.¹²⁹

Uiteindelik sou slegs Pienaar en Holm in Helmstedt wees, aangesien Strauss reeds die radiodiens verlaat het en Snoek nie daar uitgekom het nie, soos duidelik sal word in die beskrywing van sy vlug. Die stasie in Helmstedt het in die laaste twee weke voor die val van Berlyn ophou uitsaai¹³⁰ en Helmstedt het in Britse hande geval.¹³¹ Radio Zeesen se amptelike organisasie en werksaamhede het tot 'n einde gekom en die omroepers moes elkeen eie koers inslaan.

Dit is belangrik om die omroepers se posisie in gedagte te hou. Die Geallieerde magte was besig om Duitsland al hoe meer te beset en verskeie stede was reeds vernietig deur die oorlog. Sou een van die omroepers in hulle hande val kon hulle moontlik beskerming kry as Suid-Afrikaanse burgers, maar hulle sou ook steeds in die onderskeie besettingsones se beheer staan

¹²⁵ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 25.

¹²⁶ PV, koerantversameling, "Eric Holm se verhoor begin in Pretoria", *Die Burger*, 18 September 1946.

¹²⁷ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 37.

¹²⁸ Pienaar, *By die sterfbed van 'n volk*, 84.

¹²⁹ Pienaar, *By die sterfbed van 'n volk*, 87.

¹³⁰ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 37.

¹³¹ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 26.

wat hereniging met hulle families sou bemoeilik. Boonop sou hulle moontlik as verraaiers geuit word indien daar ontdek is dat hulle vir Duitsland uitgesaai het. Sou hulle deur Duitse troepe geneem word kon hulle moontlik die argument voer dat hulle vir Duitsland gewerk het, maar was hulle steeds amptelik vyandige burgers. Boonop het die omroepers nie veel opsies gehad rakende vervoer nie en voorrade was skaars. Hulle was in 'n uiters benarde posisie terwyl elkeen probeer het om by sy familie uit te kom.

4.4.2 Die Afrikaanse omroepers vlug

Strauss het in Februarie 1945 sy diens by Radio Zeesen beëindig.¹³² Na 'n geskil met die bestuur oor die slegte toestande is Strauss as 'n voorbok van die geskil aangewys en hy het die diens verlaat. Strauss het dus ietwat meer tyd gehad om te beweeg na waar hy wou wees as diegene wat tot op die laaste by Radio Zeesen moes bly. Volgens berigte is Strauss na Engeland toe waar hy tot 1946 gebly het.¹³³ Besonderhede oor Strauss se vlug en sy ervarings toe die oorlog eindig is egter beperk.

Pienaar het aan die begin van April 1945 toestemming verkry om sy oudste dogter, Vera, te gaan haal en na sy vrou te neem. Vera is in April 1944 op byna tweejarige ouderdom na 'n kindertehuis in Oberammergau in Beiere gestuur. Sy vrou was op daardie stadium in Plauen saam met Snoek se vrou en kinders, soos vroeër genoem. Plauen is egter verwoes en sy het na 'n nabygeleë plattelandse dorpie, Greiz, verskuif.¹³⁴ Pienaar se doel was om eers sy gesin te herenig voordat hy self sou kon vlug. Die reis om Vera met die res van die gesin te herenig het ongeveer tien dae geneem en het noue ontkomings met lugaanvalle behels.¹³⁵ Pienaar beskryf byvoorbeeld in sy boek nie net hoe hy en Vera vir ure op treine moes wag nie, maar ook hoe die treine deur lugaanvalle bestook is en hoe hulle moes skuiling neem onder die trein of 'n struik langs die spoor. Hy het na die tweede lugaanval op een dag byvoorbaat Vera se naam en die adres van haar moeder op 'n papiertjie geskryf en in Vera se sakdoekie gesit, vir in geval hy self 'n slagoffer van die aanvalle sou wees. Teen 10 April 1945 was Pienaar weer op Helmstedt om reg te staan vir sy pos.¹³⁶

¹³² Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 37.

¹³³ PV, koerantversameling, "Doel met uitsendings na die Unie", *Die Burger*, 25 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, "Student accused of treason: Evidence of German broadcasts", *The Argus*, 24 September 1946.

¹³⁴ Pienaar, *By die sterfbed van 'n volk*, 68-69.

¹³⁵ Pienaar, *By die sterfbed van 'n volk*, 70-71.

¹³⁶ Pienaar, *By die sterfbed van 'n volk*, 87.

In Helmstedt het Pienaar sy laaste uitsending oor Radio Zeesen gemaak – ’n kort vertaalde weergmagberig. Pienaar het verneem dat die Amerikaners enkele kilometers buite die stad is en die volgende dag die stad sou binneval. Hy het vir Neef Sagie daar gekry en saam het hulle voorberei vir Pienaar om die volgende oggend te vlug.¹³⁷ Pienaar het die nodigste besittings gepak en die volgende oggend probeer om ’n trein te neem wat deur Leipzig en dan ook deur München sou reis. Vandaar sou Pienaar moes reis tot in Plauen en dan tot by sy familie, wie intussen na Greiz-Dolau verskuif het.¹³⁸ Hy het sy trapfiets aan Neef Sagie besorg, wie se eie plan was om hom as Suid-Afrikaanse krygsgevangene voor te doen en so te ontsnap en by sy familie uit te kom.¹³⁹

Die trein na Leipzig wat Pienaar geneem het, het egter vier dorpies later ’n probleem met die lokomotief opgedoen en die passasiers moes eers wag tot ’n nuwe lokomotief die trein verder kon neem. Uiteindelik het die trein tot in Halle gekom, maar weens onderbrekings in die spoorweg moes die passasiers, insluitend Pienaar, deur die stad loop en aan die anderkant van Halle weer op ’n trein klim.¹⁴⁰ Kort duskant Halle is die spoor weer onderbreek en Pienaar moes ongeveer twaalf kilometer na ’n nabygeleë dorp stap om die volgende dag ’n trein na Leipzig te kry.¹⁴¹ In Leipzig het Pienaar in ’n skooltjie wat in ’n herberg omskep is, gebly.¹⁴² Vir die volgende paar dae het hy van plek tot plek beweeg en gebly waar hy skuiling kon vind.¹⁴³ Uiteindelik het Pienaar ’n fiets in die hande gekry, wat sy reis kon bespoedig tot hy by sy bestemming aangekom het.¹⁴⁴ Pienaar het ongeveer teen die helfte van April¹⁴⁵ weer by Snoek en hulle families in Greiz aangesluit, nadat Snoek ook sy eie reis onderneem het.

Soos genoem het Snoek nooit by die res van die span in Helmstedt aangesluit toe die stasie daarheen verskuif het nie. Snoek het sy reis na Helmstedt doelbewus uitgestel en voorgegee dat hy saam met die laaste groep sou kom. Hy was bewus van die Britse troepe se nabyheid aan Helmstedt en het vermoed dat die stad ook binnekort sou val en wou daarom eerder die kans probeer vat om te vlug na sy familie. Toe hy verneem dat Helmstedt inderdaad geval het,

¹³⁷ Pienaar, *By die sterfbed van ’n volk*, 88-89.

¹³⁸ Pienaar, *By die sterfbed van ’n volk*, 90.

¹³⁹ Pienaar, *By die sterfbed van ’n volk*, 90-91.

¹⁴⁰ Pienaar, *By die sterfbed van ’n volk*, 91.

¹⁴¹ Pienaar, *By die sterfbed van ’n volk*, 92-93.

¹⁴² Pienaar, *By die sterfbed van ’n volk*, 94-95.

¹⁴³ Pienaar, *By die sterfbed van ’n volk*, 96-108.

¹⁴⁴ Pienaar, *By die sterfbed van ’n volk*, 109-110.

¹⁴⁵ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, “Terugreis na oorlogsjare”, 1.

het hy direk vanaf Berlyn per fiets gery om by sy familie te probeer aansluit.¹⁴⁶ Berlyn was reeds ook onder konstante aanvalle van die Britse en Russiese magte en al hoe meer areas is deur Geallieerde magte beset. Snoek moes sy roete versigtig beplan en hy het ook deur die nag gery om tyd te wen en troepe te vermy.¹⁴⁷ Sy reis het hom mettertyd na Königswusterhausen gebring, waar hy vir Holm ontmoet het. Holm het voor die ontmoeting met Snoek ook 'n afsonderlike reis onderneem.

Toe die stasie in Helmstedt ook uitsendings staak, het Holm besluit om terug te keer na Berlyn met die hoop dat daar moontlik nog 'n paar uitsendings kan plaasvind. Berlyn was toe reeds onder Russiese aanval en dit het duidelik geblyk dat uitsendings nie van daar af voortgesit kon word nie.¹⁴⁸ Holm het besluit om tot in Como in Italië te probeer reis waar daar nog 'n werkende uitsaaistasie beskikbaar was.¹⁴⁹ Net soos met Snoek het Holm ook op pad na sy bestemming deur Königswusterhausen gery. Holm en Snoek het mekaar dus in Königswusterhausen raakgeloop nadat elkeen 'n kort afstand individueel afgelê het.¹⁵⁰ Snoek het, soos voorheen genoem, direk vanaf Berlyn per fiets begin vlug toe die res van die span na Helmstedt verskuif het.¹⁵¹ Nadat hulle mekaar in Königswusterhausen gekry het, het die twee besluit om saam per fiets voort te sit na Como. Holm en Snoek het binne die eerste dag gevorder tot by Meissen en die Elbe oorgesteek. Vandaar het hulle met 'n militêre vragmotor gereis tot by die volgende stad. Hulle het verneem dat daar nog moontlik treine ry en hulle het beplan om die volgende oggend 'n trein na Praag te neem ten einde nader aan Como te kom. Gedurende die oggend, slegs 'n ruk voordat die trein moes vertrek, het Snoek egter besluit om eerder by sy familie te probeer uitkom. Die twee se paaie het daar geskei en Holm het so alleen die trein geneem.¹⁵²

Tydens die treinrit het daar 'n aantal lugaanvalle plaasgevind en met die sesde aanval was die trein té beskadig om verder te ry. Holm het verder met sy fiets na die Alpe gereis oor 'n tydperk van veertien dae. Hy het met 'n vragmotorbestuurder afgespreek om hom die volgende dag na Como te neem, maar dit sou nooit realiseer nie – Holm het dieselfde aand op die radio gehoor dat Mussolini in Como tereggestel is en dat die Brennerspas gesluit is.¹⁵³ Holm het vir die

¹⁴⁶ PV, verklaring oor ophoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 26.

¹⁴⁷ PV, koerantversameling, J.J. Snoek, "Ek vlug", *Die Huisgenoot*, 31 Augustus 1945, 10.

¹⁴⁸ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 37.

¹⁴⁹ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 38.

¹⁵⁰ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 39.

¹⁵¹ PV, verklaring oor ophoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 26.

¹⁵² Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 39.

¹⁵³ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 40.

volgende paar maande in 'n herdershut gebly en gelewe deur wild te jag en kuns aan boere te verkoop in ruil vir kos.¹⁵⁴ Terwyl Holm in die hut gebly het, is daar op verskeie plekke in Duitsland na hom gesoek vir die Unie se hoogverraadsaak.¹⁵⁵ Hy het baie keer probeer om 'n boodskap na sy vrou te stuur wat in die Russiese-besette Thüringen gebied was. Die boodskappe het haar egter nooit bereik nie.¹⁵⁶

Ná 'n paar maande het Holm na München gegaan, aangesien hy gereken het dit is beter om voortvluggend te bly. In München het hy 'n argeologiese leerboek saamgestel en horlosies herstel om geld te verdien. Daarna het hy 'n Amerikaanse bevelvoerder net buite München genader en die geleentheid gekry om 'n Duitser se losieshuis in die Alpe oor te neem. Holm het vir vyf maande die losieshuis bedryf en dit beskikbaar gestel vir kinders wie se ouers gesneuwel het.¹⁵⁷ Die Amerikaanse bevelvoerder het ook gehelp om Holm se vrou en kinders vanuit die Russiesbesette sone te bring alhoewel dit drie keer by die grens misluk het en eers die vierde keer suksesvol kon gebeur. Holm is dus met sy vrou en kinders herenig na meer as 'n jaar wat hy hulle nie gesien het nie.¹⁵⁸

Snoek se reis het intussen ook voortgegaan nadat hy besluit het om nie saam met Holm 'n trein na Praag te neem ten einde by Como uit te kom nie. Hy het weer sy reis tydelik alleen voortgesit in die rigting van sy familie – waarvan hy laaste verneem het dat hulle saam met Pienaar se vrou en kinders na Plauen was. Plauen is ook vernietig en die families moes na nabygeleë Greiz-Dolau verskuif¹⁵⁹ wat ooreenkomstig ook Snoek se beplande bestemming was. Snoek het ook probeer om 'n trein vanaf Chemnitz te neem, maar die trein is aangeval en hy moes weer sy reis per fiets voortsit.¹⁶⁰ Snoek het ná 'n totale reis van drie dae en nagte per fiets by sy familie in die dorpie Greiz naby Plauen aangekom.¹⁶¹ Die dorpie is binne die eerste dag van Snoek se aankoms deur die Amerikaners beset.¹⁶² Dit was ook in Greiz waar Snoek en die families weer by Pienaar aangesluit het, soos voorheen genoem.

¹⁵⁴ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 41.

¹⁵⁵ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 40-41.

¹⁵⁶ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 41.

¹⁵⁷ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 43.


¹⁵⁸ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 43.

¹⁵⁹ Pienaar, *By die sterfbed van 'n volk*, 84.

¹⁶⁰ PV, koerantversameling, J.J. Snoek, "Ek vlug", *Die Huisgenoot*, 31 Augustus 1945, 11-12.

¹⁶¹ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 26. Sien ook PV, koerantversameling, J.J. Snoek, "Ek vlug", *Die Huisgenoot*, 31 Augustus 1945, 41.

¹⁶² PV, koerantversameling, J.J. Snoek, "Ek vlug", *Die Huisgenoot*, 31 Augustus 1945, 41. Sien ook PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 26.



Figuur 5: Roetekaart van Snoek se vlug.¹⁶³

Pienaar het slegs 'n paar dae ná Snoek se aankoms ook in Greiz arriveer en die twee families was dus voltallig.¹⁶⁴ Die groep het bestaan uit Snoek en sy vrou, Liesbeth,¹⁶⁵ asook hulle dogter Rosie (Rosemarie) wat op daardie stadium een jaar en agt maande oud was. Saam met hulle was Pienaar en sy vrou, Kathe (noemnaam Kleintjie), met hulle dogters Riana (aght maande oud) en Vera (drie en 'n half jaar).¹⁶⁶ Die reis wat Snoek, Pienaar en hulle families onderneem het is aangeteken in 'n dagboek en omgesit in 'n manuskrip, wat in hierdie hoofstuk as bron

¹⁶³ PV, koerantversameling, J.J. Snoek, "Ek vlug", *Die Huisgenoot*, 31 Augustus 1945, 10. Hy het per fiets vanaf Berlyn gereis en naderhand by Holm aangesluit, saam met wie hy tot naby Meissen gegaan het voor hulle paaie weer geskei het. Die kaart het in *Die Huisgenoot* verskyn saam met 'n artikel van Snoek se reis.

¹⁶⁴ PV, koerantversameling, J.J. Snoek, "Huis toe! – In 'n veetrok deur verwoeste Europa", *Die Huisgenoot*, 21 September 1945, 9. Sien ook PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 26.

¹⁶⁵ Volle name Irma Lisbeth Snoek (neé Lang). Sien PV, paspoortdokument getiteld "To the immigration authorities of the United Kingdom and the Union of South Africa", 26 Junie 1945.

¹⁶⁶ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 4.

gebruik word om dele van hulle vlug te dokumenteer. Soos met enige primêre materiaal is dit belangrik om krities na die bron te kyk, maar die verloop van gebeure kan duidelik daaruit bepaal word. Die inleidende paragrafe van die manuskrip is veral insiggewend rakende die gesinne se gemoedstoestand, gedagtes en vrese oor hulle reis terug na Suid-Afrika. Dit lui as volg:

*Ons die ondergetekende pliggetroue vaders is ten volle bewus van die ordentlike porsie domastrantheid wat nodig is om hierdie reis te aanvaar. Die eerste naoorlogse onreëlmatighede, wat met skietery en sabotasie gepaard gaan, het nog nie tot stilstand gekom nie. Ons ry blindweg, sonder 'n vaste plan, op goeie hoop van plek tot plek; ons moet deur lande waar nog honger en gaos heers; ons het drie klein kindertjies by ons, wat drie keer per dag iets warm te ete moet hê, en snags 'n warm slaapplekkie..... waar ons dit gaan kry, dit weet ons nie. Nogtans, ons deins nie terug nie. Daarvoor roep die stem van Suid-Afrika te hard en duidelik. Geteken te Jena op hierdie vier-en-twintigste dag van Mei 1945. [sic]*¹⁶⁷

Greiz het onder die Amerikaanse-besette sone geval en die groep was onderhewig aan die Amerikaanse magte. Dit het ook behels dat hulle nie bloot Greiz mag verlaat het nie. Snoek se taalvermoë het in sy guns getel en hy is as tolk vir die Amerikaners aangestel.¹⁶⁸ Vir die eerste paar dae in Greiz tot 22 Mei 1945 het die groep probeer om te bepaal hoe hulle sou terugkeer na Suid-Afrika.¹⁶⁹ Volgens die dagboekinskrywings het die groep op 23 Mei 1945 met vragmotors gereis¹⁷⁰ en hulle het deel uitgemaak van die mense op pad na die gedeporteerde persone kampe (DP-kampe).¹⁷¹ Hulle het tot in Greiz gery en vandaar na die DP-kamp in Jena.¹⁷² Die kamp het bestaan uit 'n groot aantal mense van verskillende lande, soos Frankryk, België en Holland. In die kamp het die groep kennis gemaak met 'n Engelse vrou, mev.

¹⁶⁷ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 4.

¹⁶⁸ Sien PV, memorandum rakende J.J. Snoek se tolkdien, getiteld "Military Government Detachment 12H3", 22 Mei 1945.

¹⁶⁹ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 5.

¹⁷⁰ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 5.

¹⁷¹ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 26-27.

¹⁷² PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 5-6.

Zipperle, haar dogter, en Zipperle se skoonsuster mej. Schmeidl. Die geselskap is hier na tien persone vergroot.¹⁷³

Soos wat die groepe van die DP-kampe na hulle onderskeie lande gestuur is, het die Pienaar- en Snoek-families reëlings getref om saam met die Franse groep te reis na Parys en dan van daar af voort te gaan na Londen.¹⁷⁴ Op 25 Mei 1945 is die geselskap vanaf Jena in 'n vragmotor weer na 'n treinstasie geneem.¹⁷⁵ In 'n veetrok van die trein het hulle na Parys beweeg. Teen 26 Mei was die trein in Hanau,¹⁷⁶ teen 27 Mei in Neunkirchen¹⁷⁷ en teen 28 Mei in Metz.¹⁷⁸ Die ervaring van die groep is opgeteken met genoegsame aanduiding dat dit 'n uitdagende reis was met hindernisse soos 'n tekort aan geriewe, kos en genoegsame rus. Die treintrokke was ook oorvol en boonop het die groep klein kinders gehad om voor te sorg. Net ná middernag van die 29 Mei, oftewel die vroegoggend van 30 Mei, het die groep uiteindelik Parys gehaal.¹⁷⁹ Die dagboekinskrywings openbaar weereens 'n taamlike stryd en urelange geskarrel om akkommodasie en hulp in Parys te vind. Teen drie-uur die middag het hulle dit reggekry om met 'n vragmotor van die Britse ambassade na die Elba-Huis vervoer te word.¹⁸⁰ Die Elba-Huis was 'n groot saal met beddens wat in 'n mans- en vroueafdeling verdeel is en het as tydelike akkommodasie vir vlugteling gedien.¹⁸¹

Die volgende dag het hulle by die gesantskap aangemeld en reëlings is getref om die volgende oggend, 1 Junie 1945, per vliegtuig na Londen te reis.¹⁸² Die groep het ook daar afskeid geneem

¹⁷³ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 8.

¹⁷⁴ PV, koerantversameling, J.J. Snoek, "Huis toe! – In 'n veetrok deur verwoeste Europa," *Die Huisgenoot*, 21 September 1945, 9.

¹⁷⁵ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 9.

¹⁷⁶ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 10.

¹⁷⁷ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 12.

¹⁷⁸ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 13.

¹⁷⁹ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 21.

¹⁸⁰ PV, koerantversameling, J.J. Snoek, "Huis toe! – 'n Skommelende seereis en dan – die wonderdag!," *Die Huisgenoot*, 28 September 1945, 23.

¹⁸¹ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 26.

¹⁸² PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 27. Sien ook PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 27.

van die Engelse vroue en kind wat hulle in Jena ontmoet het.¹⁸³ Die vliegtuig het op die Hendon vliegveld geland en vandaar is die groep na 'n ontvangslokaal in Stanmore geneem.¹⁸⁴ Die Stanmore kamp was vir “displaced persons.”¹⁸⁵ Hulle het 'n bedrag geld, sigarette, klere en basiese toiletware ontvang en is weer in die barakke se mans- en vroueafdeling verdeel.¹⁸⁶ Hulle sou vir 'n week lank daar bly.¹⁸⁷ Teen 2 Junie het die groep nog nie ander heenkome gehad nie, aangesien hulle nie familie of vriende in Engeland gehad het nie en daar nog nie skepe na Suid-Afrika geseil het nie. Diegene wat gewag het om na Suid-Afrika te reis, is in Skotland naby Glasgow bymekaar gegroepeer¹⁸⁸ Die groep het hulself voorberei om na Skotland te gaan indien Suid-Afrika nie betyds korrespondeer om hulle direk terug te bring nie. Teen 3 Junie het die Suid-Afrika Huis nog nie geantwoord om die groep terug te bring nie.¹⁸⁹

Op 4 Junie het hulle persoonlik aangemeld by die Suid-Afrika Huis in Trafalgar Square. Weer word gesê dat die beste roep sal wees om in Skotland te gaan wag.¹⁹⁰ Teen 6 Junie was al die papierwerk in orde om die volgende dag na Skotland te reis. Snoek se verklaring meld dat hulle reeds op 4 Junie na Glasgow is,¹⁹¹ terwyl die dagboekinskrywings dit meld as die 7de Junie.¹⁹² Op die oggend van 7 Junie, was Rosie (dogter van die Snoek familie) egter steeds siek na 'n hele paar dae, daarom het die Snoek-familie besluit om eerder nog 'n ruk agter te bly. Die Pienaars het saam met 'n groep mense per bus voortgesit na Euston treinstasie.¹⁹³ Vandaar het die trein gery deur Rugby, Crewe, Preston, Penrith, Carlisle, Beattach, Symington, en toe die

¹⁸³ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, “Terugreis na oorlogsjare”, 30.

¹⁸⁴ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, “Terugreis na oorlogsjare”, 32.

¹⁸⁵ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, “Terugreis na oorlogsjare”, 34.

¹⁸⁶ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, “Terugreis na oorlogsjare”, 32-33.

¹⁸⁷ PV, koerantversameling, J.J. Snoek, “Huis toe! – 'n Skommende seereis en dan – die wonderdag!”, *Die Huisgenoot*, 28 September 1945, 23.

¹⁸⁸ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, “Terugreis na oorlogsjare”, 34.

¹⁸⁹ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, “Terugreis na oorlogsjare”, 35.


¹⁹⁰ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, “Terugreis na oorlogsjare”, 36.

¹⁹¹ PV, verklaring oor ophoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksmas, 27.

¹⁹² PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, “Terugreis na oorlogsjare”, 39.

¹⁹³ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, “Terugreis na oorlogsjare”, 39.

aand by die eindbestemming van Glasgow aangekom.¹⁹⁴ By die stasie het die groep weer 'n bus geneem na Bridge of Weir.¹⁹⁵



Figuur 6: Bo: Paspootfoto's van J.J. Snoek en sy vrou, geneem vir hulle reis terug na Suid-Afrika na die oorlog.¹⁹⁶ Onder: Foto van die Snoek-gesin se Union Castle Line-skipkaartjie, uitgegee op 26 Junie 1945.¹⁹⁷

By Bridge of Weir se kamp, Lintwhite Hostel, is barakke voorsien as akkommodasie. Teen die aand van 8 Junie het die Snoek-gesin ook hul reis vanaf Londen meegemaak en weer by die

¹⁹⁴ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 39-40.

¹⁹⁵ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 40.

¹⁹⁶ PV, paspoortdokument van Snoek-gesin vir die doeleinde van reis terug na Suid-Afrika, getiteld "To the immigration authorities of the United Kingdom and the Union of South Africa", 26 Junie 1945. 'n Foto van hulle dogtertjie, Rosemarie, is nie ingesluit nie, maar die dokument stipuleer wel dat sy deel van die geselskap is.

¹⁹⁷ PV, Snoek-gesin se skipkaartjie van *Union Castle Line*, uitgegee 26 Junie 1945. Nnr. J.J. Snoek, mev. I. Snoek en hulle dogter word as passasiers aangedui vir die reis op 30 Junie 1945 vanaf die Verenigde Koninkryk tot in Kaapstad. Die prys van 114 pond, 15 shillings is ook aangedui.

Pienaar-gesin aangesluit.¹⁹⁸ Tydens hulle verblyf in Bridge of Weir het die twee gesinne weereens met Suid-Afrika probeer kommunikeer oor moontlike terugkoms geleentheid.¹⁹⁹ Daar is gereël om per skip na Suid-Afrika terug te keer. Op 30 Junie 1945 het die families per trein gery om by die hawe uit te kom. Van Bridge of Weir af het hulle gery in die rigting van Edinburgh en toe na Newcastle, toe na Darlington en toe na Middlesbrough in die noorde van Engeland.²⁰⁰ Die groep kon nog nie dieselfde dag op die skip klim nie en het dus noodgedwonge nog 'n aand daar in 'n hotel oorgebly. Teen einde Junie het hulle die skip bestyg en begin terugseil na Suid-Afrika.²⁰¹ Snoek se verklaring het dit egter dat hulle reeds 30 Junie per skip na Suid-Afrika voortgesit het.²⁰² Rondom 12 Julie het die skip vir ongeveer vier dae by Freetown in Sierra Leone as halfwegstasie gestop.²⁰³ Vandaar het die skip weer vertrek en die laaste been van die groep Afrikaners se reis het begin. Hulle het teen 25 Julie by die Kaapstadse hawe in Suid-Afrika aangekom.²⁰⁴

4.5 Die omroepers se lewe ná hulle diens by Radio Zeesen

Snoek en Pienaar het saam met hulle families op 25 Julie 1945 in Suid-Afrika aangekom. Hulle het eers per motor na Snoek se familie in die Kaap gery.²⁰⁵ Ná 'n dag se verblyf het die Pienaars 'n trein na Pretoria geneem om by sy familie aan te sluit.²⁰⁶ Daar is aangeteken dat hulle 29 Julie, ná aanvanklike groet en kuier met familie, tuis op die plaas Vergenoeg aangekom het.²⁰⁷

¹⁹⁸ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 41.

¹⁹⁹ PV, koerantversameling, J.J. Snoek, "Huis toe! – 'n Skommelende seereis en dan – die wonderdag!", *Die Huisgenoot*, 28 September 1945, 25.

²⁰⁰ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 50-51.

²⁰¹ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 52-53.

²⁰² PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname advokaat Broeksma, 27. Sien ook PV, J.J. Snoek se skipkaartjie, getiteld "Union Castle line cabin class passenger's ticket" asook PV, Snoek-gesin se skipkaartjie van *Union Castle Line*, uitgegee 26 Junie 1945.

²⁰³ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 57-58.

²⁰⁴ PV, koerantversameling, J.J. Snoek, "Huis toe! – 'n Skommelende seereis en dan – die wonderdag!", *Die Huisgenoot*, 28 September 1945, 41. Sien ook PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 27. Sien ook PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 68.

²⁰⁵ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 70.

²⁰⁶ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 71.

²⁰⁷ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 73.

Die plaas was noord van Rustenburg en Pienaar sou ongeveer 'n jaar daar woon.²⁰⁸ Pienaar is in Augustus van 1946 in Rustenburg gearresteer.²⁰⁹

Snoek het ná 'n week terug in Suid-Afrika weer by die Nasionale Pers in Kaapstad aangesluit²¹⁰ en was daar werksaam vir bietjie meet as 'n jaar, tot sy arrestasie op 30 Augustus 1946.²¹¹ Ná sy terugkoms in Suid-Afrika het Snoek se vlug uit Duitsland mediadekking geniet. Snoek se reis, sowel as die gedeelte van die reis saam met Pienaar, is verwerk en as artikels gepubliseer. *Die Huisgenoot* het byvoorbeeld op 31 Augustus, 21 September en 28 September 1945 artikels van Snoek se vlug uit Duitsland gepubliseer. Dele van die artikels is direk uit Snoek en Pienaar se reisjoernaal geneem, maar die volle reisjoernaal is nie afsonderlik gepubliseer nie. Hierdie artikels het verskyn kort nadat Snoek en Pienaar gevangene geneem is en dit wil voorkom of hulle verhaal met groot belangstelling gevolg is. Die belangstelling het ook voortgeduur tydens die hoogverraadsaak en die verwikkelinge in die hof is gereeld gedek deur Engelse sowel as Afrikaanse koerante. As deel van die publikasies hieroor tel ook Pienaar se genoemde boek *By die sterfbed van 'n volk*.

Strauss het, soos voorheen genoem, teen die begin van 1945 sy diens by Radio Zeesen geëindig. Hy het ná die oorlog na Engeland gegaan²¹² en het vroeg in Junie 1946 teruggekeer na Suid-Afrika. Strauss het vir 'n ruk weer na sy ouers se huis in Trompsburg gegaan.²¹³ Hy is uiteindelik deur 'n plaaslike man uitgewys wat sy stem herken het²¹⁴ en is op 30 Augustus 1946 in Germiston gearresteer.²¹⁵

²⁰⁸ PV, koerantversameling, “Neef Hermaans van Radio Zeesen dink terug...”, *Beeld*, 7 September 1989, 15.

²⁰⁹ PV, koerantversameling, “‘Oom Jan’ in court: Treason alleged in broadcasts”, *The Argus*, 26 September 1946. Sien ook PV, “Alleged ‘Oom Jan’ broadcasts”, *The Cape Times*, 27 September 1946.

²¹⁰ PV, “Uitsaai van propaganda beweer: Duitse radio-amptenaar lê getuienis af”, *Die Burger*, 3 Oktober 1946. Sien ook PV, koerantversameling, “Printer alleged to have broadcast from Germany”, *Rand Daily Mail*, 3 Oktober 1946.

²¹¹ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 27.

²¹² PV, koerantversameling, “Doel met uitsendings na die Unie”, *Die Burger*, 25 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, “Student accused of treason: Evidence of German broadcasts”, *The Argus*, 24 September 1946.

²¹³ PV, koerantversameling, “Doel met uitsendings na die Unie”, *Die Burger*, 25 September 1946.

²¹⁴ PV, persoonlike korrespondensie van S. Kleynhans met Vera Koekemoer, dogter van Neef Buurman, 3 Maart 2023, Pretoria.

²¹⁵ PV, koerantversameling, “Propaganda talks from Germany”, *The Cape Times*, 25 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, “Student accused of treason: Evidence of German broadcasts”, *The Argus*, 24 September 1946.

Soos vroeër genoem, het Holm se lewe ná die oorlog behels dat hy vir lank in Europa gebly het en 'n vlugteling was – eers in die platteland, toe in München en uiteindelik by die Alpe, waar hy die losieshuis bestuur het en met sy familie herenig is.²¹⁶ 'n Groot deel van Holm se lewe ná die oorlog en sy vlug het bestaan uit die skryf en publikasie van boeke. Hy het reeds tydens die oorlog in 1942 'n boek geskryf oor die Afrikaners, *Die Buren* (die Boere),²¹⁷ waarvan 60 000 kopieë gedruk is en hoogs suksesvol verkoop is.²¹⁸ In München het hy 'n argeologiese boek uitgegee.²¹⁹ Nadat Holm weer by sy familie aangesluit het, het die publikasies voortgeduur in die vorm van kinderboeke wat Holm en sy vrou saamgestel het. Holm is uiteindelik geïdentifiseer en eers deur die Amerikaners in München in 'n tronk gehou, aangesien hulle hom nie dadelik aan die Engelse wou oorhandig nie. Uiteindelik is Holm deur 'n Suid-Afrikaner gevangene geneem²²⁰ en per vliegtuig na Suid-Afrika gebring vir sy hoogverraadsaak.²²¹

In die tronk het Holm ook begin met eksemplare van gedigte en dit later saam met sy vrou laat druk. Die werk is *Kersfees Kantate* genoem.²²² Holm het ook in die tronk besig gebly met Bybelstudie, die skryf van dramas, die vertaal van gedigte en weer soveel moontlik navorsing gedoen in kunsgeskiedenis en argeologie, veral met betrekking tot prehistoriese kuns in Suid-Afrika.²²³ Hy het ook houtwerk beoefen, wat laterjare tot sy voordeel gestrek het. Ná sy vrylating uit die tronk het Holm moeilik werk gekry en hy het begin om bote en ander houtwerk items en selfs huise te bou ten einde 'n bestaan te voer.²²⁴ Hy het ook in 1949 begin om by 'n laerskool skool te gee²²⁵ en later by 'n hoërskool in Brits.²²⁶ Hy was ook vir drie jaar lank 'n lektor by die Universiteit van Suid-Afrika.²²⁷

²¹⁶ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 40-42.

²¹⁷ Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 89.

²¹⁸ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 20.

²¹⁹ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 42.

²²⁰ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 22, 44.

²²¹ PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 91.

²²² PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 4, 41.

²²³ PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 38.

²²⁴ PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 46.

²²⁵ PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 48.

²²⁶ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 45. Sien ook PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 54.

²²⁷ Holm & Kirsten, *Man en standpunt*, 45.

Op 'n stadium het Holm weer sy liefde vir navorsing voortgesit deur in diens te tree by die Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing.²²⁸ Hy het ook 'n motorinvoerbesigheid probeer bestuur²²⁹ en ook gewerk aan argeologiese uitgrawings in Samos rondom 1957.²³⁰ Holm het ook later 'n gedeelte van 'n boek in samewerking met Kirsten uitgebring, met die titel *Man en standpunt*, wat uiteindelik 'n waardevolle bron geword het om Holm se ervarings te dokumenteer. Hy het in 1969 in Duits 'n boek gepubliseer, *Die felsbilder Sudafrikas* (die rotskuns van Suid-Afrika).²³¹ Hy en sy vrou het ook 'n kunsskool in Pretoria geopen, waar sy kuns aangebied het en hy kunswaardering en -geskiedenis.²³² Verdere werke is *Tier und Gott* (dier en God 1967) en *Duister Kuns*, asook *Oor hare, vere, blare en 'n boer* (1989) en *Boesmankuns*. Holm se bedrywighede na Radio Zeesen was dus divers en verspreid maar hy het tog weer sy belangstellings kon beoefen.

4.6 Gevolgtrekking

Radio Zeesen se Afrikaanse omroepers het 'n onlosmaaklike rol gespeel in die uitvoering en sukses van die stasie se algehele werksaamhede. Radio Zeesen se Afrikaanse uitsendings en invloed in Suid-Afrika is, soos hierdie hoofstuk wys, duidelik nog nie genoegsaam gedek in bestaande akademiese literatuur nie en selfs nog minder die persoonlike wedervaringe van die omroepers self. Dit is belangrik om Radio Zeesen nie net as 'n anorganiese propaganda orgaan te beskou nie, maar as 'n dinamiese krag wat deur menslike subjektiewe faktore gevorm is en wat verlang dat agter-die-skerm figure se geskiedenis ook gedokumenteer word.

Wanneer daar na die persoonlike wedervaringe van Radio Zeesen se omroepers gekyk word, word 'n unieke verhaal van elkeen se lewe vertel. Die omroepers se agtergrond kan gedeeltelik gekoppel word aan hulle ervarings by Radio Zeesen, byvoorbeeld Holm se liefde vir kuns en drama wat bygedra het tot sy invloedryke rol in die radiodramas. So ook kan Pienaar se liefde vir kinders ook verband hou met die kinderprogramme wat hy saamgestel het en Snoek se belangstelling in arbeidswese het uiting gekry in die tipe uitsendings wat hy saamgestel het. Komplekse persoonlike kontekste en individuele agentskap het 'n integrale rol gespeel in die omroepers se betrokkenheid by Radio Zeesen en dit veronderstel 'n meer genuanseerde narratief as 'n blote ideologiese oorsaaklikheid.

²²⁸ PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 55.

²²⁹ PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 75.

²³⁰ PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 80.

²³¹ PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 56.

²³² PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 64.

Wanneer die Duitse konneksie onder die Afrikaanse omroepers bestudeer word, is dit in meeste gevalle bloot dat hulle in Duitsland studeer het en ook met Duitse vrouens getrou het. Strauss, Pienaar en Snoek was al drie studente in Duitsland toe die oorlog uitgebreek het en Holm het ook jare lank as student in Duitsland gewoon. Buiten daarvoor is daar egter nie enige aanduiding van radikale ideologiese vereenselwiging met Duitsland nie. Uit die omroepers se eie getuienis sowel as ander se beskrywings, het die omroepers werklik geglo dat die oorlog nie lank sou duur nie en dat Suid-Afrika neutraal sou bly. Suid-Afrika se toetrede tot die oorlog het ook so vinnig na die uitbreek daarvan plaasgevind dat die omroepers waarskynlik nie eers kans gehad het om die situasie ten volle te analiseer nie. Dit het ook veroorsaak dat hulle gekies het om in Duitsland te bly eerder as om terug te kom na Suid-Afrika en dus noodgedwonge was om werk in Duitsland te soek. Daar is ook aansienlik meer materiaal wat die omroepers se liefde vir Suid-Afrika openbaar eerder as vir Duitsland. Alhoewel daar dus 'n verband tussen Duitsland en Suid-Afrika was wat sommige Afrikaners kon beïnvloed, was dit nie deurentyd die geval met die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen nie.

Daar word telkemale 'n pro-Afrikaner standpunt geopenbaar eerder as pro-Duits, ook in terme van politieke standpunte. Holm het byvoorbeeld goed aangepas in Duitsland, soveel so dat hy soms as 'n mede-Duitser gereken is en selfs wou aansoek doen vir Duitse burgerskap, maar daar is nie bewyse dat hy Nazi-gesind was of gehandel het weens 'n begunstiging van Duitsland nie. Pienaar het volgens die indruk van getuies in die hof nie Suid-Afrika se oorlogsbeleid goedgekeur nie en ook nie saamgestem het met die Britse regering nie.²³³ So ook is Snoek beskryf as iemand wat nie pro-Brits was nie maar ook nie pro-Duits was nie, hy was bloot gekant teen Suid-Afrika se oorlogsdeelname. Snoek het ook altyd 'n Uniewapen in sy knoopsgat gedra wat die indruk gegee het dat hy sy identiteit gevestig het in Suid-Afrikanerwees.²³⁴ Snoek het ook gehoop om sy land te dien deur die uitsendings en ook soos baie ander Afrikaners 'n republikeinse ideaal gekoester.²³⁵ Dit sal dus 'n oorvereenvoudiging wees om hulle diens by Radio Zeesen te beskou as bewyse van 'n pro-Nazi sentiment in plaas daarvan

²³³ PV, koerantversameling, "'Oom Jan' in court: Treason alleged in broadcasts", *The Argus*, 26 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, "Beweerde verraad van SA student: Getuienis oor sy optrede in Duitsland", *Die Burger*, 27 September 1946. Sien ook PV, "Alleged 'Oom Jan' broadcasts", *The Cape Times*, 27 September 1946.

²³⁴ PV, koerantversameling, "Sou van Zeesen uitgesend het: Unie-burger voor hof in Pretoria", *Die Transvaler*, 3 Oktober 1946. Sien ook PV, koerantversameling, "City man accused of treason: Alleged war broadcasts from Germany", *The Argus*, 2 Oktober 1946.

²³⁵ PV, koerantversameling, "J.J. Snoek weer in hof: Duitsers getuig", *Die Transvaler*, 22 Oktober 1946.

om die komplekse faktore van elkeen se omstandighede en hulle belange ten opsigte van Suid-Afrika in ag te neem. Dit is egter interessant dat Marx dieselfde argument voer oor almal behalwe Holm.²³⁶ Hierdie hoofstuk het dus ook voortgebou op bestaande navorsing deur uit te wys dat daar ook nie by Holm 'n suiwere pro-Duitse ingesteldheid was nie.

Die ervarings van die omroepers se tyd by Radio Zeesen is meestal van 'n positiewe aard en daar is aanduiding dat hulle tog later 'n mate van agentskap oor die uitsendings geniet het. Aanvanklik was nuusberigte en radiomateriaal streng voorgeskryf en die Afrikaanse omroepers het grootliks op vertaalwerk gefokus, maar naderhand het hulle ook die geleentheid gekry om uit te saai en programme saam te stel. Die ervarings en behandeling van die omroepers het meer negatief geraak soos wat die oorlog teen Duitsland begin draai het en het ook uiteindelik aanleiding gegee tot die omroepers se diensbeëindiging by Radio Zeesen en die nood om te vlug. Die omroepers se vlugreise getuig van vele uitdagings en struikelblokke om terug te keer na Suid-Afrika. In Suid-Afrika het die omroepers se lewe oor die algemeen stil voortgegaan en hulle het dit reggekry om vir 'n tyd lank die owerhede te vermy ten spyte van 'n wye soektog.

Teen die einde van 1946 is al vier omroepers gearresteer vir hoogverraad. Hulle hofsake het groot aftrek by die media gekry en is vir maande lank met belangstelling regoor die land gevolg. Meer as sewentig jaar ná die omroepers se arrestasies op aanklagte van hoogverraad is 'n retrospeksie van die hofsake insiggewend rondom die nagevolge van die Afrikaanse omroepers se betrokkenheid by Radio Zeesen en hoe hulle rol in die uitsendings deur die Suid-Afrika se regstelsel hanteer is. Die volgende hoofstuk fokus op die verloop van die hofsake en ondersoek word ingestel rondom die standpunte wat gevoer is, die beslissings en die uiteindelijke nagevolge vir die omroepers.

²³⁶ Marx, ““Dear listeners in South Africa””, 156.

HOOFSTUK 5: HOOGVERRAAD EN DIE NAGEVOLGE VIR DIE AFRIKANER-OMROEPERS AAN DIE EINDE VAN DIE TWEDE WÊRELDOORLOG

5.1 Inleiding

Die oorwinning van die Geallieerde magte in 1945 het verreikende gevolge vir Suid-Afrika gehad. Teen die einde van die oorlog het die Unieregering stappe geneem om Suid-Afrikaanse oorlogsmisdadigers in Europa op te spoor, insluitend diegene wat hoogverraad gepleeg het deur die steun wat hulle aan vyandelike lande soos Duitsland gebied het.¹ Dit het ook die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen geïmpliseer. Teen die einde van 1945 is daar besluit om die sake van diegene wat hoogverraad gepleeg het onder die Departement van Justisie se gesag te plaas.² In Februarie 1946 is die Reinkommissie na Europa gestuur om na verdagte oorlogsmisdadigers en bewyse van moontlike verraad te soek, alhoewel die kommissie nie gemagtig was om arrestasies op Europese grond te maak nie.³ Teen Mei 1946 is die Barrett-missie ook ontplooi onder leiding van L. Barrett en G. Visser. Die Barrett-missie het veral gefokus op Suid-Afrikaners wat Duitsland se oorlogspoging gesteun het of daartoe bygedra het. Dit het weereens die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen ingesluit.⁴

Te midde van die internasionale soektog na oorlogsmisdadigers is J.J. Snoek (Neef Bokkies), M.J. Pienaar (Neef Hermaans) en J.A. Strauss (Neef Buurman) egter op Suid-Afrikaanse grond in hegtenis geneem. Snoek en Pienaar het reeds in Julie 1945 in Suid-Afrika aangekom,⁵ daarom sou hulle nie in Europa deur die Rein- of Barrett-missies opgespoor kon word nie. Snoek is ongeveer om elfuur die oggend op 30 Augustus 1946 by die Nasionale Pers se kantoor waar hy gewerk het deur twee speurders op aanklag van hoogverraad gearresteer. Vandaar het Snoek per trein saam met die twee speurders na Pretoria vertrek.⁶ Pienaar is in ook in Augustus 1946 in Rustenburg vir hoogverraad gearresteer.⁷ Strauss het aan die begin van Junie 1946 sy

¹ E.P. Kleynhans, *Hitler's spies: Secret agents and the intelligence war in South Africa* (Jeppestown, Jonathan Ball, 2021), 172.

² Kleynhans, *Hitler's spies*, 173.

³ Kleynhans, *Hitler's spies*, 173-174.

⁴ Kleynhans, *Hitler's spies*, 179.

⁵ Privaatversameling van outeur (hierna PV), ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 70.

⁶ PV, handgeskrewe aantekeninge oor J.J. Snoek se hofsak in plakboek van koerantuitknipsels. Sien ook PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname, advokaat Broeksma, 27.

⁷ PV, koerantversameling, "'Oom Jan' in court: Treason alleged in broadcasts", *The Argus*, 26 September 1946. Sien ook PV, "Alleged 'Oom Jan' broadcasts", *The Cape Times*, 27 September 1946.

reis terug na Suid-Afrika voltooi.⁸ Die Rein- en Barrett-missies was reeds teen daardie tyd na Europa ontplooi, maar Strauss het daarin geslaag om arrestasie in Europa te vermy. Hy is op 30 Augustus 1946 in Germiston in hegtenis geneem,⁹ nadat 'n plaaslike man hom as Neef Buurman herken het.¹⁰ S.E. Holm (Neef Holm) was die enigste een van die vier Afrikaanse omroepers wat op Europese grond in hegtenis geneem is. Hy is as Neef Holm uitgeken en eers in München in Duitsland aangehou totdat die Amerikaners hom aan 'n Suid-Afrikaanse amptenaar vir arrestasie op 'n aanklag van hoogverraad oorhandig het.¹¹

Die onderstaande hoofstuk het ten doel om die nagevolge van betrokkenheid by Radio Zeesen vir die Afrikaanse omroepers te ondersoek. Hoewel daar ander werknemers ook by Radio Zeesen se Afrikaanse uitsendings betrokke was, soos beskryf in die vorige hoofstuk, fokus die onderstaande hoofstuk op Holm, Snoek, Pienaar en Strauss. Die nagevolge van hulle diens by Radio Zeesen word spesifiek bespreek met verwysing na die aanklagtes van hoogverraad en die daaropvolgende hofsake. Die hoofstuk word chronologies in drie fases verdeel. Die eerste fase behels die begin of vroeë stadiums van die hofsake, waar dit van belang is om die regspanne uiteen te sit, die aanklagtes teen die omroepers te stipuleer en ook te beskryf wat die standpunte van die vervolging sowel as die verdediging was. Die tweede fase omsluit die tydperk wat die hofsake reeds vir 'n tyd lank aan die gang was en sal 'n opsomming gee van die tydsverloop daarvan, sowel as die hof se uitspraak en die appèlproses. Die derde fase wat bespreek word is die eindtydperk van die hofsake waar die hof se beslissing ná die verhoor en appèlproses sowel as die omroepers se straf bespreek word. Die mediadekking van die hofsake en die omroepers se lewens na die hofsake word ook kortliks bespreek – beide in kontemporêre tyd sowel as laterjare. Ten slotte sal 'n gevolgtrekking gemaak word oor die hofsake en verskillende aspekte daarvan wat in die hoofstuk bespreek is.

⁸ PV, koerantversameling, “Doel met uitsendings na die Unie”, *Die Burger*, 25 September 1946.

⁹ PV, koerantversameling, “Propaganda talks from Germany”, *The Cape Times*, 25 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, “Student accused of treason: Evidence of German broadcasts”, *The Argus*, 24 September 1946.

¹⁰ PV, persoonlike korrespondensie van S. Kleynhans met Vera Koekemoer, dogter van Neef Buurman, 3 Maart 2023, Pretoria.

¹¹ S.E. Holm & R. Kirsten, *Man en standpunt* (Potgietersrus, Morester uitgewers, 1960), 22, 44.

5.2 Die aanvangs van die hofsake

5.2.1 Vir die Kroon: Aanklagtes en vervolging van die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen

Nadat die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen vir hoogverraad gearresteer is moes daar besluit word hoe die hofsake behartig sou word. Die einde van die oorlog het 'n logistieke vraagstuk ingehou rondom die behoud van die noodregulasies en die hantering van hofsake daarvolgens. Teen die tyd wat die omroepers se hofsake sou begin was die noodregulasie wat behels dat ondermynende aktiwiteite verhoor kon word sonder 'n voorlopige ondersoek, nog in plek. Hoewel die oorlog geëindig het, kon die omroepers dus summier deur Spesiale Howe verhoor word. Daar is egter besluit dat die verhore teen die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen wel deur 'n voorlopige ondersoek voorafgegaan sou word, ongeag die noodregulasies.¹² In al vier hofsake het S.T. Pretorius en E.M. Simons as staatsaanklaers opgetree en die vervolging verteenwoordig en W.H. Ramsbottom het as regter gedien.¹³

Al vier omroepers is van hoogverraad aangekla en elkeen se aanklagte is gebaseer op veelvoudige gronde. Teenoor Holm was daar vier gronde van aanklagte. Eerstens, dat Holm op 1 November 1939, gedurende die oorlog, 'n pos by die vyand aanvaar het as omroeper en in diens getree het van Duitsland se uitsaaidiens onder beheer van die Ministerie van Propaganda (MP) en die Buitelandse Kantoor (BK). Tweedens was Holm beskuldig dat hy praatjies voorberei en opgeneem het om na die Unie te versprei namens die Duitse MP en BK. Die derde aanklag was dat hy propaganda van Duitsland na die burgers van Suid-Afrika uitgesaai het wat ontwerp is om om die Unie se oorlogspoging teen Duitsland te verswak en te belemmer, en dat daardie propaganda in die Unie gehoor is. Laastens, dat Holm 'n eed afgelê het soos voorgeskryf deur die Duitse Staatsdienswet om lojaal en gehoorsaam aan die *Führer* van Duitsland, A. Hitler te wees.¹⁴ Die feit dat Holm by Radio Zeesen gewerk het is dus beskou as 'n oortreding op 'n verskeidenheid van spesifieke gronde, eerder as net een misdaad. Dit was ook die geval met die aanklagtes teen die ander drie omroepers.

¹² PV, koerantversameling, "Spesiale howe se magte ingekort: Verhoor van Holm kragtens strafprosesreg", *Die Burger*, 3 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, "Special courts' power", *The Argus*, 3 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, "Emergency regulation withdrawn", *Cape Times*, 3 September 1946.

¹³ PV, koerantversameling, "Holm-saak begin oor 'n week", *Die Vaderland*, 10 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, "Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others", *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

¹⁴ Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika (hierna NBSA), "Rex vs Holm & Rex vs Pienaar" in *The South African law reports, 1948 (1) January-March* (Cape Town & Johannesburg, Juta, 1948), 928.

Die vier aanklagtes teen Pienaar was soortgelyk aan dié teen Holm. Die eerste aanklag was dat Pienaar tydens die oorlog praatjies voorberei en opgeneem het om na die Unie te versprei namens die Duitse MP en BK. Tweedens, dat hy 'n pos by die vyand aanvaar het as buitelandse taal-assistent en in diens getree het van Duitsland se uitsaaidiens. Die derde aanklag was dat hy propaganda van Duitsland na die burgers van Suid-Afrika uitgesaai het wat ontwerp is om om die Unie se oorlogspoging teen Duitsland te verswak en te belemmer, en dat daardie propaganda in die Unie gehoor is. Die vierde aanklag was dat Pienaar ook 'n eed afgelê het soos wat voorgeskryf is deur die Duitse Staatsdienswet om lojaal en gehoorsaam aan die *Führer* van Duitsland te wees.¹⁵

Die aanklagtes van hoogverraad teen Holm en Pienaar berus dus op vier faktore. Die eerste faktor was hulle diens by Radio Zeesen onder die betrokke Duitse departemente, en tweedens die voorbereiding en opname van praatjies na die Unie waar die praatjies van propagandistiese aard was en in die Unie gehoor is. Die derde faktor was dat die doel van die propaganda praatjies was om Suid-Afrika se oorlogspoging teen Duitsland te belemmer, en die vierde bydraende faktor was die beweerde aflegging van die sogenaamde Hitler-eed.

Strauss se aanklagte het op slegs drie dade of aspekte van hoogverraad berus. Eerstens dat Strauss tussen 6 September 1939 en 28 Februarie 1945 by Berlyn en Königswusterhausen op verskeie geleenthede nuusberigte, praatjies en radio spele vertaal, voorberei en opgeneem het namens die Duitse MP en BK, én dat hy dit vanaf die Duitse kortgolfstasie na die Unie versprei het. Tweedens, dat hy rondom 1 Februarie 1944 'n betrekking aanvaar het onder die vyand as 'n sub-redakteur en omroeper, binne-in die Duitse uitsaai korporasie onder beheer van die MP en BK. Die derde en laaste aanklag teenoor Strauss was dat hy ook tussen 1 September 1939 en 28 Februarie 1945 verskeie kere namens die vyand propaganda na die Unie uitgesaai het om die oorlogspoging te verswak en te belemmer, en dat die praatjies ook in die Unie gehoor is.¹⁶ Strauss se aanklag het dus berus op sy diens by Radio Zeesen as sub-redakteur, sy voorbereiding en uitsaai van praatjies namens Duitsland en die propagandistiese aard daarvan wat bedoel is om die Unie se oorlogspoging te belemmer. Daar word egter met Strauss se aanklagtes nie verwys na die Hitler-eed nie.

¹⁵ NBSA, "Rex vs Holm & Rex vs Pienaar" in *The South African law reports*, 928.

¹⁶ NBSA, "Rex vs Strauss" in *The South African law reports, 1948 (1) January-March* (Cape Town & Johannesburg, Juta, 1948), 937.

Snoek se hoogverraadsaak het ook op die besonderhede van drie aanklagtes gerus. Die eerste daarvan was dat hy rondom 15 Julie 1941 in Berlyn 'n pos onder die vyand aanvaar het as hoof-redakteur by die Duitse uitsaaikorporasie, en spesifiek die Duitse kortgolfstasie onder die beheer van die MP en BK. Tweedens, dat hy tussen 15 Julie 1941 en 28 Februarie 1945 in Berlyn en Königswusterhausen op verskeie kere praatjies en propaganda namens die vyand vertaal, opgestel en uitgesaai het na die Unie. Laastens was ook die aantyging dat Snoek rondom 30 Junie 1942 'n eed afgelê het wat voorgeskryf is deur Duitsland se Staatsdienswet om lojaal en gehoorsaam aan Hitler te wees.¹⁷

Hierdie spesifieke punte in die aanklagtes het ook tegniese punte aangeraak wat die hofszaak beïnvloed het. Soos genoem was dit dus nie net eenvoudige aanklagtes van hoogverraad nie, aangesien hoogverraad nie net een enkele daad is nie en baie vorme kan aanneem. Daar moes na die spesifieke en veelvoudige komponente van die omroepers se aksies wat as hoogverraad beskou word, gekyk word en elke aspek moes bewys of genoegsaam weerlê word.

'n Vraagstuk wat veral na vore getree het tydens die hofszaak (en later ook opgebring is met die appèl), is die vraag rondom wat hoogverraad presies behels. Die vervolging het F.E. Lutge se stelling voortgestaan wat veronderstel dat die kenmerk van hoogverraad “vyandige bedoeling” is. Die vervolging het verder aangevoer dat die verstandelike element van hoogverraad veronderstel dat die daad alleen outomaties ook teen die Staat gekant is.¹⁸ Enige daad wat verrig word met die bedoeling om die Staat direk of indirek te benadeel moet dus as hoogverraad beskou word. Daar kan volgens hierdie argument nie skeiding gemaak word tussen vyandige bedoeling en die daad self nie, solank vyandige bedoeling betrokke is, is dit 'n vorm van hoogverraad.

Die oorlogskonteks was ook van belang aangesien daar spesifieke vyande is en betrokkenheid by 'n ander land verskil van 'n situasie waar politieke rus heers. Die land waarby 'n persoon betrokke raak is 'n voorafgestelde vyand of bondgenoot. In hierdie geval van die oorlog was Duitsland 'n bepaalde vyand van die Britse Ryk en daardeur ook 'n vyand van die Unie. Die vervolging se standpunt was dus dat enige hulpverlening aan 'n vyandelike land, ongeag hoe

¹⁷ PV, regsdokument van die Spesiale Strafhof rakende die aanklag van hoogverraad teen J.J. Snoek.

¹⁸ NBSA, “Rex vs Holm & Rex vs Pienaar” in *The South African law reports*, 926.

gering, beskou moet word as 'n uitlating van vyandige bedoeling.¹⁹ So 'n standpunt verduidelik ook waarom dae soos sabotasie sowel as die verspreiding van propaganda beide as hoogverraad beskou is – alhoewel sabotasie 'n direkte, fisiese invloed het en propaganda meer 'n intellektuele invloed, het die hoewe die motivering agter albei as eenders beskou, naamlik vyandige bedoeling om die Staat te benadeel. Dit is egter interessant dat alhoewel twee uiteenlopende dae soos propaganda-verspreiding en sabotasie beide as hoogverraad beskou is, weens die gemeenskaplike vyandige bedoeling, blyk daar tog verskillende grade van hoogverraad te wees. R. Leibbrandt, byvoorbeeld, is skuldig bevind aan hoogverraad weens sabotasiedade en komplot teen die regering en oorspronklik tot die dood veroordeel, alhoewel dit nie realiseer het nie.²⁰ Die omroepers van Radio Zeesen is ook skuldig bevind aan hoogverraad maar nie tot die dood veroordeel nie. As hoogverraad bewys kon word, moes daar nog ook bepaal word wat die erns van die gevolg is en 'n gepaste straf moes gevind word. Dit dui bloot op die kompleksiteit van die hoogverraadsake, spesifiek ná die Tweede Wêreldoorlog.

Die vervolging het tydens die omroepers se hofsake ook op die kwessie van hoogverraad en waar dit gepleeg is in terme van die grense van 'n staat uitgebrei. Die argument is na vore gebring dat die Staat jurisdiksie het oor alle persone wat getrou daaraan is, insluitend persone wat in Suid-Afrika gebore is en dus Suid-Afrikaanse burgerskap het. Enige daad wat trou aan die staat verbreek, affekteer die staat ongeag waar die fisiese daad van verraad plaasvind en hoe naby dit aan die staat se grondgebied is.²¹ Volgens die hofverslae was daar veral gekyk na of die hof jurisdiksie het om hoogverraad te verhoor wat buite die staat se grondgebied gepleeg is.²² Die omroepers het propaganda vanaf Duitsland uitgesaai en hulle was dus nie in die Unie terwyl hulle hoogverraad gepleeg het nie. Die vervolging se standpunt was dat dit steeds as hoogverraad beskou en deur die Unie verhoor moes word, omdat die omroepers Suid-Afrikaanse burgers was, ongeag die feit dat die daad self op 'n ander kontinent verrig is.

Daar is aangevoer dat 'n algemene beginsel van internasionale reg die idee is dat alle state gesag het oor sy eie grond en burgers, ongeag of waar die burger 'n misdaad pleeg. Volgens die vervolging se argument, was daar nie internasionale konsensus dat die staat slegs jurisdiksie

¹⁹ NBSA, "Rex vs Strauss" in *The South African law reports*, 941.

²⁰ Sien byvoorbeeld A. Blake, *Robey Leibbrandt: 'n Lewe van fanatisme* (Kaapstad & Johannesburg, Jonathan Ball, 2019).

²¹ NBSA, "Rex vs Holm & Rex vs Pienaar" in *The South African law reports*, 927.

²² NBSA, "Rex vs Holm & Rex vs Pienaar" in *The South African law reports*, 929.

oor misdade binne sy eie grondgebied het nie. Hoewel enkele lande die beginsel beoefen het om slegs misdaad te straf as dit in die land self plaasvind, was daar geen internasionale konsensus wat die Unie sou beperk om sy eie burgers te straf vir hoogverraad wat gepleeg is buite die Unie-grense nie. Dit is ook deels toegeskryf aan die feit dat hoogverraad slegs die burger se eie land te na kom en die vervolging daarvan maak nie inbraak op die land waar die daad gepleeg is se regte nie.²³ Met ander woorde, aangesien die omroepers se verraad slegs teenoor Suid-Afrika 'n misdaad was en geen ander land belange gehad het by hulle vervolging nie, was die Unie binne sy reg om hulle te verhoor. Teenoor Duitsland self het die omroepers geen misdaad gepleeg nie en sou hulle nie vervolgt word nie, wat geïmpliseer het dat as die Unie nie sy eie burgers verhoor en straf nie, kon dieselfde misdaad ongestoord voortgaan.

Die vervolging het aangevoer dat radiopropaganda as hulpmiddel in oorlogvoering juis 'n sprekende voorbeeld is dat die definisie van hoogverraad nie net beperk moet word tot verraad wat in die staat se grondgebied gepleeg word nie. Selfs indien die definisie van hoogverraad nie dienooreenkomstig verstaan word nie, was daar volgens die vervolging steeds 'n mate van fisiese teenwoordigheid van verraad in die Unie aangesien die uitsendings deur duisende in die Unie gehoor is en dit 'n manifestasie van vyandige bedoeling was.²⁴ Die gevolgtrekking van hierdie standpunt is dat die staat in elk geval jurisdiksie het aangesien die uitsendings 'n "atmosferiese versteuring" in die Unie veroorsaak ten einde propaganda te versprei en daarom was die verraad gedeeltelik in die Unie gepleeg.²⁵ Die vervolging se argument was op só 'n manier saamgestel dat selfs al kon die regter nie oortuig word dat misdaad buite die Unie gestraf moet word nie, daar geredeneer kan word dat die misdaad tog in 'n mate binne die Unie gepleeg is en dus in elk geval gestraf moet word. Die vervolging se gevolgtrekking was dat daar geen internasionale beleid was wat die Unie keer om hoogverraad deur sy burgers te straf nie, self al is dit nie binne die Unie self gepleeg nie.²⁶

'n Verdere vraag wat tydens die hofsake opgekom het, was of die Spesiale Hof wat die verhore behartig het die gesag gehad het om die saak te hanteer. Die hof se optrede is gemotiveer kragtens Wet 31 van 1917 afdeling 215, wat die instelling van 'n Spesiale Hof regverdig en wat ook gesag het om enige aanklagte te verhoor.²⁷ Daar is ook aangevoer dat selfs al was die

²³ NBSA, "Rex vs Holm & Rex vs Pienaar" in *The South African law reports*, 930.

²⁴ NBSA, "Rex vs Holm & Rex vs Pienaar" in *The South African law reports*, 927.

²⁵ NBSA, "Rex vs Holm & Rex vs Pienaar" in *The South African law reports*, 925, 930.

²⁶ NBSA, "Rex vs Holm & Rex vs Pienaar" in *The South African law reports*, 925, 930.

²⁷ NBSA, "Rex vs Holm & Rex vs Pienaar" in *The South African law reports*, 931.

Spesiale Hof beperk tot dieselfde gesag as 'n Provinsiale Hof wat alternatiewelik die saak sou hanteer, in die geval die Transvaalse provinsiale afdeling, sou die verhoor ook geregverdig wees volgens die uiteensetting van Wet 31 van 1917, afdeling 4.²⁸ Die vervolging het die argument gehandhaaf dat die Spesiale Hof gesag het om die verspreiding van propaganda strafbaar te vind. Dit sluit ook in 'n mate aan by die debat oor ligging van hoogverraad, omdat ligging 'n rol sou speel in watter howe die saak hanteer.²⁹

Die vervolging het menige bewysstukke in die hof aangebied om die klagtes teen die omroepers te bewys. Daar is byvoorbeeld bewyse gelewer dat Radio Zeesen onder die MP en Buitelandse Kantoor se beheer was, om sodoende te steun dat die uitsendings namens die vyand en met kwaadaardige motivering versprei is. Getuienisse van Duitsland het bevestig dat Radio Zeesen onder hierdie departemente was.³⁰ Strauss het byvoorbeeld verklaar dat hy nie daarvan bewus is nie, maar die vervolging het sy gereelde kontak met Dr. W.R.P. Oetting by die BK gebruik om die teendeel te bewys.³¹ Verder het W. Gröhe ook getuig dat dit algemene kennis was dat die uitsendings deur die spesifieke departemente beheer word.³² Daar is bevestig dat die MP die riglyne vir uitsendings gestel het, soos deur Gröhe en Oetting getuig.³³ Dit het ook as verdere ammunisie vir die vervolging gedien om te bewys dat uitsendings namens die vyand gedoen is.³⁴ Dit het beteken dat die uitsendings gemotiveer kon word as hulpmiddele tot propaganda eerder as blote kulturele produk. Strauss het ook byvoorbeeld erken dat hy nuus, politieke en kulturele programme vertaal, saamgestel en uitgesaai het.³⁵ Tydens Snoek se voorlopige verhoor op 2 Oktober 1946 het Gröhe getuig dat Radio Zeesen se Afrikaanse uitsendings kultureel sowel as polities van aard was. Gröhe se stelling kon dus as bewyse dien dat die uitsendings nie net vir blote vermaak was nie maar ook 'n politiese agenda in die oorlog gehad het. Die erkenning dat daar politieke praatjies was, was ook deel van die vervolging se bewyse dat dit nie net gewone radio-uitsendings was nie.

Daar is ook gereeld deur die vervolging bewyse gebruik wat uit die omstandighede na vore tree, of sogenaamde “circumstantial evidence”. Dit was ook gebruik om te bewys dat die

²⁸ NBSA, “Rex vs Holm & Rex vs Pienaar” in *The South African law reports*, 934.

²⁹ NBSA, “Rex vs Holm & Rex vs Pienaar” in *The South African law reports*, 929.

³⁰ Nasionale Argief van Suid-Afrika (hierna NASA), Special Criminal Court (hierna SCC), no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 3.

³¹ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 3.

³² NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 5.

³³ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 4.

³⁴ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 10.

³⁵ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 3.

omroepers se regte name aan hulle skuilname verbind kon word. Gröhe het getuig dat skuilname gebruik is om nie die omroeper se identiteit bekend te maak nie, om sodoende die omroeper enige moeilikheid te spaar.³⁶ Daar was bewyse dat die omroepers skuilname gehad het, maar die regte name moes nog aan die skuilname gekoppel word. 'n Voorbeeld hiervan was die bewyse dat Strauss uitsendings uitgesaai het en dat hy die enigste persoon was wat onder die skuilnaam Neef Buurman verkeer het, dus kon daar afgelei word dat enige uitsendings van Neef Buurman deur Strauss gedoen is.³⁷ Gröhe en K.C. Wille van die Duitse radiodiens het getuig dat hulle nie ooit gehoor het dat Neef Buurman foutief aangekondig word nie. Hulle getuienis is betwyfel deur die verdediging omdat hulle erken het dat hulle nie na elke uitsending geluister het nie, maar die hof het volgehou dat dit die mees waarskynlike situasie was dat Strauss Neef Buurman was gebaseer op sogenaamde “circumstantial evidence”.³⁸ Daar is volgehou dat sulke bewyse soms só volop is dat dit genoeg is om skuld aan te dui selfs al is daar nie direkte bewyse soos konkrete getuienis nie.³⁹

Die aanklagte dat die omroepers vir Duitsland uitgesaai het, is relatief maklik bewys. Daar was byvoorbeeld bewyse in die vorm van betalingstrookies wat deur die omroepers geteken is soos wat hulle vir elke uitsending betaal is. Die kleur van die inskrywings het verskil wat aangedui het dat hulle soms net uitgesaai het en soms self ook die praatjie voorberei het.⁴⁰ Die voorbereiding en uitsaai is albei as bewyse van skuld aangewend. Self al het die omroeper net die praatjie voorberei, kon hy skuldig wees saam met die een wat uitgesaai het, volgens die vervolging se standpunt.⁴¹ Die mate van agentskap wat die omroepers oor die uitsendings gehad het, het ook vanuit die getuienisse na vore getree. Gröhe het byvoorbeeld getuig dat daar ander kere net riglyne van die BK gekom het en dat dele van die praatjie dan deur die radiopersoneel aangevul is.⁴² Die feit dat praatjies soms net riglyne was, is ook deur Oetting bevestig.⁴³ Dit het aangedui dat die radiopersoneel nie altyd net uitgesaai het nie, maar ook aandeel gehad het in die skep van propaganda.

³⁶ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 14.

³⁷ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 13.

³⁸ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 13-14.

³⁹ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 18-19.

⁴⁰ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 15.

⁴¹ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 21.

⁴² PV, transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van W. Gröhe, 2 Oktober 1946, 3.

⁴³ PV, transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van W.RP. Oetting, 2 Oktober 1946, 11.

Die vervolging het grootliks staatgemaak op die idee dat propaganda ontwerp is om die Unie se oorlogspoging teen Duitsland te verswak. Duitse getuies het dit bewys deur te sê dat Brittanje die hoofvyand van Duitsland was en dat dit 'n oorwinning sou wees as die Unie uit die oorlog onttrek het.⁴⁴ Gröhe het ook getuig dat die uitsendings ten gunste van diegene gekant teen Suid-Afrika se oorlogsdeelname was. Volgens sy getuienis het dit ook geïmpliseer dat die uitsendings aanvallend teenoor die pro-oorlogsgesindes was.⁴⁵ Oetting het ook getuig dat die algehele doel van die BK en die radiopraatjies was om Suid-Afrika uit die oorlog te kry en gevoelens onder die bevolking te ontvlam. Net soos Gröhe het Oetting ook getuig dat die radio-uitsendings die Suid-Afrikaanse regering en beleide aangeval het.⁴⁶

Die hof het ook gekyk na sommige van die onderwerpe in die uitsendings om te bepaal of die doel daarvan vyandig was. Praatjies wat genoem is, is byvoorbeeld een wat verklaar dat Brittanje giftige gas na Poland vervoer het om oorlog teen Duitsland te maak. 'n Ander praatjie is ook gebruik as voorbeeld, wat gesê het dat Engeland seemag gekry het deur middele van seerowery en dat daar oor die algemeen grondgebied deur Engeland gesteel word. Die anti-Britse temas in die uitsendings is dus opgestel en in die hof gebruik as ondersteuning vir die feit dat die uitsendings ontwerp is om Brittanje en die Unie as bondgenoot daarvan aan te val.⁴⁷ Ander praatjies wat in die hof gebruik is, is ook waar J.C. Smuts vir sy ontwapening van die Afrikaners aangeval word, asook die idee dat die inheemse bevolking wapens sou kry. Daar is in die praatjie gesê dat daar nie vryheid van spraak is nie en dat die Afrikaners onteer is. Verder is daar ook aangevoer dat Hitler 'n vredesaanbod vir Brittanje gemaak het, maar dat Smuts dit geweier het. Deur Smuts en Brittanje aan te val, het die vervolging geargumenteer dat die uitsendings duidelik ontwerp is om die Unie se oorlogspoging te verswak.⁴⁸

In sommige gevalle het die omroepers se geleerdheid ook teen hulle getel. Omdat Strauss en Holm doktorsgrade gehad het, het die vervolging ook die afleiding gemaak dat hulle intelligent genoeg was om die omvang van hulle daade te besef. Regter Ramsbottom het byvoorbeeld met

⁴⁴ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 11.

⁴⁵ PV, transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van W. Gröhe, 2 Oktober 1946, 3.

⁴⁶ PV, transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van W.R.P. Oetting, 2 Oktober 1946, 12.

⁴⁷ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 21-22.

⁴⁸ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing, 22.

Strauss se uitspraak gesê dat hy 'n geleerde man was en dus moes verwag dat enige hulp aan Duitsland vir Suid-Afrika benadeel.⁴⁹

Meeste van die aanklagtes kon deur die vervolging gesteun word, hetsy met direkte of indirekte bewyse. Die dokumentasie van Radio Zeesen, uittreksels van die praatjies sowel as getuienisse van verskeie persone het die standpunte ondersteun dat die omroepers vir die vyand gewerk het en propaganda uitgesaai het om die Unie se oorlogspoging te benadeel. 'n Hofsaak kan egter nie begryp word tensy die verdediging se standpunte ook in ag geneem word nie en daarom is dit van belang om ook die omroepers en hulle verdediging se argumente te ontleed.

5.2.2 Vir die verdediging: Die standpunte van die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen

Die omroepers is elkeen deur sy eie regspan in die hofsake verteenwoordig. Holm is verteenwoordig deur advokate van die firmas Gordon & Fraser asook Roux & Jacobs. Die verdediging vir Holm was die advokate O. Pirow en F. Rumpff.⁵⁰ Strauss is deur Dr. T.E. Dönges en advokaat M.R. de Kock van die firmas Naude & Naude en Roux & Jacobs verdedig.⁵¹ Pienaar se verteenwoordiging is deur Rumpff behartig, wat ook deel van Holm se span was, en Snoek se verdediging is aangevoer deur advokaat A.H. Broeksma en C.D.J Theron.⁵²

Tydens die verdediging het die omroepers se spanne gereeld beswaar gemaak teen sommige van die argumente en standpunte wat deur die vervolging aangevoer is. Strauss se verdediging het byvoorbeeld die spesifieke terminologie rondom die term vyandige bedoeling bevraagteken. Die debat het verloop rondom die verwarring wat veroorsaak kan word tussen bedoeling of motivering, sowel as die einddoel en die middele om daardie doel te bereik.⁵³ Ten opsigte van vyandige bedoeling het Strauss se verdediging spesifiek volgehou dat hy nie

⁴⁹ PV, koerantversameling, "Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others", *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

⁵⁰ PV, koerantversameling, "Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others", *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

⁵¹ Argief, rekords- en museumdiens van die NWU, Potchefstroom, Ossewa-Brandwag Argief (hierna OBA), "Appel aangeteken in hoogverraadsake teen gesag van hof", *Die OB*, jaargang 6, no. 28, 11 Junie 1947, 2. Sien ook PV, koerantversameling, "Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others", *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

⁵² PV, koerantversameling, "Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others", *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

⁵³ PV, koerantversameling, "Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others", *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

opgetree het uit vyandigheid nie, maar eerder om Suid-Afrika te help en te waarsku. Dit het ook aangesluit by die idee dat bedoeling en doelwit kan verskil. Daar is geargumenteer dat intensie en daad in verband met mekaar geoordeel moes word.⁵⁴ Die doelwit van die omroepers moes volgens die verdediging teen die nodige agtergrond verstaan word.⁵⁵ Dit wil sê, alhoewel die omroepers vanaf Duitsland uitgesaai het en die aksies wat hulle geneem het as hoogverraad beskou word, was hulle oogmerk en wat hulle wou bereik nie noodwendig vyandige bedoeling nie.

Die vervolging se standpunt rakende die ligging van hoogverraad het ook een van die belangrike verdedigingspunte geraak. Holm en Pienaar se verdediging het aangevoer dat kriminele jurisdiksie territoriaal is en dat daar nie wetgewing was wat die Unie bemagtig het om misdaad buite sy eie grense te hanteer nie.⁵⁶ Die gesag van die Spesiale Hof is ook deur die verdediging bevraagteken. Volgens die verdediging se standpunt het die Spesiale Hof slegs dieselfde mag gehad as die Transvaalse provinsiale hof en aangesien die Transvaalse wetgewing nie in die buiteland toegepas kon word nie, kon die Spesiale Hof ook nie die aangeklaagdes verhoor nie.⁵⁷

Daar was ook vele ander argumente wat aangevoer is om die omroepers se standpunte te verdedig. Een hiervan was die bevordering van die omroepers se nasionalistiese gesindheid. Dit is ook gebruik om aan te voer dat die omroepers ten bate van die Unie eerder as Duitsland opgetree het. Enige bewyse dat die omroepers trots Suid-Afrikaans was kon dus in hulle guns tel. Tydens Snoek se hofsak het Gröhe byvoorbeeld getuig dat Snoek altyd 'n Uniewapen op sy baadjie gedra het – iets wat bygedra het tot die idee dat Snoek pro-Afrikaner eerder as pro-Duits was. Gröhe het Snoek beskryf as 'n Afrikaner en niks anders as 'n Afrikaner nie.⁵⁸ Getuie Wille wat ook by Radio Zeesen werksaam was gedurende die laaste jaar van die oorlog, het ook beskryf dat Snoek 'n trotse Afrikaner was. Neem die volgende greep van haar getuienis in ag:

⁵⁴ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsak, hofbeslissing, 23.

⁵⁵ NBSA, "Rex vs Strauss" in *The South African law reports*, 935.

⁵⁶ NBSA, "Rex vs Holm & Rex vs Pienaar" in *The South African law reports*, 928.

⁵⁷ NBSA, "Rex vs Holm & Rex vs Pienaar" in *The South African law reports*, 929.

⁵⁸ PV, transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van W. Gröhe, 2 Oktober 1946, 5-6.

*I gathered from his (Snoek's) remarks that he was a South African, and had always been a South African, and proud to be so, and he had at one time hoped to be able to help his country, the Afrikaners in South Africa, the same as the others in the broadcasting station by the work they were doing there.*⁵⁹

Wille se getuienis openbaar dat nie net Snoek nie, maar ook die ander Afrikaanse omroepers, Suid-Afrika en spesifiek hulle mede-Afrikaners wou help deur hulle diens. Wille erken dat Snoek ten gunste van 'n republiek was en gehoop het om dit te bereik sou Duitsland oorwinning behaal, maar later het hy gesien dit was onwaarskynlik. Wille noem ook dat die omroepers opdrag gekry het om selfversekerd te klink ten alle tye en daarom sou Snoek sy bedenkinge nie uitsaai nie al het hy dit in privaat genoem.⁶⁰ Gröhe het ook getuig dat hy nie politiek buite die werksomgewing met Snoek bespreek het nie, maar hy het geglo dat Snoek wou hê dat Suid-Afrika neutraal moes bly.⁶¹

In die brief waarin Snoek vir Gröhe geskryf het dat hy 'n pos by die radiostasie sal aanvaar, het hy ook genoem dat hy bly sal wees om werk te doen vir die vryheid van sy land.⁶² Gröhe het verder ook in sy getuienis genoem dat hy seker was die Afrikaanse omroepers sou nie by die Duitse radio werk as Duitsland byvoorbeeld oorlog teen Suid-Afrika verklaar het nie.⁶³ Hierdie stelling skep die gedagte dat Duitsland se konflik met Brittanje was en nie met die Afrikaners nie. Strauss is in getuienisse beskryf as 'n nasionalis wat slegs oor Suid-Afrika bekommer het, nie oor Duitsland nie en dat hy ook nie van Engeland gehou het nie.⁶⁴ Oetting het ook byvoorbeeld verklaar dat Strauss geglo het Suid-Afrika se neutraliteit kan deur vreedsame wyses verkry word.⁶⁵ Sulke tipe bewysstukke en getuienisse het in die omroepers se guns getel en die argument na vore gebring dat hulle eerder hulle land opreg wou dien en nie net as pro-Duits afgemaak kon word nie.

⁵⁹ PV, transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van K.C. Wille, 21 Oktober 1946, 26.

⁶⁰ PV, transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van K.C. Wille, 21 Oktober 1946, 26.

⁶¹ PV, transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van W. Gröhe, 2 Oktober 1946, 6.

⁶² PV, transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van W. Gröhe, 2 Oktober 1946, 7.

⁶³ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, getuienis van W. Gröhe, 30.

⁶⁴ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, getuienis van W. Gröhe, 30.

⁶⁵ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, getuienis van W.R.P. Oetting, 40.

Interessant genoeg was al vier die omroepers die kans gegun om Duitse oorlogsmedaljes te ontvang. Al vier het egter, volgens Oetting se getuienis, die medaljes geweier. Strauss was byvoorbeeld ook kwaad omdat hy aangeraai is om dit te aanvaar – hy het geredeneer dat hy dit nie kon aanvaar nie omdat sy diens vir Suid-Afrika was, nie vir Duitsland nie.⁶⁶ Die weiering van Duitse medaljes was 'n enorme aspek om te bewys dat die omroepers pro-Afrikaner eerder as pro-Duits was. Indien hulle die medaljes aanvaar het, sou dit waarskynlik swaar teen hulle getel het in die hofsake, omdat dit sou beteken hulle het lof vir diens aan Duitsland aanvaar.

Buiten vir die doel om Suid-Afrika agter die skerm te help, het 'n ander motivering ook in Strauss se verdediging na vore gekom, naamlik dat hy genoodsaak was om by Radio Zeesen te werk eerder as dat hy pro-Duits was. Strauss het geargumenteer dat hy internering wou vermy en sy studies wou voltooi en daarom het hy by die Duitse Radio gewerk. Gröhe se getuienis het ook die feit ondersteun dat selfs al was Strauss nie geïnterneer nie, sou hy nie geld kon verdien buiten deur vir Duitsland te werk nie.⁶⁷ Die vervolging het egter geargumenteer dat hy bewus moes wees van die feit dat hy Duitsland help deur die aard van die uitsendings.⁶⁸ Strauss het verder verklaar (ook met betrekking tot sy bedanking):

Wat my werk by Zeesen betref was 'n krisis onvermydelik. Die nuus berigte, praatjies, ja selfs die musiek het van bo gekom. Alles het reeds klaar op die tafel gele en ons vryheidstryders was slegs nog veroorloof om die vertaal werk te doen [sic].⁶⁹

Daar was ook gepoog om te wys dat Strauss nie in Duitsland wou bly of werk tydens die oorlog nie. Sy verdediging het in die hof genoem dat hy met die uitbreek van die oorlog uit Duitsland wou vlug, maar is gekeer by die Hollandse grens.⁷⁰ Dit het ook in sy guns getel om te bewys dat sy motivering om in Duitsland te bly suiwer akademies was en dat hy uit blote noodsaaklikheid daar moes werk soek. In Strauss se geval was daar ook nie 'n aantyging van die Hitler-eed nie, wat ook kon bewys dat hy nie toegewyd aan Duitsland was nie. Oetting het getuig dat Strauss nie die eed wou teken nie en dat hy hom aangeraai het om nie daaroor te

⁶⁶ PV, koerantversameling, "Heated argument over German medal: Defence evidence in trial for high treason", *The Cape Argus*, 4 Junie 1947. Sien ook NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsake, getuienis van W.R.P. Oetting, 41.

⁶⁷ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsake, getuienis van W. Gröhe 23.

⁶⁸ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsake, hofbeslissing, 26.

⁶⁹ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsake, hofbeslissing, 5.

⁷⁰ PV, koerantversameling, "Heated argument over German medal: Defence evidence in trial for high treason", *The Cape Argus*, 4 Junie 1947.

bekommer nie, omdat dit bloot roetine was. Gröhe het getuig dat aangesien die Hitler-eed nie in Strauss se lêer was nie het hy aangeneem dat Strauss geweier het. Die ander dienskontrakte wat wel geteken is, was volgens Gröhe nie dieselfde as die Hitler-eed nie.⁷¹

Strauss se verdediging het ook tydens die hofsaak klem geplaas op 'n Unieburger se reg om sy opinies vrylik te lig – iets waarop Strauss klaarblyklik ingestel was. Die vervolging het egter volgehou dat die reg tot vryheid van spraak slegs geld binne die perke van die wet, wat oortree is toe Strauss in diens van die vyand getree het.⁷² Strauss se sterk persoonlikheid en eiewyse maniere het gereeld in die hofsaak na vore gekom, maar dit het ook gedeeltelik in sy guns getel. Sy verdediging het beweer dat hy nie politieke praatjies betrokke wou raak nie en eerder net by kulturele temas wou bly, daarom het hy selfs soms geweier om uit te saai. Die hof het die punt aanvaar dat Strauss slegs kulturele materiaal wou uitsaai.⁷³

Soortgelyk het daar getuienisse na vore gekom wat openbaar het dat Snoek nie op politieke sake wou fokus nie. Uit Gröhe se getuienis het dit na vore gekom dat alhoewel Snoek nie met die regering se oorlogsbeleide saamgestem het nie, was sy fokus meer op praatjies teen kommunisme en oor arbeidswese.⁷⁴ F.J. Shaefer, 'n getuie wat ook met die Duitse radio geaffilieer was, het ook van Snoek se anti-kommunistiese opinies getuig.⁷⁵ Dit kon die indruk skep dat Snoek anti-kommunisties en anti-oorlogsgesind was, eerder as teen die regering van die Unie spesifiek. Gröhe het verder ook beskryf dat Snoek nie 'n politikus was nie en daarom het hy nie juis gelet op Snoek se praatjies nie.⁷⁶ Deur Snoek te beskryf as iemand wat nie polities radikaal was nie, kon die getuienisse Snoek se saak positief beïnvloed. Volgens berig het Snoek se saak egter nie genoeg bewyse opgelewer in terme van spesifieke uitsendingsmateriaal nie, daarom was die vyandige bedoeling moeilik om te bewys. Sy ouderdom het ook in sy guns getel omdat die hof beslis het dat hy te jonk en onervare was om die gewig van sy daade te besef.⁷⁷

⁷¹ NASA, SCC, no. 45, transkripsie van J.A. Strauss se hofsaak, getuienis van W. Gröhe, 25.

⁷² NBSA, "Rex vs Strauss" in *The South African law reports*, 941.

⁷³ PV, koerantversameling, "Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others", *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

⁷⁴ PV, transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van W. Gröhe, 2 Oktober 1946, 6.

⁷⁵ PV, transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van F.J. Shaeffer, 2 Oktober 1946, 16.

⁷⁶ PV, transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van W.R.P. Oetting, 2 Oktober 1946, 13.

⁷⁷ PV, koerantversameling, "Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others", *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

Holm se persoonlike konteks het ook tydens sy hofsake 'n rol in sy verdediging gespeel. Volgens regter Ramsbottom het twee faktore agter in Holm se guns getel tydens sy verhoor. Die feit dat Holm hulp aan Duitsland verleen het van buite die Unie, eerder as binne die Unie se grense self, was die eerste versagtende faktor. Dit was egter die geval met al vier die omroepers. Die tweede aspek was dat Holm se betrokkenheid by Duitsland met die nodige konteks in ag geneem is. Holm se sterk bande met Duitsland het die hof oortuig dat hy van plan was om permanent in Duitsland te vestig voordat die oorlog uitbreek het. Holm se vrou was Duits en hulle kinders dus ook gedeeltelik. Ramsbottom het verklaar dat as die Duitse regering dit toegelaat het, sou Holm waarskynlik Duitse burgerskap gekry het.⁷⁸ Die sterk verband met Duitsland het in Holm se guns getel omdat hy grootliks as 'n nie-amptelike Duitser opgesom is. Dit is interessant dat Holm se assosiasie met Duitsland so prominent in ag geneem is aangesien daar beduidende bewyse is dat Holm steeds pro-Afrikaner eerder as pro-Duits was. In so 'n hoogverraadsake kon die sterk bande met Duitsland juis teen 'n beskuldigde tel, maar in se Holm geval het sy besonderse aanpassing by die Duitse samelewing eerder as 'n versagtende faktor gedien.

Die verdediging in elkeen van die omroepers se sake het berus op verskeie aspekte en met die konstante nuwe inligting en getuienisse wat na vore kom, kon die sake nie vinnig afgehandel word nie. Die tydsverloop van die hofsake dui aan hoeveel keer die sake uitgestel en hervat is en dat dit oor etlike maande gevorder het voordat uitspraak gelewer is.

5.3 Die hofsake vorder: tydsverloop, uitspraak en appèl

Om 'n idee te skep van die lang proses van die hofsake, kan daar na spesifiek datums en gebeurtenisse in die tydlyn van die verhore verwys word. Holm se saak byvoorbeeld, het die eerste keer op 10 September 1946 in Pretoria se magistratuurshof verskyn vir 'n voorlopige verhoor op die aanklag van hoogverraad. Daar is egter geen getuienis gelewer nie en die saak is uitgestel tot 'n week later op 17 September 1946.⁷⁹ Die verhoor is weereens verdaag tot die

⁷⁸ Nasionale Argief van Suid-Afrika, Pretoria (Hierna NASA), SAB-databasis, "Decisions of the executive Council" (Hierna URU, soos aangedui in databasis), volume 2620, 713, Memorandum oor strafvermindering van S.E. Holm, 10 Januarie 1948. Sien ook PV, koerantversameling, "Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others", *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

⁷⁹ PV, koerantversameling, "Holm verskyn nog 'n keer in hof", *Die Burger*, 10 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, "Holm case", *The Argus*, 10 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, "Holm saak begin oor 'n week", *Die Vaderland*, 10 September 1946.

volgende dag.⁸⁰ Daarna is die saak weer uitgestel tot 14 Oktober 1946.⁸¹ Berigte van 15 Oktober dui aan dat die saak tot die volgende dag weer uitgestel is.⁸² Volgens Die Transvaler het al vier omroepers weer op 29 Oktober in die hof verskyn en daarna is al vier se sake tot 12 November verskuif.⁸³ Teen 26 November het Holm nogmaals in die hof verskyn en die saak is tot 3 Desember verdaag.⁸⁴ Maande het dus reeds verloop voordat daar uitspraak gelewer is.

In die geval van Strauss lyk die tydsverloop soortgelyk. Strauss het op 2 September in Pretoria se magistraatshof verskyn vir sy hoogverraadsaak se voorlopige verhoor. Daar is geen getuienis gelewer nie en Strauss is ook nie verdedig nie, daarom is die saak weer geskuif na 12 September.⁸⁵ Nadat die saak op 12 September hervat is, is dit weereens uitgestel tot 24 September.⁸⁶ Die saak is daarna weer uitgestel om hervat te word op 4 Oktober.⁸⁷ Berigte dui aan dat Strauss se saak teen 17 Oktober steeds voortgeduur het,⁸⁸ en dat hy op 29 Oktober weer in die hof was. Die hof was daarna weer tot 12 November verdaag.⁸⁹ Na nog 'n verskyning laat in November, is Strauss se saak weereens verdaag tot in die eerste week van Desember.⁹⁰

Pienaar het, nes Strauss, op 2 September voor die magistraatshof in Pretoria verskyn. Sy saak is uitgestel tot 13 September.⁹¹ Na verdere opvolg in September is Pienaar se saak verskuif na 1 Oktober.⁹² Pienaar het saam met die drie ander Afrikaanse omroepers weer op 29 Oktober in

⁸⁰ PV, koerantversameling, "Eric Holm se verhoor begin in Pretoria", *Die Burger*, 18 September 1946.

⁸¹ PV, koerantversameling, "Hoe nuus na Duitsland gestuur is: Duitser se getuienis in Holm-saak", *Die Burger*, 19 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, "Accused of aiding the Nazis", *Cape Times*, 20 September 1946.

⁸² PV, koerantversameling, "Besook aan 'n omroep: Getuienis in Holm se verhoor", *Die Burger*, 15 Oktober 1946. Sien ook PV, koerantversameling, "Alleged to have worked for Nazis: Brothers of Holm give evidence", *Cape Times*, 15 Oktober 1946.

⁸³ PV, koerantversameling, "Vier blankes op 'n klag van hoogverraad: Saak tot 12 November verdaag", *Die Transvaler*, 30 Oktober 1946.

⁸⁴ PV, koerantversameling, "Grammofoonplate as getuienis: Advokaat maak beswaar", *Die Burger*, 26 November 1946.

⁸⁵ PV, koerantversameling, "Aangekla van hoogverraad", *Die Burger*, 2 September 1946.

⁸⁶ PV, koerantversameling, "Alleged treason", *The Argus*, 12 September 1946.

⁸⁷ PV, koerantversameling, "Propaganda talks from Germany", *The Cape Times*, 25 September 1946. Sien ook "Doel met uitsendings na die Unie: Beweerde rol van S.A. student in Duitsland", *Die Burger*, 25 September 1946.

⁸⁸ PV, koerantversameling, "Witness says he heard Union P.O.W. broadcast from Germany", *Rand Daily Mail*, 17 Oktober 1946. PV, koerantversameling, "Broer van Dr. Strauss getuig", *Die Transvaler*, 17 Oktober 1946.

⁸⁹ PV, koerantversameling, "Vier blankes op 'n klag van hoogverraad: Saak tot 12 November verdaag", *Die Transvaler*, 30 Oktober 1946.

⁹⁰ PV, koerantversameling, "Uitkenning van stemme in klankopnames: Adv. Pirow maak beswaar", *Die Transvaler*, 27 November 1946.

⁹¹ PV, koerantversameling, "Aangekla van hoogverraad", *Die Burger*, 2 September 1946.

⁹² PV, koerantversameling, "'Oom Jan' in court: Treason alleged in broadcasts", *The Argus*, 26 September 1946. Sien ook PV, koerantversameling, "Beweerde verraad van SA student: Getuienis oor sy optrede in

die hof verskyn en die saak is tot 12 November uitgestel.⁹³ Teen 27 November is Pienaar se saak tot die eerste week in Desember uitgestel.⁹⁴

Vir Snoek het die hofsaak ook nie veel korter geduur as vir sy kollegas nie. Snoek het ook op 2 September sy voorlopige verhoor sonder getuies ondergaan, waarna die saak tot 16 September uitgestel is.⁹⁵ Na die sessie op 16 September, waar weereens geen getuienis gelewer is nie, is die hofsaak uitgestel tot 2 Oktober.⁹⁶ Die verhoor is daarna weer verdaag tot 21 Oktober,⁹⁷ en weer na afloop daarvan tot 29 Oktober.⁹⁸

Soos genoem het die omroepers al vier op 29 Oktober in die hof verskyn en die sake is nogmaals verskuif tot 12 November,⁹⁹ waarna die hofsake weer tot in Desember verskuif het.¹⁰⁰ Ten spyte van die maande van ondersoek en hofverskynings wat reeds verloop het, het die uitspraak eers in die volgende jaar gekom.

Al vier omroepers is skuldig bevind aan die aanklag dat hulle praatjies vir Duitse radio voorberei, vertaal en uitgesaai het.¹⁰¹ Snoek se amptelike verhoor het op 10 Junie 1947 begin¹⁰² en die volgende dag, 11 Junie, is Snoek se uitspraak gelewer. Hy is skuldig bevind op een van die drie aanklagtes van hoogverraad en het as straf 'n boete van £150 (150 pond) ontvang.¹⁰³

Duitsland”, *Die Burger*, 27 September 1946. Sien ook PV, “Alleged ‘Oom Jan’ broadcasts”, *The Cape Times*, 27 September 1946.

⁹³ PV, koerantversameling, “Vier blankes op 'n klag van hoogverraad: Saak tot 12 November verdaag”, *Die Transvaler*, 30 Oktober 1946.

⁹⁴ PV, koerantversameling, “Uitkenning van stemme in klankopnames: Adv. Pirow maak beswaar”, *Die Transvaler*, 27 November 1946.

⁹⁵ PV, koerantversameling, “Alleged treason”, *The Argus*, 2 September 1946.

⁹⁶ PV, koerantversameling, *Die Vaderland*, 16 September 1946.

⁹⁷ PV, koerantversameling, “Sou van Zeesen uitgesend het: Unie-burger voor hof in Pretoria”, *Die Transvaler*, 3 Oktober 1946. Sien ook PV, “Uitsaai van propaganda beweer: Duitse radio-amptenaar lê getuienis af”, *Die Burger*, 3 Oktober 1946. Sien ook PV, koerantversameling, “Printer alleged to have broadcast from Germany”, *Rand Daily Mail*, 3 Oktober 1946.

⁹⁸ PV, koerantversameling, “J.J. Snoek weer in hof: Duitsers getuig”, *Die Transvaler*, 22 Oktober 1946. Sien ook PV, koerantversameling, “Allegation of treason: Zeesen worker’s evidence”, *The Argus*, 21 Oktober 1946. Sien ook PV, koerantversameling, “German radio witness at treason inquiry”, *Cape Times*, 22 Oktober 1946.

⁹⁹ PV, koerantversameling, “Vier blankes op 'n klag van hoogverraad: Saak tot 12 November verdaag”, *Die Transvaler*, 30 Oktober 1946.

¹⁰⁰ PV, koerantversameling, “Grammofoonplate as getuienis: Advokaat maak beswaar”, *Die Burger*, 26 November 1946. Sien ook PV, koerantversameling, “Uitkenning van stemme in klankopnames: Adv. Pirow maak beswaar”, *Die Transvaler*, 27 November 1946.

¹⁰¹ PV, koerantversameling, “Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others”, *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

¹⁰² PV, koerantversameling, “City man accused of treason: Alleged war broadcasts from Germany”, *The Argus*, 2 Oktober 1946.

¹⁰³ PV, koerantversameling, “Snoek guilty of one treason charge: Judges discuss ‘Heil Hitler’ and broadcasts”, *The Cape Argus*, 11 Junie 1947.

Indien Snoek nie die boete betaal het nie, sou hy een jaar vonnis met dwangarbeid gekry het.¹⁰⁴ Hy het die ligste straf van al vier omroepers ontvang.

Strauss se hofsak het op 11 Junie 1947 tot 'n einde gekom.¹⁰⁵ Hy is skuldig bevind aan hoogverraad en tot drie jaar tronkstraf met arbeid gevonnissen.¹⁰⁶ Op dieselfde dag is Pienaar ook skuldig bevind aan hoogverraad en tot drie jaar tronkstraf met arbeid gevonnissen.¹⁰⁷ Strauss en Pienaar het dus dieselfde vonnis ontvang.



Figuur 7: M.J. Pienaar (links voor) en J.A. Strauss (regs voor). Agter is H.S. van Blerk en J. Visser, wat ter dood veroordeel is weens die opblaas van die Benoni-poskantoor.¹⁰⁸

Holm is op 11 Junie 1947 ook skuldig bevind aan hoogverraad. Tesame met hierdie uitspraak, het Holm ook die swaarste straf tussen al vier omroepers gekry – tien jaar tronkstraf met

¹⁰⁴ PV, koerantversameling, “Drie Afrikaners kry tronkstraf: Gevonnissen weens beweerde hoogverraad”, *Die Burger*, 12 Junie 1947. Sien ook PV, koerantversameling, “Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others”, *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

¹⁰⁵ NASA, SCC, no. 45, transkripsies en dokumente van J.A. Strauss se hofsak, omslag van dokument.

¹⁰⁶ PV, koerantversameling, “Erich Holm se vonnis: Strauss en Pienaar kry tronkstraf”, *Die Burger*, 12 Junie 1947. Sien ook “Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others”, *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7. Sommige bronne maak egter melding dat dit 16 Junie was, sien byvoorbeeld NASA, SAB-databasis, URU, volume 2550, 3250, Memorandum oor strafvermindering van M.J. Pienaar, 28 Junie 1948.

¹⁰⁷ PV, koerantversameling, “Erich Holm se vonnis: Strauss en Pienaar kry tronkstraf”, *Die Burger*, 12 Junie 1947. Sien ook “Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others”, *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

¹⁰⁸ OBA, fototeek, rekord no. F00791. Van Blerk en Visser se vonnisse is egter later verander na lewenslange tronkstraf.

dwangarbeid.¹⁰⁹ Die hof het bevind dat elkeen van die vier aantygings teen Holm bewys is.¹¹⁰ Tydens die oplegging van Holm se vonnis, het regter Ramsbottom Holm se skuld as volg opgesom:

*That propaganda was designed to divide the people in the Union and to separate the Union from its allies. At a time when the allied forces – and the Union forces with them – has suffered a reverse in the field, your broadcasts were designed to discourage recruiting, to instil fear and create alarm and to check the confidence of the people in its leaders at home and in the field. Your offence is grave.*¹¹¹

Toe die omroepers se uitspraak gelewer is, het Holm, Pienaar en Strauss se verdediging egter appèl daarteen aangeteken.¹¹² Die verdediging het aangevoer dat daar nie noodwendig genoeg bewyse is om die omroepers skuldig te bevind van die uitsaai van propaganda nie weens die tekort aan getuienis. Dit was veral 'n sterk argument in Strauss se appèlsaak.¹¹³ Hierdie argument is gebou op die getuienis vereistes soos uiteengesit in Wet 31 van 1917, afdeling 284. Daar is geappelleer teen die feit dat die hof se beslissings grootliks gebaseer is op bewyse wat uit die omstandighede na vore kom en dit was vir die verdediging nie so voldoende soos direkte bewyse van 'n getuienis nie.¹¹⁴ Die vervolging se invalshoek was dat direkte bewyse van getuienisse soms nie beskikbaar is nie, maar dat die omstandighede soms genoeg is om skuld te bewys.¹¹⁵ Met Strauss se appèl het die vervolging ook verklaar dat sy aangevoerde motief om Suid-Afrika te help om uit die oorlog te kom, nie voldoende is nie en daar is geen manier om aan te dui dat dit sy werklike bedoeling was nie. Die staat se standpunt was dat indien 'n individu stappe neem om 'n doelwit te bereik en die individu weet dit is onwettig, moet hy verantwoordelik gehou word.¹¹⁶

¹⁰⁹ PV, koerantversameling, "Erich Holm se vonnis: Strauss en Pienaar kry tronkstraf", *Die Burger*, 12 Junie 1947. Sien ook PV, koerantversameling "Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others", *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

¹¹⁰ NBSA, "Rex vs Holm & Rex vs Pienaar" in *The South African law reports*, 928.

¹¹¹ NASA, SAB-databasis, URU, volume 2620, 713, Memorandum oor strafvermindering van S.E. Holm, 10 Januarie 1948.

¹¹² OBA, "Appèl aangeteken in hoogverraadsake teen gesag van hof", *Die OB*, jaargang 6, no. 28, 11 Junie 1947, 2.

¹¹³ NBSA, "Rex vs Strauss" in *The South African law reports*, 937.

¹¹⁴ NBSA, "Rex vs Strauss" in *The South African law reports*, 938.

¹¹⁵ NBSA, "Rex vs Strauss" in *The South African law reports*, 939.

¹¹⁶ NBSA, "Rex vs Strauss" in *The South African law reports*, 940.

Die appèlproses en standpunte het weereens die kwessies van die hof se gesag en die ligging van hoogverraad hersien. Die argument oor vyandige bedoeling het ook weer na vore gekom, meer spesifiek dat die vyandige bedoeling wat hoogverraad kenmerk, nie noodwendig verwys na 'n gevoel van haat teenoor die staat nie, maar bloot na die feit dat daar antagonisties teenoor die staat opgetree is.¹¹⁷ Terwyl daar gewag is vir beslissing oor appèl, het Strauss en Pienaar borgtog gekry. Holm het egter nie borgtog gekry nie maar het toestemming gekry om tydens die appèl tydperk soos 'n onskuldige behandel te word.¹¹⁸ Die appèlproses het die laaste fase van die hofsake behels en beteken dat die einde daarvan in sig was.

5.4 Die hofsake eindig: straf, mediadekking en 'n lewe na die hofsake

Nadat die hofsake en uitspraak deur die appèlproses hersien is, kon 'n finale beslissing oor die omroepers se hoogverraadsake bereik word. In die geval van Holm, Pienaar en Strauss is die regspunte waarvolgens geappelleer is ten gunste van die staat bevind. Holm se vonnis is op 11 Desember 1947 bevestig.¹¹⁹ Pienaar, wat intussen saam met Strauss op borgtog was, is weer op 18 Desember in gevangenis geneem na afloop van die appèlproses en beslissing van die uitspraak.¹²⁰

As 'n tydgenootlike gebeurtenis kan daar ook gekyk word na hoe die hoogverraadsake in die media verteenwoordig is. Die hoogverraadsake teen die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen het groot aftrek by die media gekry, veral in die Afrikaanse koerante. Berigte oor die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen is sedert die begin tot die einde van die hofsake gedek en dit sou volhou vir 'n lang tydperk daarna. Byna alles, van die soektog na die omroepers tot hulle vonnis en vrylating in 1948 is gedek, wat daarop dui dat die Suid-Afrikaanse samelewing en veral die Afrikanergemeenskap belang gestel het in die saak.

So vroeg as 20 Februarie 1946 is die soektog na Suid-Afrikaanse omroepers wat by die Duitse radiodiens gewerk het in 'n uitgawe van die *Ossewabrandwag-koerant (Die OB)* gedek. Die berig vermeld dat die soektog op Smuts se bevel uitgevoer word en dat die Britse geheime diens die soektog bystaan. Op daardie stadium was die name van die omroepers nog nie

¹¹⁷ NBSA, "Rex vs Strauss" in *The South African law reports*, 935.

¹¹⁸ PV, koerantversameling, "Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others", *Cape Times*, 12 Junie 1947, 7.

¹¹⁹ NASA, SAB-databasis, URU, volume 2620, 713, Memorandum oor strafvermindering van S.E. Holm, 10 Januarie 1948.

¹²⁰ NASA, SAB-databasis, URU, volume 2550, 3250, Memorandum oor strafvermindering van M.J. Pienaar, 28 Junie 1948.

gespesifiseer nie, daar is slegs genoem dat onder andere 'n man en vrou verdink word.¹²¹ Dit kon dus na enige van die omroepers verwys – Holm, Pienaar, Strauss, Snoek of selfs na die Radley-egpaar en dalk ook Tant Sannie. Slegs 'n week later het *Die OB* weer 'n berig uitgebring wat vordering in die soektog aandui. Die berig noem dat 'n aantal Afrikaners wat verdink word van hoogverraad opgespoor is. Die berig het ook aangedui dat een van hierdie verdagte persone reeds in hegtenis geneem is en dat hy 'n Vrystater was wat homself in Skotland bevind het.¹²² Dit is onduidelik na wie die berig verwys. Strauss is in die Vrystaat in Trompsburg gebore,¹²³ maar het na die oorlog na Engeland gegaan en hy was teen Junie 1946 terug in Suid-Afrika, waar hy later gearresteer is.¹²⁴ Snoek was ook 'n Vrystater aangesien hy in Bloemfontein gebore is¹²⁵ en hy was ook in 1945 in Skotland tydens sy terugreis vanaf Europa na Suid-Afrika,¹²⁶ maar hy is in Augustus 1946 in Suid-Afrika gearresteer.¹²⁷ Dit is dus onduidelik na watter persoon die berig verwys. Die berig gaan verder deur te sê dat ander verdagtes ook in hegtenis geneem is terwyl ander nog dopgehou word. Holm en sy betrokkenheid by Radio Zeesen word ook spesifiek genoem¹²⁸ wat aandui dat sy naam aan die owerhede bekend was.

Teen laat Augustus 1946 het *Die OB* melding gemaak van Strauss en Pienaar se arrestasie.¹²⁹ Snoek se arrestasie en hoogverraadsaak is eers in Oktober 1946 in *Die OB* aangemeld.¹³⁰ Daarna was die verloop van die hofsak nie intensief in *Die OB* gedek nie. Eers teen Desember het 'n kort berig weer verskyn wat slegs noem dat die hofsak teen die vier Afrikaanse omroepers voortgaan en dat hulle tot dusver onskuldig gepleit het.¹³¹

Die OB het ook die nuus gedek dat mev. Holm in Mei 1947 in Suid-Afrika aangekom het om te getuig in die hofsak. Die berig verduidelik ook hoe mev. Holm vriendelik deur die Ossewabrandwag vroue van Pretoria ontvang is en dat sy ook klere en 'n donasie vir haar

¹²¹ OBA, "Soektog na S.A. omroepers in Duitsland", *Die OB*, jaargang 5, no.13, 20 Februarie 1946, 6.

¹²² OBA, "Afrikaners in Duitsland opgespoor", *Die OB*, jaargang 5, no. 14, 27 Februarie 1946, 4.

¹²³ PV, koerantversameling, "Propaganda talks from Germany", *The Cape Times*, 25 September 1946.

¹²⁴ OBA, "Verraadsaak teen nog twee Afrikaners", *Die OB*, jaargang 5, no. 45, 2 Oktober 1946, 2.

¹²⁵ PV, koerantversameling, "Sou van Zeesen uitgesend het: Unie-burger voor hof in Pretoria", *Die Transvaler*, 3 Oktober 1946

¹²⁶ PV, ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, "Terugreis na oorlogsjare", 41.

¹²⁷ PV, verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname advokaat Broeksma, 27.

¹²⁸ OBA, "Afrikaners in Duitsland opgespoor", *Die OB*, jaargang 5, no. 14, 27 Februarie 1946, 4. Sien ook OBA, "Soek Afrikaners in Duitsland", *Die OB*, jaargang 5, no. 25, 15 Mei 1946, 2.

¹²⁹ OBA, "Verraadsaak teen nog twee Afrikaners", *Die OB*, jaargang 5, no. 45, 2 Oktober 1946, 2.

¹³⁰ OBA, "Nog 'n Afrikaner weens 'verraad' aangekla", *Die OB*, jaargang 5, no. 46, 9 Oktober 1946, 5.

¹³¹ OBA, "Aangekla weens hoogverraad", *Die OB*, jaargang 6, no. 5, 11 Desember 1946, 7.

kinders van die Ossewabrandwag vroue ontvang het.¹³² Die Ossewabrandwag het ook na 'n tydjie verdere fondse ingesamel om die ses Holm kinders, asook hulle ouma, na Suid-Afrika te bring.¹³³ Hierdie berig is een van die voorbeelde hoe die Ossewabrandwag steun aan die beskuldigdes se saak getoon het. *Die OB* het ook 'n berig gelewer toe Holm skuldig bevind is, waarin 'n getuienis ook aangehaal word wat noem dat Holm nie Duitse belange gedien het nie, maar eerder dat hy die Unie onafhanklik wou hê.¹³⁴

Die omroepers se reis terug na Suid-Afrika het ook mediadekking geniet. *Die Huisgenoot* het Snoek en Pienaar se verhaal oor hulle reis terug na Suid-Afrika in 'n drieledige artikel-reeks gepubliseer.



Figuur 8: Foto van J.J. Snoek, sy vrou en dogtertjie.¹³⁵

Die berigte is deels deur Snoek geskryf terwyl ander dele direk uit die manuskrip gebaseer op Pienaar se inskrywings gehaal is. Die eerste artikel is getitel “Ek Vlugh”, en beskryf Snoek se vlugh uit Berlyn tot in Greiz.¹³⁶ Die tweede artikel volg op en beskryf die reisverhaal vanwaar Pienaarby Snoek en hulle families aangesluit het en die reis deur Europa wat hulle meegemaak

¹³² OBA, “Mev. Eric Holm deur OB-vroue onthaal”, *Die OB*, jaargang 6, no. 27, 4 Junie 1947, 5.

¹³³ A. Holm, *Sommer my reis* (Pretoria, Olimpiade uitgewers, 2019), 33.

¹³⁴ OBA, “Dr. Erik Holm skuldig bevind”, *Die OB*, jaargang 6, no. 27, 4 Junie 1947, 5.

¹³⁵ PV, koerantversameling, J.J. Snoek, “Huis toe! – In 'n veetrok deur verwoeste Europa,” *Die Huisgenoot*, 21 September 1945, 9.

¹³⁶ PV, koerantversameling, J.J. Snoek, “Ek vlugh”, *Die Huisgenoot*, 31 Augustus 1945, 10-11, 41.

het totdat hulle by Parys uitgekom het.¹³⁷ Die derde artikel beskryf die laaste gedeelte van die reis, vanaf aankoms in Parys tot reis na Engeland en daarna tot in Skotland. Die artikel eindig met Snoek, Pienaar en hulle families se aankoms in Kaapstad se hawe.¹³⁸

Die nuusdekking rondom die omroepers het egter nie met hulle vrylating finaal tot einde gekom nie. Selfs jare na hulle diens by Radio Zeesen, is daar na die omroepers in koerante en nuusartikels verwys.

In Julie 1980, na Snoek se afsterwe, is 'n besonderse huldeblyk oor “Joop Snoek” geplaas deur die personeel van die Universiteit van Suid-Afrika, waar hy vir 'n tyd lank gewerk het. Die huldeblyk getuig van al Snoek se positiewe eienskappe en sy geaardheid sowel as sy diens by die drukkersbedryf en die universiteit is geprys. Hy is in kleurvolle taal beskryf as 'n man met dryfkrag, inisiatief, sjarme, toewyding, skerp humorsin en 'n sterk persoonlikheid. Die huldeblyk noem ook dat die Here “goed vir ons land om ons so 'n seun te laat toeval” was. Dit is 'n interessante beskrywing wat iets openbaar rondom die idee van Afrikanereenheid, trots en geloof.¹³⁹ 'n Kort berig oor sy dood is ook in 'n plaaslike koerant geplaas, waar Snoek se invloedryke rol in Perskor, die Afrikaanse Pers en die Universiteit van Suid-Afrika beskryf word.¹⁴⁰ Alhoewel huldeblyke nie 'n objektiewe opsomming van 'n persoon se lewe is nie, openbaar dit tog die positiewe impak wat Snoek op menslike en professionele gebied gehad het – soveel so dat dit in die media na vore kom. Dit is 'n beskrywing van sy goeie eienskappe en hoe mense ná aan Snoek hom beleef het. Veelseggend word sy diens by Radio Zeesen nie genoem nie.

In 1989, vyftig jaar na die uitbreek van die oorlog, het 'n artikel in oor Pienaar en sy tyd as Neef Hermaans in *Die Beeld* verskyn. Die artikel is só geskryf dat dit Pienaar en sy Afrikaanse kollegas skynbaar verdedig. Die artikel verduidelik hoe hulle van 'n generasie Afrikaners afkom wat deur die Anglo-Boereoorlog en diskriminasie teen Afrikaners beïnvloed is. Pienaar se positiewe belewenisse van Duitsland is ook herhaal, byvoorbeeld, hoe Hitler die land en landsburgers opgebou het. Daar word ook verwys na die ervaring wat Pienaar gehad het van die Geallieerde aanvalle op Duitsland en die verwoestende impak daarvan. Sy belewenis van

¹³⁷ PV, koerantversameling, J.J. Snoek, “Huis toe! – In 'n veetrok deur verwoeste Europa”, *Die Huisgenoot*, 21 September 1945, 9-11, 44.

¹³⁸ PV, koerantversameling, J.J. Snoek, “Huis toe! – 'n Skommelende seereis en dan – die wonderdag!”, *Die Huisgenoot*, 28 September 1945, 8, 25, 41.

¹³⁹ PV, afskrif van J.J. Snoek se huldeblyk deur die Universiteit van Pretoria, “In Memoriam”, gedateer Julie 1980.

¹⁴⁰ PV, koerantversameling, nuusbrokkie van J.J. Snoek se afsterwe getiteld “Unisa-man oorlede”.

aanhouding tydens die hofsaak word roerend beskryf. Pienaar noem ook dat hy tydens die hofsaak duidelik gemaak het dat hy nie by Radio Zeesen gewerk het bloot vir geld nie, maar uit oortuiging – veral dat Duitsland ’n skans teen kommunisme kon wees.¹⁴¹ Weereens is die artikel meer ’n openbaring van Pienaar se belewenis, maar die simpatieke aanslag van die berig dui tog daarop aan dat daar meegevoel met Pienaar was.



Figuur 9: M.J. Pienaar en sy vrou op hulle oudag.¹⁴²

Die koerante het die saak grootliks gedek volgens die relevante debat of argument wat op daardie stadium in die hof prominent was. Toe die verdediging van Holm byvoorbeeld beswaar maak teen die hof se jurisdiksie om die hoogverraadsaak te verhoor, was daar volop berigte daaroor in die koerante.¹⁴³ Soortgelyk is die debat oor wat hoogverraad behels gedek,¹⁴⁴ en toe die inligting na vore kom dat die omroepers medaljes aangebied is, is dit ook in koerante

¹⁴¹ PV, koerantversameling, “Neef Hermaans van Radio Zeesen dink terug...”, *Beeld*, 7 September 1989, 15.

¹⁴² PV, koerantversameling, “Neef Hermaans van Radio Zeesen dink terug...”, *Beeld*, 7 September 1989, 15. Die foto het saam met die 1989 berig oor Neef Hermaans in *Die Beeld* verskyn.

¹⁴³ PV, koerantversameling, “Hoogverraadsaak teen Erich Holm: Beswaar teen jurisdiksie van spesiale strafhof”, *Die Burger*, 26 Mei 1947; PV, koerantversameling, “Holm ontken skuld op vier klagte hoogverraad”, *Die Burger*, 28 Mei 1947; PV, koerantversameling, “Holm trial opens”, *Cape Times*, 26 Mei 1947 & PV, koerantversameling, “Spesiale howe se magte ingekort: Verhoor van Holm kragtens strafprosesreg”, *Die Burger*, 3 September 1946.

¹⁴⁴ PV, koerantversameling, “Pleidooie in saak teen Holm: Advokaat oor betekenis van hoogverraad”, *Die Burger*, 30 Mei 1947. Sien ook PV, koerantversameling, “Holm found guilty of treason: Radio Talks intended to weaken allies”, *Cape Times*, 2 Junie 1947.

weergegee.¹⁴⁵ Die kwessie van die Hitler-eed het ook opslae gemaak in koerante.¹⁴⁶ Die koerante wat die omroepers se hofsake gedek het, het hoofsaaklik berig op die verwickelinge in die hof, byvoorbeeld wanneer die saak uitgestel is, getuienisse wat gelewer is, aansoeke om borgtog en inligting wat na vore kom in die hofsake. Die hofsake was 'n gewilde onderwerp in Afrikaanse koerante soos *Die Burger* en *Die Transvaler*, sowel as Engelse koerante soos *Cape Times* en *The Argus*.

In die privaatversameling wat in hierdie navorsing gebruik word, is daar meer as eenhonderd koerantberigte, artikels en nuusbrokkies oor die omroepers en hulle hofsake. Dit is moontlik nie eens 'n volledige rekord nie, aangesien daar ander artikels ook kon wees wat nie ingesluit is by die versameling nie. Boonop het die hofsake vir meer as 'n jaar lank gereeld in die koerante verskyn. Dit was dus nie net 'n eenmalige gebeurtenis wat van belang was nie, maar 'n voortdurende proses waar die Suid-Afrikaanse gemeenskap betrek is soos daar nuwe verwickelinge plaasgevind het en die hoeveelheid mediadekking is 'n sprekende bewys daarvan.

Toe die Nasionale Party in die 1948 verkiesing aan bewind kom, is verskeie politieke gevangenes vrygelaat, insluitend die oorlogsmisdadigers van die Tweede Wêreldoorlog. Op 11 Junie is die verklaring uitgereik wat politieke gevangenes vrygespreek het.¹⁴⁷ Die doel was om Suid-Afrikaners van die spanning na die oorlogsjare te verlig.¹⁴⁸ Dit het ook die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen ingesluit. Pienaar, Strauss en Holm is vrygelaat vanuit die tronk in Baviaanspoort op grond van die verklaring en hulle onberispelike gedrag.¹⁴⁹ Pienaar is op 12 Junie vrygelaat,¹⁵⁰ en Holm op 24 Desember.¹⁵¹

¹⁴⁵ PV, koerantversameling, "Hoogverraadsake teen J.A. Strauss: Sou omroeper in Duitsland gewees het", *Die Burger*, 3 Junie 1947 & PV, koerantversameling, "German threat to S. African: Refused to give a broadcast", *Cape Times*, 3 Junie 1947.

¹⁴⁶ PV, koerantversameling, "Holm found guilty of treason: Radio Talks intended to weaken allies", *Cape Times*, 2 Junie 1947; PV, koerantversameling, "German policy described: 'Astonished' when S.A. entered war", *Cape Times*, 26 Mei 1947 & PV, koerantversameling, "Holm trial opens", *Cape Times*, 26 Mei 1947.

¹⁴⁷ A. la Grange, "The Smuts Government's justification of the emergency regulations and the impact thereof on the Ossewa-Brandwag, 1939 to 1945", *Scientia Militaria*, 48, no. 2 (2020), 55.

¹⁴⁸ Sien byvoorbeeld NASA, SAB-databasis, URU, volume 2620, 713, Memorandum oor strafvermindering van S.E. Holm, 10 Januarie 1948.

¹⁴⁹ PV, koerantversameling, "Neef Hermaans van Radio Zeesen dink terug...", *Beeld*, 7 September 1989, 15. Sien ook PV, ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm, *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 1. Sien ook PV, persoonlike korrespondensie van S. Kleynhans met Vera Koekemoer, dogter van Neef Buurman, 3 Maart 2023, Pretoria.

¹⁵⁰ NASA, SAB-databasis, URU, volume 2550, 3250, Memorandum oor strafvermindering van M.J. Pienaar, 28 Junie 1948.

¹⁵¹ NASA, SAB-databasis, URU, volume 2620, 713, Memorandum oor strafvermindering van S.E. Holm, 10 Januarie 1948.



Figuur 10: Vrylating van M.J. Pienaar (Neef Hermaans) in Pretoria, 1948.¹⁵²

Die omroepers se lewe ná Radio Zeesen is reeds in 'n vorige hoofstuk bespreek en daarom is dit slegs nodig om enkele punte daaroor uit te wys. Ná vrylating het die omroepers nie dadelik op die been gekom nie. Pienaar het byvoorbeeld vertel dat D.F. Malan en P. Bothma hom in die tronk besoek het en werk belowe het, maar dit nie nagekom het nie.¹⁵³ Hy het mettertyd wel by 'n versekeringsmaatskappy werk gekry.¹⁵⁴ Holm is ietwat later as die res van die omroepers vrygelaat en het ook, nes Pienaar byvoorbeeld, gesukkel om werk te kry ná sy vrylating. Hy het 'n bestaan probeer voer deur houtwerk, maar die betaling was nie ideaal nie. Holm het toe 'n onderwyspos beklee en later ook betrekking by die Universiteit van Suid-Afrika aanvaar.¹⁵⁵ Die omroepers is dus vrygelaat, maar tog kan die blywende herinnering van hulle diens by Radio Zeesen in hulle latere lewe nog waargeneem word.

5.5 Gevolgtrekking

Ná die einde van die oorlog, het die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen deel geword van die persone wat deur die Rein- en Barrett-missies opgespoor moes word in verband met die aanklagte van hoogverraad. Snoek, Pienaar en Strauss was egter teen daardie tyd reeds weer in

¹⁵² OBA, fototeek, rekord no. F00598, Geleentheid vir die vrylating van politieke gevangenis, Koffiehuis, Pretoria, 1948.

¹⁵³ PV, koerantversameling, "Neef Hermaans van Radio Zeesen dink terug...", *Beeld*, 7 September 1989, 15.

¹⁵⁴ PV, koerantversameling, "Neef Hermaans van Radio Zeesen dink terug...", *Beeld*, 7 September 1989, 15.

¹⁵⁵ Holm, *Sommer my reis*, 48-49.

Suid-Afrika en slegs Holm sou in Europa gevangene geneem word. Ten spyte van die gebruik van skuilname is die omroepers uitgeken, gearresteer en voor 'n Spesiale Hof verhoor.

Die vervolging het verskeie argumente en bewysstukke aangevoer om elkeen van die aantygings teen die omroepers te bewys. Die argumente teen die omroepers het grootliks behels dat hoogverraad deur vyandige bedoeling gekenmerk word en deur die Spesiale Hof verhoor kon word, selfs al het hulle in Duitsland die daad gepleeg en nie in Suid-Afrika self nie. Daar was genoeg bewyse om in elke geval te bevestig dat die omroepers vir die Duitse uitsaaiers onder die MP en BK gedien het. Daar was ook genoegsame bewyse dat die omroepers aandeel gehad het in uitsendings en dat die praatjies doelbewus ontwerp is om die Unie se oorlogspoging te belemmer. Ten spyte van die verdediging se standpunte, het die staat se gevolgtrekking daarop neergekom dat daar nie goeie verskonings vir die omroepers se daad was nie. Volgens die vervolging is die daad van propagandaverspreiding antagonisties teenoor die Unie, selfs al was die bedoeling van die omroepers nie noodwendig deur pro-Duitse sentimente gemotiveer nie. Die klem wat die omroepers op hulle pro-Afrikaner gevoelens geplaas het, was nie genoeg om hulle vry te spreek van hoogverraad nie. Die hofsake openbaar dus ook 'n eenvoudige klassifisering van pro-Duits en anti-Brits. In retrospeksie kan daar meer waargeneem word dat die twee sentimente nie altyd die enigste kategorieë behoort te wees nie; opposisie teen die Unieregering het nie outomaties ondersteuning vir Duitsland beteken nie. Opposisie teen die Unieregering het wel tydens die hofsake beteken dat daar gronde was vir hoogverraad, wat uiteindelik die finale uitgangspunt van die vervolging was.

Die verdediging het 'n meer komplekse reeks motiverings voorgestel en daarvolgens geargumenteer. In al vier gevalle is daar uitgewys dat die omroeper nie noodwendig vir Duitsland wou dien nie, maar eerder diens by Radio Zeesen aanvaar het om 'n subtile verskil ten bate van Die Afrikaner se republikeinse doelwit te maak of uit pure noodsaaklikheid om 'n bestaan in Duitsland te voer. Daar was ook versagende faktore wat in die omroepers se guns getel het, onder andere: die feit dat Snoek nog jonk was toe hy by Radio Zeesen aangesluit het; die feit dat Holm reeds aangepas was in Duitsland selfs voor die oorlog; die feit dat Strauss byvoorbeeld probeer het om uit Duitsland te ontsnap en ook geweier het om sommige politieke praatjies uit te saai; en die weiering van Duitse medaljes. Die verdediging was egter nie sterk genoeg om die omroepers se onskuld te bewys nie en elkeen is skuldig bevind, met vonnisse wat wissel van Snoek se boete tot Holm se tien jaar met swaar arbeid.

Die appèl wat aangeteken is teen Holm, Pienaar en Strauss se vonnisse het grootliks gegaan rondom die kwessie van die hof se gesag. Die mag van die Spesiale Hof om hoogverraadsake te hanteer is bevraagteken, sowel as die hoeveelheid bewyse en die aard van vyandige bedoeling in hoogverraad. Daar was ook hewig gedebatteer oor die jurisdiksie van die hof oor misdaad wat buite die Unie se grense gepleeg is. Die sake is egter ten gunste van die Kroon beantwoord en die omroepers se vonnisse is bevestig. Holm, Pienaar en Strauss het elkeen 'n paar maande in die Baviaanspoorttronk deurgebring voordat hulle weer vrygelaat is.

Die mediadekking van die hofsake was volop, sedert die begin tot die einde van die hofsake en selfs oor die omroepers jare daarna. Oor die algemeen was die mediadekking tydens die hofsake 'n gereelde verskynsel en hoofsaaklik feit-gerig om die verloop van die sake te vermeld, maar tog het daar soms artikels verskyn wat 'n mate van simpatie teenoor die omroepers openbaar het, veral van die Afrikaanse Pers. Teen 1948 is die omroepers egter uit die tronk vrygelaat saam met ander politieke gevangenes. Hulle lewens daarna was nie onmiddellik weer soos voorheen nie en dit wil voorkom of die nagevolge van Radio Zeesen vir jare daarna nog gevoel is. Die hantering van die hofsake openbaar 'n interessante vraagstuk vir historici rondom oorlogsmisdadigers en hoe gevalle van hoogverraad vanuit verskillende perspektiewe beskryf word.

HOOFSTUK 6: GEVOLGTREKKING

6.1 Die rol en impak van Radio Zeesen

Suid-Afrika het tydens die Tweede Wêreldoorlog 'n verdeeldheid onder die bevolking rakende die land se oorlogsdeelname beleef. Diegene wat absolute soewereiniteit van Suid-Afrika wou handhaaf het aangevoer dat Suid-Afrika neutraal moes bly. Aan die ander kant het diegene wat Suid-Afrika as deel van die Britse Ryk beskou het, aangevoer dat Suid-Afrika nie deelname aan internasionale politiek kon vermy nie. Die gedeelte van die Afrikanerbevolking wat neutraliteit gesteun het, het beide passief en aktief teen oorlogsdeelname verset.

Die Afrikaners het 'n komplekse mengsel van anti-Britse en pro-Duitse sentimente gekoester en hierdie sentimente is dikwels hoofsaaklik onderskraag deur 'n Afrikanernasionalistiese sentiment. A. Blake bestempel die interne omstandighede en die politieke klimaat gedurende die tydperk van die oorlog as 'n "oorlog in 'n oorlog".¹ Hierdie verhandeling dui daarop dat die "oorlog in 'n oorlog" nie net verwys na politiek en versetbewegings nie, maar dat propaganda ook 'n bydraende faktor was wat die bevolking beïnvloed het, en gevolglik was die regering genoodsaak om daarteen te stry. Suid-Afrika se interne verdeeldheid, 'n groep Afrikaners se ontevredenheid met Britse imperialisme, én hul bestaande simpatie met Duitsland het dit die ideale teiken gemaak vir Duitse propaganda. Radio Zeesen was 'n hoogs effektiewe hulpmiddel vir Duitse propaganda omdat dit talle Afrikaners kon bereik deur kortgolfsending-tegnologie, en die Duitse propaganda boonop in hulle eie taal – Afrikaans – uit te saai. Radio Zeesen het Afrikaanse omroepers in diens geneem juis om hierdie rede. Die propaganda wat Radio Zeesen uitgesaai het, het ook verskillende temas ingesluit wat die anti-Brits en anti-oorlogsgesinde Afrikaners se verset verhoog het. Die navorsing oor Radio Zeesen in hierdie verhandeling is op die volgende hoof-navorsingsvraag gebou:

Watter rol het Radio Zeesen as pro-Duitse propagandastasie teen die agtergrond van Afrikaners se verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog gespeel en wat was die impak daarvan op beide anti-Britse Afrikaners en die stasie se Afrikaner omroepers?

¹ A. Blake, *Wit Terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare* (Kaapstad, Tafelberg, 2018), 52.

Hierdie vraag omskryf die uiteindelijke omvang van die ondersoek en vorm ook die basis vir die doelwitte van die studie waarvan die hoofdoelwit is om Radio-Zeesen as pro-Duitse propaganda hulpmiddel in Suid-Afrika te bestudeer met inagname van die konteks van Afrikaners se verzet teen die oorlog. 'n Verdere doelwit van die studie is om die ervarings van die Afrikaanse omroepers te analiseer asook die nagevolge van hulle betrokkenheid by Radio Zeesen, veral met verwysing na die hoogverraadsake wat ná die oorlog teen die omroepers gemaak is.

Die hoofdoelwit omskryf 'n verskeidenheid aspekte van die navorsing en daarom is subvrae en –doelwitte ontwerp om 'n meer georganiseerde raamwerk vir hoofstukke van die navorsing te vorm. Die subvrae staan egter nie in totale isolasie nie en oorvleuel gereeld met mekaar in terme van inhoud om uiteindelik die hoofvraag te beantwoord. Die bevindinge van hierdie verhandeling word vervolgens in die volgorde van die subvrae uiteengesit, waarna 'n algehele gevolgtrekking volg.

6.2 Afrikanerverzet teen Suid-Afrika se oorlogsdeelname en die rol van Radio Zeesen in die kweek van pro-Duitse sentimente onder sommige Afrikaners

Die eerste subdoelwit van die verhandeling is om Afrikanerverzet teen die oorlog te bespreek en te analiseer en hoe Radio Zeesen bestaande anti-Britse en pro-Duitse standpunte gebruik het om sy invloed te versterk. Hierdie doelwit het oor twee hoofstukke gestrek. Hoofstuk twee van die verhandeling het die eerste gedeelte van die doelwit aangeraak, naamlik die bespreking van Afrikaners se verzet teen oorlogsdeelname. Om Afrikaners se verzet teen oorlogsdeelname te verstaan het hoofstuk twee die aard van verzet sowel as die omstandighede wat daartoe bygedra het omskryf. Die omstandighede wat verzet beïnvloed en vererger het was byvoorbeeld die partypolitiek rondom oorlogsdeelname, die noodregulasies wat ontevredenheid met die regering verhoog het, en die vooruitsig van Duitse oorwinning.

Om Afrikanerverzet ten volle te verstaan moet daar in ag geneem word dat daar verskillende onderliggende motiewe tot verzet was. Afrikanerverzet teen oorlogsdeelname word gereeld toegeskryf aan die prominente anti-Britse gevoel onder Afrikaners en tot 'n mindere mate die pro-Duitse gevoel. Wat egter belangrik is om in ag te neem, en wat ook voortdurend in die hierdie navorsing na vore getree het, is dat die anti-Britse en pro-Duitse gevoel deur Afrikanernasionalisme onderskraag is. Die Nuwe Orde, Hembewegings en Nasionaal-Sosialistiese Rebelle se verzet was byvoorbeeld pro-Duits gemotiveer, terwyl die

Ossewabrandwag se motivering kan beskryf word as pro-Afrikaner in die gestalte van anti-Britsheid. Die Afrikaners se motivering vir verset was dus 'n vermenging van die pro-Duitse, anti-Britse and Afrikanernasionalistiese sentimente. Die drie sentimente word oorvereenvoudig as dit net aan een aspek toegeskryf word, veral wanneer die komplekse kulturele en politieke omstandighede in ag geneem word. Afrikanernasionalisme het 'n hoogtepunt in 1938 beleef en die daaropvolgende politieke verdeeldheid rondom die oorlog in 1939 het beteken dat Afrikaners ook verskil het in mening, maar dat hulle oor die algemeen Afrikanerbelange eerste wou stel. Die vermenging van onderliggende sentimente en motiewe vorm 'n belangrike deel in die uiteindelijke verstaan van Afrikanerverset. Vandaar het verskeie versetaksies plaasgevind en gegroei, veral in die eerste paar jaar van die oorlog.

Die aard van Afrikanerverset was radikaal sowel as lydelik en het gereeld plaasgevind deur organisasies soos die Ossewabrandwag, die Nuwe Orde en die Nasionaal-Sosialistiese Rebelle. Die Ossewabrandwag vroue het, byvoorbeeld, gevoel dat lydelike verset toegepas moes word en het hulle verset daarvolgens georganiseer. Ander, soos die Ossewabrandwag se meer radikale afdelings – die Stormjaers en die Terreurgroep – het gevoel dat verset aktief getoon moes word en sabotasie was 'n algemene voorbeeld van aktiewe verset. Daar was ook gevalle van verset wat plaasgevind het sonder om met 'n amptelike organisasie geaffilieer te wees, byvoorbeeld wanneer mense geweier het om te staan vir *God Save the King*. Sodoende het die doodgewone anti-oorlogsgesinde Afrikaners ook hulle eie maniere gevind om ontevredenheid te toon. Hoofstuk twee het dus bevind dat verset verskillende vorme aangeneem het en gewissel het ten opsigte van intensiteit. Dit het ook uitgewys dat verset nie net in geïsoleerde gevalle plaasgevind het nie maar dat dit wydverspreid was. Hierdie verset, hetsy dit radikaal of lydelik was, was 'n belangrike aanduiding van die Afrikaner se gevoel teenoor die oorlog – iets wat Radio Zeesen gereeld in ag moes neem om propaganda so effektief as moontlik te maak.

Hoofstuk drie het tot die tweede deel van die subvraag en -doelwit gespreek – om te analiseer hoe Radio Zeesen bestaande pro-Duitse en anti-Britse sentimente gebruik het om hulle propaganda-invloed te versterk. Om dit te doen is daar nie net van sekondêre bronne gebruik gemaak nie, maar ook 'n verskeidenheid van transkripsies van Radio Zeesen se uitsendings is ontleed. Tydens die ontleding van die transkripsies was dit opvallend dat Radio Zeesen se propaganda op bestaande sentimente onder die Afrikaners gebaseer is. Die inhoud van die uitsendings, wat 'n mengsel van nuusuitsendings, politieke kommentaar en kulturele programme was, het die idees en gevoelens van 'n groot aantal Afrikaners weerspieël en

bevestig. Dit was besonders effektief om op bestaande sentimente te bou, weens die Afrikaners se skeptisisme en agterdog teenoor vreemde ideologieë.

Die propagandaboodskappe het onder andere materiaal ingesluit wat die Afrikaner se houding teenoor Duitsland op 'n positiewe manier sou bevorder. Tydens uitsendings is klem geplaas op die gemeenskaplike strewe en ideale van die Afrikaners en Duitsers, en veral ook die idee dat albei nasies teen magte soos Brittanje baklei vir hulle volk se vryheid. Afrikanergeskiedenis is gereeld op Radio Zeesen herroep om die Afrikaner luisteraars te herinner aan die juk van Britse imperialisme. Daar is ook gefokus op die ekonomiese vooruitgang van Duitsland gedurende die dertigerjare en hulle oorwinnings, veral aan die begin van die oorlogsjare. Die belowende vooruitsig van Duitse oorwinning het geïmpliseer dat Suid-Afrika onafhanklikheid deur Duitsland sou verkry en dit het telkemale die tema van Radio Zeesen se propagandautsendings geword.

Bestaande anti-Britse sentimente het ook 'n verdere raamwerk vir Radio Zeesen se propaganda gevorm. Die anti-Britse gevoel is gekweek deur boodskappe wat oorgedra het hoe die Afrikaners vir jare lank onder Britse imperialisme swaargekry het en dat dit sal aanhou so lank as wat die Afrikaner namens Brittanje ook in die oorlog moes baklei. Propaganda teenoor die Unieregering en in besonder teenoor J.C. Smuts is gereeld met die anti-Britse sentimente verweef deur Smuts uit te beeld as 'n handlanger vir die Britse ryk. Die uitsaai van propaganda wat subtiel by nuus, politieke praatjies en kulturele programme ingewerk is, was hoogs effektief omdat dit in eenvoudige taal, herhalend én boonop in Afrikaans plaasgevind het. Radio Zeesen was die voorkeur-radiostasie vir talle Afrikaners en het genoeg invloed gehad om die interne situasie van die land te vererger deur verset aan te moedig en verdeeldheid oor Suid-Afrika se oorlogsdeelname te bevorder.

6.3 Die persoonlike ervarings van Radio Zeesen se Afrikaanse omroepers voor, tydens en na die oorlog

'n Verdere doelwit van die navorsing was om die persoonlike ervarings van die Afrikaanse omroepers wat by Radio Zeesen diens gedoen het te bespreek. My navorsing het gefokus op S.E. Holm (Neef Holm), M.J. Pienaar (Neef Hermaans), J.A. Strauss (Neef Buurman) en J.J. Snoek (Neef Bokkies), alhoewel figure soos die Radley egpaar, Tant Sannie en Neef Sagie ook soms deel gevorm het van die uitsendings. Daar is gebruik gemaak van oorspronklike primêre dokumentasie wat nuwe inligting rondom die omroepers en hulle eie belewenisse bygedra het.

Die gaping in die bestaande literatuur rondom die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen is veral prominent. Daar is min sekondêre bronne wat insig bied oor die omroepers se agtergrond en eie ervarings by Radio Zeesen. Tydens hierdie navorsing moes daar gesteun word op primêre materiaal, selfgeskrewe bronne soos Pienaar en Holm se publikasies, en boeke of manuskripte wat deur familieleden van die omroepers geskryf is. Die moontlikheid vir verdere biografiese navorsing kom dus na vore wanneer sulke bronne bestudeer word, veral in kombinasie met die voorheen ongebruikte primêre materiaal vanuit die persoonlike versameling. Hoofstuk vier was gekoppel aan die bogenoemde navorsingsdoelwit en openbaar ook die menslike aspek van die omroepers, in plaas van om hulle as blote hulpmiddels en medepligtiges tot propaganda te reduseer. Dit beklemtoon die rol wat persoonlike agtergrond en oortuiging in 'n persoon se uiteindelijke optrede speel en dui ook die agentskap van persone in geskiedenis aan. Die omroepers was dus nie net passiewe bystanders van 'n geskiedkundige gebeurtenis nie maar het ook 'n aktiewe rol daarin gespeel.

Die vroeë lewenservarings van die omroepers onthul geen ideologiese of politieke vereenselwiging met Duitsland nie, tog word die indruk vanuit bestaande akademiese materiaal verkry dat daar 'n sterk verband was. Daar was ander bewegings soos die Gryshemde en die Nuwe Orde wat aansienlik meer pro-Duits was as die omroepers, maar tog bestaan die illusie dat iemand wat vir Duitsland gewerk het, Nazi-gesind moes wees, of ten minste pro-Duits. Hierdie wanopvatting tree veral na vore tydens die hofsake, waar klem geplaas is op die aflê van die Hitler-eed met die implikasie dat dit sou bewys dat die beskuldigde pro-Duits opgetree het. Die navorsing oor die omroepers se persoonlike kontekste het bevind dat hulle doodgewone Afrikaners was, elkeen met 'n talent of vaardigheid wat later handig geraak het by Radio Zeesen, en 'n toevallige assosiasie met Duitsland in die tyd van die oorlog gekry het. Betrokkenheid by Radio Zeesen kon dus eerder toegeskryf word aan die agentskap van die omroepers, blote gerief en geleentheid van 'n pos by die radiostasie, met 'n addisionele motivering van Afrikanerbelange. Daar was geen beduidende bewyse dat die omroepers suiwer pro-Duits of Nazigesind was nie. Selfs tydens die hofsake kon die omroepers skuldig bevind word aan sommige van die aanklagtes gebaseer op hulle dade, maar diepgewortelde loyaliteit teenoor Duitsland is nie bewys nie.

Daar word ook nie in bestaande akademiese materiaal verwys na die omroepers se struikelblokke nadat Radio Zeesen ophou uitsaai het nie – daar word slegs na die hoogverraadsaak verwys terwyl die maande tussen Radio Zeesen se einde en die

hoogverraadsake oorgeslaan word. My navorsing bevind dat die omroepers werklik aan die kortste loot moes trek, aangesien hulle deurentyd op diens moes wees terwyl die oorlog voortduur, selfs nadat die bestuurspersoneel van die toneel af gevlug het. Daarna moes die omroepers, individueel of saam met hulle families, talle struikelblokke oorkom om terug te keer na Suid-Afrika. Snoek en Pienaar moes byvoorbeeld as vlugteling saam met hulle families deur Duitsland, Frankryk, Engeland en Skotland reis voordat hulle per skip kon terugkeer na Suid-Afrika toe. Die herinneringe van die omroepers se persoonlike ervarings in na-oorlogse Europa is nog nie in diepte deur bestaande akademiese navorsing ondersoek nie. Bestaande navorsing het nog nie die omroepers as individue ondersoek nie, daar word slegs verwys na hulle betrokkenheid by Radio Zeesen en na die hoogverraadsake wat gevolg het. Die omroepers se beskrywings van hulle ervarings bied 'n interessante blik op geskiedenis, aangesien die oorlog in Europa selde vanuit 'n "agter die skerm" Afrikaner-perspektief bestudeer word.

6.4 Die nagevolge vir die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen ná die oorlog met spesifieke verwysing na die hoogverraadsake teen hulle

Die laaste subvraag en -doelwit van die verhandeling het gehandel oor die nagevolge vir die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen toe die oorlog tot 'n einde gekom het. Die hoogverraadsake wat teen hulle aandalig gemaak is, was die hooftokus en die sleutel om die laaste subvraag te beantwoord. In akademiese literatuur is die nagevolge vir die omroepers en die impak van Radio Zeesen op die res van hulle lewens afgeskeep. Bestaande literatuur maak gewoonlik net melding van die aanklagtes van hoogverraad, maar daar is tot dusver nog nie intensiewe navorsing oor die verloop van die hofsake gedoen nie. Hoofstuk vyf van die verhandeling het die hofsake ondersoek deur gebruik te maak van onder andere 'n aantal tydgenootlike publikasies en regsdokumente om meer besonderhede oor die strydvoering tussen die vervolging en die verdediging van die omroepers te bied.

Nadat die oorlog tot 'n einde gekom het, het die Unieregering die Rein en Barrett-kommissies na Europa gestuur om Suid-Afrikaners wat van ondermynende aktiwiteite verdink is, op te spoor. Snoek, Pienaar en Strauss is in Suid-Afrika in hegtenis geneem, terwyl Holm in Europa gevangene geneem is. Al vier omroepers is aangekla vir hulle betrokkenheid by Radio Zeesen en moes deur 'n Spesiale Hof, ingestel tydens die oorlog se noodregulasies, verhoor word. Wat die saak in hulle voordeel laat tel het, was dat daar toegelaat is om 'n voorlopige ondersoek af

te lê – iets wat die Spesiale Hof gewoonlik oorgeslaan het. Dit het beteken dat die omroepers se regsverteenvoorders 'n kans gehad het om hulle standpunte te verdedig.

Die aanklagtes teen die omroepers het berus op 'n hele paar aspekte, naamlik die feit dat hulle in diens getree het van Duitsland, waarmee die Unie amptelik in 'n oorlog was; die feit dat propaganda materiaal vertaal, saamgestel en uitgesaai is vanaf Duitsland na die Unie; die feit dat die propaganda ten doel gehad het om die Unie se oorlogspoging te hinder; en dat die omroepers, met uitsondering van Strauss, 'n eed van getrouheid aan die *Führer* afgelê het.

Van die hoof gesprekspunte in die hofsake en die appèlproses is gebaseer op die tegniese interpretasies en toepassing van die konsep van *hoogverraad*, sowel as die bevraagtekening van die Spesiale Hof se gesag en of die ligging van 'n hoogverraad-daad in ag geneem moet word. Die verdediging se standpunte het die idee gesteun dat die omroepers nie met vyandige bedoeling opgetree het nie, maar eerder die Unie wou bevoordeel deur hulle diens. Deur die Unie uit die oorlog te kry en te waarsku teen byvoorbeeld kommunisme, het die omroepers opreg geglo dat hulle Suid-Afrika se belange eerste stel. Daar is geargumenteer dat die omroepers nooit Duitsland self wou dien nie, maar eerder die Unie of dat hulle genoodsaak was om by Radio Zeesen 'n betrekking te aanvaar. Laasgenoemde was waar in die geval van Pienaar, Snoek en Strauss, wat in Duitsland was toe Suid-Afrika oorlog verklaar en nie betyds kon terugkeer nie. Die argument dat die omroepers lojale Afrikaners was, is ook ondersteun deur getuienisse vanuit die hofsake, byvoorbeeld dat Snoek altyd 'n Uniewapen gedra het, en dat nie een van hulle 'n Duitse medalje tydens die oorlog wou aanvaar nie.

Die aanklaer het egter volgehou dat die omroepers bewus moes wees dat hulle dade nadelige gevolge vir die Unie sou veroorsaak en dat daar vyandige bedoeling agter die organisasie van propaganda was. Dit is beskou as 'n tipiese geval waar die doel nie die middele heilig nie – die bevordering van die vryheid van Suid-Afrika kon nie samewerking met die vyand regverdig nie. Die uitspraak is ten gunste van die Kroon in al vier hofsake gelewer en weer nadat Holm, Strauss en Pienaar appèl aangeteken het. Die omroepers se skuld het beteken dat drie van hulle gevangene geneem is, met die uitsondering van Snoek wat 'n boete moes betaal as straf.

Die hofsake is ook deeglik deur tydgenootlike media gedek in beide Engelse en Afrikaanse koerante wat reflekteer hoe getrou die hofsake deur die samelewing gevolg is. Die mediadekking het gestrek van die soektog na die omroepers, die hofsake en appèlproses tot die

bevestiging van hul vonnis. Selfs jare later het Pienaar se storie van sy diens by Radio Zeesen byvoorbeeld weer in 'n artikel in *Die Beeld* verskyn met die 50-jaar herdenking van die oorlog. Na hulle vrylating in 1948 het die omroepers aanvanklik gesukkel om werk te kry en om terug op die been te kom. Hulle is ook met gemengde reaksies weer in die samelewing ontvang. Holm is byvoorbeeld by 'n geleentheid toegejuig en verwelkom, maar het ook dreigemente van Engelse burgers ontvang.

Die hofsake word byna glad nie in akademiese literatuur gedek nie en waar dit wel vermeld word is dit baie oppervlakkig aangesien die argumente, motiverings en hofprosesse glad nie in diepte nagevors is nie. Hierdie verhandeling is dus die eerste akademiese skrywe wat poog om die hofsake, en die implikasies daarvan, meer behendig te verstaan.

Hierdie hoofstuk het ook uiteindelik gesprek tot die verskeie perspektiewe van gebeurtenisse waarmee historici gereeld gekonfronteer word. Vanuit die Staat se standpunt was die omroepers verraaiers teenoor die Unie en hulle daade is bestempel as 'n misdaad. Vanuit die omroepers se eie perspektief was hulle egter deurentyd lojaal teenoor hulle land en hulle mense omdat hulle die vryheid daarvan wou beskerm, wat deur oorlogsdeelname ingeperk sou word. Die situasie van die omroepers stem ooreen met dié van ander Afrikaners, byvoorbeeld die Ossewabrandwag lede, wat hulle daade regverdig omdat dit in die belang van Suid-Afrika en die Afrikanersaak gedoen is. Dit word effektief saamgevat in G.C. Visser se boektitel – *Traitors or patriots?*² Hoewel Visser se boek oor die Ossewabrandwag handel, kan die vraag ook direk toegepas word op die omroepers van Radio Zeesen en selfs ander figure wat ondermynend opgetree het tydens die oorlog. As 'n Afrikaner anti-oorlog was, was hy beskou as 'n Afrikaner patriot maar verraaier van Brittanje. As 'n Afrikaner die oorlogspoging gesteun het, was hy weer gesien as 'n patriot van die Britse ryk maar 'n verraaier van die Afrikanervolk. Dit is 'n interessante debat, maar dui ook aan dat eenvoudige kategoriese verdelings in tye van konflik misluk om die kompleksiteit van geskiedenis en tydgenootlike karakter te weerspieël.

Die uiteinde van hierdie hoofstuk was dus nie om oordeel te fel oor enige persone nie maar eerder om objektief te beklemtoon hoe gekompliseerd die idee van 'n oorlogsmisdadiger is, beide vanuit 'n grondwetlike/konstitusionele standpunt sowel as persoonlik. Die hoofstuk het

² G.C. Visser, *OB: Traitors or Patriots?* (Johannesburg: Macmillan, 1976).

daardeur ook blootgelê dat vroeër opvattinge in literatuur rondom die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen se alleenlike pro-Duitse ingesteldhede onakkuraat is.

6.5 Slotwoord

Hierdie verhandeling het die rol en impak van Radio Zeesen teen die agtergrond van Afrikaner- verset teen Suid-Afrikaanse deelname aan die Tweede Wêreldoorlog ontleed. Vanuit die staanspoor van my verhandeling is daar gesteun op die geskiedkundige feit dat die Afrikanerbevolking verdeeld was rondom oorlogsdeelname. Dit was juis die verdeeldheid wat tot Afrikanerverset gelei het en hoofstuk twee het spesifiek gefokus op die aard van sulke verset-aksies. Op sy beurt was dit weer die verset wat Suid-Afrika relevant tot Duitse propaganda gemaak het. Sonder Afrikanerverset teen die oorlog sou Radio Zeesen nie 'n opportunistiese propaganda-aanslag effektief kon uitvoer nie. Bestaande sentimente onder die Afrikaners was sentraal tot die verstaan van Afrikanerverset.

Hoofstuk drie het voortgebou op hoofstuk twee deur te ondersoek watter rol Radio Zeesen se propaganda gespeel het in die kweek van bestaande sentimente. Die transkripsies van Radio Zeesen se Afrikaanse uitsendings is geanaliseer en daar is bevind dat die herhalende temas op bestaande sentimente gebaseer is. Die komplekse aard van Radio Zeesen se propaganda tree wel na vore wanneer die kategorieë pro-Duits en anti-Brits simplisties gebruik word. In verskeie gevalle was die anti-Britse en pro-Duitse sentimente nie suiwer van aard nie maar eerder gewortel in 'n sterk gevoel van pro-Afrikaner, aldus Afrikanernasionalisme. 'n Voorbeeld hiervan is die anti-Semitiese propaganda wat Radio Zeesen uitgesaai het. Dit sal 'n ooreenvoering wees om aan te neem dat anti-Semitiese propaganda wat deur Radio Zeesen uitgesaai is slegs 'n pro-Duitse boodskap verkondig het. Dit het in werklikheid ook 'n anti-Britse boodskap verkondig omdat daar in Suid-Afrika spesifiek 'n assosiasie tussen die Britte en Jode was. Soortgelyk was die anti-Britse sentiment ook nie eenvoudig of sonder basis nie, maar dit was eerder afkomstig van 'n Afrikanernasionalistiese gevoel. Radio Zeesen se propaganda was dus meesterlik aangepas om pro-Duitse en anti-Britse boodskappe konstant te koppel aan die Afrikanerbelange. Dit was 'n effektiewe metode wat gevoelens en dade van verset verdedig en aangemoedig het om sodoende die interne klimaat van die land te ontwrig en Suid-Afrika se oorlogspoging te strem.

My navorsing het verder ook in hoofstuk vier ondersoek ingestel rondom die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen. Die omroepers het inderdaad 'n rol gespeel om Radio Zeesen se propaganda na Suid-Afrika 'n Afrikaner-karakter te gee, maar my navorsing het beoog om ook na die meer persoonlike aspek te kyk. Die ondersoek van die omroepers as individue met hulle eie geskiedenis, ervarings en persoonlikhede het tot 'n dieper begrip gelei as wat met vorige navorsing gedoen is. In vorige navorsing is die omroepers byna glad nie in 'n konteks buite Radio Zeesen en propaganda bespreek nie. My navorsing het die omroepers se persoonlike konteks in ag geneem en in verband gebring met hulle betrokkenheid by Radio Zeesen, eerder as om hulle te reduceer tot skadufigure van Radio Zeesen sonder agentskap. Hoofstuk vyf het ook op die omroepers gefokus met verwysing na die hoogverraadsake teen hulle nadat die oorlog geëindig het. Dit het die hofsake van beide die staat sowel as die verdediging geanaliseer omdat inligting rakende die hofsake nog nooit verder gestrek het as blote verwysing na die uitspraak nie.

Dit is veral in só 'n persoonlike opsig waar potensiaal vir verdere navorsing lê. Navorsing rondom organisasies en entiteite word gedurig uitgebrei na navorsing rondom 'n spesifieke persoon relevant tot die organisasie. Navorsing oor die Ossewabrandwag, Nasionaal-Sosialistiese Rebelle en die Nuwe Orde het byvoorbeeld gelei na spesialisstudies en afsonderlike publikasies oor individue soos J.F. van Rensburg, R. Leibbrandt en O. Pirow. Net so kan navorsing oor Radio Zeesen uitgebrei word deur te kyk na die omroepers self, veral na aanleiding van die nuwe primêre materiaal wat met hierdie navorsing na vore gekom het. Hierdie navorsing vul dus leemtes in akademiese literatuur deur Radio Zeesen tesame met die omroepers in die kollig te plaas en dit in verband te bring met die agtergrond van Afrikanerverset.

'n Beperking van die studie sluit in die feit dat dit vanuit 'n breë historiese konteks geneem is. 'n Magdom inligting oor die Tweede Wêreldoorlog en Nazi-propaganda bestaan, maar om internasionaal te fokus (veral met inagname dat Radio Zeesen naderhand in 47 tale uitgesaai het) gaan nie haalbaar wees vir 'n Meestersstudie nie en daarom fokus my navorsing slegs op Radio Zeesen in die Suid-Afrikaanse konteks. 'n Verdere beperking is dat daar nie persoonlik onderhoude gevoer kon word met die Afrikaanse omroepers van Radio Zeesen nie. Daar is egter staatgemaak op primêre materiaal sowel as die insette van familieleden van die omroepers, wat waardevolle insig kon bied oor sekere aspekte en ervarings van die omroepers se lewens.

Ten spyte van die moontlike beperkings lewer hierdie navorsing steeds 'n waardevolle bydrae tot Suid-Afrikaanse historiografie sowel as 'n breër historiese konteks. Die studie is relevant tot die wyer historiese literatuurnetwerk rakende propaganda. Hierdie studie dien as een van die vele gevallestudies oor die gebruik van propaganda in geskiedenis, wat uiteindelik nuwe inligting openbaar oor die meganismes en agente van propaganda. Hoewel dit 'n spesialisstudie oor Radio Zeesen is, vorm dit ook 'n komponent van wyer navorsing, byvoorbeeld oor Duitse propaganda of radiopropaganda in geheel. Deur die geval van Suid-Afrika en Radio Zeesen te gebruik, kan hierdie studie in toekomstige navorsing ook insig bied oor hoe propaganda aangewend kan word om bestaande sentimente verder te kweek ten einde 'n bepaalde doelwit te bereik. Dit sal byvoorbeeld interessant wees om in verdere studies Radio Zeesen se strategieë in verskillende lande te vergelyk.

Gesien in sy geheel lewer hierdie studie 'n wesenlike bydrae tot 'n meer indringende verstaan van Duitse propaganda op die Suid-Afrikaanse tuisfront gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Dit is die eerste in-diepte studie van Radio Zeesen teen die agtergrond van Afrikanerverset en is ook vernuwend wat betref die spesifieke fokus op die Afrikaanse omroepers.

BIBLIOGRAFIE

7.1 Privaatversameling van die outeur

7.1.1 Koerantversameling

Die Burger

“Aangekla van hoogverraad”, *Die Burger*, 2 September 1946.

“Spesiale howe se magte ingekort: Verhoor van Holm kragtens strafprosesreg”, *Die Burger*, 3 September 1946.

“Holm verskyn nog ’n keer in hof”, *Die Burger*, 10 September 1946.

“Eric Holm se verhoor begin in Pretoria”, *Die Burger*, 18 September 1946.

“Hoe nuus na Duitsland gestuur is: Duitser se getuienis in Holm-saak”, *Die Burger*, 19 September 1946.

“Doel met uitsendings na die Unie”, *Die Burger*, 25 September 1946.

“Beweerde verraad van SA student: Getuienis oor sy optrede in Duitsland”, *Die Burger*, 27 September 1946.

“Uitsaai van propaganda beweer: Duitse radio-amptenaar lê getuienis af”, *Die Burger*, 3 Oktober 1946.

“Besook aan ’n omroep: Getuienis in Holm se verhoor”, *Die Burger*, 15 Oktober 1946.

“Grammofoonplate as getuienis: Advokaat maak beswaar”, *Die Burger*, 26 November 1946.

“Hoogverraadsaak teen Erich Holm: Beswaar teen jurisdiksie van spesiale strafhof”, *Die Burger*, 26 Mei 1947.

“Holm ontken skuld op vier klagte hoogverraad”, *Die Burger*, 28 Mei 1947.

“Pleidooie in saak teen Holm: Advokaat oor betekenis van hoogverraad”, *Die Burger*, 30 Mei 1947.

“Hoogverraadsaak teen J.A. Strauss: Sou omroeper in Duitsland gewees het”, *Die Burger*, 3 Junie 1947.

“Drie Afrikaners kry tronkstraf: Gevonniss weens beweerde hoogverraad”, *Die Burger*, 12 Junie 1947.

“Erich Holm se vonnis: Strauss en Pienaar kry tronkstraf”, *Die Burger*, 12 Junie 1947.

Die Transvaler

“Sou van Zeesen uitgesend het: Unie-burger voor hof in Pretoria”, *Die Transvaler*, 3 Oktober 1946.

“Broer van Dr. Strauss getuig”, *Die Transvaler*, 17 Oktober 1946.

“J.J. Snoek weer in hof: Duitsers getuig”, *Die Transvaler*, 22 Oktober 1946.

“Vier blankes op ’n klag van hoogverraad: Saak tot 12 November verdaag”, *Die Transvaler*, 30 Oktober 1946.

“Uitkenning van stemme in klankopnames: Adv. Pirow maak beswaar”, *Die Transvaler*, 27 November 1946.

Die Vaderland

“Holm-saak begin oor ’n week”, *Die Vaderland*, 10 September 1946.

Die Vaderland, 16 September 1946.

The Cape Times

“Emergency regulation withdrawn”, *Cape Times*, 3 September 1946.

“Radio work for Nazis alleged: Evidence at Holm treason inquiry”, *The Cape Times*, 18 September 1946.

“Accused of aiding the Nazis”, *Cape Times*, 20 September 1946.

“Propaganda talks from Germany”, *The Cape Times*, 25 September 1946.

“Alleged ‘Oom Jan’ broadcasts”, *The Cape Times*, 27 September 1946.

“Alleged to have worked for Nazis: brothers of Holm give evidence”, *Cape Times*, 15 Oktober 1946.

“German radio witness at treason inquiry”, *Cape Times*, 22 Oktober 1946.

“German policy described: ‘Astonished’ when S.A. entered war”, *Cape Times*, 26 Mei 1947.

“Holm trial opens”, *Cape Times*, 26 Mei 1947.

“Holm found guilty of treason: Radio Talks intended to weaken allies”, *Cape Times*, 2 Junie 1947.

“German threat to S. African: Refused to give a broadcast”, *Cape Times*, 3 Junie 1947.

“Ten years for high treason: Sentences on Holm and three others”, *Cape Times*, 12 Junie 1947.

Cape Argus

“Special courts’ power”, *Cape Argus*, 3 September 1946.

“Holm case”. *Cape Argus*, 10 September 1946.

“Alleged treason”. *Cape Argus*, 12 September 1946.

“Zeesen wartime broadcasts”, *Cape Argus*, 18 September 1946.

“Student accused of treason: Evidence of German broadcasts”, *Cape Argus*, 24 September 1946.

“‘Oom Jan’ in court: Treason alleged in broadcasts”, *Cape Argus*, 26 September 1946.

“City man accused of treason: Alleged war broadcasts from Germany”, *Cape Argus*, 2 Oktober 1946.

“Allegation of treason: Zeesen worker’s evidence”, *Cape Argus*, 21 Oktober 1946.

“Heated argument over German medal: Defence evidence in trial for high treason”, *Cape Argus*, 4 Junie 1947.

“Snoek guilty of one treason charge: Judges discuss ‘Heil Hitler’and broadcasts”, *The Cape Argus*, 11 Junie 1947.

Beeld

“Neef Hermaans van Radio Zeesen dink terug...”, *Beeld*, 7 September 1989.

Rand Daily Mail

“Printer alleged to have broadcast from Germany”, *Rand Daily Mail*, 3 Oktober 1946.

“Witness says he heard Union P.O.W. broadcast from Germany”, *Rand Daily Mail*, 17 Oktober 1946.

Die Huisgenoot

J.J. Snoek, “Ek vlug”, *Die Huisgenoot*, 31 Augustus 1945.

J.J. Snoek, “Huis toe! – In ’n veetrok deur verwoeste Europa”, *Die Huisgenoot*, 21 September 1945.

J.J. Snoek, “Huis toe! – ’n Skommelende seereis en dan – die wonderdag!”, *Die Huisgenoot*, 28 September 1945.

7.1.2 Ongepubliseerde manuskripte

Ongepubliseerde manuskrip deur J.J. Snoek. “Hoofstuk 1: My eerste kennismaking”.

Ongepubliseerde manuskrip deur J.J. Snoek, “Hoofstuk 7: Die wêreld word te warm”.

Ongepubliseerde manuskrip deur S.E. Holm, verwerk deur A. Holm & S. Holm. *Die lewe en ondervindinge van 'n boereseun*.

Ongepubliseerde manuskrip deur A. Holm. *Kersfees kom my pa uit die tronk*, 2021.

Ongepubliseerde manuskrip van dagboekinskrywings oor die Pienaar en Snoek-geselskap se reis terug na Suid-Afrika, “Terugreis na oorlogsjare”.

7.1.3 Korrespondensie

Kommunikasie tussen J.J. Snoek se ouers en O. Baer, 17 Augustus 1941.

Persoonlike korrespondensie van S. Kleynhans met Vera Koekemoer, dogter van Neef Buurman, 3 Maart 2023, Pretoria.

Persoonlike korrespondensie van S. Kleynhans met Dieter, Albrecht en Erik Holm, seuns van Neef Holm, 11 Maart 2023, Hartebeespoort.

7.1.4 Diverse bronne

Memorandum rakende J.J. Snoek se tolkdien, getiteld “Military Government Detachment 12H3”, 22 Mei 1945.

Paspoortdokument van Snoek-gesin vir die doeleinde van reis terug na Suid-Afrika, getiteld “To the immigration authorities of the United Kingdom and the Union of South Africa”, 26 Junie 1945.

Snoek-gesin se skipkaartjie van Union Castle Line, uitgegee 26 Junie 1945.

Uitgedrukte afskrif van J.J. Snoek se huldeblyk deur die Universiteit van Pretoria, “In Memoriam,” Julie 1980.

Handgeskrewe aantekeninge oor J.J. Snoek se hofsak in koerant-plakboek.

Verklaring oor oponthoud in Duitsland van J.J. Snoek ter kennisname advokaat Broeksma.

Regsdokument van die Spesiale Strafhof rakende die aanklag van hoogverraad teen J.J. Snoek.

Transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van W. Gröhe, 2 Oktober 1946.

Transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van K.C. Wille, 21 Oktober 1946.

Transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van W.R.P. Oetting, 2 Oktober 1946.

Transkripsie van voorlopige verhoor teen J.J. Snoek op aanklag van hoogverraad, getuienis van F.J. Shaeffer, 2 Oktober 1946.

Nuusbrokkie van J.J. Snoek se afsterwe getiteld “Unisa-man oorlede”.

7.2 Argivale bronne

7.2.1 Nasionale Argief van Suid-Afrika

URU-versameling (“Decisions of the Executive Council”), 2140, no. 23/800, Memorandum rakende Hertzog se bedanking, September 1939.

URU-versameling (“Decisions of the Executive Council”), 2140, Verslag van Rex vs Sidney Robey Leibbrandt, Desember 1943.

SAB-databasis (“Public records of Central Government since 1910”), URU, volume 2620, 713, Memorandum oor strafvermindering van S.E. Holm, 10 Januarie 1948

SAB-databasis (“Public records of Central Government since 1910”), URU, volume 2550, 3250, Memorandum oor strafvermindering van M.J. Pienaar, 28 Junie 1948.

“Special Criminal Court”-databasis, no. 45, transkripsies van J.A. Strauss se hofsaak, hofbeslissing.

“Special Criminal Court”-databasis, no. 45, transkripsies van J.A. Strauss se hofsaak, getuienis van W. Gröhe.

“Special Criminal Court”-databasis, no. 45, transkripsies van J.A. Strauss se hofsaak, getuienis van W.R.P. Oetting.

“Special Criminal Court”-databasis, no. 45, transkripsies van J.A. Strauss se hofsaak, omslag van dokument.

7.2.2 Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika

“Rex vs Holm & Rex vs Pienaar” in *The South African law reports, 1948 (1) January-March* (Cape Town & Johannesburg, Juta, 1948).

“Rex vs Strauss” in *The South African law reports, 1948 (1) January-March* (Cape Town & Johannesburg, Juta, 1948).

7.2.3 Argief van die Suid-Afrikaanse Departement van Verdediging

7.2.3.1 “Press and Propaganda”-versameling

Houer 56, Sublêer A6, Intelligensie verslag, “Propaganda Intelligence summary”, no. 1, 1941.

Houer 57, Sublêer A1, Verslag van propagandateorie, “Lecture on propaganda by J.B. Bruce”.

7.2.3.2 “Zeesen Broadcasts”-versameling

Houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 14 November 1941.

Houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 15 Desember 1941.

Houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 17 Desember 1941.

Houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 20 Desember 1941.

Houer 1, lêer WR65/9/4, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 1 Januarie 1942.

Houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 21 Januarie 1942.

Houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 22 Januarie 1942.

Houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 24 Januarie 1942.

Houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 26 Januarie 1942.

Houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 29 Januarie 1942.

Houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 31 Januarie 1942.

Houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 2 Februarie 1942.

Houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 3 Februarie 1942.

Houer 1, lêer WR65/9/41, vol. 1, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 4 Februarie 1942.

Houer 2, lêer WR65/9/41, vol. 3, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 3 Junie 1942.

Houer 2, lêer WR65/9/41, vol.3, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 13 Junie 1942.

Houer 2, lêer WR65/9/41, vol. 3, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 25 Junie 1942.

Houer 2, lêer WR65/9/41, vol. 3, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," Junie 1942.

Houer 3, lêer WR65/9/42, vol. 5, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 24 September 1942.

Houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 7, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 19 November 1942.

Houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 7, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 26 November 1942.

Houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 7, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 29 November 1942.

Houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 7, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 2 Desember 1942.

Houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 7, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 10 Desember 1942.

Houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 28 Desember 1942.

Houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 31 Desember 1942.

Houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 2 Januarie 1943.

Houer 4, lêer WR65/9/42, vol. 8, "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 6 Januarie 1943.

Houer 4, lêer WR65/9/42, vol.8 "Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)," 7 Januarie 1943.

Houer 4, lêer WR65/9/43, vol. 4, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 11 Januarie 1943.

Houer 6, lêer WR65/9/43, vol. 11, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 6 Maart 1943.

Houer 7, lêer WR65/9/43, vol. 14, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 15 Mei 1943.

Houer 7, lêer WR65/9/43, vol. 14, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 8 Junie 1943.

Houer 7, lêer WR65/9/43, vol. 14, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 12 Junie 1943.

Houer 8, lêer WR65/9/43, vol. 15, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 26 Junie 1943.

Houer 8, lêer WR65/9/43, vol. 15, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 6 Julie 1943.

Houer 8, lêer WR65/9/43, vol. 16, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 21 Augustus 1943.

Houer 10, lêer WR65/9/43, vol. 19, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 13 Desember 1943.

Houer 10, lêer WR65/9/43, vol. 21, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 9 Februarie 1944.

Houer 10, lêer WR65/9/43, vol. 21, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 4 Maart 1944.

Houer 11, lêer WR65/9/43, vol. 22, “Broadcasts from enemy radio station from Berlin (Afrikaans)”, 24 Maart 1944.

7.2.4 Argief, rekords- en museumdiens van die NWU, Potchefstroom, Ossewa-Brandwag Argief

7.2.4.1 Onderhoudversameling, Transkripsies van onderhoude

Houer 1, band 16-18, herinneringe van H. Anderson, 1995.

Houer 2, band 76 & 77, herinneringe van J.H. Coetzee, 2 April 1974.

Houer 2, band 137, herinneringe van Dr. S. Boshoff, 1 Junie 1977.

Houer 3, band 70, 86 & 87, onderhoud met C.L. de Jager, 19 April 1974.

Houer 5, band 68, onderhoud met R. Groeneveld, 17 November 1973.

Houer 5, band 181 & 182, onderhoud met H.L. Jacobs, Augustus 1978.

Houer 5, band 225, onderhoud met H.C. Havenga, 22 Januarie 1985.

Houer 6, band 155, herinneringe van prof. D.W. Kruger, 9 Februarie 1978.

Houer 7, band 5-7, onderhoud met J.F. Marais, 16 Januarie 1973.

Houer 8, band 43 & 45, onderhoud met H.M. Robinson, 16 November 1973.

Houer 8, band 187, onderhoud met W.S. Radley, 4 Oktober 1977.

Houer 9, band 89-90, onderhoud met H. Scheffer, 4 Februarie 1975.

Houer 9, band 93-96, onderhoud met L. Sittig, 7 Julie 1974.

Houer 10, band 148-150, onderhoud met A.J. Stadler, 1995.

Houer 10, band 148-150, onderhoud met J.C. Neethling, 29 Januarie 1973.

Houer 10, onbekende bandnommer, onderhoud met J.J. Spies, 7 Julie 1971.

Houer 12, band 129-130, onderhoud met J.S. Venter, 17 Mei 1977.

Houer 12, band 135-137, onderhoud met B.Z. Stegmann, 30 Mei 1977.

7.2.4.2 Die OB koerantversameling

“Soektog na S.A. omroepers in Duitsland”, *Die OB*, jaargang 5, no.13, 20 Februarie 1946.

“Afrikaners in Duitsland opgespoor”, *Die OB*, jaargang 5, no. 14, 27 Februarie 1946.

“Soek Afrikaners in Duitsland”, *Die OB*, jaargang 5, no. 25, 15 Mei 1946.

“Verraadsaak teen nog twee Afrikaners”, *Die OB*, jaargang 5, no. 45, 2 Oktober 1946.

“Nog ’n Afrikaner weens ‘verraad’ aangekla”, *Die OB*, jaargang 5, no. 46, 9 Oktober 1946.

“Aangekla weens hoogverraad”, *Die OB*, jaargang 6, no. 5, 11 Desember 1946.

“Mev. Eric Holm deur OB-vroue onthaal”, *Die OB*, jaargang 6, no. 27, 4 Junie 1947.

“Dr. Erik Holm skuldig bevind”, *Die OB*, jaargang 6, no. 27, 4 Junie 1947.

“Appèl aangeteken in hoogverraadsake teen gesag van hof”, *Die OB*, jaargang 6, no. 28, 11 Junie 1947.

7.2.4.3 Ossewa-Brandwag Argief Fotoversameling

Fototeek, rekord no. F00598.

Fototeek, rekord no. F00597.

Fototeek, rekord no. F00791.

Museumfoto-versameling, rekord no. M0011

7.3 Gepubliseerde bronne

7.3.1 Joernalartikels

Adena, M. & Enikolopov, R. et. al, “Radio and the rise of the Nazis in prewar Germany”, *The Quarterly Journal of Economics*, 130, no. 4 (2015), 1885-1939.

Bachmann, K., “A life in limbo: Otto von Strahl’s activities for and against Germany in the Union of South Africa”, *South African Historical Journal*, 73, no. 3 (2021), 633-650.

Blignaut, C & Du Pisani, K., ““Om die fakkel verder te dra’: Die rol van die jeugvleuel van die Ossewa-Brandwag, 1939-1952”, *Historia*, 54, no. 2 (2009), 133-157.

Blignaut, C., ““Goddank dis hoogverraad en nie laagverraad nie!’: Die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag se verset teen Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog”, *Historia*, 5, no. 2 (2012), 68-103.

Blignaut, C., “From fundraising to Freedom Day: The nature of women’s general activities in the Ossewa-Brandwag, 1939-1943”, *New Contree*, no. 66 (2013), 126-128.

Blignaut, C., ““Rebellie sonder gewere’: Vroue se gebruik van kultuur as versetmiddel teen die agtergrond van die Ossewa-Brandwag se dualistiese karakter”, *South African Journal of Cultural History*, 30, no. 2 (2016), 109-131.

Bradlow, E., “Anti-semitism in the 1930s: Germany and South Africa”, *Historia*, 49, no. 2 (2004), 45-58.

Brasken, K., “South African anti-fascism and the Nazi Foreign Office: Antisemitism, anti-communism and the surveillance of the Third Reich’s international enemies”, *South African Historical Journal*, (2022), 1-25.

Calpin, G.H., “South Africa at war”, *Foreign Affairs*, 19, no. 2 (1941), 458-461.

Chetty, S., “Imagining national unity: South African propaganda efforts during the Second World War”, *Kronos*, 38, no. 1 (2012), 106-130.

De Klerk, P., “Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 14, no. 1 (1989), 43-81.

De Klerk, P. “Die Ossewa-Brandwag se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika”, *Joernaal vir eietydse geskiedenis* 14, no. 2 (1989), 90-131.

De Klerk, P., “Die verband tussen apartheid en nasionaal-sosialisme – 'n historiografiese oorsig”, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 30, no. 2 (2005), 1-18.

Dubow, S. & Blignaut, C., “Boekbeskouing: *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewabrandwag* deur C. Marx”, *Historia*, 55, no. 1 (2010), 157-163.

Du Pisani, K. “Hegemoniese Afrikanermanlikheid en die ‘Ander’ in die voorapartheidsfase: DC Boonzaai se Hoggenheimerkarikatuur”, *Historia*, 47, no. 2 (2002), 584-601.

Fedorowich, K., “German espionage and British counter-intelligence in South Africa and Mozambique, 1939–1944”, *The Historical Journal*, 48, no. 1 (2005), 209-230.

Fokkens, A.M., “Afrikaner unrest within South Africa during the Second World War and the measures taken to suppress it”, *Journal for Contemporary History*, 37, no. 2 (2012), 123-142.

Furlong, P.J., “Fascism, the Third Reich and Afrikaner Nationalism: An assessment of the historiography”, *South African Historical Journal*, 27 (1992), 113-126.

Furlong, P.J., “Pro-Nazi subversion in South Africa”, *Ufahamu: A Journal of African Studies*, 16, no. 1 (1988), 26-40.

Furlong, P.J., “Allies at war? Britain and the ‘Southern African front’ in the Second World War”, *South African Historical Journal*, 54, no. 1 (2005), 16-29.

Grey, J., “‘Standing humbly in the ante-chambers of Clio’: The rise and fall of Union War histories”, *Scientia Militaria*, 30, no. 2 (2000), 253-266.

Grundlingh, A., “The King's Afrikaners? Enlistment and ethnic identity in the Union of South Africa's Defence Force during the Second World War, 1939–45”, *The Journal of African History*, 40, no. 3 (1999), 351-365.

Hallstein, C.W., “‘Ohm Kruger’: The genesis of a Nazi propaganda film”, *Literature/Film Quarterly*, 30, no. 2 (2002), 133-139.

Hagemann, A., “Very special relations: The ‘Third Reich’ and the Union of South Africa, 1933–1939”, *South African Historical Journal*, 27, no. 1 (1992), 127-147.

Katz, D.B., “A case of arrested development: The historiography relating to South Africa's participation in the Second World War”, *Scientia Militaria*, 40, no. 3 (2012), 280-317.

Kleynhans, E.P., “The Rooseboom operation: uncovering the embryonic German intelligence network in South Africa, 1940-1942”, *Intelligence and National Security*, 37, no. 1 (2021), 38-56.

Kotze, J.S., “Nazi interne propaganda in die Tweede Wêreldoorlog”, *Scientia Militaria*, 7, no. 3 (1977), 42-49.

La Grange, A. “Boekbeskouing: Wit Terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare deur A. Blake”, *New Contree*, 81 (2018), 188-191.

La Grange, A. “The Smuts government’s justification of the emergency regulations and the impact thereof on the Ossewa-Brandwag, 1939 to 1945”, *Scientia Militaria*, 48, no. 2 (2020), 39-64.

La Grange, A. & Blignaut, C. “The iconography of Afrikaner nationalism and Ossewa-Brandwag's' ideal of freedom'in the South African internment camps of the Second World War”, *Historia*, 66, no. 1 (2021), 88-118.

Le Roux, A., “The Union of South Africa propaganda campaigns during the World War II”, *Kinema*, (2012), 1-14.

Marwick, A., “Two approaches to historical study: The metaphysical (including ‘postmodernism’) and the historical”, *Journal of Contemporary History*, 30, no. 1 (1995), 5-35.

Marx, C., “‘Dear listeners in South Africa’: German propaganda broadcasts to South Africa, 1940–1941”, *South African Historical Journal*, 27, no. 1 (1992), 148-172.

Marx, C., “The Ossewabrandwag as a mass movement, 1939-1941”, *Journal of Southern African Studies*, 20, no. 2 (1994), 195-219.

McKinney, T. “Radio jamming: The disarmament of radio propaganda”, *Small Wars and Insurgencies*, 13, no. 3 (2002), 111-144.

Monama, F.L., “‘Blind’ warfare: Radio propaganda dynamics in South Africa during the Second World War”, *Historical Journal of Film, Radio and Television*, (2021), 1-22.

Monama, F.L. “Marshalling a Splintered Society: Censorship, Publicity and Propaganda in South Africa During the Second World War”, *Historia*, 67, no. 2 (2022), 27-58.

Mouton, F.A., “‘Fascist or opportunist?’: The political career of Oswald Pirow”, *Historia*, 63, no. 2 (2018), 93-111.

Mouton, F.A., “‘Onkruid tussen die koring’: Oswald Pirow en die Nuwe Orde vir Suid-Afrika, 1940–1943”, *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 59, no. 2 (2019), 251-263.

Mouton, F.A., “‘All just grandiose plans and talk’: The destruction of Oswald Pirow’s reputation as Minister of Defence, 1940”, *Scientia Militaria*, 48, no. 2 (2020), 1-20.

Monama, F.L., “South African propaganda agencies and the battle for public opinion during the Second World War, 1939–1945”, *Scientia Militaria*, 44, no. 1 (2016), 145-167.

Olivier, D & Blignaut, C., “Geskrewe propaganda en volksvoorligting as wapens van die Ossewa-Brandwag se strewe na Afrikanernasionalisme, 1939-1952”, *South African Journal of Cultural History*, 35, no. 2 (2021), 168-195.

Orlik, P., “Radio as cultural weapon: The Afrikaner and South African broadcasting, 1918-1948”, *Michigan Academician*, 15, no. 1 (1982), 87-97.

Pinsler, J., “The politics of talk on German free radio stations”, *Westminster Papers in Communication and Culture*, 5, no. 1 (2008), 67-85.

Rüger, J. “Revisiting the Anglo-German Antagonism”, *The Journal of Modern History*, 83, no. 3 (2011), 579-617.

Salata, O. “The radio propaganda as an innovative element of the military tactics and strategies of the nazi Germany, 1933-1941”, *Skhid*, 2, no. 166 (2020), 42-47.

Schellack, W., “The Afrikaners’ Nazi links revisited”, *South African Historical Journal*, 27 (1992), 173-185.

Teer-Tomaselli, R., “In service of empire: The South African Broadcasting Corporation during World War II”, *Critical Arts*, 28, no. 6 (2014), 879-904.

Titlestad, M., “Ohm Kruger: Context, appropriation and irony”, *South African Historical Journal*, 73, no. 4 (2021), 802-817.

Tyler, W.B. “The British German Legion – 1854-62”, *Journal of the Society for Army Historical Research*, 54, no. 217 (1976), 14-29.

Van der Merwe, W., “Herrenvolk-bloed vir die Afrikaner: Veertig jaar Duitse weeskinders 1948-1988”, *Historia*, 33, no. 2 (1988), 78-87.

Weisbord, R.G., “The dilemma of South African Jewry”, *The Journal of Modern African Studies*, 5, no. 2 (1967), 233-241.

Welch, D., “Manufacturing a consensus: Nazi propaganda and the building of a ‘national community’ (Volksgemeinschaft)”, *Contemporary European History*, 2, no. 1 (1993), 1-15.

Welch, D. “Nazi propaganda and the Volksgemeinschaft: Constructing a people’s community”, *Journal of Contemporary History*, 39, no. 2 (2004), 213-238.

7.3.2 Boeke en versamelwerke

Badenhorst, J.J. “Vroeë organisiesstruktuur” in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras* (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die PU vir CHO, 1991), 17-44.

Blake, A. *Wit Terroriste: Afrikaner-saboteurs in die Ossewabrandwagjare* (Kaapstad, Tafelberg, 2018).

Blake, A. *Robey Leibbrandt: ’n Lewe van fanatisme* (Johannesburg en Kaapstad, Jonathan Ball, 2019).

Blake, A. *Afrikaner sondebok: Die lewe van Hans van Rensburg, Ossewabrandwag-leier* (Johannesburg & Kaapstad: Jonathan Ball, 2021).

Bond van Oud-Geïnterneerdes en Politieke Gevangenes, *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro-Ecclesia, 1953).

Coetzee, J.H. “Die aanvalle op die Transvaler-gebou en op die PUK vir CHO” in *Agter tralies en doringdraad*. (Stellenbosch, Pro-Ecclesia, 1953).

Crwys-Williams, J. *A country at war, 1939-1945: The mood of a nation* (Los Angeles, Ashanti Publishers, 1992).

Dinsman, M. *Modernism at the microphone: Radio, propaganda, and literary aesthetics during World War II* (New York, Bloomsbury, 2015).

Doherty, M.A. *Nazi wireless propaganda: Lord Haw-Haw and British public opinion in the Second World War* (Edinburgh, Edinburgh University Press, 2000).

Furlong, P.J. *Between crown and swastika: The impact of the radical right on the Afrikaner nationalist movement in the fascist era* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1991).

Giliomee, H. *Die Afrikaners: 'n Biografie* (Kaapstad, Tafelberg, 2004).

Grayling, A.C. *Among the dead cities: The history and moral legacy of the WWII bombing of civilians in Germany and Japan* (New York, Bloomsbury, 2007).

Harrison, M. (ed.), *The economics of WWII: Six great powers in international comparison* (Cambridge: Cambridge University Press, 1998).

Hitler, A. *Mein Kampf*, trans. J. Murphy (Slough, Archive Media Publishing, 2011).

Holm, A. *Sommer my reis* (Pretoria, Olimpiade uitgewers, 2019).

Holm, S.E. & Kirsten, R. *Man en standpunt* (Potgietersrus, Môrester uitgewers, 1960).

Jordanova, L. *History in Practice* 3rd ed. (Londen, Arnold, 2019).

Jowett, G.S. *Propaganda and persuasion* (California, Sage Publications, 2015).

Kleynhans, E.P. *Hitler's spies: Secret agents and the intelligence war in South Africa* (Cape Town, Jonathan Ball, 2021).

Kleynhans, E.P. *The naval war in South African waters* (Stellenbosch, African Sun Media, 2022).

Koorts, L. *D.F. Malan and the rise of Afrikaner Nationalism* (Cape Town, Tafelberg, 2014).

Kruger, D.W. “Die rol van die vrou” in *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro-Ecclesia, 1953).

Laband, J. "From mercenaries to military settlers: the British German Legion, 1854-1861", in *Soldiers and settlers in South Africa, 1850-1918* (Leiden, Brill, 2010).

Le Roux, J.H. *Robey Leibbrandt: Die rebel* (Elsiesrivier, Nasionale Boekdrukkery, 1976).

Marwick, A. *The new nature of history: Knowledge, evidence, language* (Sloagh, Palgrave, 2001).

Marx, C. *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewa-Brandwag* (Pretoria, UNISA, 2008).

Morley, N. *Radio Hitler: Nazi airwaves in the Second World War* (The Hill, Amberley, 2021).

Mouton, F.A. *The Opportunist: The political life of Oswald Pirow, 1915-1959* (Pretoria, Protea, 2021).

Nasson, B. *South Africa at War, 1939-1945* (Johannesburg, Jacana Media, 2012).

Pienaar, M.J. *By die sterfbed van 'n volk* (Pretoria, Vlam biblioteek, 1949).

Purdue, A.W. *European history in perspective: The Second World War*, 2de uitgawe (New York, Palgrave Macmillan, 2011).

Savage, B.D. *Broadcasting freedom: Radio, war, and the politics of race, 1938-1948* (Chapel Hill, The University of North Carolina Press, 1999).

Scholtz, G.D. *Suid-Afrika en die wêreldpolitiek 1652-1952* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1954).

Scholtz, G.D. *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner deel VIII, 1939-1948*. (Johannesburg, Perskor, 1984).

Shain, M. *A Perfect Storm: Antisemitism in South Africa, 1930-1948* (Johannesburg, Jonathan Ball, 2015).

Shimoni, G. *Jews and Zionism: The South African experience (1910-1967)* (Oxford, Oxford University Press, 1980)

Short, K.R.M. *Film and radio propaganda in World War II* (Knoxville, University of Tennessee Press, 1983).

Somerville, K. "Nazi radio propaganda – setting the agenda for hatred", in *Radio propaganda and the broadcasting of hatred: Historical development and definitions* (Kent, Palgrave Macmillan, 2012).

Tosh, J. *The Pursuit of History* (New York, Routledge, 2015).

Van der Schyff, P.F. "Verset teen 'Empire-oorlog'" in P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras* (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die PU vir CHO, 1991), 183-291.

Van der Schyff, P.F. (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras* (Potchefstroom, Geskiedenisdepartement van die PU vir CHO, 1991).

Van der Waag, I. (ed.), *Sights, sounds and memories: South African soldier experiences of the Second World War* (Stellenbosch, African Sun Media, 2020).

Van Jaarsveld, F.A. *Van Van Riebeeck tot Verwoerd, 1952-1966* (Johannesburg, Voortrekkerpers, 1971).

Van Rensburg, J.F.J. “Afrikanerverset in die Tweede Wêreldoorlog” in *Agter Tralies en doringdraad* (Stellenbosch, Pro-Ecclesia, 1953).

Visser, G.C. *OB: Traitors or patriots?* (Johannesburg, Macmillan, 1976).

Welch, D. *The Third Reich: Politics and propaganda* (New York, Routledge, 2002).

7.3.3 Proefskrifte en verhandelinge

Blignaut, C. “Volksmoeders in die kollig: ’n Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938 tot 1954” (MA-verhandeling, Noord-Wes Universiteit, 2012).

Fokkens, A.M. “The role and application of the UDF in the suppression of internal unrest, 1912-1945” (MMil-diss., Universiteit van Stellenbosch, 2006).

Furlong, P.J. “National socialism, the National Party and the radical right in South Africa, 1934-1948” (PhD-thesis., University of California, 1987).

Kleynhans, E.P. “The Axis and Allied maritime operations around Southern Africa, 1939-1945” (PhD-thesis, Universiteit van Stellenbosch, 2018).

La Grange, A. “Die impak van die Unie van Suid-Afrika se noodregulasies op die Ossewa-Brandwag teen die agtergrond van Suid-Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog, 1939-1948” (MA-verhandeling, Noord-Wes Universiteit, 2020).

Monama, F.L. “Wartime propaganda in the Union of South Africa, 1939 – 1945” (PhD-thesis, Universiteit van Stellenbosch, 2014).

O’Donoghue, D. “Hitler’s Irish voices: The story of German radio’s Irish propaganda service, 1939-1945” (PhD-diss., Dublin City University, 1995).

Olivier, D. “‘A special kind of colonist’: An analytical and historical study of the Ossewa-Brandwag as an anti-colonial resistance movement” (MA-verhandeling, Noordwes Universiteit, 2020).

Stout, M.J. “The effectiveness of Nazi propaganda during WWII” (MA-diss., Eastern Michigan University, 2011).

Visser, M.M. “Ideologiese grondslae en ontwikkeling van die blanke fascistiese bewegings in Suid-Afrika, 1945-1995” (MA-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 2007).

7.4 Internetbronne

“Documenting Afrikaner Fascism: A Historical Overview of the Ossewabrandwag Archive”. Academia, toegang verkry op 4 April 2022, https://www.academia.edu/36804078/Documenting_Afrikaner_Fascism_A_Historical_Overview_of_the_Ossewabrandwag_Archive